# *Generale Missive*: Nuusbrief van die Stigting VOC

Newsletter of the VOC Foundation 1998-2010

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met bewaring , opvoeding en kultuurtoerisme as doel. Dit is geregistreer as eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika.

*The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with conservation, education and cultural tourism as its aims. It is the registered owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*

**Generale Missive**: Nuusbrief van die Stigting VOC

Newsletter of the VOC Foundation 1/1998

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met bewaring , opvoeding en kultuurtoerisme as doel. Dit is geregistreer as eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with conservation, education and cultural tourism as its aims. It is the registered owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*

**Skakel/*Contact***: Skakel/*Contact*: Mnr E. B. de Vries (Finansies, Lidmaatskap / *Membership, Finance.*) tel.: 021-851-3850 / boudewyn@mweb.co.za

**Webblad**: http://www-voc-kaap.org ; **e-pos**: vocinfo@voc-kaap.org

---

Wel*aen Vrunden!*

Dit is ons eerste nuusbrief van 1998. 'n Interessante en besige jaar wag op ons Stigting. Ons beplan 'n hele paar aktiwiteite, plaaslik en internasionaal, vir vanjaar, en ons gaan al die lede se hulp en ondersteuning nodig hê. Gelukkig het ons 'n besonder sterk span, met die talente, kennis, ervaring en entoesiasme om ons doel te bereik.

**6 April 1998**

Van al die VOC se dade is daar geen een wat groter gegroei het of meer duursaam was as sy skeepsdiensstasie, wat op 6 April 1652 hier in Tafelbaai aangelê is. Ons Stigting het n herdenkingsgeleentheid vir Maandag 6 April in die Kasteel gereël, en ons hoop om al die lede daar te sien. Dit is nie bloot n herdenking nie, maar is veral vir die vermaak en inligting van die publiek beplan. 'n Kopie van die program is hierby ingesluit. Help asseblief om dit wyd bekend te maak, sodat ons Stigting se naam en doelstellings ook daardeur bevorder word.

***Ex Batavorum***

Die redakteur van **Nederlandse Post** was so vriendelik om toe te stem dat ons uittreksels oor Nederlandse bewaringssake uit sy blad in ons nuusbrief gebruik. Ek begin met hierdie paar, en u sal dit voortaan soos 'n spesery met ons eie nuusitems gemeng vind.

***N.P.*** *Het Prins Bernhard Fonds heeft de monumentenprijs 1997 toegekend aan het Cuijpersgenootschap, de vereniging tot behoud van 19de en 20 ste eeuws cultureel erfgoed in Nederland. De prijs en het hieraan verbonden bedrag van 100 000 gulden worden op 30 Oktober door Prins Bernhard uitgereikt. Vanaf de oprichting heeft het bekroonde genootschap vele malen kunnen voorkomen dat historisch belangrijke gebouwen werden verminkt of gesloopt. Dat zijn onder meer de Beurs van Berlage in Amsterdam en het Van Abbemuseum in Eindhoven. (Sept.97)*

**Funds**

The Weesper flagon of old gin will finally go to a good home on 6 April. Thanks to Lungile Gadezweni's efforts, we are now half way to our target of R500, and we hope to sell the remaining tickets on that day. Do remember to put some extra cash in your pocket for this worthy cause.

***N.P.*** *Jonge werklozen en mensen met een "taakstraf" gaan de 42 forten van de Stelling van Amsterdam opknappen. Per jaar krijgen 300 jongeren de kans op deze manier werkervaring op te doen. De Stelling is een 200 km lange verdedigingsgordel van forten, dijken, sluizen en andere bouwwerken die uit eind vorige eeuw dateerd. Sinds de Tweede Wereldoorlog heeft de linie geen militaire functie meer en is verval ingetreeden.(Nov.97)*

**Bookkeeper**

Natie Greeff thanks all members who paid their annual subscription of R30,00 at the first request, and now wishes to remind the remainder that we are a very small group, and can not function without the financial contribution of every single member. Our total income from this source amounts to no more than R900,00 a year, and the cost of living, which includes local and overseas postage, and gift tokens for the main speaker and the trumpeter for the 6 April, is high, for a society as small as ours.

***N.P.*** *De Indonesische regering is bereid de archieven van de VOC open te stellen voor internasionaal wetenschappelijk onderzoek.Eerder deed minister Ritzen (Wetenschappen) het aanbod te helpen bij een wereldomspannend archievenonderzoek in landen waar de VOC vestigingen heeft had. Ritzen noemde de VOC-historie een belangerijk onderdeel van het*

*"wereldgeheugen." Ondanks een uit 1975 daterend Cultureel Verdrag verloopt de samenwerking tussen Nederland en Indonesië op het gebied van archieven stroef. (Dec. 97)*

**Projects Report**

* The great *slab of blue slate* engraved with the board game Nine Men's Morris or "Meul," was rescued from the Green Point beach and safely delivered into the Castle by our friends from Western Province Command. A suitable inscription (the Xhosa version is by friend Lungile) will be put up during the present phase of the Castle restoration project.

* The latest news about the *Morton Bay fig tree* that towers over the entrance to the Castle of Good Hope, is that we got the PWD's permission to have it removed as part of the present restoration work at the Castle, and that National Monuments Council will issue the necessary permit for the removal, to which will be attached a request for a bit of green stuff in that same area. It was there that I thought our Khoina memorial should go, but I suppose you can't win 'em all.

* The inscribed *gravestone of Adriaan Deneys*, the Company's *poshouer* in Simon's Bay in the 1750 's, is still lying under the port jacksons in Seaforth cemetery, where the Simon's Town municipality put it a year or three ago. Gwen, Gawie and I discussed the possibility of giving it a special place in the Cole Point development project, with officials of the Southern Substructure. The project was temporarily shelved for financial reasons and because the land transfer from PWD to the South Peninsula Municipality did not take place as expected. The message from Councillor N Holderness to us is not to give up our efforts in connection with the stone and its possible relocation. She is hopeful that the coming financial year (June-June) may see the implementation of the plan, and encouraged us to renew our appeal with a letter to the Municipality. It may help to move the decision in the right direction.( *Dispereert niet. Ontzien uw vijanden niet* - ***Jan Pietersz Coen)***

***N.P.*** *In Den Briel is de* Prince Admirael *gezonken, het schip van de watergeuzen. Het is een replica van het zeilschip waarmee de geuzen in 1572 de Spanjaarden verjaegen. In de haven van Briellen stak opeens alleen de mast nog boven de water uit.* De Prince Admirael *speelt altijd een prominente rol bij de nagespeelde bevrijding van Den Briel op 1 April. (Nov. 97)*

**PROJEK 2002**

Projek 2002 het van stapel geloop.Voor die einde van die jaar (waarskynlik in November) gaan ons Stigting die internasionale simposium in die Kasteel de Goede Hoop aanbied, waar VOC- entoesiaste gaan praat oor wat wereldwyd onderneem kan word om *de loffelijke Compagnie* se 400ste verjaardag te herdenk en sy nalatenskap te bewaar. Dit is moontlik gemaak deur die ondersteuning van ambassadeur Dirkse (Ambassadeur: Buitelandse Kulturele Hulpverlening) van die Nederlandse Departement Buitelandse Sake, en Konsul H Molenaar van die Nederlandse Konsulaat-Generaal. In April sal Paul Grobbelaar die saak met museumhoofde in Nederland aanroer, en in Mei gaan Piet Westra die hoofde van argiewe en biblioteke daaroor spreek. Wanneer hulle terugkom sal ons begin om uitnodigings oorsee en plaaslik te stuur, die program saam te stel en reëlings vir die kongres te tref.

*Behouwe Vaert!*

**D SLEIGH (dr)**
SEKRETARIS

Posadres: Die Voositter, Stigting VOC, William Fehr Versameling, Posbus 1, Kaapstad, 8000 (Tel: 469 1231)

*Generale Missive*: **Nuusbrief van die Stigting VOC**
**Newsletter of the VOC Foundation 3/1998**

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met bewaring , opvoeding en kultuurtoerisme as doel. Dit is geregistreer as eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with conservation, education and cultural tourism as its aims. It is the registered owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*

**Skakel/*Contact***: Skakel/*Contact*: Mnr E. B. de Vries (Finansies, Lidmaatskap / *Membership, Finance.*) tel.: 021-851-3850 / boudewyn@mweb.co.za
**Webblad**: http://www-voc-kaap.org ; **e-pos**: vocinfo@voc-kaap.org

---

*Welaen Vrunden,*

Die agbare Stigting VOC vergader om 16:30 opWoensdag 30 September 1998, in die Sekundes Huis in die Kasteel.
Agenda: 1.Vordering met die beplande herdenkingsprogram VOC 2002.
2. Die Stigting se rol in die herdenkingsprogram.
3. Heildronk.
4. Vyf dae op *Endeavour* - 'n skyfieprogram in kleur en klank.

Teken dit asseblief aan. **Seg 't Voort!** En sien u daar.

*So*os u aan die Agenda kan sien, het ons program vir die herdenking van die VOC se vierhonderdste verjaardag in die jaar 2002 van stapel geloop, en dit lyk of hy goed op dreef is. Die bemanning is soos gewoonlik van die beste, en ons het n paar nuwe groot kanonne aan boord gebring. Dit lyk asof daar geld in die koffers sal wees, en ons sien uit na die reis. By die vergadering wat hierbo adverteer word, sal die Voorsitter vertel waarheen ons op pad is, hoe ver ons gevorder het, watter ervarings ons onderweg gehad het, en wat waarskynlik vir ons voorlê. Ek dink u sal verras wees om te hoor wat al gedoen is. Party van ons beste mense staan nog aan wal. Ons het hulle hulp ook nodig, en wil hulle aan boord nooi voor ons verder gaan. Ten opsigte van die vergadering wil ons u graag herinner dat ons lede van so ver as Stellenbosch en Simonstad kom, daarom is dit belangrik dat die ander ook teenwoordig is. Bring weer u talente, energie, ervaring en entoesiasme, soos tevore.

**6 April en daarna:** Ons was laas op 6 April saam vir die herdenking van Stigtingsdag. Ons het 'n entoesiastiese gehoor gehad, en dit was n aangename en interessante geleentheid, waarvoor ons ook Kommandement WP en die Kasteel vir hulle ondersteuning moet bedank. Die Weesper kruik met ou jenever is geloot en gewen deur Con de Wet. Veels geluk, en Gesondheid! Lungile Gadezweni het deur die verkoop van lootjies meer as R 400,00 vir die Stigting ingesamel. Baie dankie Paul, as skenker van die fles, en almal wat hierby betrokke was. Simon Dodd, die jong trompetter wat by verskillende okkasies die *Wilhelmus* in die Kasteel laat klink het soos dit twee eeue tevore hier gehoor is, het sy laaste verskyning gemaak. Het u die mooi foto in *Die Burger* van 7 April gesien? Hy gaan Engeland toe, en hoop om by een van die Britse leërorkeste aan te sluit. 'n Groot verlies vir ons. En die groot boom voor die Kasteelpoort is weg. Hartlik dankie aan al ons lede wat daarmee gehelp het.

B.O.A./P.T.O.

**Reisverhale** : Na ons laaste byeenkoms was 'n paar van ons lede oorsee. Ek gebruik die ou uitdrukking *oorsee*, om u te herinner aan 'n woord waarmee die VOC hierdie land se geskiedenis help skryf het. Meeste van die inligting wat ons oor die Kaap se inheemse volke het, is oorsee geskryf, deur reisigers op die skepe van die Kompanjie. Tussen **daar** en **hier** was altyd 'n skip van die Kompanjie. Nou, waar was ons mense, en wat het hulle gedoen? Piet het in **Nederland** met amptenare van die Ministerie Buitelandse Sake gepraat oor ons deelname aan die herdenking, en biblioteke en argiewe besoek om voorlopig navraag oor die leen van uitstalmateriaal te doen. Helena was in Mei en Junie in **Amerika** op n studiereis wat sy gereël het om die Amerikaanse maritieme geskiedenis, en veral die walvisvaart, te bestudeer. Aan die New England-kus was sy o.a.by die Maine Maritieme Museum in Bath,

Mystic Seaport, Boston (waar *USS Constitution* of "Old Ironsides," pas weer van bo tot onder skoon en heel gemaak is) en die walvismuseums op New Bedford en Nantucket. Paul het in **Nederland** met staatsamptenare en die hoofde van museums gepraat oor ons Stigting se deelname aan die herdenking. Ek het op **Mauritius** die organiseerders van hulle 400-jarige herdenking gespreek oor die moontlikheid van n gesamentlike gedenksteen, om die VOC-skakels tussen die Kaap en Mauritius onder die publiek se aandag te bring. Daarvoor was daar belangstelling, en ons kan dit op die agenda vir die jaar 2002 sit om verder te voer.

Uit ***NEDERLANDSE POST : Archeologen*** *hebben in Beuningen vlak in de buurt van een winkelcentrum het skelet van een paard met een bronzen hoofdstel blootgelegd, dat praktisch zeker eigendom was van een Romeins veldheer.* ***(NP Mei 98, p.6 ) Nederlands fort ontdekt bij New York:*** *Archeologen op Long Island in New York hebben de resten gevonden van een Nederlands fort uit de zeventiende eeuw. Het fort, van 30 x 30 meter, werd gevonden onder een particuliere tuin in de plaats Branford. De muren zijn gemaakt van een mengsel van schelpen, zand en klei. De plek waar het fort heeft gestaan biedt uitzicht over de Long Island Sound, het water tussen het eiland waarop de stad New York grotendeels ligt en het vasteland.* ***(NP Jul/Aug. 98, p. 10)***

**Five days on board *Endeavour :*** For five days over the Christmas of 1996, Helena sailed from Algoa Bay around Cape Agulhas to Table Bay, on the replica of Captain Cook's ship *Endeavour,* that magnificent example of Australian craftsmanship and enterprise. Thereafter the ship delighted old and young at the Waterfront for a fortnight, before a memorable summer's day in mid-January, when it left its berth and, against the grey background of a cloud covered mountain, ran under all sail before the Southwester, northward for England. It was a wonderful sight, almost magical. It worked. The past had become real. It was a sight from the days of the VOC. The past lived, and was *now*. Helena took many lovely slides of the ship, and of life on board a square-rigged ship, during the voyage. Join us on 30 September, and share a beautiful and rare experience.

*Behouwe Vaert!*

D SLEIGH (Sekretaris)
STIGTING VOC (Tel . 469-1231; **Karl** of **Lungile**)

*Generale Missive*: Nuusbrief van die Stigting VOC
Newsletter of the VOC Foundation 2/1999

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met bewaring , opvoeding en kultuurtoerisme as doel. Dit is geregistreer as eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with conservation, education and cultural tourism as its aims. It is the registered owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*

**Skakel/*Contact***: Skakel/*Contact*: Mnr E. B. de Vries (Finansies, Lidmaatskap / *Membership, Finance.*) tel.: 021-851-3850 / boudewyn@mweb.co.za
**Webblad**: http://www-voc-kaap.org ; **e-pos**: vocinfo@voc-kaap.org

*Welaen Vrunden*!

Op 6 April 1652 het die agbare VOC vir Jan van Riebeeck en sy mense hiernatoe gestuur, om die nodige maritieme aanvullingstasie op te rig. En in hulle bagasie, in hulle harte, monde en boeke was die Nederlandse kultuur. Vanjaar, na 347 jaar, herdenk ons die geleentheid by die **Huis der Nederlanden** in Pinelands, sentrum van Nederlandse kultuur in die Kaap. Ons nooi die publiek, en ons bied hulle 'n aangename en interessante oggend onder die VOC- vlag. Ons het 'n nuwe trompetter gekry. Hou vir hom duim vas, want dit is sy eerste *Wilhelmus*. Na die vlaghysing kom die **Kaapse Maleiersangers** aan die beurt. Wanneer laas gehoor vir *Rosa, Oom Jakkals, Afvaltjie, Jan van Riebeeck, Alabama, Prinsie*, daai klas moppie? Hierdie kêrels met die rooi kopdoeke spesialiseer in "Hollandse liedjies," die ou naam vir tradisionele Kaaps- Maleise musiek, en hulle klank is Oos- Indies. Hulle is die Kaap se beste. Die AJ Boëseken - gedenklesing word gelewer deur **dr Siegfried Huigen** van die Universiteit van Stellenbosch. Sy onderwerp is die binnelandse reise van kol. RJ Gordon in die 1770's en 1780's. Die interessante persoonlikheid was natuurkundige, taalkundige, ontdekkingsreisiger, dagboekskrywer, skilder, een van die VOC aan die Kaap se grootste geeste en slegste soldate. Alles pragtig geillustreer met kleurskyfies. In die pouse is daar tee, koffie, koekies, ens. Verder is 'n uitstalling van VOC en Oos -Indiese artefakte vir ons opgestel deur die **Kultuurhistoriese Museum**. Ons het ook 'n **video**: die Kaapse hoofstuk uit die Nederlandse reeks *Die Vlieënde Hollander,* wat die VOC se aktiwiteite wêreldwyd ondersoek. En dan die **Hollandse mark van Stoutjesdijk**. Dit beteken stroopwafels en koffie, bitterballen, kaas en sout drop, daardie soort lekkernye, alles te koop. En alles onder die VOC- vlag. Reën? Geen probleem. Parkering aan alle kante. So lyk vanjaar se herdenkingsprogram:

**6 April 1999 by Huis der Nederlanden, Sentraalplein, Pinelands.**

10:00 *Wilhelmus van Nassauwe* ( Trompetsolo deur M. McDonald)
Vlaghysing
10:15 Hollandse liedjies (Kaapse Maleiersangers.)
10:45 Anna Boëseken Gedenklesing (Dr S Huigen)
11:25 Verversings ( tee)
Uitstalling : VOC tussen Nederland en Oos- Indië
Video: VOC aan die Kaap (1652-1795)
Hollandse Mark van Stoutjesdijk!

Ek sonder vir spesiale dank uit **Zirkea Ellis** en **Hannie Bom** van Huis der Nederlanden vir hulle spontane entoesiasme en moeite, die **Van Ewijk Stigting** vir befondsing, en die **SA Kultuurhistoriese Museum** vir ondersteuning. Die **Nederlandse Konsulaat** sal moontlik ook met borgskap help. Sonder bogenoemde vriende sou ons nie die Kaap gehaal het nie.

**Geluk, Piet** Lid Piet Westra het pas 'n groot onderskeiding gekry. Die Nederlands -Suid-Afrikaanse Vereniging in Amsterdam het 'n erepenning aan Piet toegeken vir sy jarelange bydrae tot kultuurbetrekkinge tussen die twee lande. Hartlik geluk.

**Battery de Chavonnes**
Archaeologists from UCT are digging at a site near the old clock tower in the Waterfront, where ruins, that may those of the VOC's Battery de Chavonnes, were found. The battery was started in 1715, finished in 1726, named after the governor of the time, lay like a great watch dog next to the anchorage, and occasionly gave blazes to opponents, like the Danes who tried to abduct harbourmaster Staring, and to the British invader of 1795. I wrote to the National Monuments Council to express our interest in this (possibly) VOC relic.

**Nuwe lede**
Ons verwelkom graag die Duitse Ambassade en die here dr WHJ Nuver en FJ Punselie as nuwe lede, en wens hulle 'n lang en gelukkige verbintenis met die Stigting VOC toe.

**Geldsake**
Van Ewyck Stigting se skenking van R5000 aan Stigting VOC, is aan die Komitee VOC 2002 oorgedra, om uitgawes i.v.m. die VOC 2002 herdenking mee te betaal. Dit beteken dat ons vandag R4000 armer is as verlede week, want die Van Ewyck Stigting het goedgekeur dat ons R1000,00 kan hou vir ons eie herdenkingsprogram. Die geld was van die begin af vir die herdenking bestem, en nie vir ons nie. Ons sal verder ons eie fondse moet bekom vir herdenkings- en ander aktiwiteite wat ons buite die Komitee VOC 2002 onderneem. En ons hartlike dank aan Van Ewyck en aan lid Piet Westra vir die skenking.

Ons Boekhouer sê dat dit weer tyd is om u jaarlikse ledegeld (R30,00) te betaal. Stuur u ledegeld asseblief saam met die afskeurstrokie onder aan hierdie bladsy. 'n Kwitansie sal aan u gepos word. Aan een lid, wat nog nie die bydrae vir 1998 aangestuur het nie, is sy boodskap: betaal asseblief u dubbele ledegeld voor die einde van Junie, anders verdwyn u naam van die poslys. Onthou, dit is ons enigste inkomste. Aan die wat reeds vanjaar bygedra het, hartlik dankie, en ignoreer verder hierdie versoek. .

Ek hoop om u almal op VOC -dag 6 April by die Huis der Nederlanden te sien. Hulle het baie moeite gedoen vir die saak. Bring familie en vriende, oupa en ouma, bure en hulle kinders. Onthou dit is nog skoolvakansie. *Segt 't Voort !*
*Behouwe Vaert*

D SLEIGH (dr)

**NS**: Navrae aan ons skakelpersone, mnre.**K. Koperski** en **L.Gadezweni**, tel.: 469-1231

------------------------------------------------------------------------------------------

Pos aan : Mnr N Greeff, Militêre Museum, Die Kasteel, Posbus 1, Kaapstad, 8000.

**STIGTING VOC** : **LEDEGELD 1999 :** **R30,00**
Naam:.........................................................................................................................
Adres:.........................................................................................................................

*Generale Missive*: Nuusbrief van die Stigting VOC
Newsletter of the VOC Foundation 3/1999

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met bewaring , opvoeding en kultuurtoerisme as doel. Dit is geregistreer as eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with conservation, education and cultural tourism as its aims. It is the registered owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*

**Skakel/*Contact***: Skakel/*Contact*: Mnr E. B. de Vries (Finansies, Lidmaatskap / *Membership, Finance.*) tel.: 021-851-3850 / boudewyn@mweb.co.za
**Webblad**: http://www-voc-kaap.org ; **e-pos**: vocinfo@voc-kaap.org

*Welaen Vrunden!*

In hierdie nuusbrief lees u onder andere oor ons Stigtingsdag funksie op 6 April vanjaar, die amptelike registrasie van ons logo as 'n handelsmerk, en die vordering met reëlings vir die herdenking van die stigting van die agbare Vereenigde Oost-[Indische Compagnie vier eeue gelede.

**Registrasie van VOC logo.**

U weet dat die VOC monogram die oudste korporatiewe logo is. Ek wens ek het geweet wie dit ontwerp het. Ons, die Stigting VOC, het in Februarie 1996 aansoek gedoen by die Registrateur van Handelsmerke en Patente dat die monogram op die Stigting se naam as 'n handelsmerk geregistreer word. Die prokureurs Fairbridge, Aderne & Lawton behartig ons saak. Hulle het ons aangeraai om wye dekking te neem, en ons het die volgende kategorieë uitgesoek: **Kategorieë 6** (o.a. weerhane, deurkloppers) **8** (o.a. tafelgerei, steek-, sny- en vuurwapens) **14** (o.a. juweliersware, sleutelringe) **16** (o.a. afdrukke, foto's, kaarte, boeke, ander gedrukte materiaal ) **18** (o.a. leerwerk, sambrele) **20** (o.a. vuurskerms) **21** (o.a. breekware, glasware, poreselein, erdeware, borde, skottels, bierbekers, wynglase gegrafeer of nie ) **22** (o.a. seile, drasakke) **24** (o.a. vlae, baniere, wimpels, tafeldoeke) **25** (o.a. pette, hemde en ander kleredrag) **28** (o.a. sportgereedskap) **36** ( o.a. fondsinsameling, geldsake ) **42** ( o.a. *"offering for sale, retail and merchandising" )* Jammer, ek weet nie wat dit presies beteken nie.

Sie prokureurs het ons op 10 Augustus ingelig dat ons aansoek in al hierdie kategorieë **goedgekeur** is, uitgesonder kat. **42**, wat gemerk is **"provisionally refused."**

Waarom, vra u? Kategorie 42 is reeds op 17 Nov.1997 toegeken aan 'n party wie se aansoek 'n jaar voor ons s'n ingedien is. Nou verwag die Wet van daardie persoon om sy toekenning binne ses maande in die *Official Patents Journal* te adverteer vir opposisie. Gebeur dit nie, reik die Registrateur 'n *"non-completion notice"* (Jammer, ek ken dit nie, en kan dit nie vertaal nie) teen hom uit, waarteen hy binne twee maande moet appeleer. Tot einde Junie 1999 het die Registrateur nog niks gehoor van die party aan wie kat. 42 toegeken is nie. Die prokureur adviseer ons dat dit mag beteken dat hy nie langer belang stel nie. Hulle sal nou die saak verder voer met die Registrateur, sodat ons weet waar ons staan. Insake die gebruik of benutting van die kategorieë wat aan ons toegeken is, sal die prokureurs ons adviseer, en ook ons aanspraak adverteer soos die Wet vereis. Persoonlik wil ek graag hierdie saak van die logo tot by sy uiteinde voer, en totale aanspraak daarop vir ons Stigting bekom, vir nou en hierna.

**Stigtingsdag, 6 April 1999**.

Danksy die energie en entoesiasme van Zirkea Ellis en Hannie Bom van Huis der Nederlanden, en welkome donasies van die Nederlandse Konsulaat en Stigting van Ewijk, kon ons vanjaar vir die vierde keer 'n kleurvolle herdenking van die belangrike datum in ons geskiedenis aanbied. Dit was 'n plesier om soveel gebore Nederlanders daar bymekaar te he, en te hoor hoe hulle spontaan by die trompetter aansluit en kragtig en welluidend (in die buitelug, nogal) die *Wilhelmus* tot die einde sing. Dit was lewende geskiedenis. Dit was dieselfde musiek en woorde wat Van Riebeeck geken het. Sy trompetter moes dit eendag vir vername besoekers van bo-op 'n aangespoelde walvis speel.

Terloops, as u ooit ’n solo trompetter vir ’n amptelike of ’nsosiale geleentheid benodig, skakel my. Die jongman is vaardig en talentvol.

***Europa’s oudste scheepswerf.***

*Aan de oever van de Zaan zijn bij graafwerkzaamheden*
*17de eeuwse scheepshellingen blootgelegd, de oudste sporen van industrieële activiteiten in West-Europa, zeggen kenners. De werf bevond zich op de plaats waar tsaar Peter de Grote in de scheepsbouw was onderwezen.* [Nederlandse Post, Jan/Feb.1999] Die fregat waaraan tsaar Peter daar gewerk het, het die naam van die twee beskermheiliges van Rusland gekry, *Peter en Paul*. Die fregat het o.a. in 1699 slawe vir die Kaap uit Madagaskar gebring, in dieselfde jaar die seerowerskip *Amy* in Saldanha Baai verower, en in 1707 die opdrag gebring dat die Kompanjie hom aan Mauritius onttrek.

**Die Van der Stels leef nog**

Vanjaar keer n egte Van der Stel na amper drie eeue terug na die jaarlikse dorpsfees op Stellenbosch, waar Simon van der Stel se verjaardag herdenk word. Die heer Leo van der Stel van Hoogvliet in Nederland speel op Saterdag 16 Oktober die rol van vader Simon. Hy ry gekostumeerd in die koets, wuif met sy gepluimde hoed en steek die toespraak af. Die heer Van der Stel is ’n VOC -entoesias en ’n genealoog. Sy familie-navorsing strek van hom af die verlede in, en van vader Simon se seuns af na die hede. Hy hoop om ontbrekende skakels deur verdere navorsing te vind. Onthou die datum, Saterdag 16 Oktober. Sien u daar, en seg’t voort.

**Boekhouer Natie bedank ons lede** wat hulle jaarlikse subskripsie vroeg opgestuur het. Ons onkoste vir vanjaar was o.a. R 694,00 aan prokureurs en R225 vir drie nuusbriewe. Dit is baie vir ’n klein organisasie, wat op skaars R900,00 per jaar aan ledegeld kan staatmaak. Daarom is u bydraes en vroeë betaling ’n stewige bries in die seil. Aan slegs vier lede heg hy hierby ’n nota om hulle te herinner dat die Stigting daarna uitsien om hulle ledegeld vir die amper afgelope jaar1999 te ontvang.

**VOC 2002**

Die wat nie dien in die komitee wat die vierhonderdjarige herdenking van die VOC se stigting in1602 reël nie is waarskynlik nuuskierig om te weet wat aangaan. Wel, interessante dinge. U weet reeds dat die reelingskomitee FORUM VOC 2002 (SA) opgerig is, met lid Piet Westra as voorsitter. Ons beplan onder andere die bou van ’n skeepsmodel, die publikasie van ’n reeks VOC-dokumente en uitstallings van skilderye, tekeninge, kaarte en ander artefakte. Daar is ook nie veel tyd oor vir beplanning nie. Vir meeste van die projekte is ons afhanklik van befondsing, en in die opsig is ons baie dank verskuldig aan lid Konsul Harry Molenaar vir sy rol as tussenganger, tussen ons en die Nederlandse regering. Sodra as daar vaste nuus is, sal besonderhede in die pers verskyn.

*Behouwe Vaert*

D SLEIGH (Dr) Tel: 469-1231
SEKRETARIS **Karl** of **Kungile**

# *Generale Missive*: Nuusbrief van die Stigting VOC

Newsletter of the VOC Foundation 1/2000

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met bewaring , opvoeding en kultuurtoerisme as doel. Dit is geregistreer as eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with conservation, education and cultural tourism as its aims. It is the registered owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*

**Skakel/*Contact***: Skakel/*Contact*: Mnr E. B. de Vries (Finansies, Lidmaatskap / *Membership, Finance.*) tel.: 021-851-3850 / boudewyn@mweb.co.za

**Webblad**: http://www-voc-kaap.org ; **e-pos**: vocinfo@voc-kaap.org


*Welaen Vrunden!*

* Die Stigting VOC se algemene jaarvergadering vind vanjaar plaas op 2 Maart 2000.
Agenda**:**

1. Bestuurssake.
   1.1 Bestuurslede en Uitvoerende Komitee
   1.2 Finansies
   1.3 Ander
2. Hoe vorder Forum VOC 2002?
3. Herdenking van 6 April 1652.
4. Die heer Dirk Bins aan die woord.
5. Heildronk .
6. Verversings.

**Tyd:** 17: 00
**Datum:** Donderdag 2 Maart 2000
**Plek:** Sekundeshuis, Kasteel de Goede Hoop.
**Parkering:** Op die plaveisel voor die Leeuhek, of deur hek in Darlingstraat na parkeerterrein tussen bastionne Leerdam en Oranje.

***Seg't Voort !***

* Die datum van die vergadering is gekies om saam te val met 'n besoek van stigterslid Dirk en mevrou Bins aan Kaapstad. Kom groet 'n ou vriend. Hy sal ons hopelik ook een en ander vertel oor Nigerië en die hoofstad Lagos, waar hy as Nederlandse konsul werk.

* Lid Piet Westra is Voorsitter van die gekombineerde poging genaamd FORUM VOC 2002, wat beplan om die *loffelijke Compagnie* se 400 ste jaar vroeg in die jaar 2002 te herdenk op kleuryke en interessante wyses wat die tema waardig is. Die tyd vir aksie kom vinnig nader, en daar is werk vir almal.

* Boekhouer Natie sal sy kwitansieboek gereed hê om u jaarlikse geldelike bydrae te ontvang. Dit is sekerlik die beste geleentheid daarvoor, vir u en vir hom.

* Voorsitter Paul tree op 31 Mei uit diens van die William Fehr Versameling, en word daarna produksie-direkteur van die Wes-Kaapse Militêre Taptoe (Blaai om)
wat jaarliks by die Grand West Casino (Goodwood Skougrond) aangebied sal word.

* Lid Gwen Fagan het vandeesweek die eerste deel (ek hoop die res volg) van haar outobiografie bekend gestel. Die titel is *Nauti se Gwendoline*. Dit is 'n wonderlike interessante dik stuk kultuurgeskiedenis, met volop foto's ewe vol kultuurgeskiedenis, en dit lees lekkerder as fiksie. Kyk maar self, ek vertel niks.

* Lid Karl Koperski word vroeg in Maart vanjaar deur die Universiteit van Stellenbosch beklee met die

waardigheid van *Doctor Philosophiae*, vir sy proefskrif oor die lewe en werk van William Fehr, versamelaar en donateur van die Africana wat sy naam dra. Veels geluk en wel gedaan Karl, van my en die Stigting.

* Die replika van die VOC-skip *Batavia* was in Oktober op 'n kort besoek (letterlik van 'n paar uur ) in Tafelbaai. U weet reeds dat die replika in Lelystad gebou is. Oor die projek is verskeie artikels en boeke geskryf. Die skip voer op sy vlag en ander eiendom, selfs sy meubels, 'n VOC-monogram met die lettter L daarbo. Omdat die dag en tyd van sy aankoms eers die vorige aand vasgestel is, kon ons nie meer doen as om 'n paar van ons lede wat bereik kon word bymekaar te bring, die bemanning aan boord te besoek en die skip te bekyk nie. Ons het ook hulle posstukke in ontvangs geneem en dit by 'n egte posklip in die Maritieme Museum met ons Stigting se *tjiap* gestempel.

*Batavia* was in die ruim van 'n vragskip gelaai onderweg Australië toe, om in September vanjaar by die Olimpiese spele as 'n onthaalsentrum en uit toerisme 'n inkomste te probeer maak. Die skip was vroeg in Desember reeds opgetuig in Sidney en oop vir die publiek. My dogter het hulle daar besoek, en hulle vertel haar dat hulle 'n paar dae buite Kaapstad drie verstekelinge in die vragskip gevang het. Die skipper hoop om oor 'n jaar onder seil terug te keer. As dit gebeur, en hulle doen hier aan, sal ek probeer om u betyds te laat weet, sodat ons Stigting moontlik aan boord kan vergader. (Foto: **Ned.Post** 11/ 99)

*Behouwe Vaert*

D SLEIGH (dr)
SEKRETARIS

* RSVP en Navrae: Karl of Lungile Tel: 469-1231.

# *Generale Missive*: Nuusbrief van die Stigting VOC

Newsletter of the VOC Foundation 2/2000

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met bewaring , opvoeding en kultuurtoerisme as doel. Dit is geregistreer as eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with conservation, education and cultural tourism as its aims. It is the registered owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*



**Skakel/*Contact***: Skakel/*Contact*: Mnr E. B. de Vries (Finansies, Lidmaatskap / *Membership, Finance.*) tel.: 021-851-3850 / boudewyn@mweb.co.za

**Webblad**: http://www-voc-kaap.org ; **e-pos**: vocinfo@voc-kaap.org


---

*Welaen Vrunden!*

**Die Stigting VOC vergader om 17:00 op Dinsdag 27 Junie 2000 in die Sekundeshuis, om planne te maak vir die 400 ste herdenking van die totstandkoming van die *Loffelijke Compagnie* te maak.**

Seg 't voort

## Herdenkingsprojekte

Ons het by vorige vergaderings die moontlikheid bespreek om in die jaar 2002 'n paar openbare bewaringsprojekte uit te voer, om die VOC se ontstaan 400 jaar tevore te herdenk, en daardeur terselfertyd vir ons Stigting reklame te maak. Dit is 'n ideale geleentheid om die Stigting se doelstellings te verwesentlik, en op 27 Junie 2000 vergader ons om planne voor te lê, projekte goed te keur en aan vrywillige werksgroepe oor te dra om te realiseer. Die voorlopige lys van projekte volg hierna. Nog ander kan bykom. U sal opmerk dat die oogmerk in elke geval (1) voor die hand liggend is, (2) die Stigting niks behoort te kos nie, en (3) deur die kennis, ervaring en entoesiasme van ons lede redelik maklik bereikbaar is.

Ons het 'n indrukwekkende naamlys van lede - nie in getalle nie, maar in suiwer kwaliteit. Wat getalle betref, is ons swak, maar ek weet van geen ander bewaringsliggaam wat soveel talent, ervaring, kennis en beroepsstatus in so 'n klein ledetal bevat nie. Hierdie gebrek aan getalle maak dit noodsaaklik dat elke enkele lid vorentoe kom, en sy / haar dienste aanbied vir die saak van die VOC herdenking. Die bywoning by ons onlangse vergaderings was tussen 50 % en 75 %. By die komende vergadering, die belangrikste van ons bestaan tot dusver, het ons elke enkele lid se teenwoordigheid en entoesiasme nodig. Ek het gesê, ek glo dat elkeen van die projekte redelik maklik uitvoerbaar is, vir 'n groep van vier of vyf toegewyde entoesiaste wat nooit "nee" as antwoord aanvaar nie, Hier volg die projekte wat tot dusver voorgestel is, baie kortliks voorgelê. By die vergadering hoor u meer oor elkeen. Aan watter projek wil u graag meewerk? Waarvoor voel u toegerus?

## Projekte

1. Die Wes-Kaapse Departement vir Kultuursake het aangebied dat hulle Museumdienste 'n reisende VOC - tentoonstelling bou en dit deur die provinsie laat toer. Die eerste vergadering met die Departerment se Hoofdirekteur is gereël vir 10:00 op 5 Julie vanjaar. Wie kom saam.?

2. 'n Internasionale VOC-konferensie, geborg en aangebied deur 'n universiteit van wêreldklas. Wie het die kontakte en die kennis?

3. Gedenkplate van 'n duursame materiaal aangebring by VOC-plekke, met die oog op toerisme.

4. Die skep van 'n staande komitee om jaarliks die 6 April - funksie te reël.

5. Die skep van 'n VOC Museum in die Kasteel. Die eerste taak is om 'n goeie, kostelose, permanente ruimte te bekom.

6. Om 'n gedenkteken vir Woltemade op te rig, op die plek waar dit gebeur het, met die oog op ruimtelike en sosiale vernuwing.

7. 'n Regstellende aksie t.o.v. die 17de en 18de eeuse Koina.

**Nuwe komitee**

By ons algemene jaarvergadering is die volgende komiteelede vir jaar 2000 gekies: Dr J Visagie (Voorsitter), Dr H Scheffler (Vise-Voorsitter) Mnr N Greeff (Tesourier), Dr K Koperski (Skakelwerk), Dr D Sleigh (Sekretaris) Die komitee maak staat op u aktiewe en entoesiastiese medewerking. Daarsonder kan ons niks bereik nie.Ons het 'n brief van dank gestuur aan Paul Grobbelaar, die uittredende voorsitter en oorspronklike stigter van ons organisasie, en die hoop uitgespreek dat ons nog vir baie jare sy teenwoordigheid en medewerking sal geniet.

**Projekte van stapel geloop**

* Wat betref die verplasing van poshouer Deneys se grafsteen na 'n meer aangename en opsigtelike posisie ('n projek waaraan drie van ons lede al meer as drie jaar werk) het ons goeie nuus om bekend te maak. Ons het die steun verwerf van Raadslid N Holderness van die Suid-Skiereilandse Munisipaliteit, die Simonstadse Historiese Vereniging, die Simonstadse Museum en die SA Vloot.Die Munisipaliteit het die projek goedgekeur en sal die terreinwerk onderneem, die SA Vloot sal die steen vervoer. Wat kos dit ons? Niks as entoesiasme nie. Dit is waarom ons lede is. Ons hoop om oor 'n paar maande 'n klein onthullingsplegtigheid in Simonstad te hê, met 'n trompet, die VOC-vlag en die media. Net vir bewaring, reklame en toerisme.

* Ons het aansoek by die Poswese se Filateliediens gedoen om in 2002 'n paar mooi seëls uit te reik. Wil iemand hierdie projek by my oorneem?

* Kdr G de Vries het 'n sesponder VOC-kanon aan ons Stigting geskenk. Hy wil weet waar dit afgelewer moet word.

* Ons het by SA Erfenis (die gewese RNG) aansoek gedoen om as 'n bewaringsliggaam geregistreer te word. Die nuwe bewaringswet vereis dit. Ons s'n was die eerste aansoek wat hulle gekry het.

* Ons kan op 'n suksesvolle en aangename 6 April 2000 terugkyk. Die weer was pragtig, samewerking met Huis der Nederlande was uitstekend, goeie borgskappe is ontvang van die Van Ewijk stigting en die Nederlandse konsulaat, en danksy die lotery van 'n VOC-munt is ons 'n paar honderd rand beter af. Komplimente en dank is van alle kante ontvang.

**Erelidmaatskap**

Daar is persone in die gemeenskap wat nie lede van ons Stigting is nie, maar deur hulle langdurige, hoë-kwaliteit werk van VOC bewaring en VOC reklame, die doelstellings van ons Stigting bevorder. Behoort ons ere-lidmaatskap aan hulle toe te ken, as hulle dit wil ontvang? Kan ons dit, met ons lae ledegeld, bekostig? Wat dink u van ere-lidmaatskap as 'n middel om ons saak te bevorder? As u dit goedkeur, hoe sal genomineerdes gekeur word? En wie bied aan om die portefeulje te hanteer?

**Ledegeld**

Onthou dat u R30,00 ledegeld ons Stigting se enigste gereelde inkomste is. Dit is in vier jaar nog nie verhoog nie. Met ons klein ledetal en die lewenskoste, byv. posgeld, wat aanhoudend styg, kan ons net-net bestaan. Gebruik die aangehegte strokie en stuur u bydrae asseblief so vroeg as moontlik aan. Lidmaatskap van bewaringsorganisasies kan gewoonlik van inkomstebelasting afgetrek word. Wanneer u besluit om uit die Stigting te bedank, laat ons weet, dat ons die posgeld spaar?

**Brederode, 1784**

Die navorsing en ontginning van *Brederode* se wrak, suid van Kaap Agulhas, het begin. Die skip se klok en enkele stukke porselein (in pragtige kondisie) is onder andere reeds aan wal. Verlede November het ons 'n videoband gesien, waar die porselein in kratte op die seebodem begrawe staan. Die SA Maritieme Museum bestuur die wetenskaplike sy van die berging, en SA Erfenis die bewaringsaspekte. Ons hoop om ons lede later nader aan hierdie projek te bring.

*Behouwe vaert*

D SLEIGH (Dr)
SEKRETARIS

*** Teken asb. nou hierdie belangrike datum aan. U teenwoordigheid is noodsaaklik.

**Datum:** Dinsdag, 27 Junie 2000
**Tyd:** 17:00
**Plek:** Sekundeshuis, Kasteel de Goede Hoop
**Parkering:** Volop en veilig.Op die plaveisel voor die Leeupoort, of tussen bastionne Leerdam en Oranje. Die ingang is in Darlingstraat.
**Navrae:** Karl of Lungile (tel. 469-1231)

-----------------------------------------------------------------------------------------------------

**LEDEGELD : STIGTING VOC** (Pos aan Mnr N Greeff, Militêre Museum, Kasteel de Goede Hoop, Posbus 1, Kaapstad 8000.)

Naam: .........................................................................
Adres: .........................................................................
.........................................................................
.........................................................................

Die bedrag van R30,00 is ingesluit as ledegeld vir die jaar 2000.

NB As daar lede is wie se bydrae vir 1999 nog uitstaande is, sal ons dit waardeer om dit so gou as moontlik te ontvang.

**Generale Missive**: Nuusbrief van die Stigting VOC
Newsletter of the VOC Foundation 3/2000

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met bewaring , opvoeding en kultuurtoerisme as doel. Dit is geregistreer as eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with conservation, education and cultural tourism as its aims. It is the registered owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*

**Skakel/*Contact***: Skakel/*Contact*: Mnr E. B. de Vries (Finansies, Lidmaatskap / *Membership, Finance.*) tel.: 021-851-3850 / boudewyn@mweb.co.za
**Webblad**: http://www-voc-kaap.org ; **e-pos**: vocinfo@voc-kaap.org

---

*Welaen Vrunden !*

**Borrel by Jan se huis:**
Ons sluit vanjaar af met 'n sosiale geleentheid. Voorsitter dr Jan en mev Visagie was so vriendelik om die Stigting te nooi om ons laaste vergadering van hierdie jaar by hulle huis op Stellenbosch te hou, en dan ook 'n ligte ete saam te geniet. Hier is die besonderhede:

*Plek*: Buitekringweg 5, Dalsig, Stellenbosch.
*Tyd en Datum*: 18:30 op Vrydag, 10 November 2000.
*RSVP*: Bel asseblief vir Jan of mev.Visagie by (021) 887-1770 teen Maandag 6 November, as u die geleentheid wil bywoon, en hulle sal u sê hoe om tot by hulle te kom.

Al ons lede is welkom, ook die wie se ledegeld nog in die pos is. Onkoste? Geen. Bring 'n metgesel, en miskien as u wil, 'n bottel of paar blikkies van die waarvan u hou, "*tot nut van 't algemeen*."

Die sake-deel van die aand sal hoofsaaklik n kort terugblik op ons werksaamhede die afgelope jaar wees, en 'n vooruitkyk na die belangrike jaar 2002. Die volle jaarverslag hou ons oor vir die algemene jaarvergadering, in 2001.

**Gelees in *Nederlandse Post*:**

"De enig overgebleven goudstaaf van de VOC is kort nadat ze in het besit van het Rijksmuseum... in Leiden was gekomen, door onbekenden gestolen. De goudstaaf van 5 kilo... lag net vier weken in een vitrinekast.... Het 18- karaats blok goud meet 20 by 6 by 3 centimeter en is zo 'n *ƒ* 75000 waard. Het schip *Leimuiden* sloeg op de rotsen van het Kaap Verdische eiland Boa Vista in 1769... Een Zuid-Afrikaans duiker.. borg een baar...in 1993..." (NP, Mei 2000.)

"Amsterdam is door het kabinet uitgekozen als plaats voor een nationaal slavernijmonument, dat op 1 Juli 2001 zal worden onthuld... Sinds zeven jaar wordt in Amsterdam jaarlijks op 30 Juni de afschaffing van de slavernij in Suriname en op de Antillen op 1 Juli 1863 herdacht met een stille tocht naar het Surinameplein."(NP, Junie 2000)

"Dertig Braziliaanse slachtoffers van het Nederlandse kolonialisme in de 17de eeuw worden op 5 Maart door paus Johannes Paulus II zalig verklaard... In 1645 martelden en vermoorden 200 Nederlandse militairen tijdens een misviering een priester en 70 kerkgangers. Drie maanden later werd een boer samen met 80 gelowigen gedood." (NP, Maart 2000)

"Archeologen hebben in Amsterdam-Oost resten van het bolwerk Zeeburg en een scheepshelling van de VOC opgegraven. Het bastion Zeeburg was een onderdeel van de stadswal die werd gebouwd voor de stadsuitbreiding van 1663. Achter de stadsmuur is een houten scheepshelling gevonden die onderdeel uitmaakte van een gigantische VOC-werf uit de zeventiende en achttiende eeuw." (NP, September 2000)

**Van geld gepraat**: Die tesourier vra dat lede wat nog nie hul ledegeld van R30 vir die jaar gestuur het nie, dit asseblief pos aan **Mnr N Greeff, Militêre Museum, Posbus 1, Kaapstad, 8000.**

*Behouwe vaert !*

D SLEIGH (Sekr)

*Generale Missive*: Nuusbrief van die Stigting VOC

Newsletter of the VOC Foundation 1/2001

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met bewaring , opvoeding en kultuurtoerisme as doel. Dit is geregistreer as eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with conservation, education and cultural tourism as its aims. It is the registered owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*

**Skakel/*Contact***: Skakel/*Contact*: Mnr E. B. de Vries (Finansies, Lidmaatskap / *Membership, Finance.*) tel.: 021-851-3850 / boudewyn@mweb.co.za

**Webblad**: http://www-voc-kaap.org ; **e-pos**: vocinfo@voc-kaap.org

*Welaen Vrunden !*

Hiermee gaan die Stigting VOC sy sesde jaar binne. U sal onthou dat ons op 16 September 1995 by mekaar gekom het, tweehonderd jaar tot die dag en in dieselfde Kasteel waaroor die VOC se vlag op 16 September 1795 neergehaal is, en mekaar beloof het om saam te werk vir die bewaring van die VOC se nalatenskap, en die opvoeding van die publiek daaroor. Dankie vir u hulp met die bereiking van ons doelwitte in die verlede. Ons staan nou op die drumpel van ons grootste onderneming tot dusver, naamlik die waardige herdenking in 2002 van die *Loffelijcke Compagnie* se oprigting, vier eeue tevore. Dit was 'n gebeurtenis wat die wêreld geskud het. Die tekens daarvan, goed en kwaad, is steeds om ons. Ons herdenk terselfertyd die aankoms van die Nederlandse kultuur aan die Kaap in 1652. Vir ons Stigting is 2002 dus 'n jaar van groot betekenis, en 'n geleentheid, soos wat heel selde voorkom, om ons Stigting se ideale te verwesentlik en gelyktydig sy eie toekoms te bevestig.

Neem asseblief kennis dat ons sesde Algemene Jaarvergadering op die volgende plek en datum sal plaasvind:

**DATUM:** Donderdag, 22 Februarie 2001
**PLEK:** Lesingkamer, Sekundeshuis, Kasteel
**TYD:** 17:15
**PARKERING:** Gratis parkering voor die Kasteel, of tussen bastionne Buuren en Oranje (Ingang uit Darling Straat).

**AGENDA:**
(1) Notule van vorige vergadering.(2) Voorsitter se Jaarverslag. (3) Finansies (4) 6 April 2001 (Ons jaarlikse geleentheid by Huis der Nederlande.) (5) Bilaterale Kongres, Stellenbosch. (6) VOC 2002 : Hoofborgskap, en Aanstelling van Projekbestuurder en Projekklerk.(7) Goedkeuring in beginsel en skakeling met SA regering, Provinsie Wes-Kaap en Stad Kaapstad sal gesoek word. (8) Werwing van nuwe lede. (9)Ander sake (10) Verkiesing van Bestuur en Werkskomitees vir dié jaar.(11) Heildronk (12) Geillustreerde praatjie deur lid Gwen Fagan, oor die herkonstruksie van die Battery de Chavonnes uit 1715, geleë in die Waterfront. (Sy sal ons by 'n later geleentheid op 'n geleide toer daar deur neem.)

**Die bestuur bestaan tans uit 'n voorsitter** (Jan)**, onder-voorsitter** (Helena)**, sekretaris** (Dan)**, boekhouer** (Natie) **en skakelbeampte** (Karl)**. Die bestaande dienskomitees is: Skakelwerk** (Karl en Lungile)**, 6 April** (Con)**, VOC Logo** (Dan), **Maritiem** (Helena en Dan)**, Deneys Klip en Woltemade Monument** (Gwen, Gawie, Dan)**, TANAP projek** (Marion, Harry, Jan, Con, Piet, Dan)**, Reisende Uitstalling** (Hannatjie, Helena, Jan, Con, Dan.) Gedurende die jaar het George met verskeie interessante nuwe inisiatiewe voor die dag gekom, en die beplande Internasionale VOC Kongres begin gang kry. Het iemand nog 'n goeie uitvoerbare plan of twee, waarmee hy/sy die leiding sal neem? Nuwe dienskomitees moet tot stand kom, waarmee ons die hulp van bekwame persone nodig gaan hê. Die VOC het u nou nodig, en daar is geen groter bewys van steun aan 'n goeie saak nie as 'n dadelike entoesiastiese aanbod van hulp deur elkeen van sy lede.

**Posseëls:** Op ons versoek om spesiale VOC-posseëls gedurende die jaar 2002, het diePoskantoor se Filateliediens geantwoord dat hulle komitee weer in Februarie 2001 sit, en dat hulle vir ons sal laat weet wat die uitslag was. Hou duim vas. Hopelik verneem ons nog voor die AJV.

**Ledegeld:** Ons ledegeld, van die begin af R30,00 p.j., is nou skaars genoeg om vir ’n volle jaar se korrespondensie (seëls, koeverte, fotokopieë) te betaal. Die bestuur gebruik nog deurgaans hulle eie telefone, faksmasjiene, e-pos, vervoer, ens., sonder vergoeding. Veral a.g.v. ’n toename in korrespondensie het ’n verhoging tot R40,00 per jaar nodig geword. Ons hoop om dit vir ’n lang tyd daar te hou.

**Ons VOC- logo:**
Na ses jaar van moeite, geduld en prokureurskoste het ons steeds nie volle wetlike beheer oor die logo bo-aan ons nuusbrief nie, a.g.v die opposisie van ander partye. Maar daar is tekens dat die gety in ons guns keer. Dit is ’n voorkeurprojek waaraan ek sal werk totdat die monogram, indien moontlik, uitsluitlik aan ons behoort.

**’n Paar VOC 2002 suksesse:**
* *Sukses!* Die Departement Kultuursake van die Wes-Kaapse Provinsiale Administrasie sal ’n reisende **opvoedkundige uitstalling oor die VOC** borg en saamstel, en in 2002 deur die provinsie laat toer. Meer nuus hieroor by die AJV. Vir wie sê ons dankie? Lid Hannatjie du Preez het dit alles moontlik gemaak, dankie ook aan die betrokke werkskomitee.

* *Sukses!* Die Departement Kerkgeskiedenis van die Universiteit van Pretoria hetR10 000 geskenk, as bedryfsgeld vir die herdenkingsprogram. Hierdie skenking is deur lid George Hofmeyr bekom. Ook die *Currents in World Christianity Project* het van die Universiteit van Cambridge geskryf uit belangstelling in ons herdenking. Die kerkgroepe se waardering spruit uit die **vestiging van die Christelike kerk aan die Kaap deur die VOC.** Meer hieroor by die AJV, en hartlike dank aan lid George

* *Sukses!* Die Van Ewyck Stigting het R6000, 00 geskenk as bedryfsgeld vir die reël van ’n groot **herdenkings-okkasie op 6 April 2002.** Dit sal dan 350 jaar wees na die vestiging van die Nederlandse kultuur aan die Kaap. Meer hieroor by die AJV.

* *Sukses!* Die Van Ewyck Stigting het ook R6000, 00 geskenk as bedryfsgeld vir die reël van ’n **Internasionale VOC-Kongres** op Stellenbosch in 2002. Meer hieroor by die AJV.

* *Sukses!* Nogeens het Van Ewijk ons tot hulp gekom met ’n skenking van R2000, 00 vir die **beveiliging van die Deneys grafsteen.** Die origе befondsing was R1500, 00 deur van die Simonstadse Historiese Vereniging en R250, 00 uit ons eie armbeurs. Die werk het, na vier jaar, eindelik begin. Hoor meer by die AJV. Vir bogenoemde drie waardevolle donasies deur Van Ewijk Stigting, bedank ons graag vir lid Piet Westra en en Stigting van Ewijk.

* *Sukses!* Deur die harde en bekwame werk van lid Marion George en die ander komiteelede, het TANAP meer as R900 000 toegeken vir die **transkripsie**, en dus die **bewaring en moontlike publikasie, van die VOC se Kaapse Resolusies vir die jare 1744-1795.** Meer inligting by die AJV, en hartlike dank aan lid Marion, die res van die betrokke werkskomitee en TANAP.

***Nederlandse Post*** Ek haal dikwels interessante brokkies uit ***Nederlandse Post*** om ons eie nuusbief mee te sout en peper, en wil u graag nader bekend stel aan hierdie blad, ingeval u daarop wil inteken. Dit word maandeliks gepubliseer vir die Nederlandse gemeenskap in Suid-Afrika en alle ander wat in die Nederlandse kultuur belangstel, en dit is boordensvol van nuus en foto’s uit Nederland. Daar is algemene nuus uit die media, taalnuus, bewaringsnuus, Nederlandse geskiedenis, kultuurgeskiedenis en koloniale geskiedenis, lesersbriewe, sakenuus, politiek, blokkiesraaisels, resepte, twee bladsye propvol humor, plus ’n lekker lang skets uit die werk van die gewilde Simon Carmigelt, wat sy medemens van die hoogte van ’n kroegstoeltjie, of van straatvlak - die groot gelykmaker - af beskou. Daarby nog advertensies, ’n

sportblad, en 'n groot verskeidenheid onderwerpe meer. Die intekengeld is R135, 00 p.j. en die adres is Posbus 1634, Pinegowrie 2123. Verlede winter het ons byvoorbeeld 'n tydige resep vir "*Hollandse erwtensoep* " gekry wat netso lekker gelees het as wat die produk later gesmaak het. PS: Die blokkies spek daarin heet *drijfijs*. Met hierdie gesellige koerant is jy nooit ver van die see, die boerdery of die middestad van Amsterdam nie.

*Behouwe vaert!*

D SLEIGH (dr)
SEKRETARIS

-----------------------------------------------------------------------------------------

Stuur aan: Mnr N Greeff, Militêre Museum, Die Kasteel, Posbus 1, Kaapstad, 8000.

Hiermee my ledegeld van **R40, 00** vir die jaar 2001, as lid van die Stigting VOC.

Naam:..........................................................................................................
Adres:..........................................................................................................
..........................................................................................................
Foon: ................................
Faks: ................................
E-pos: ................................

*(Vul asb. volledig in, om ons adreslys weer 'n keer aan te vul. Dankie! )*

**Generale Missive**: Nuusbrief van die Stigting VOC
Newsletter of the VOC Foundation 2/2001

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met bewaring , opvoeding en kultuurtoerisme as doel. Dit is geregistreer as eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with conservation, education and cultural tourism as its aims. It is the registered owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*
**Skakel/*Contact***: Skakel/*Contact*: Mnr E. B. de Vries (Finansies, Lidmaatskap / *Membership, Finance.*) tel.: 021-851-3850 / boudewyn@mweb.co.za
**Webblad**: http://www-voc-kaap.org ; **e-pos**: vocinfo@voc-kaap.org

---

*Welaen Vrunden!*

Dit is ons tweede nuusbrief vir vanjaar, om u op hoogte te bring met gebeure sedert ons algemene jaarvergadering. Ek en lede Gwen en Gawie is in Mei namens die Minister van Verdediging genooi om aan 'n groepbespreking oor die toekomstige gebruik van die Kasteel deel te neem. Omdat die lys van genooides myns insiens 'n wanbalans vertoon het, (byv.: UWK en UK is genooi, US nie) het ek by die Minister beswaar gemaak. Die Minister se persoonlike positiewe gesindheid is na my mening bemoedigend. Hy het in sy verwelkoming gesê dat die Kasteel in die toekoms onder die Departement van Verdediging se bestuur sal bly. Die konferensie se voorstelle, wat aan die einde opgesom is om aan hom voorgelê te word, weerspieel nie noodwendig sy gevoel nie. Ek het gehoop dat ons al die beloofde kopie van die konferensie se voorstelle in die hande sou hê, maar dit het nog nie verskyn nie.

**Uit *Nederlandse Post* , Aug. 2000**

**Lokaal in Kasteel:** Intussen het ons Stigting by die Weermag aansoek gedoen vir die gebruik van sekere ruimtes in die Kasteel, tot ons eie voordeel en ter bevordering van die Kasteel se toekoms, t.o.v. bewaring, onderhoud, toerisme, ens. Ons benodig daardie vertrekke as vergaderplek, kantoor, biblioteek, museum en winkel. Die lokaal wat ons hoop om te kry, is baie aantreklik geleë. Die groot ruimtes op grondvlak is natuurlik bestem vir groot ondernemers. Die verwagting is, n.a.v. bogenoemde konferensie, dat gebruikers van ruimtes huur moet betaal. Ons winkeltjie sal moet slaag as ons daardie kamers wil behou. Intussen gaan ons, danksy die William Fehr Versameling, voort om Lungile se lokale en sy gasvryheid te gebruik.

***Dringend benodig :* Vrywilliger om Logo te hanteer** : U weet dat ons Stigting geregistreer is as die alleenreghouer van die VOC-monogram in Suid-Afrika (sekere alkoholsoorte uitgesluit), en dat ons saak deur 'n bekwame prokureur hanteer word. Ons het nou so gegroei dat ons dié waardevolle belang moet bemark, tot voordeel van ons Stigting en die nagedagtenis van die Kompanjie. Die Stigting benodig ***dringend*** 'n bekwame bestuurslid om vertroud te word met wetlike en ander implikasies van alleenreg, die inhoud en status van ons aanspraak, om ons bestuur te adviseer, en om namens die Stigting met prokureurs en konsessiehouers te skakel. Sal 'n gewillige lid asseblief so gou as moontlik tevoorskyn kom, en vir voorsitter Jan bel met die goeie nuus? (tel. 887-1770) Die Stigting het u nodig.

**Bemarkingsgeleentheid :** Besighede nader ons om die VOC-monogram te gebruik op artikels wat hulle vir die toeristemark, en met die oog op die groot herdenking in 2002, wil bemark.Uit selfrespek sal ons nooit 'n lisensie toestaan vir 'n produk van minderwaardige kwaliteit nie. Die Stigting is nou deur 'n produsent van goeie handgeverfde "Delftsgoed" genader met 'n aanbod wat vir ons Stigting en vir 'n entoesiastiese ondernemer 'n inkomste kan besorg. Die produk is aantreklike namaaksels van blou-en-wit VOC-porselein soos borde, skottels, kleinbordjies en pierings, in verskillende groottes, en ander memorabilia soos koffiebekers, vingerhoedjies ens., met die VOC-monogram en 'n inskripsie soos byv. "VOC 1602-2002 Kaapstad " of 'n tekening van Tafelberg met 'n inskripsie, soos verlang. Hierdie voorwerpe is gewild by toeriste. Ons verneem graag van ons lede wat voorstelle het oor die gebruik van hierdie konsessie, of wat, vir 'n inkomste, self daarvan gebruik wil maak. U kan dit verkoop waar en hoe u wil. Die basiese verdeling

van inkomste is (onderhandelbaar) : 50% van die kosprys aan die produsent, 20% van die kosprys aan die Stigting VOC, en die verkoper bepaal die verkoopprys. U kan dadelik begin. Om nader besonderhede, bel 887-1770 (Jan, terwyl ek weg is.) asb.

**Ere-lede** : Ons stigterslede sal onthou dat 'n voorstel om 'n silwer *Stigting VOC - penning* te laat maak, goedgekeur is. Die penning sal, met groot reklame, toegeken word aan uitgelese persone wat ons uitnodiging aanvaar om ere-lede te word. Op die eersvolgende volle vergadering sal Helena van die Maritieme Komitee, 'n voorstel in die opsig maak. Hopelik sal die oorhandiging al op 6 April in die Kasteel kan geskied..

***Noch voor ancker leggende :*** Drie projekte vir 2002 wat ons aan die Kaapse Stadsbestuur voorgelê het, het nog nie verder gevorder nie. Die voorstelle is (1) om sommige strate wat tans na politici en stadsraadslede genoem is te hernoem na Koina-groepe en Koina-leiers uit die VOC-tyd (Onthou: dit was voor hulle eie Mandela-De Klerk plan) (2) n Slawe-gedenkteken (3) n Woltemade gedenkteken . Ons wag op die Stadsbestuur. 'n Lid van die Uitvoerende Komitee is, na reaksie op dieomstrede M-de K. plan, besig om beleid op te stel tov openbare gedenktekens, en hulle sal ons laat weet as dit voltooi is. Sonder hulle kan ons nie beweeg nie.

**Slawerny deur die GWC** : Soos die VOC slawerny aan die Kaap ingevoer het, het sy sustermaatskappy, die GWC, dit ingevoer in Nederland se Suid-Amerikaanse kolonies. Dit is interessant om inligting in die volgende beriggie uit *Nederlandse Post* te vergelyk met ons plaaslike situasie. *"Afschaffing slavernij Suriname en Antillen herdacht : In Amsterdam hebben enkele honderden menschen herdacht dat precies 137 jaar geleden de slavernij in Suriname en op de Nederlandse Antillen werd afgeschaft. Zo was er een stille tocht georganiseerd en werd er een herdenkings bijeenkomst gehouden op het Surinameplein. Jongeren maakten een fietstocht langs plaatsen in Amsterdam die verband houden met het koloniale verleden. Op 1 juli 1863 maakte Nederland onder zware buitenlandse druk na 200 jaar een eind aan de slavernij in de westelijke overzeese gebiedsdelen. Het herdenkingscomité ijvert voor een monument op het Surinameplein.* " (*Nederlandse Post*, Aug. 2000) Dit is mos wat ons Stigting aan die Kaapse Stadsraad voorgestel het.

**Behouwe Vaert, Harry Molenaar :** Op 29 Junie is op 'n gesselligheid in die Distrik Ses Museum afskeid geneem van Lid Harry Molenaar, Nederlanse konsul wat bevorder is tot ambassadeur in Georgië, met standplaas Tbilisi. U sal onthou met watter entoesiasme hy aan VOC 2002 gewerk het. Ons bestuur kon hom altyd nader om ondersteuning en befondsing van ons projekte, en kon staatmaak op sy hulp. Die Stigting het aan hom 'n briefie van dank en goeie wense gestuur.

**Skildery *Fontein* te koop** : Die Militêre Museum het 'n waterverf- skildery van die herboude vywer in die agterhof van die Kasteel aan die Stigting VOC geskenk, om vir fondse verkoop of opgeveil te word. Dit is geskilder deur Lizelle Kruger. Die historiese vywer dateer uit die tyd van WA van der Stel (!699-1707), maar is in die tweede Britse tydperk toegegooi. Belangstellendes kan die skildery in die Militêre Museum besigtig. Adverteer dit asseblief, namens die Stigting?

**VOC Konferensie, April 2002.** Daar is belangstelling van wyd en syd in ons internasionale VOC Geskiedenis Konferensie wat van 3-5 April op Stellenbosch gaan gebeur. Kanselleer solank alle ander planne, leer die hond om self blikkies oop te maak, en merk die datums in u dagboek. Op 2-3 Julie 2002 bied die Universiteit (olv Siegfried Huigen) 'n seminaar aan oor taal en letterkunde in VOC-gebiede. Sulke wonderlike interessante onderwerpe moet wenners wees. Bespreek maar vroeg. NS: Het u Piet se sterk artikel *"SA en Nederland maak gereed om VOC se erfenis te gedenk,"* gelees in Die Burger van 25 Junie? Dit verskyn binnekort ook in die Argus.

**Uitstappie na herboude Battery de Chavonnes** : Die Bestuur stem saam met Gwen dat dit makliker, aantrekliker en meer betekenisvol sal wees wanneer die werk klaar en die bouterrein skoongemaak is. Dit word miskien ons afsluitfunksie vir vanjaar.

**Oor Karl** Ons hoor van Karl dat dit goed gaan bo in die Transvaal, dat hy gelukkig is in sy nuwe betrekking, dat hy ’n huis naby die rivier het, dat hy ’n fiets gekoop het om die landskap te verken, en dat hy verskriklik koud kry. Maar daar is raad voor. Nog ’n trui? Dit is nie waaraan ek gedink het nie. Voorspoed, vriend.

***Duijfken:*** Ou Westerse beskawings hou uit nostalgie hulle seekultuur aan die gang terwyl rekenaars hulle olietenkskepe om die aardbol stuur, met twee man en ’n hond op die voorkasteel en ’n kat op die agterdek. Ons hier gaan stap maar op die breekwater om te kyk as Chile, Italië, Duitsland, Denemarke of een van die ander beskaafde lande ’n seilskip hierlangs verby stuur. Daar vaar nog meer as tweehonderd dwarsgetuigde drie- (of meer) masters. Australië het al volle replikas van drie van hulle geskiedkundige skepe *Endeavour, Leeuwin* en *Duijfken* gebou, en in die Maritieme Museum in Perth, groot dele van *Batavia* (1629) uit sy wrakhout. (Al wat ons op skool van daardie kolonie moes onthou was, “convicts and rabbits.”) Nou kom *Duijfken* op besoek. Volgens plan sal hy op 20 November aankom en ’n paar weke lank bly. Van boegpaal tot hekpaal is hy 20 m langs die kiel, met ’n totale lengte van 30 m, en van kiel tot grootmaskloot is hy 21 m hoog. Sy verplasing is maar 100 tonne. Ek hoop dat ons iets soos ’n groepbesoek kan reël. Daaroor hopelik later. **(Foto: Photocards, Australia)**

**Oorsee** : Ek gaan van nou tot die middel van Augustus afwesig wees. Skakel asb. vir voorsitter Jan by 887-1770, as iets dringend voorval ?

*Behouwe vaert*

D SLEIGH
SEKRETARIS

**Generale Missive**: Nuusbrief van die Stigting VOC
Newsletter of the VOC Foundation 1/2002

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met bewaring , opvoeding en kultuurtoerisme as doel. Dit is geregistreer as eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with conservation, education and cultural tourism as its aims. It is the registered owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*
**Skakel/*Contact***: Skakel/*Contact*: Mnr E. B. de Vries (Finansies, Lidmaatskap / *Membership, Finance.*) tel.: 021-851-3850 / boudewyn@mweb.co.za
**Webblad**: http://www-voc-kaap.org ; **e-pos**: vocinfo@voc-kaap.org

---

*Welaen Vrunden,* of Geagte Ledemate, soos die soos ons genoem is in Jan Kompanjie se dokumente.

Die jaar 2002 is hier, en ons het 'n afspraak om na te kom. Die bestuur wens u 'n gelukkige en voorspoedige jaar toe, en verseker u dat ons staatmaak op elkeen van u om te help om ons spesiale geleenthede vanjaar waardig en suksesvol te maak. Ons het lank gewag vir hierdie kans. Wat ons gaan doen is nie net vir vanjaar nie, maar om ons Stigting vir die toekoms te vestig. Opvoeding en Bewaring ten opsigte van die VOC is ons taak. Laat die wêreld weet van ons werk.

U word genooi na ons Algemene Jaarvergadering op die gewone plek en tyd. Omdat 20 Maart en 6 April so naby is, voel ons dat dit nodig is om vroegtydig bymekaar te kom.

**DATUM:** Woensdag, 16 Januarie 2002.
**TYD:** 17:15
**PLEK:** Kelder van Sekundeshuis, Kasteel de Goede Hoop.
**PARKERING:** Kasteelterrein uit Darlingstraat, of plaveisel in Buitekantstraat.

AGENDA:

1.Verwelkoming.
2.Verskonings.
3. Bedankings deur voorsitter.
4. Nuwe lede.
5. Notule van vorige vergadering. (Aangeheg)
6. Finansiële verslag
7. Korrespondensie (1)Wes-Kaapse Onderwysdepartement
(2) Aansoek om Akkommodasie in Kasteel
(3) Kirstenbosch
8. Koordinering van Herdenkingsprogramme (1) 20 Maart 2002
(2) 6 April 2002
9. Konferensie: (1) Werksverdeling vir Voor- en Tydens
(2) Tydelike Skakelbeampte: Boekwinkels
10. Borgskap Wyn
11. Kenteken
12. Algemeen
13. Verkiesing van Bestuurslede vir 2002 (Voorsitter, Vise-voorsitter, Sekretaris, Boekhouer, Media-skakeling.)
(13) Datum van volgende vergadering
(14) Afsluiting
(15) Heildronk

*** Na die Afsluiting gaan ons uit om die Heildronk in die buitelug te drink. Bring iets om te drink en te deel, en die nodige glase daarvoor.

*** Ons ledegeld van R40,00 vir jaar 2002 is nou betaalbaar. Bring dit asseblief saam. Ons het elke pennie dadelik nodig. Boekhouer Natie sal die kwitansieboek gereed hê. Vul asseblief die meegaande vormpie in, vir ons adreslys.

*** Karl stuur groete aan almal. Hy het 'n ryperd en 'n roeiboot, en as jy hom bel hou hy sy telefoon vlak bo die water dat jy kan hoor hoe stroom die Vaalrivier. Hy laat weet dat hy gelukkig is. Ons het ook 'n nuwe lid in die Noorde, naamlik dr Celestine Pretorius, die ervare kultuurhistorikus en skrywer. Haar proefskrif was oor die Kaapse vrou in die 17de en 18de eeue. U sal hopelik ander nuwe lede by die vergadering ontmoet.

*** Ons wens graag vir voorsitter Jan Visagie geluk met die ontvangs van die DF du Toit-Malherbe prys, wat die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns op 4 0ktober 2001 aan hom toegeken het.

*** Lid P Westra het in die September 2001 uitgawe van Nederlandse Post 'n eerstelklas artikel geskryf oor die VOC se twee eeue op land en see in verskillende wêrelddele en waarom dit herdenk behoort te word, en weer in die Cape Times van 12 Desember, in reaksie op 'n voorblad-artikel in dieselfde koerant van 30 November. Ek hoop dat u Piet se artikel te lees gekry het, sowel as die standpunte van mense wat daarop gereageer het.

*** Uit ***Nederlandse Post***: *" Het kabinet trekt 2 miljoen gulden uit om in Sri Lanka de opgraving van het historische VOC-schip de Avondster mogelijk te maken. Het uit 1659 daterende schip, dat in de 17de eeuw in de haven van Galle is gezonken, dreigt verloren te gaan zodat snel actie nodig is. Galle was in de glorieperiode na Batavia de belangrijkste haven voor de Hollandse zeevaarders.* [**NP**, Sept. 2001, p.6.]

Ons sien mekaar op die 16de.
Behouwe Vaert

D SLEIGH (Dr)
SEKRETARIS

<u>Navrae</u>: Mnr L Gadezweni (tel 469-1231)

**ADDENDUM** ***Notule van vergadering op 20 November 2001 gehou.***

Teenwoordig: J Visagie, L Hattingh, J Marx, H Scheffler, G Hofmeyr, N Greeff, H Schreuders, A Roux, M van der Westhuijsen, M van der Berg, H du Preez, L Gadezweni, C de Wet, Gwen Fagan, Gawie Fagan, W Steenkamp, D Sleigh. Gaste: J Breytenbach, H Hodge. Verskonings: L du Plessis., P Westra, M George.

Verwelkoming: Die Voorsitter verwelkom die lede. Hy bedank eerstens vir G Hofmeyr dat hy sy fooi t.o.v. die algemene openbare omsendbrief laat vaar het, en die gees waarin hy die opoffering aan die Stigting gemaak het. Hy moedig alle lede aan om hulle inisiatief te gebruik vir die reël van herdenkings, en ook om soveel reklame as moontlik vir die herdenkings te maak.

1 en 2. **20 Maart 2002** en **6 April**: P. Westra (afwesig) het onderneem om 'n reëlingskomitee vir 20 Maart op die been te bring. Vir die doel is 'n vergadering by Huis der Nederlande belê, wat goed bygewoon is. Onder andere was daar die leiers van 'n Maleise sanggroep, wat entoesiasties was oor deelname.

W Steenkamp was besig om 'n militêre taptoe te beplan, maar hy kon nie bevestig dat dit sou gereed wees nie. 'n Nuwe werksgroep vir 20 Maart en 6 April is daar saamgestel, o.l.v. W Steenkamp. W Steenkamp sê dat hy werk aan 'n taptoe van 20-24 Maart in die Kasteel, en dink dat op 20 Maart en 6 April daar militêre okkasies in die Kasteel kan wees.

D Sleigh sê dat bewens die buitemuurse aktiwiteite, daar ook binnemuurse dinge sal wees. Die twee kan nie gelyk gebeur nie. Koordinering is nodig.

Die Voorsitter sê dat hy ruimte in die Kasteel vir die twee dae bespreek het, en 'n militêre orkes. Hy wag nog op meer inligting i.s. die opvoering van die toneelstuk "*Die Laaste Aand.*"

H du Preez wil graag dat Kultuursake se reisende museumuitstalling die aand van 20 Maart in die Kasteel geopen word. Die Nederlandse konsul-generaal sal teenwoordig wees. Sy was ook in gesprek met die organiseerders van 'n Stad Kaapstad Fees deur die stadsraad, van 20-28 Maart 2002.

H Scheffler sê dat die Stigting se Silwermedalje die aand die eerste keer toegeken sal word.

3. Die Sekretaris sê dat goeie skakeling met *Die Burger* bestaan, en dat *Die Burger* reeds verskeie artikels oor die herdenkings van 2002 geplaas het, maar dat kontak met die ***Cape Times*** en ***Argus*** noodsaaklik is. W Steenkamp bied aan om as skakel op te tree. Hy dink dat die twee koerante 'n spesiale aanslag benodig, en dink byvoorbeeld aan 'n daaglikse stukkie waarin iets wat op die dag in die Kompanjietyd gebeur het, verskyn. D Sleigh bied aan om hom daarmee te help.

4. Die Sekretaris sê dat daar nie skakeling met **Kirstenbosch** was vandat FORUM 2002 SA ontbind is nie, en dat hulle juis die organisasie is wat die VOC se botaniese aktiwiteite plaaslik en oorsee die beste kan weergee. J Marx sal met dr Rourke skakel om te kyk wat gedoen kan word. H du Preez sal met die SA Museum en met Kirstenbosch skakel vir dieselfde doel.

5. Die Sekretaris noem dat hy weer met die prokureur oor die registrasie van die Stigting se **logo** geskakel het, en dat 'n lang wagtyd voorlê voordat ons 'n finale antwoord van die Registrateur van Handelsmerke kan verwag. Dit is 'n ingewikkelde prosedure en dit sal goed wees as een spesifieke lid die portefeulje behartig. L Hattingh bied aan om die portefeulje oor te neem.

6. Die Voorsitter maak bekend dat hy as voorsitter van die **Konferensie** reeds 28 referate aanvaar het, waarvan 12 van oorsee, insluitend vier uit Nederland, is. Reëlings t.o.v. lokale, etes, akkommodasie, 'n skemeronthaal e.a. is ver gevorder. Hy werk aan die konferensieprogram en onderhandel met 'n borg oor 'n skenking van wyn, en moontlik 'n besoek aan Constantia.

7. **Korrespondensie.** Briewe is ontvang van die Wes-Kaapse Onderwysdeprtement t.o.v. skole-betrokkenheid, en van die Kasteelbestuur t.o.v. akkommodasie.

8.**Erelid.** H Scheffler vra dat die persoon aan wie die Stigting se Silwermedalje toegeken word, outomaties 'n ere-lid van die Stigting word. Die genomineerde ontvanger is mnr RJ Lightley. Sy gee 'n kort oorsig van sy kuns en internasionale status as modelbouer.

9. 'n Aantal maatskappye wat moontlik om borgskappe genader kan word, is **Ou Mutual, Sanlam, Santam, KWV, SA Brouwery.** Van hulle is Ou Mutual reeds betrek t.o.v. die Woltemade Gedenkteken. Skakeling met Ou Mutual word deur mnr Vosloo van Naspers hanteer, en daar word op inligting gewag. Die ander kan nog genader word as 'n goeie gemotiveerde inisiatief voorgelê word.

Mnr Gadezweni word bedank vir die lokaal, fasiliteite en glase. Die vergadering sluit. Die heildronk word buite gedrink.

✂-----------------------------------------------------------------------------------------

**==LEDEGELD STIGTING VOC LEDEGELD STIGTING VOC LEDEGELD=**

<u>Aan</u>: Mnr N Greeff, Militêre Museum, Die Kasteel, Posbus 1, Kaapstad 8000.

My ledegeld van R40,00 vir die jaar 2002 is hierby ingesluit.

NAAM:..........................................................................................................

ADRES:........................................................................................................

..................................................................................................................

POSKODE: ..................................................

FAKS: ..................................................

E-POS: ..................................................

**Generale Missive**: Nuusbrief van die Stigting VOC

Newsletter of the VOC Foundation 3/2002

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met bewaring , opvoeding en kultuurtoerisme as doel. Dit is geregistreer as eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with conservation, education and cultural tourism as its aims. It is the registered owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*

**Skakel/*Contact***: Skakel/*Contact*: Mnr E. B. de Vries (Finansies, Lidmaatskap / *Membership, Finance.*) tel.: 021-851-3850 / boudewyn@mweb.co.za

**Webblad**: http://www-voc-kaap.org ; **e-pos**: vocinfo@voc-kaap.org

---

*Edele Erentfeste, Wijze, Voorzienige, Zeer discreete !*

Dit is ons derde nuusbrief van die jaar. Wat 'n jaar was dit nie, en dit is nog net halfpad maar voel al klaar soos drie gewones.

Wat het ons sover gedoen, t.o.v. die herdenking van die VOC se vierhonderste verjaardag? My eie dagboek vertel van tv- en radio-onderhoude, sewe aand-optredes by kultuurverenigings om die VOC se verhaal in woord en beeld te vertel, met nog vier bespreek vir die nabye toekoms. Die uitvoerende- en *ad hoc* komitees het herhaaldelik vergader om prosesse van stapel te stuur. Sommige lede het briewe aan die pers en artikels vir tydskrifte geskryf, sommige het onderhoude met die pers, radio en tv gevoer, sommige was betrokke by die reëling van die Geskiedenis Konferensie, ander by Museumdienste se reisende uitstalling, sommige by die opvoering *Die Laaste Aand,* sommige by die NG Kerk se gedenkboek en die spesiale erediens op 7 April, sommige by eindelose (dikwels eenrigting- ) korrespondensie met stads- en staatsdepartemente. Daar is van u wat stil en alleen gewerk het, soos met die opstel en verspreiding van pos. Ten minste twee lede was betrokke by versoeningspogings met verskillende Koina-kultuurgroepe. Die Wes-Kaapse Biblioteekdiens het hulle kwartaalblad gewy aan VOC -boeke in Suid-Afrika. Een van ons lede het 'n VOC-aand by 'n mansklub gereël, waar die Nederlandse konsul, me. Ellen Berends, die eregas was. Kultuur-Burger het 'n spesiale VOC-bylae met bydraes van ons lede gepubliseer.

En dit was net die begin.

**Kennisgewing van vergadering op Donderdag 4 Julie 2002.**

Agenda: 1. Verwelkoming 2. Verskonings 3. Notule 4. Finansies 5. Verdere herdenkings- aktiwiteite 6.Heildronk 7. Geleentheidsspreker: Prof W van Zyl : *"Delftshaven"* (Kleurskyfie program) Die VOC-kamer Delft was nie by die see geleë nie, maar het sy eie hawe in 'n hoekie van die Rotterdamse hawe ontwikkel. Delftshaven is ook die geboorteplek van die matroos Piet Heyn, waar sy standbeeld nog staan, al rus sy geraamte tussen die van konings in Delft se Oude Kerk. Prof. van Zyl se vakgebied is Argitektuur.

**Datum:** Donderdag 4 Julie 2002.
**Plek:** Kelder van die Sekundeshuis, Kasteel de Goede Hoop
**Tyd:** 17:15 (Bestuur vergader 16:15)
**Parkering:** Op die sypaadjie voor die Poort, of deur die hek in Darlingstraat.

Notule: Om tyd te spaar, plaas ek die notule van ons vorige vergadering hier. U kommentaar daarop sal by die volgende gevra word.

*Notule van Algemene Jaarvergadering van die Stigting VOC op 16 Januarie 2002.*

1. Teenwoordig: CdeWet, GwenFagan, GawieFagan, LGadezweni, N Greeff, LHattingh, HHodge, GHofmeyr, HLiebenberg, JMarx, WNuwer, MPotgieter, DSleigh, WSteenkamp, vandenBerg,

MvanderWesthuizen, JVisagie, PWestra.

2. Verskoning: HScheffler

3. Gaste: CBreitenbach, Nvan Rooyen, MHornby, Dcowley

4. Verwelkoming: Die voorsitter verwelkom al die teenwoordiges, en stel die nuwe lede Hodge, Liebenberg en Potgieter voor.

5. Notule: Die notule word beskou as gelees, en aanvaar.(Voorstel: WNuwer)

6. Verkiesing: Tot bestuur vir jaar 2002 word verkies JVisagie (Voors.) ,HScheffler (Onder-Voors.), NGreeff (Finansies) ,DSleigh (Sekr.) ,GHofmeyr (Media) en Tydelike Ko-optering (CdeWet, LGadezweni, WSteenkamp)

7. Bedanking. Die Voorsitter bedank die Van Ewijk Stigting vir 'n skenking van R6000,00 tot herdenkingsfunksies op 20 Maart en 6 April.

8. Die Voorsitter stel Mnr D.Cowley van die Houtbaai Bewaringsaksie aan die woord. Hy stel sy groep se doelstellings en aksies, en stel belang in ons Stigting se samewerking t.o.v. VOC-oorblyfsels in die Houtbaai Bewaringsgebied.

   Die Voorsitter stel dr HLiebenberg aan die woord. Haar firma "Sentrum vir Besigheid en Taal" bied aan om vir die Stigting 'n web-tuisblad te skep, en as e-pos kantoor op te tree. Die voorsitter meen dat dit nuttig kan wees veral t.o.v. die komende Konferensie, en sal die voorstel met haar firma bespreek, en 'n ooreenkoms in die verband maak.

9. Finansies: NGreeff gee 'n oorsig van die Stigting se banksake, en lê 'n verslag vir die afgelope jaar ter tafel. Hy gaan om belastingtoegewings by die Ontvanger van Inkomste aansoek doen, namens die Stigting en moontlike Skenkers. Die Voorsitter bedank hom vir sy moeite en spaarsame administrasie.

10. Ander sake:

   * Lid HduPreez is nie teenwoordig om inligting te gee i.s. die navraag oor ons doelstellings deur Wes-Kaapse Onderwysdepartement nie.
   * D.Sleigh rapporteer dat ons versoek om 'n vaste kamer in die Kasteel te kry, gunstig deur kapt Morkel en maj. Williams aan die Kasteel Bestuur voorgedra is. Die bestuur het nog nie daaroor besluit nie.
   * PWestra vra watter reaksie daar op die Openbare Omsendbrief was. Die Voorsitter het ongeveer 50 geskrewe antwoorde ontvang en GHofmeyr ongeveer 20. Die nuus is deeglik versprei en die brief moet as 'n katalis en aanmoediging beskou word.
   * JMarx vra wat die prosedure is t.o.v die skryf van briewe namens die Stigting. Die algemene reaksie is dat enige lid vry is om te skryf, maar as dit in die Stigting se naam of op die Stigting se briefhoof is, dit onder die Voorsitter se naam en handtekening moet wees.
   * PWestra spreek sy ongelukkigheid uit oor die wyse waarop skenkings van die Nederlandse regering en Van Ewijk Stigting deur Iziko Museums hanteer word. Die Voorsitter vra die lede se reaksie.PWestra voel dat Stigting 'n verklaring oor die besteding van die skenkings vra. Hy sal 'n konsep-brief opstel in die verband. JMarx voel dat 'n vraag in die parlement gevra behoort te word. WSteenkamp sê dat die Burgemeester genader behoort te word oor die verlies van toerisme-geleenthede in die herdenkingsjaar. Hy en GHofmeyr sal mekaar daaroor skakel. Ander lede meen die Stigting is nie by die saak betrokke nie.
   * Omdat daar beperkte entoesiasme is vir 6 April stel W Steenkamp voor dat ander moontlikhede vir herdenkingsaktiwiteite deur die loop van die jaar ontgin word. Die voorstel

geniet algemene steun. Dit sal weer ondersoek word nadat dringende sake wat reeds gevorder het soos die Konferensie en 20 Maart afgehandel is. Die Uitvoerende Komitee sal sake hanteer soos dit ontwikkel.

* Konferensie: Die Voorsitter sit sy bestaande reëlings vir die Konferensie uiteen, en vra vrywillgers om met sekere sake te help. Lede Van der Westhuizen en Van der Bergh bied hulle hulp aan t.o.v. vervoer en bemanning van dienspunte. PWestra sal as skakel optree tusen boekwinkels en die Konferensie-komitee. Die Heer Nuwer vra verskoning omdat hy nie sy dienste kan aanbied nie.

* Logo: LHattingh rapporteer dat die Stigting se prokureur n kopie van die Stigting se grondwet benodig. Vir die doel het hy en die Sekretaris 'n voorlopige grondwet ontwerp. Hy vra dat dit vir sy doel aanvaar word. Goedgekeur. JMarx sal namens SAHRA 'n verklaring gee dat die Stigting ansoek gedoen het om as Bewaringsorganisasie geregistreer te word, maar dat geen van al die aansoeke nog geproseseer is nie. Sy onderneem ook om, n.a.v. haar ervaring in die opsig, 'n formele grondwet vir die Stigting te skryf.

* HHodge stel voor dat n komitee gestig word om VOC toerisme te bevorder, wat fondse vir die Stigting kan genereer, en die Stigting se naam en logo daarvoor aanwend. Hy sal as sameroeper optree. Goedgekeur. GHofmeyr en DSleigh bied aan om lede te wees.

10. Die Voorsitter bedank mnr en mev Van der Bergh, en ander lede vir die verversings wat hulle voorsien het, en LGadezweni vir fasiliteite en voorbereiding van die lokaal, en vra die lede om gereed te maak vir die heildronk waarmee die byeenkoms gesluit word.

11. Heildronk: Die tradisionele heildronk "Huis van Oranje" word staande gedrink.

Geteken: J Visagie (Voorsitter) D Sleigh (Sekr.)

LW ! Onthou om die gebruiklike te bring vir die heildronk. En daarvan gepraat: Daar is nog 'n beperkte hoeveelheid van ons spesiale "*VOC 400*" wyn beskikbaar, in 'n geskenkpak van twee bottels teen R60,00 per pak. Dit is 'n aangename Constantia, een rooi, een wit, met ons monogram op die etiket. Of, dalk as 'n geskenk aan 'n vriend? Die inkomste is vir ons rekening.

'n Woord van hartlike verwelkoming aan nuwe lede, wat sedert die vorige nuusbrief by die Stigting aangesluit het, soos me M Brady, mev C de Kock, dr J Mets. Ek hoop dat hulle lidmaatskap wedersyds aangenaam sal wees, en sien uit na hulle deelname aan ons projekte. Bring u inisiatief, vaardighede, entoesiasme en dryfkrag.

**Skryf** :Daar is nog ses maande van die jaar oor (en Desember moet ook nie 'n einde wees nie) om korterige, interessante artikels oor VOC-onderwerpe aan tydskrifte te stuur. Die verspreiding van kennis, om onkunde en vooroordeel teen te werk, is een van die redes van ons Stigting se bestaan. U het seker in koerante gesien watter onkunde en vooroordeel daar juis t.o.v. die Kompanjie bestaan. Kom, maak 'n verskil.

Stuur iets aan *WoonBurger*, waar ons getroue vriend Martiens weekliks ruimte aan ons afstaan.

*Generale Missive*: Nuusbrief van die Stigting VOC
Newsletter of the VOC Foundation 1/2003

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met bewaring , opvoeding en kultuurtoerisme as doel. Dit is geregistreer as eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with conservation, education and cultural tourism as its aims. It is the registered owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*
**Skakel/*Contact***: Skakel/*Contact*: Mnr E. B. de Vries (Finansies, Lidmaatskap / *Membership, Finance.*) tel.: 021-851-3850 / boudewyn@mweb.co.za
**Webblad**: http://www-voc-kaap.org ; **e-pos**: vocinfo@voc-kaap.org

*Welaen Vrunden!*

Eerstens 'n woord van verwelkoming aan ons nuwe lede. Ek hoop dat u 'n entoesiastiese en aktiewe lid sal wees, en u lidmaatskap wedersyds bevredigend. Bevrediging, vir 'n suksesvolle bewaringsdaad, is werklik al wat ons Stigting kan aanbied. Niks as die bevrediging van deelname aan die bewaring van VOC-erfenis, is 'n goeie leuse. Neem asseblief deel aan ons bedrywighede en maak u vir projek-komitees beskikbaar, en gee die leiding. Dit is eintlik maklik.

**Notule van Vergadering gehou op 9 November 2002.**

1. Teenwoordig (alfabeties): Lede De Wet, Gadezweni, Greeff, Hofmeyr, Hudson-Bennet, Liebenberg, Marx, Mets, Potgieter, Schreuders, Sleigh, Scheffler, Steenkamp, Van den Berg, Van der Merwe, Van der Westhuizen, Visagie (Voorsitter). Twaalf gaste.

2. Verskoning vir afwesigheid: G. en G. Fagan.

3. Algemeen:

3.1 Voorsitter verwys kortliks na verskeie suksesvolle VOC-herdenkings wat die afgelope jaar deur lede en komitees gereël is. Verwelkom nuwe lede J van der Merwe, R. Hudson-Bennet. Bedank lede Scheffler en Gadezweni vir reëlings i.v.m. lokaal en spysenering vir spesiale okkasie. Bedank Maritieme Komitee vir reëlings insake oorhandiging van medalje. Bedank lede Hofmeyr, Scheffler en Sleigh vir VOC- koerantartikels, en lid Steenkamp vir verdediging van die saak by 'n vergadering. Wens lid Sleigh geluk met Molteno-medalje.
3.2 Lid Scheffler praat oor historiese gebou in Simonstad wat verval. Bespreking. Onseker of dit VOC-gebou is. Moet ons betrokke raak? Moontlike skakel is politikus N. Holderness. Lid Hofmeyr sal 'n brief oor die gebou aan haar opstel.
3.2 Voorsitter vra wat toestand tans i.v.m.ons Grondwet is. Lid Marx onderneem om vorm en inhoud daaraan te gee. Sekretaris sal bestaande grondwet aan haar voorsien. Nuwe grondwet sal vereistes vir toekenning van silwer medalje bevat.Gas D. Mitchell (ervare) beloof om na nuwe grondwet te kyk.
3.3. Lid De Wet stel 'n bronnelys van VOC - publikasies in SA as projek voor. Algemeen aanvaar. Voorsitter sal dit op volgende Agenda plaas en vrywilligers (redakteur, medewerkers) vra om 'n komitee te vorm.
3.4 Lid Steenkamp het voorstelle insake sekere VOC-projekte en die befondsing daarvan met Ned. konsul-generaal Berends bespreek. Sy stel belang en sal die voorstelle oorweeg. Lid Schreuders sê dat konsul-generaal nog fondse vir kultuurprojekte vir huidige jaar het. Lid Hofmeyr sal met hom skakel i.v.m. moontlike befondsing van opera "*Laaste Aand.*" (H Hofmeyr)
3.5. Lede Steenkamp en Hofmeyr in komitee sal leiding neem ivm reël van funksie om 6 April te herdenk Beeldbou-geleentheid vir Stigting. 'n Taptoe, vlagstryking ens. sal die begin wees van iets wat tot 'n internasionale okkasie kan groei. Algemene byval by lede. Voorsitter bedank komitee vir die inisiatief.

3.6 Lid Hudson-Bennet verduidelik die moeilike posisie van Kasteel-bestuur tov skakeling met regering, befondsing, onderhoud, ens. Algemene gevoel is dat Stigting behoort te help om toestand te verbeter. *Oorstaan tot volgende vergadering.*

3.7 Lid Scheffler noem dat lid Koperski opdrag gehad het om Stigting se plakboek by te hou. Vra na stand van sake. Lid Gadezweni antwoord dat hy daarmee voortgaan. Lid Scheffler sal met hom daaroor skakel.

3.8 Lid Marx stel opname van VOC-kultuurbates in SA voor, om omvang Stigting se taak te bepaal. Algemeen aanvaar. *Oorstaan tot volgende vergadering.*

3.9 Lid Hattingh (Komitee: Logo), verduidelik stand van sake ivm registrasie van logo en die koste daarvan, en aanspraak deur Australiese firma op gebruik. Lid Van Loon stel voor dat logo bemark word deur eksklusiewe gebruik aan maatskappye beskikbaar te maak, soortgelyk aan *"By appointment to Her Majesty the Queen."* Lid Hattingh antwoord dat lede met finansieële ervaring en kommersieële inisiatief in die komitee behoort te dien. *Oorstaan.*

5. Lid De Wet skenk publikasie *Historia* vol.47(1) met verskeie VOC - artikels en konferensieverslag aan die Stigting se biblioteek. Voorsitter bedank hom.

6 Voorsitter sluit die vergadering, met goeie wense aan al die lede. Vra aandag vir heldronk. Die Sekretaris wys daar op dat die jongste lid teenwoordig op see tradisioneel die heildronk instel. Stel voor dat Stigting dit ook doen. Algemeen geignoreer. Heildronk "*Huis van Oranje*" staande gedrink.

7. Om fondse in te samel word 'n bottel Constantia rooiwyn teen R2,00 per kaartjie uitgeloot. R102,00 is ingesamel, en aan tesourier oorhandig.Wenner is voorsitter J. Visagie.

8. Belangstellendes vertrek op 'n toer van die Kasteel gelei deur lid Steenkamp, insluitend plekke waar die publiek nie gewoonlik kom nie.

9. 'n Ligte ete, waarvoor lede en gaste R35,00 per persoon bygedra het, word voorgesit. Die Stigting verskaf wyn (oorgebly van Konferensie) en Iziko Museums die Chavonnes-lokaal en glase.Vise-voorsitter Scheffler en lid Gadezweni verdien besondere dank vir reëlings.

**Agenda vir Algemene Jaarvergadering op Donderdag, 13 Maart 2003.**

1. Verwelkoming. (Nuwe lede) Gelukwens van presteerders.
2. Verskoning vir afwesigheid.
3. Projekte vir Vanjaar, en saamstel van Komitees daarvoor:
   - 3.1 Program vir 5 April 2003. (Komitee 6 April)
   - 3.2 Woltemade Gedenkteken (Maritieme Komitee)
   - 3.3 VOC Bronnelys (Akademiese Komitee)
   - 3.4 VOC Kultuurbesit (Nuut)
   - 3.5 Logo en Bemarkings Komitee (Nuut)
4. Herdenkingsprojekte vir die Toekoms.
5. Verkiesing van Nuwe Bestuur. (Voorsitter, Onder-voorsitter, Sekretaris, Tesourier, Mediaskakel, Bykomende lid.)
6. Heildronk. (Voorgestel deur jongste persoon teenwoordig.)

**Tyd:** 17:00
**Datum:** Donderdag, 13 Maart 2003.
**Plek:** Lesinglokaal, Sekundeshuis, Kasteel de Goede Hoop.

Mnr Gadezweni is ons man in die Kasteel. Wees so vriendelik om hom te bel as u inligting oor die bywoon van die AJV nodig het. (tel 464-1270) Daar is volop, veilige parkering ussen die bastionne Leerdam en Oranje. Toegang deur hek in Darlingstraat.

Bring 'n glas en iets om die heildronk te drink.

'n Absoluut briljante stuk werk is deur ons lede George en Willem onderneem. Omdat hulle bekommerd is oor die Kasteel, en wat met hom gebeur, en nie gebeur nie, het hulle 'n deeglike, omvattende dokument van agt bladsye, onder die titel *"Voorstelle oor die Toekoms van die Kasteel de Goede Hoop,"* opgestel, en versprei onder sekere Baie Invloedryke Persone, wie se name nog nie bekend gemaak kan word nie.As die volledige verhaal van die Kasteel eendag geskryf word, sal George en Willem se name daarin wees. Hulle plaas ook ons Stigting se naam op die Bewaringskaart. Ek wil die twee lede graag gelukwens met die belangrike inisiatief. Dt is egte, ware VOC werk.

Vriend Karl Koperski bel soms van sy huis langs die Vaalrivier, en dan hou hy sy foon net bo die water, dat ek kan luister hoe loop die rivier. Karl stuur sy groete aan almal. Hy het afgetree uit sy kunspos by die Technikon, en woon met 'n skuit en 'n perd op die rivierwal. Dit gaan goed met hom. Sy nuwe e-posadres is *karlk@telkomsa.net*

Dringend nodig: dit sal baie waardeer word as een van ons lede asseblief by die AJV sal aanbied om vanjaar die pos van Sekretaris, tydelik of permanent, te vul. Die Stigting se sake mag nie afgeskeep word nie, en ek het ongelukkig vanjaar meer werk gekry om te doen as wat een mens, of selfs twee, of drie, kan hanteer. Ek hoop om in 2004 weer minder verpligtings te hê, en as die lede my wil terug hê, sal ek weer beskikbaar wees. Ek is al van 17 September 1995 af in die pos van Sekretaris, en het in die agt jaar nog nie 'n enkele vergadering van die Stigting of die Uitvoerende Bestuur misgeloop nie. Maar dit is terloops. Enige vereniging word verjong deur sy bestuur te wissel, en ons moet nuwe bestuurslede ervaring laat kry. Vrywilligers?

Die Bestuur moet ongelukkig die jaargeld verhoog, van R40 tot R50. Waarom? Onder andere, omdat 'n nuusbrief soos hierdie nou R95 kos om te produseer. Tikwerk is gratis. Is dit te veel vir u? Onthou dat lidmaatskap van 'n kultuurvereniging soos ons s'n as 'n korting op u belastingaanslag afgetrek kan word. Stuur Natie se geel kwitansie saam as bewys. Hy sal sy kwitansieboek by die Algemene Jaarvergadering hê.

*Behouwe vaert!*

Dan Sleigh (Sekretaris)                    Tel: 462-4050.

---

**Ledegeld 2003:** Pos asb. aan N Greeff, Kasteel Militêre Museum, Posbus 1, Kaapstad.

Naam:...................................................................................................................
Adres (indien verander)..............................................................................
........................................................................................................................
Tel.(indien verander):..............................E-pos(nuut / verander)................................

*Generale Missive*: Nuusbrief van die Stigting VOC
Newsletter of the VOC Foundation 2/2003

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met bewaring , opvoeding en kultuurtoerisme as doel. Dit is geregistreer as eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with conservation, education and cultural tourism as its aims. It is the registered owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*

**Skakel/*Contact***: Skakel/*Contact*: Mnr E. B. de Vries (Finansies, Lidmaatskap / *Membership, Finance.*) tel.: 021-851-3850 / boudewyn@mweb.co.za
**Webblad**: http://www-voc-kaap.org ; **e-pos**: vocinfo@voc-kaap.org

*Welaen Vrunden!*

Hier is die Stigting se tweede nuusbrief van 2003. Voor die jaar om is kry u nog een. Die Uitvoerende Bestuur was sekerlik stil, maar ook besonder besig. U vind 'n opsomming van ons aktiwiteite in hierdie brief. Ander lede het moontlik ook agter die skerms hulle goeie werk gedoen, en die Bestuur sal graag daarvan hoor om dit bekend te maak.

**Komitee vir 2003**. By die Algemene Jaarvergadering in Maart is die volgende uitvoerende komitee gekies: lede P E Westra (Voorsitter) H Scheffler (Vise-Voorsitter), N Greeff (Finansies), G Hofmeyr (Skakelwerk), W Steenkamp (Skakelwerk), D Sleigh (Sekretaris), C de Wet (Bykomend). Vir Logosake is lede L Hattingh en H Schreuders gekommitteer. Vir Maritieme sake is lede H Scheffler en D Sleigh gekommitteer.

**Bewaring- en omgewingssake:** Die Bestuur het 'n ondersteuningsbrief gestuur aan die koördineerders van die TANAP-projek, wat aan die einde van Augustus in Gdansk hulle voorlegging aan UNESCO moet maak, dat die VOC se wêreldwye argief in die *Memory of the World* Register opgeneem word. Die TANAP-bestuur in Den Haag het met 'n brief van waardering geantwoord. Die nasionale argiefdiens in Pretoria, as houer van die plaaslike VOC dokumente, is deur TANAP om 'n brief van ondersteuning gevra. Die nuus het gister gekom dat UNESCO die aansoek goedgekeur het.

Die Kaapstadse stadsbestuur het in koerant-advertensies voorstelle gevra insake die verandering van straatname in hulle gebied. Ons voorstelle, wat in Junie in dié verband voorgelê is, was ooreenkomstig ons Stigting se belangstelling en beleid.

Die Maritieme komitee se voorstelle insake 'n Woltemade-gedenkteken vir Kaapstad, is deur 'n bemiddelaar oorgedra aan Smit Rotterdam, eienaars van die sleepboot *Wolraad Woltemade*, wat binnekort aan diens onttrek gaan word. Hou duim vas vir ons.

'n Gemotiveerde pleidooi is aan die SA Erfenis Hulpbronneraad (SAERA) gestuur, om deur proklamasie die bewaring van die 18de-eeuse VOC kaserne, nou bekend as die *Old Rectory*, in Plettenbergbaai te help verseker. In die nabyheid daarvan staan die VOC se houtstoor en die VOC-baken, albei lank gelede reeds geproklameer.

Die Bestuur het verskeie kere vergader onder voorsitterskap van 'n vooraanstaande en invloedryke persoon, om strukture te skep vir die toekomstige bestuur van 'n baie belangrike historiese gebou in Kaapstad, wat ongelukkig ook nog nie genoem kan word nie. As alles goed afloop gaan dit vir die Kaap, en vir ons Stigting, van groot belang en waarde wees.

Die Australiese wynhandelaar Voyager Estate (WA) Pty Ltd, het kennis gegee dat hy ons alleenreg op gebruik van die VOC-logo as 'n handelsmerk in Suid-Afrika gaan betwis. Ons het ons prokureurs opdrag gegee om dit te opponeer. Dit sal ongetwyfeld geld kos. Hulle belangstelling wys duidelik watter gesogte artikel daardie beroemde ou logo is, en hoe korrek ons was om dit destyds, met groot moeite, koste en volharding, op ons naam te kry.

Ons is besig om inligting in te win, oor die voordele om die monogram as 'n skildontwerp (soos in "skoolwapen" of "familiewapen") ook by die Buro vir Heraldiek te registreer. Nog onkoste, maar hopelik net die een maal.

Met die hulp van lid J Marx is ons Stigting se nuwe verbeterde **Grondwet** nou gereed. Dit sal by ons laaste vergadering in November vir goedkeuring voorgelê word.

Op die **Kasteel se Opedag** op 5 April vanjaar, het ons vlag die hele dag in die voorhof langs die Kasteelvlag gewaai, en is aan die einde van die program saam met die Kasteelvlag deur 'n militêre erewag gestryk. Die program is ook in die koerante geadverteer as "VOC Opedag". Mooi om te sien, en ons dank aan kapt. Morkel van die Kasteelbestuur, vir eersteklas reklame.

**Erfenisdag 2003** val vanjaar op Woensdag 24 September. Dit is 'n openbare vakansiedag, en dit hou groot moontlikhede vir ons in. Ons Stigting neem vanselfsprekend deel aan die program wat deur die Genealogiese Genootskap (Wes-Kaap) in die Kasteel aangebied word. Ons het ruimte gehuur vir ons tafel, waar ons saak, saam met 'n mooi uitstallinkie, aan die publiek bekend gestel sal word. Dit is die ideale plek om ook ons Stigting se poskaarte, sleutelringe, vlaggies ens. te bemark - wanneer ons dit laat maak. Sien u daar! Lid W Steenkamp reël die bemanning van die tafel deur die dag. Vrywilligers word gevra om ons vir 'n uur of twee daar te verteeenwoordig. Willem se foonnommer is 424-1967. Skakel hom asseblief.

Die Stigting het sy steun toegesê aan mnr Ebrahim Manuel van die Erfenismuseum in Simonstad, wat 'n permanente kultuurhistoriese uitstalling in Kaapstad se nuwe konferensiesentrum probeer reël. Dit is 'n goeie Kaapse saak, en ons Stigting moet betrokke wees. Ons moet landswyd só bekend wees dat ons naam sinoniem word met Kaapstad, Kasteel de Goede Hoop, Tafelberg en ander lede van dié ou familie.

U het al replikas gesien van historiese Europese seilskepe wat om die Kaap geseil het, maar nou is daar ook 'n Indonesiese handelskip in aanbou, vir 'n soortgelyke reis in die teenoorgestelde rigting. Dit gebeur hopelik vroeg in die komende jaar. Hulle seil van Jakarta af na Ghana, met 'n kort besoek aan Kaapstad. Meer inligting is te kry op webwerf < *www.borobudurshipexpedition.com* >

***Duijfken* te koop**: Die replika van *Duijfken*, wat in 2002 hier in Valsbaai en Tafelbaai was, word te koop aangebied. Die Australiese eienaars sê dat die onderhoud te duur geword het. Meer inligting by <*www.duyfken.com* >

**Uitstappie**: Lede en vriende word genooi om op Sondagoggend 19 Oktober 2003 saam te kom Kirstenbosch toe vir 'n interessante uitstappie. Ja, dit is blomtyd, maar ons ekspedisie is eintlik 'n argeologiese VOC-uitstappie in die tuin saam met Christine Malan. Betaal u toegang by Hek 2, waar ons om 10:30 bymekaar kom. Die wat wil kan 'n piekniekmandjie bring, of middagete in die restaurant geniet. As dit lig sou reën, bring 'n sambreel, maar as dit hard reën stel ons dit uit tot 26 Oktober. NB.
NB.NB: Skryf asseblief bostaande tye en datums neer. Ons stuur nie 'n tweede kennisgewing nie. Familie en vriende is welkom, maar onthou dat daar ernstig gestap gaan word. Persone wat nie heeltemal fiks is nie, sal miskien liewer na die blomme kyk.

**Volgende vergadering:** 'n Kennisgewing oor ons afsluitingsvergadering vir vanjaar, wat op Saterdag 29 November 2003 sal plaasvind, word later uitgepos. Die aanvaarding van ons Grondwet sal die hoofpunt op die agenda wees. Soos verlede jaar, sal ons weer 'n ligte ete vir lede en vriende aanbied. Dit sal ongeveer R50,00 per persoon kos.

**Ons eie webwerf:** Lid H Liebenberg hanteer ons webwerf en ons e-pos. Dit is die buitewêreld se venster op ons Stigting, en is te sien op <*www.sentrum.co.za*> Klik op "*gaste*" en kies die regte een uit drie. Kyk na die inligting oor ons Stigting wat daar verskyn, en as u 'n goeie plan het om daarop te verbeter, laat die bestuur asseblief van u hoor.

**Nuwe VOC boeke**: Van die herdenkingsjaar 2002 af, is tientalle nuwe boeke gepubliseer, waarin interessante nuwe aspekte van die VOC beskryf word. Die boeke is aangekoop deur Huis der Nederlanden, met die geldelike steun van o.a.die VanEwijk Stigting. Die boeke kan daar gelees, en ook geleen word, as u 'n lid is van HdN se biblioteek. Daar is onder andere 'n faksimilee herdruk van Francois Valentyn se *Oud- en Nieuw Oost-Indien*, waarin die VOC se aktiwiteite in sy oorsese besettings gedurende die eerste 75 jaar uiters interessant beskryf word. In vol. V is ongeveer 150 bladsye met teks en illustrasies oor die Kaap se mense, flora en fauna - alles uiters interessant.

**Heer van *Constantia* teen Here XVII**: Waarom het *Constantia* se wyn vroeg in die 18de eeu wêreldberoemd geword? Miskien was dit die emmer bokbloed wat in elke vat wyn gemeng is. Terwyl Hendrik Cloete eienaar van die plaas was, is hy deur 'n wet verplig om al sy wyn teen 'n lae prys aan die VOC te lewer, en hy is jare lank nie 'n stuiwer daarvoor betaal nie. Die Van Riebeeck Verening se boek deur G.J. Schutte (red.): *Hendrik Cloete, Constantia en die VOC, 1778-1799,* oor hierdie interessante stryd, verskyn in November. Dit kan by die VRV bestel word, teen R90,00 vir lede en R110,00 vir nie-lede.

**Ledegeld:** Die jaar is op pad einde toe. Dankie aan al die lede wat reeds hulle bydraes gestuur het. Daarsonder sou ons hulpeloos wees. Ons Stigting het geen ander vaste bron van inkomste nie, en ons kan nie bekostig om 'n enkele lid se bydrae te verloor nie. Ongelukkig is sommige lede se ledegeld vir 2003 nog uitstaande. Die Bestuur het gevra dat ek weer 'n rekening uitstuur, met die name van die wat nog nie betaal het nie, daarop ingevul. Dus, as u naam op die vormpie verskyn, pos asseblief u bydrae sonder uitstel aan die Tesourier. Onthou, alle lede en vriende, dat vrywillige skenkings ook welkom is.

*Behouwde vaert*

D SLEIGH (dr)

------------------------------------------------------------------------------------------

**JAARGELD 2003** : **UITSTAANDE**

U het waarskynlik vergeet dat u jaargeld vir 2003 nog uitstaande is. As u dink dat u reeds betaal het, wees asseblief so vriendelik om dit met tesourier Natie Greeff te bespreek. (tel.787-1153, kantoorure.) Pos tjeks aan: Mnr N Greeff, Militêre Museum, Posbus 1, Kaapstad, 8000.

Naam : ........................................................................................................................
Adres..........................................................................................................................................................
...........................................................................................
.............................................................................................................................
e-pos : ........................................................................................................................

Bedrag ingesluit (@ R50,00 per lid) ..............................................................

* Alle vrywillige bydraes is welkom.

**Generale Missive**: Nuusbrief van die Stigting VOC
Newsletter of the VOC Foundation 3/2003

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met bewaring , opvoeding en kultuurtoerisme as doel. Dit is geregistreer as eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with conservation, education and cultural tourism as its aims. It is the registered owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*
**Skakel/*Contact***: Skakel/*Contact*: Mnr E. B. de Vries (Finansies, Lidmaatskap / *Membership, Finance.*) tel.: 021-851-3850 / boudewyn@mweb.co.za
**Webblad**: http://www-voc-kaap.org ; **e-pos**: vocinfo@voc-kaap.org

*Welaen Vrunden*

Ons **sluitings-vergadering** vind vanjaar plaas om **17: 30 op Woensdag 10 Desember 2003**, by die Maritieme Museum in die Waterfront. Dit bestaan uit 'n kort formele vergadering, 'n toeligte praatjie deur 'n deskundige, gevolg deur ons jaarlikse lotery en ons gewone jaareind-ete. Ons glo dit sal so aangenaam en interessant wees as vorige kere. Laatmiddag is daar gewoonlik volop parkeerplek op die terrein regs van die pad, net vóór u by die Akwarium kom.

Die amptelike Agenda bevat net 'n verwelkoming en 'n paar afkondigings. Maar, wanneer ons in Februarie 2004 vergader vir die Algemene Jaarvergadering, sal die **bespreking en aanvaarding van ons opgegradeerde Grondwet** eerste op die agenda wees. Ons grondwet kom dikwels ter sprake tydens VOC-bewaringsaksies, en dit is nodig dat ons dit van tyd tot tyd hersien om dit totaal waterdig te maak. In 2002 het die bestuur ons lede om voorstelle vir verbeterings gevra, wat daarna vir bespreking voorgelê is op ons eerste vergadering van 2003. Uit die voorstelle is die nuwe grondwet opgestel, saam met lid Joanna Marx. Vroeg in 2004 word dit nou voorgelê vir aanvaarding, en ons sal vroegtydig eksemplare van die konsep-Grondwet onder ons lede versprei.

Die **deskundige spreker** by dié geleentheid (Woensdagaand, 10 Desember) is mnr. Jaco Boshoff, hoof van die Maritieme Museum. Sy museum het onlangs 'n toekenning van R1, 6 miljoen, oor drie jaar, van die Staatslotery gekry vir die ontwikkeling van die *Meermin*-projek. Die onderwerp van dié projek is die VOC-hoeker *Meermin*, wat in 1765 in Struisbaai vergaan het. Die bemanning is grootliks uitgeroei deur sy lading van Malagasiese slawe, wat daarna land-in gevlug het. Die projek bied geleentheid vir navorsing op 'n verskeidenheid terreine waarby die VOC nou betrokke is, soos maritieme argeologie, argivale navorsing, kultuurgeskiedenis, regspraak, bevolkingsamestelling, mondelinge oorlewering, slawerny en slawehandel. U kan staatmaak op 'n interessante praatjie toegelig met visuele materiaal. Hopelik sal die kort ondersese video ook te sien wees, van die wrak van die VOC-skip *Bredero*, op die seebodem suid van Kaap Agulhas. Kratte vol Chinese porselein staan daar, na twee eeue nog onaangeraak.

Ook tradisioneel by die geleentheid is ons *mini-lotery*. Daar is 'n bottel eersteklas Kaapse rooiwyn op die spel, teen R2,00 per kaartjie. Die inkomste is vir ons bewaringsfonds. Kaartjies is by die deur te koop. U weet die saak is baie meer werd as R2.00. Koop miskien vyf kaartjies op 'n keer?

Al ons lede, met hulle gesinne, vriende en gaste word genooi na ons **jaarlikse ete**, wat op mnr Boshoff se praatjie volg. Dit kos ongeveer R40,00 per persoon, en dit is noodsaaklik dat u vroegtydig bespreek, dat ons die korrekte getal aan die spysenier kan voorsien. (Bepreek asb., deur lid Lungile Gadezweni te bel by 464-1270.) Betaal volgens bespreking by die deur. Bring iets saam om voor en gedurende die ete te drink. Glase word voorsien, maar geen dranke van enige soort nie. Tydens die ete word, soos gewoonlik, 'n heildronk ingestel op die Nederlandse koningshuis. *("Huis van Oranje!")*

Ten slotte: Ons besoek aan die agterbos, langs die agterpaadjies van Kirstenbosch, op 'n Kaapse lenteoggend (Sondag, 19 Oktober 2003) was, soos ons beloof het, 'n wonderlike ondervinding. Die geselskap was intelligent, interessant en amusant, en die uitstappie het geeindig met 'n piekniek onder die

bome. Dankie aan voorsitter Piet vir die reëlings, en aan ons gids, Christine Malan, wat die liggaam en gees van Kirstenbosch verstaan. Anderdag weer.

Nog ten slotte: Die Tesourier vra, betaal asseblief enige uitstaande jaargelde vir 2003 by dié geleentheid? Hy sal daar wees met sy kwitansieboek.

Met dié funksie loop ons Stigting se agste jaar ten einde.

*Behouwde vaert*

D SLEIGH (dr)
SEKRETARIS

RSVP: Mnr L Gadezweni (tel: 464-1270)

# *Generale Missive*: Nuusbrief van die Stigting VOC

## Newsletter of the VOC Foundation 1/2004

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met bewaring , opvoeding en kultuurtoerisme as doel. Dit is geregistreer as eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with conservation, education and cultural tourism as its aims. It is the registered owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*



**Skakel/*Contact***: Skakel/*Contact*: Mnr E. B. de Vries (Finansies, Lidmaatskap / *Membership, Finance.*) tel.: 021-851-3850 / boudewyn@mweb.co.za

**Webblad**: http://www-voc-kaap.org ; **e-pos**: vocinfo@voc-kaap.org


---

*Welaen Vrunden*

Dit is ons Stigting se eerste nuusbrief van die nuwe jaar, en die Uitvoerende Bestuur wens u almal 'n gelukkige en suksesvolle jaar toe. 2003 was een van besigste jare ooit. Benewens die drie algemene vergaderings, het die uitvoerende bestuur en sekere werkskomitees nie minder nie as vyftien keer vergader. Hoewel ons suksesse beperk was, het ons geleentheid gehad om die nodigheid en nut te bewys van 'n bewaringsliggaam wat spesifiek toegespits is op die VOC, 1602 -1795, en daar het ons ons plek volgestaan.

DIE STIGTING SE ALGEMENE JAARVERGADERING VIND PLAAS OP:

DATUM : Woensdag 18 Februarie 2004.
TYD: 17:00. (vyfuur)
PLEK: Lesingkamer, Sekundeshuis, Kasteel de Goede Hoop. (Parkering: Op geplaveide terrein langs Buitekantstraat, of op Kasteelterrein, uit Darlingstraat.)

AGENDA:
1. Verwelkoming.
2. Verskonings vir afwesigheid.
3. Oorsig van afgelope jaar. (Voorsitter)
4. Vorige notule (Bylae 1)
5. Verkiesing van nuwe bestuur.
6. Staat van Finansies, 2003.
5. Grondwet: Voorlegging vir Aanvaarding.(Bylae 2.)
6. Kommersieële sake: 1)Verkoop van voorwerpe.
2) Bemarking van logo.
7. Ander sake. (Gee asb. kennis aan sekretaris voor vergadering)
8. Sluit met heildronk *'Huis van Oranje.'*

NUUS

Die Komitee het besluit om nie vanjaar die ledegeld te verhoog nie. Hierby aangeheg is die gewone ledegeldvorm.(Bylae 3.) Dit sal van praktiese nut wees as u die vormpie invul en saambring en die bedrag by die AJV direk aan die tesourier betaal. Enkele lede skuld nog hulle ledegeld vir 2003. Handel asb. die saak af. Maak tjeks uit aan *Stigting VOC* of *VOC Foundation*.

In plaas dat lede, soos in die verlede, hulle eie materiaal en gereedskap vir die heildronk voorsien, sal die Stigting voortaan daarvoor sorg. Dit is: wyn, vrugtesap, bier en water, en glase. Laat asb. weet as daar ander behoeftes is.

Geluk aan lid George Hofmeyr, met sy suksesvolle reklame insake die NG Kerkgebou se 300-jarige herdenking. Die nuus is in die pers en op radio en televisie bekend gemaak, en die stad se klokke is die

dag om 12-uur saam gelui in gelukwensing.

Die skip *Borobudur* is een van die vreemdste wat nog in Tafelbaai gesien is. Die naam kom van die Buddistiese tempel wat ongeveer 1200 jaar gelede op Java gebou is. Tussen die beelde op die mure van die tempel is ook 'n paar skepe. Die skepe is in die tussen-eiland handel gebruik, maar daar is stories dat hulle om die Kaap en so ver as Accra in Ghana kon handel dryf. Die huidige ekspedisie probeer vasstel of so-iets fisies moontlik was. Die replika is volgens die voorbeeld op die tempelmure gebou. Dit is totaal van hout en tou, sonder enige metaal, gemaak. Die skip word weerskante deur syspanne gesteun, en dra twee seile, een aan elke mas. Sover was die ekspedisie suksesvol, en die skip goed bestand teen weer en see. Die replika het Jakarta op 5 Augustus 2003 verlaat, het Mauritius en Madagaskar aangeloop, en was van 5 Januarie vir twee weke in Tafelbaai.

*Behouwde vaert*

D SLEIGH (dr)
SEKRETARIS RSVP: Mnr L Gadezweni (tel: 464-1270)

---

Bylae 1:

Notule van vorige vergadering, 10 Desember 2003.

Plek: Maritieme Museum, Waterfront.
Teenwoordig: P. Westra, Gawie Fagan, Gwen Fagan, D. Neethling, H. Scheffler, D. Sleigh, L. Gadezweni, G. Hofmeyr, L. Hattingh, J.Marx, T. Potgieter, J. Mets, A.Roux. Gaste: Konsul E. Berends, mnr en mev B de Vries, mev A. Hofmeyr, mnr N. Malherbe en metgesel, mev B. Hattingh.

Die Voorsitter verwelkom lede en gaste by die Stigting se sluitingsvergadering vir 2003. Die Nederlandse Konsul-Generaal mev E Berends word bedank vir haar teenwoordigheid en belangstelling, en spontaan tot "spesiale lid" gekies.

Die deskundige spreker is mnr J Boshoff, hoof van die Maritieme Museum. Die Museum het verlede jaar R 1,6 miljoen, oor drie jaar, van die Staatslotery gekry vir die ontwikkeling van sy *Meermin*-projek. Die spreker skets kortliks die geskiedenis van die VOC-slaweskip *Meermin*, en die omstandighede waaronder hy in 1765 in Struisbaai vergaan het. Hy verwys na ooreenkomste met die Amerikaanse skip *Amistad*, en die belangstelling wat deur 'n rolprent oor die geval aangewakker is. Hy verduidelik die redes vir die belangstelling in die *Meermin*-wrak, by verskillende organisasies en dele van die gemeenskap. Sy voorlopige opnames met metaalverklikkers en 'n magnetometer in die omgewing, word met behulp van kaarte en oorhoofse transparante geillustreer. Die fondse sal onder meer bestee word op opgrawing, opvoeding, personeelontwikkeling, die stigting van 'n konserveringslaboratorium, uitreiking na Madagaskar, en 'n poging om uit te vind wat van die betrokke slawe of hulle afstammelinge geword het. Die projek sal aan lede van hierdie Stigting ook 'n kans gee om 'n bydrae tot die navorsing te maak. Na die lesing stel die gehoor 'n wye verskeidenheid vrae aan die spreker. Die voorsitter bedank die spreker en wens hom voorspoed toe met die projek.

Die gehoor geniet daarna verversings, en die interessante uitstallings van die Maritieme Museum.

Die voorsitter word bedank vir sy skenking van wyn vir die geleentheid, en die spreker, skriftelik, vir sy interessante toespraak en die gebruik van die museum se fasiliteite.

Bylae 2: (sal in finale vorm vertaal word)

**VOC FOUNDATION**

Castle Military Museum, PO Box 1, Castle of Good Hope, Cape Town 8000

**CONSTITUTION**

1 NAME

The Society shall be known as VOC FOUNDATION or STIGTING VOC or UMBUTHO VOC (hereinafter called the Foundation).

2 AIMS

The aims of the Foundation shall be

2.1 to ensure the conservation of artefacts created or associated by the *Generaale Vereenigde Geoctroijeerde Oost-Indische Compagnie* (VOC).

2.2 to stimulate and promote research about the VOC and its activities and disseminate information about the same.

2.3 to promote heritage tourism

3 MEMBERSHIP

Membership of the Foundation is open to any person or body which supports the above aims.

4 PATRONS AND HONORARY MEMBERS

The committee may appoint patrons and honorary life members, who shall be exempt from annual subscriptions.

5 SUBSCRIPTIONS

5.1 Subscriptions shall be determined by the committee as defined from time to time.

5.2 Subscriptions for each financial year shall be payable by members before the end of that year.

4.

6 ANNUAL GENERAL MEETING

6.1 The Annual General Meeting of the Foundation shall be held not later than sixty (60) days after the end of each financial year. Notice of this meeting, with the agenda, shall be circulated to all members in good standing not less than fourteen (14) days before the date of the meeting, and shall include any motion moved and seconded by members in good standing.

6.2 The annual general meeting may also conduct any other business which the meeting by majority vote agree to consider.

7 SPECIAL GENERAL MEETINGS

A special general meeting, of which not less than fourteen (14) days notice shall be given, shall be called by the chairman or the committee, or in response to a written request, signed by not less than ten percent of the total number of members in good standing, within seven days (7) of the receipt by the secretary of such a written request. The notice convening the meeting shall state the business to be discussed and no other business shall be discussed thereat.

8 PROCEDURE AT MEETINGS

8.1 The chairman, or if absent any designated member of the committee, shall preside at all meetings.

8.2 All voting shall be by a show of hands unless a secret ballot is requested by more than ten members. The chairman shall be entitled to a casting vote.

8.3 Voting by proxy shall not be permitted.

8.4 The quorum at an annual general meeting or special general meeting shall not be less than 10% of the members in good standing. Should this number not be present, a second meeting shall be called within seven (7) days and the number present at that meeting shall constitute a quorum.

8.5 Proper records of proceedings shall be kept.

9 MANAGEMENT

9.1 The management of all the affairs of the Foundation shall be by the committee.
9.2 The committee shall be elected at the annual general meeting each year.
9.3 Office bearers shall be elected by the incoming committee as the first item of business at its first meeting.
9.4 The committee shall consist of the chairman, vice-chairman, secretary, treasurer and three other elected members.
9.5 The committee shall have the power to co-opt as members any persons it seems necessary. Such co-opted members may not vote.
9.6 Any member of the committee who is absent from three consecutive meetings without leave shall cease to be a member of the committee.
9.7 The quorum at a committee meeting shall be four elected members.
9.8 The committee shall be indemnified by the Foundation for acts done in good faith in the exercise of its function.
9.9 The financial year of the of the Foundation shall commence on 1 January and end on 31 December of the same year.

10 POWERS AND DUTIES OF THE COMMITTEE

The committee shall
10.1 administer the Foundation,
10.2 appoint sub-committees, individuals, consultants or professional staff,

5.

10.3 open and operate bank accounts, invest and deal in monies in such a manner as it may determine in pursuit of the Foundation's aims,
10.4 hold and administer assets on behalf of the Foundation,
10.5 appoint an auditor and ensure that proper accounts and records are kept,
10.6 ensure that the constitution is upheld,
10.7 appoint patrons and honorary members, and award the Foundation’s silver medal.

11 SILVER MEDAL

The Foundation's Silver Medal, with honorary membership, is awarded in recognition of outstanding contributions by individuals or bodies to the aims of the Foundation, locally and abroad. Candidates are proposed by members.

12 AMENDMENT OF THE CONSTITUTION

Any amendment to, deletion from or addition to this constitution shall be made only at an annual general meeting or at a special general meeting called for such purposes and shall be carried by a two-thirds majority of voting members present. Notice of proposed changes shall be given not less than 14 days before the meeting.

13 DISSOLUTION

13.1 The Foundation may be dissolved if at least two-thirds of the voting members at an annual general meeting or special general meeting convened for that purpose are in favour of the dissolution.
13.2 Upon dissolution of the Foundation, all its assets and records shall be lodged with the Simon van der Stel Foundation or its successors in title.

End.

First adopted 16 January 2002.

Amendments adopted 17 March 2003.

Adopted ( English version) : ............date...............................

Chairman: ..........................................
P E WESTRA

Secretary: ..........................................
D SLEIGH

Bylae 3 (Ledegeld) op p.6.

6.

Bylae 3:

**---- Ledegeld StigtingVOC - Ledegeld StigtingVOC - Ledegeld StigtingVOC -----**
Maak tjeks asseblief uit aan: **VOC Foundation** of **Stigting VOC**)

My ledegeld van R50,00 vir die jaar 2004 is ingesluit.

NAAM:------------------------------------------------------------------------------
ADRES:---------------------------------------------------------------------------'
-------------------------------------------------------------------------------------------//TELEFOON:
e-pos:..........................................................................................................

Pos aan: Mnr. N.Greeff, Militêre Museum, Die Kasteel, Posbus 1, Kaapstad, 8000.
------------------------------------------------------------------------------------

**Generale Missive**: Nuusbrief van die Stigting VOC
Newsletter of the VOC Foundation 2/2004

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met bewaring , opvoeding en kultuurtoerisme as doel. Dit is geregistreer as eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with conservation, education and cultural tourism as its aims. It is the registered owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*

**Skakel/*Contact***: Skakel/*Contact*: Mnr E. B. de Vries (Finansies, Lidmaatskap / *Membership, Finance.*) tel.: 021-851-3850 / boudewyn@mweb.co.za
**Webblad**: http://www-voc-kaap.org ; **e-pos**: vocinfo@voc-kaap.org

W*elaen Vrunden*

Lede en hulle gaste word genooi na ons tweede byeenkoms vanjaar.

*Plek*: Huis der Nederlanden, Sentraal Plein, Pinelands.
*Tyd*: 17:00
*Datum*: Dinsdag, 6 April 2004.
*Onderwerp*: Nuwe boeke oor die VOC.

Die oprigting van die VOC vierhonderd jaar tevore, in 2002 is herdenk. Ek weet van geen ander handelaar wat soveel dekking in die media kry nie. Die ontsluiting van inligting oor dade en wandade wat in die naam van dié sonderlinge maatskappy verrig is, het studente en ander navorsers, radio- en ander joernaliste, en filmmakers en ander fotograwe, geinspireer om die gewone stroom lesings en publikasies die afgelope tyd te laat toeneem tot n redelike vloed. Wereldwyd het jonger mense vir die eerste keer verneem van die vreemde en kleurvolle wereld, wat deur die VOC gedokumenteer en so bewaar gebly het.

Huis der Nederlanden, die Nederlandse kultuursentrum in Pinelands, het 'n groot aantal van die pragtige nuwe uitgawes aangekoop (met geldelike hulp van die Van Ewijk Stigting en die Lindberg Trust) vir die gebruik en plesier van sy lede. Verskeie van die boeke sal waarskynlik die enigste eksemplaar in Suid-Afrika wees. Dit is 'n groot kulterele aanwins, wat navorsing oor die Kompanjie sal vergemaklik en aanmoedig, en nuwe kennis oor die VOC binne ons lede se bereik bring. Huis der Nederlanden wil graag die skatte aan u wys. Ons vergader in die biblioteeksaal, waar die boeke individueel deur ons voorsitter Piet Westra, afgetrede hoof van die SA Biblioteek, aan ons bekend gestel sal word.

Komende vergaderings van ons Vereniging, waarvan u solank die datums kan aanteken:
16 September: **Anna Boëseken-gedenklesing**. Met die lesing, oor 'n onderwerp wat ons kennis en begrip van die VOC verruim, herdenk ons jaarliks dr Anna M. Boëseken, skrywer, argivaris en een van die land se grootste kenners van VOC geskiedenis. Lid Jan Visagie het verantwoordelikheid vir die belangrike item op ons jaarlikse agenda aanvaar. In die toekoms sal ons probeer om dit so na as moontlik aan 6 April te hou.
2 Desember: **Jaarlikse afskeidsete** plus.
Heel waarskynlik gaan ons ook nog op 'n uitstappie na 'n wingerdplaas, waar ons VOC-vlag op kontrak waai. Enige ander planne?

Uit waardering en ter herdenking aan die dood van **HM Koningin Juliana**, op 20 Maart, sal die VOC-vlag by ons volgende vergadering halfstok waai.

NOTULE VAN VORIGE VERGADERING:

Hierdie notule sal by die eerskomende vergadering vir aanvaarding voorgelê word.

Notule van Algemene Jaarvergadering gehou op 18 Februarie 2004.

*Teenwoordig*: Lede G. Fagan, Gwen Fagan, L. Gadezweni, N. Greeff, L.Hattingh, G. Hofmeyr, J. Marx, M. Potgieter, A. Roux, H. Scheffler, D.Sleigh, W. Steenkamp, J.Visagie, P.Westra.
*Verskoning*: C. de Wet

Die notule van die vorige vergadering word aanvaar, en geteken.

Uitvoerende Komitee: Die lede stel hul herkiesbaar en word eenparig tot hulle funksies herkies. Voorsitter: P Westra, Onder-voorsitter: H. Scheffler, Sekretaris: D Sleigh, Finansies: N Greeff, Kommunikasie: G Hofmeyr, W Steenkamp. Bykomende lid: L. Gadesweni. Die voorsitter wys daarop dat volgens die nuwe grondwet (1) die verkose bestuurslede voortaan self die verskillende amptenare uit hulle geledere sal kies, (2)
ampsdraers verplig is om na 'n aantal jare uit te tree. Lede word aangemoedig om hulle vir bestuursposte beskikbaar te stel. Dit word oor die algemeen verwelkom, terwille van vernuwing en verjonging.

Oorsig: Die voorsitter gee 'n kort oorsig van die Stigting se werksaamhede gedurende die afgelope jaar, 2003. *TANAP*: Lid L. Hattingh word gevra om iets oor die Tanap projek se afloop te sê. Hy sê dat hy nie tevrede is met die afronding of die gehalte van kontrole gedurende die heel laaste fase nie. Daar was baie belangstelling van die publiek. Hy weet nie wanneer dit op CD Rom beskikbaar sal wees nie. Die voorsitter se dat hy verneem die Kaapse span het hulle die beste van hulle taak gekwyt. Lid Visagie stel voor dat die span namens die Stigting gelukgewens word. (*Aanvaar*) Die *Kasteel -Verkenningsgroep* het verskeie vergaderings gehad, maar daar was geen vordering t.o.v. skakeling met die regering nie. Pogings word voortgesit. Die voorsitter verwys na die aangename *Kirstenbosch -uitstappie* en die vergadering by die *Maritieme Museum*. Hy bedank almal wat dit moontlik gemaak het. Die hoof van die Maritieme Museum het die Stigting genooi om deel te neem aan navorsingsprojekte, waarvoor hy befondsing ontvang het. *VOC-logo*: Lid Hattingh sê dat die firma Distel van plan is om weer sy vroeëre regte op te neem op die logo t.o.v. sy eie wyn, en kan dus saam met ons die Australiese aansoek teenstaan. Die Stigting sal, soos verlede jaar, weer deelneem aan *erfenisuitstallings* en ander geleenthede, waar die Stigting aan die publiek bekend gestel, en handelsgoed moontlik verkoop kan word. Lede word aangemoedig om vrywillig aan te bied om vir 'n deel van die dag die Stigting se kraampie te beman. (Dit is meer plesier as wat u mag dink.)

Finansies: Die Tesourier lê sy jaarstaat voor. Groot uitgawes soos prokureursfooie laat die bankbalans swak. Vir 'n stigting met 'n lae inkomste, wat net uit ledegeld verkry word, is luukses soos 'n eie webwerf en die donasie van wyn vir geselligahede, onmoontlik. Na bespreking word die jaarstaat aanvaar, en die tesourier word vir sy sorg bedank. Die Voorsitter sal 'n standaard formaat vir die opstel van 'n jaarlikse balanstaat met die Tesourier bespreek.

Lid M Potgieter sê dat haar broer 'n prokureur is wat bewaringswerk ondersteun. Hy sal miskien gewillig wees om klein prokureurswerk namens die Stigting te onderneem, t.o.v. bewaringsprojekte. Dit kan help om op prokureurskoste te bespaar. Die voorstel word aanvaar. *(Mnr Potgieter was daarna met die Sekretaris in gesprek. Sy aanbod is met dank aanvaar, en deurgegeee aan lid L Hattingh vir toepassing.)*

Grondwet: Die Stigting se konsep-Grondwet, wat vir die doel vooraf gesirkuleer is, word deeglik bespreek, en voorstelle ter verbetering word aangeneem. Die Voorsitter onderneem om die verbeterings aan te bring, waarna die Grondwet geteken en op leêr
geplaas sal word. Lid J Marx word bedank vir haar besondere bydrae.

Handelsware: Die Sekretaris stel voor dat die Stigting voorwerpe met die Stigting se monogram (byv. vlaggies, sleutelringe ens.) en dit verkoop waar die geleentheid voorkom as 'n bron van inkomste, en om aan die vereistes van die Wet op Handelsmerke te voldoen. 'n Komitee word voorgestel om die saak te ondersoek en tot uitvoer te bring. Vrywilligers H. Scheffler, W. Steenkamp en D. Sleigh word benoem.

Ander sake: Lid W. Steenkamp maak bekend dat Hoërskool Jan van Riebeeck vroeg in September 'n

Kultuurfees aanbied, en dat daar moontlik geleenthede vir die Stigting sal wees om bydraes te maak. *(Aangeteken.*)

*Behouwe vaert!*

D SLEIGH (Dr)
SEKRETARIS

*RSVP*: Mnr L. Gadezweni (tel: 464-1270)

**Generale Missive**: Nuusbrief van die Stigting VOC
Newsletter of the VOC Foundation 3/2004

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met bewaring , opvoeding en kultuurtoerisme as doel. Dit is geregistreer as eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with conservation, education and cultural tourism as its aims. It is the registered owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*

**Skakel/*Contact***: Skakel/*Contact*: Mnr E. B. de Vries (Finansies, Lidmaatskap / *Membership, Finance.*) tel.: 021-851-3850 / boudewyn@mweb.co.za
**Webblad**: http://www-voc-kaap.org ; **e-pos**: vocinfo@voc-kaap.org

*Welaen Vrunden*

**Aktiwiteite**: Ons het 'n paar interessante aktiwiteite vir die oorblywende deel van die jaar, en ons hoop om u almal daar te sien. Onthou dat gaste ook welkom is. Teken asseblief die volgende datums en tye in u dagboek aan.

**Slag van Blaauwberg, 1806.** Nederlandse regering aan die Kaap het, na 'n eeu-en-'n-half, op 6 Januarie 1806 tot einde gekom, toe genl. JW Janssens se troepe by Blaauwberg verslaan is. Dié beslissende geveg, een van twee uit die Napoleontiese oorloë wat in Afrika beslis is, sal in 2006 herdenk word, waarskynlik met buitelandse deelname. As inleiding, of opwarming, tot die naderende datum, bied ons 'n kleurvolle skyfievertoning aan wat die volgende vrae sal beantwoord en illustreer: Waarom? Waar? Wie was die mense? Hoe het dit verloop? Wat was die gevolge van die veldslag? **Plek:** Huis der Nederlanden, Sentraalplein, Pinelands. **Tyd en Datum:** 10:30 op Saterdag 14 Augustus 2004. Onthou om die nodige te bring vir Die Heildronk.

**Die Groot Pokke-epidemie, 1713.**
Geen oorlog of onteiening van grond was tot 1713 so noodlottig vir die Kaapse Koina as die pokke-epidemie van 1713 nie. Wat is pokke, hoe manifesteer dit, waarvandaan het dit in 1713 gekom? Hoe dié verskriklike siekte die land ingesluip het, deur die dronkenskap van een man, en die gevolge vir die mense van die Wes-Kaap en die inboorlinge in die besonder, is enkele punte wat toegelig sal word, in 'n geïllustreerde praatjie **Die Groot Pokke- epidemie, 1713.** Spreker: D. Sleigh. **Tyd en Datum**: 10:00 op Donderdag, 2 September 2004. **Plek:** Waterhof (Hofstraat 54) Tuine. Die landgoed *Waterhof* was vroeër deel van *Leeuwenhof*, en is bekend vir sy sterk fontein. Toegangsfooi ten behoewe van Hoërskool Jan van Riebeeck, sluit verversings in.

**AJ Böeseken Gedenklesing:** Die naam van Dr Anna Böeseken is bekend by elke navorser wat die gepubliseerde Kaapse VOC Argief gebruik, nie net as hoofargivaris en redakteur van publikasies nie, maar as navorser en skrywer oor die Kompanjietyd. Met ons jaarlikse AJ Boeseken Gedenklesing herdenk die Stigting haar as VOC-historikus. Lid Jan Visagie het vanjaar vir Dr Hans Heese gewerf om die lesing te lewer. Die onderwerp is **Die Slawe van Jan Kompanjie.** Verwag iets buitengewoon. Dr Heese, vroeër van die Universiteit Wes-Kaap is bekend as 'n interessante, ondersoekende en stimulerende spreker.**Tyd en Datum**: 10: 00 op Vrydag 3 September 2004. **Plek:** Welgemeend Teater, op die terrein van Jan van Riebeeck Hoërskool, Kloofstraat. *Welgemeend*-huis is 'n bekende voorbeeld van Tafelvallei-argitektuur. Dit, en die Hoërskool, staan op die landgoed *Leeuwenhof*, wat in 1692 aan sekunde Andries de Man toegeken is. Toegang gratis. Verversings.

Die Hoërskool Jan van Riebeeck hou in die eerste week van September 'n kultuurfees wat 'n groot verskeidenheid belangrike, interessante en lekker dinge insluit, en hopelik 'n vaste instelling sal word. Hulle noem dit ***'Janewales op Kloof. '*** Hou die pers dop, vir die volledige program. Ons aanbiedings, oor Pokke en Slawe, is op die program. Dit verklaar waarom die twee datums so naby mekaar is. Daardeur kry ons Stigting openbare bekendstelling en 'n geleentheid om ons opvoedkundige funksie voor 'n groter gehoor uit te voer.

**Hugenote Tonnel:** Die Stigting VOC het beswaar gemaak by die SA Nasionale Padagentskap, oor hulle voorneme om die Hugenote Tonnel se naam te verander. Die Stigting se belangrikste standpunte teen die verwydering van 'n naam uit die VOC-tyd, was dat die Hugenote (1) in alle dele van die wêreld waarheen hulle gemigreer het, geag word as hardwerkende, ondernemende en wetsgehoorsame setlaars wat geen las op hulle gashere geplaas het nie maar met hulle arbeid en belastings bygedra het tot die ekonomie van hulle nuwe tuistes (2) hulle geestelike toewyding en opoffering vir godsdiensvryheid (3) dat hulle aktief hulle teenstand teen onderdrukkende regerings in Frankryk en aan die Kaap betoon het. Die Raad is ook herinner aan die behoefte aan herdenking van Koina-geskiedenis in die Wes-Kaap, onder andere deur naamgewing.

**Kasteel Militêre Museum**: Die uitvoerende komitee het per brief steun gegee aan die Kasteel Militêre Museum se aansoek om befondsing deur die Staatslotery. Ons het verlede jaar verneem dat SA Erfenis Hulpbronne Agentskap en die Maritieme Museum soortgelyke befondsing ontvang het. Die Kasteel is sekerlik ons Nommer Een VOC -artefakt, en die Museum bewaar en stal 'n groot hoeveelheid VOC -geskiedenis uit. Ten spyte van 'n klein begroting, is die Militêre Museum uniek onder Kaapse museums deur gereeld elke jaar 'n studiestuk uit sy vakgebied te publiseer.

**Korporatiewe Lidmaatskap** is toegeken aan die firma Sentinel Vineyards, naby Stellenbosch. Die firma stal 'n merkwaardige versameling voorlaaier-kannonne op hulle werf uit, waaronder egte VOC-stukke. Die korporatiewe lidmaatskap beteken dat die firma die VOC-logo op 'n vlag op hulle perseel mag vertoon.

**Nuwe lede:** Ons verwelkom as nuwe lede, mev. A.van Wyk, mnr L Knottenbelt, prof. G Wiechers en mnr M Purcell. Ons hoop dit sal 'n lang en aangename verbintenis wees.

**Lokaal in Kasteel:** Die uitstalling *'Democracy'* duur nog voort in die Kasteel, o.a. in lid L. Gadezweni se lesinglokaal, wat die afgelope agt jaar lank ons vergaderplek was. In die tussentyd gebruik ons die uitstekende geriewe van ander gashere.

***' Texel en de VOC'*:** Oor hierdie pragtige nuwe VOC-boek in ons Stigting se biblioteek, vertel ons volgende keer meer.

*Behouwde vaert!*

D SLEIGH (dr)
SEKRETARIS

*Generale Missive*: Nuusbrief van die Stigting VOC
Newsletter of the VOC Foundation 4/2004

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met bewaring , opvoeding en kultuurtoerisme as doel. Dit is geregistreer as eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with conservation, education and cultural tourism as its aims. It is the registered owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*
**Skakel/*Contact***: Skakel/*Contact*: Mnr E. B. de Vries (Finansies, Lidmaatskap / *Membership, Finance.*) tel.: 021-851-3850 / boudewyn@mweb.co.za
**Webblad**: http://www-voc-kaap.org ; **e-pos**: vocinfo@voc-kaap.org

*Welaen Vrunden*

KENNISGEWING VAN BUITENGEWONE VERGADERING

Die prokureursfirma Fairbridge, Aderne & Lawson, wat binnekort ons saak t.o.v. ons logo aan 'n hof moet voorlê, het laat weet dat daar tekortkomings aan ons grondwet is wat reggestel moet word, sodat ons opponente dit nie uitbuit en daardeur die saak teen ons wen nie. Die prokureurs moet die nuwe, aanvaarde grondwet teen 28 Augustus ontvang. Die voorgestelde verbeterings verskyn agter op hierdie kennisgewing.

Dit is dus nodig dat al ons lede byeenkom vir 'n dringende spesiale vergadering. Dit is die eerste keer in die agt jaar van ons bestaan dat dit nodig word, en ons het probeer om datums en plekke so te reël dat dit met die minste ongerief vir ons lede geskied, maar moes uiteindelik op die onderstaande besluit. Om 'n kworum te verseker en ons saak te red, word elke lid se teenwoordigheid dringend benodig. Dit is nie moontlik om per faks, e-pos of telefoon te vergader nie, omdat stemmery moet geskied deur die opsteek van hande.

Ons grondwet vereis dat wysigings aan die grondwet geskied (a) by 'n buitengewone vergadering, waarby geen ander sake bespreek word nie, (b) met tenminste 14 dae behoorlike kennisgewing (c) ten minste 50% van ons ingeskrewe moet op die vergadering die voorgestelde veranderings goedkeur. Gevolglik:

**"Kennis geskied hiermee dat, met die doel om voorgestelde veranderings, wat agter op hierdie kennisgewing verskyn, aan te bring aan die Grondwet van die Stigting VOC, 'n buitengewone vergadering sal plaasvind om 17:00 op Donderdag, 26 Augustus 2004, in die Adam Tas Saal in die Kasteel de Goede Hoop. Lede se teenwoordigheid word dringend versoek, sodat die Stigting se belange en voortbestaan nie skade ly a.g.v. hulle afwesigheid nie."**

Bring die nodige vir die Heildronk. Bel asb. vir lid Lungile Gadezweni, wat die lokaal verskaf, om hom van u bywoning te verseker. (tel. 464-1270)

Ons herinner u aan die volgende uit ons vorige Nuusbrief. (1) **Slag van Blaauwberg**, 14 Augustus 2004 (2) die Kaapstadse Kunstefees, waarvan u binnekort meer in die pers sal lees. Ons Stigting het twee gebeurtenisse op die program, naamlik Donderdag 2 September (**Die Verwoestende Pokke-epidemie van 1713**) en Vrydag 3 September.(H Heese: **Die Slawe van Jan Kompanjie**.) Onthou dat 'n toegangsfooi op die program genoem word, maar ons Stigting se lede woon hierdie twee gratis by.

Blaai om.

**Uitstappie**: '*Die VOC aan die Weskus.*' Lid Tean Potgieter reël 'n besoek aan die Weskus, vir vroeg Oktobermaand vanjaar. Dit sluit in die geskiedenis van die Weskus onder die VOC, 1652-1795, besoek aan plekke soos Geelbek, Posberg, St Helenabaai en verskeie ander interessanthede. Die reis is per bus, met oornagverblyf êrens. Tean sal waarskynlik spesiale pryse beding, en toegang tot gebiede waar die publiek nie kom nie. Bel spoedig vir voorsitter Piet (531-3602) om plek te bespreek. 'n Program word gestuur aan die wat saamgaan.

NB:Laat asb. die bestuur weet van veranderings aan u adres, foonnommer, e-pos ens.

*Behouwe vaert*

D SLEIGH
SEKRETARIS

VOORGESTELDE WYSIGINGS AAN GRONDWET:

*Generale Missive*: Nuusbrief van die Stigting VOC
Newsletter of the VOC Foundation 5/2004

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met bewaring , opvoeding en kultuurtoerisme as doel. Dit is geregistreer as eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with conservation, education and cultural tourism as its aims. It is the registered owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*
**Skakel/*Contact***: Skakel/*Contact*: Mnr E. B. de Vries (Finansies, Lidmaatskap / *Membership, Finance.*) tel.: 021-851-3850 / boudewyn@mweb.co.za
**Webblad**: http://www-voc-kaap.org ; **e-pos**: vocinfo@voc-kaap.org

*Welaen Vrunden!*

Die groet hierbo is die een waarmee Jan van Riebeeck in 1658 sy vryburgers verwelkom het, toe hulle by hom kom staan en kla het oor hulle regte. Dit werk, hoor.

Hierdie nuusbrief is ons laaste vir 2004, en vir die veraf lede wat uit voeling geraak het wil ek eerstens 'n kort opsomming van die afgelope jaar se werksaamhede gee, en tweedens 'n kykie na die jaar wat voorlê.

Ons negende Algemene Jaarvergadering is totaal gewy aan konstitutionele sake, soos die Grondwet en die verkiesing van 'n uitvoerende komitee. Een belangrike besluit was dat lede voortaan nie meer vir byvoorbeeld 'n Voorsitter, Onder-voorsitter, ens. sal stem nie, maar 'n aantal komiteelede kies, waaruit die komiteelede self die amptenare aanwys en verantwoordelikhede verdeel. Ander okkasies was die bekendstelling deur voorsitter Piet Westra, van omtrent dertig pragtige nuwe boeke oor die VOC by Huis der Nederlanden, die Anna Boëseken -gedenklesing deur dr H Heese waarvoor ons lid Jan Visagie moet bedank, en die geillustreerde lesing oor die Pokke-epidemie van 1713 by die Jan van Riebeeck Kultuurfees. Die stryd om ons logo het veel tyd en geld in beslag geneem, en 'n spesiale geleentheid in die stryd om die logo was die noodvergadering om veranderings aan ons Grondwet deur te voer. Dit was pragtig om te sien hoeveel lede op kort kennisgewing opgedaag het om die nodige kworum te verseker. Die komitee het ook 'n protesbrief insake die Hugenote Tonnel ingestuur, en herhaaldelik met ander belanghebbendes vergader oor 'n projek waarby die Regering betrokke is en ons dus nie kan praat nie. So was ons in alles getrou aan ons Stigting se doelstellings van Bewaring en Opvoeding.

Nou, die jaar voor ons:
1. Ons Algemene Jaarvergadering vind teen skemeraand op Woensdag, 26 Januarie 2005 plaas, en ons hoop om al ons lede daar te sien. Lid Dirk Neethling, wat VOC- soldatekiste en -seekiste versamel, sal ons daarna vertel van VOC-kiste, van sy navorsing oor die onderwerp en van sy merkwaardige versameling. Natuurlik sal hy voorbeelde vertoon. N.S: Bring iets vir ons heildronk, *'Huis van Oranje!'*

2. Ons hoop om die beloofde VOC-toer van die Weskus in die eerste kwartaal deur te voer. Die weer is gewoonlik mooi in Maart en April. Ons reis per bus, besoek die Kompanjie se buiteposte en ander gebiede van ekonomiese aktiwiteit uit 1652-1795, en een of twee ander besienswaardighede. Ingeligte gidse ry saam. Ons bly een nag oor in buitengewone akkommodasie. Die roete is nog nie volledig bepaal nie, en ons kan nie op besonderhede soos onkoste ingaan nie, maar die uitstappie gaan iets besonders wees, met buitengewone geleenthede.

'n Subkomitee vergader binnekort oor die reisplan. Maar, ons moet weet of ons met die reëlings moet voort gaan, en die toer kan net gebeur as daar genoeg belangstelling van ons lede kom. Ons vra dus lede wat in die basiese konsep belangstel, om voorsitter Piet spoedig te bel (021-531-3602) en vir hom, sy bediende of sy antwoordmasjien iets te sê soos, "*Weskus-toer, Jan Smit, twee persone.*" As daar genoeg belangstelling is, sal ons die program en ander inligting per brief bekendmaak, en die inskryfvorm met kwytskeldings / indemniteit by die Algemene Jaarvergadering in Januarie uitdeel vir ondertekening en die vasgestelde geld insamel. Lid Thean Potgieter is die man aan die roer.

3. Dit is voorgestel dat ons jaarliks op 20 Maart vergader vir 'n gesamentlike ete. Op 20 Maart 1602 is daardie vreemde fenomeen die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie gestig, en ons sal dit die 'Stigtingsdag-ete' noem en in herinnering neem watter dade en wandade in die VOC se naam onderneem is, hoe ver die rimpeling daarvan nog om die aardbol strek, en hoe dit ons Stigting nou en in die toekoms raak. Dink daaroor?

4. Ons verwelkom graag die nuwe lede, mnr D.A. Alma, adv. P.J. Hattingh, mnr A.J. Keukelaar, mnr R.J. Klinkert, mnr E.G. Rode en mnr C.M. Wittenberg (alfabeties) in die vertroue dat hul lidmaatskap vir hulle en die Stigting tot wedersydse plesier en voordeel sal wees.

5. Mnr S. Nieuwoudt, penningmeester van die Van Ewijk Stigting, het aangebied om 'n professionele oog oor ons boeke te hou, sodat die ouditeurs in die toekoms altyd en totaal tevrede sal wees. Dit is 'n noodsaaklikheid waarvoor ons baie dankbaar is.

6. Ons volgende nuusbrief *'Generale Missive 1/05'* sal u vroeg in Januarie bereik.

Die Voorsitter en Uitvoerende komitee wens ons lede graag 'n aangename vakansietyd, 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwe Jaar toe.

*Behouwde Vaert!*

D SLEIGH (Dr)
SEKRETARIS

**Generale Missive**: Nuusbrief van die Stigting VOC
Newsletter of the VOC Foundation 5/2004

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met bewaring , opvoeding en kultuurtoerisme as doel. Dit is geregistreer as eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with conservation, education and cultural tourism as its aims. It is the registered owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*
**Skakel/*Contact***: Skakel/*Contact*: Mnr E. B. de Vries (Finansies, Lidmaatskap / *Membership, Finance.*) tel.: 021-851-3850 / boudewyn@mweb.co.za
**Webblad**: http://www-voc-kaap.org ; **e-pos**: vocinfo@voc-kaap.org

---

*Welaen Vrunden!*

Die groet hierbo is die een waarmee Jan van Riebeeck in 1658 sy vryburgers verwelkom het, toe hulle by hom kom staan en kla het oor hulle regte. Dit werk, hoor.

Hierdie nuusbrief is ons laaste vir 2004, en vir die veraf lede wat uit voeling geraak het wil ek eerstens 'n kort opsomming van die afgelope jaar se werksaamhede gee, en tweedens 'n kykie na die jaar wat voorlê.

Ons negende Algemene Jaarvergadering is totaal gewy aan konstitutionele sake, soos die Grondwet en die verkiesing van 'n uitvoerende komitee. Een belangrike besluit was dat lede voortaan nie meer vir byvoorbeeld 'n Voorsitter, Onder-voorsitter, ens. sal stem nie, maar 'n aantal komiteelede kies, waaruit die komiteelede self die amptenare aanwys en verantwoordelikhede verdeel. Ander okkasies was die bekendstelling deur voorsitter Piet Westra, van omtrent dertig pragtige nuwe boeke oor die VOC by Huis der Nederlanden, die Anna Boëseken -gedenklesing deur dr H Heese waarvoor ons lid Jan Visagie moet bedank, en die geillustreerde lesing oor die Pokke-epidemie van 1713 by die Jan van Riebeeck Kultuurfees. Die stryd om ons logo het veel tyd en geld in beslag geneem, en 'n spesiale geleentheid in die stryd om die logo was die noodvergadering om veranderings aan ons Grondwet deur te voer. Dit was pragtig om te sien hoeveel lede op kort kennisgewing opgedaag het om die nodige kworum te verseker. Die komitee het ook 'n protesbrief insake die Hugenote Tonnel ingestuur, en herhaaldelik met ander belanghebbendes vergader oor 'n projek waarby die Regering betrokke is en ons dus nie kan praat nie. So was ons in alles getrou aan ons Stigting se doelstellings van Bewaring en Opvoeding.

Nou, die jaar voor ons:

1. Ons Algemene Jaarvergadering vind teen skemeraand op Woensdag, 26 Januarie 2005 plaas, en ons hoop om al ons lede daar te sien. Lid Dirk Neethling, wat VOC- soldatekiste en -seekiste versamel, sal ons daarna vertel van VOC-kiste, van sy navorsing oor die onderwerp en van sy merkwaardige versameling. Natuurlik sal hy voorbeelde vertoon. N.S: Bring iets vir ons heildronk, *'Huis van Oranje!'*

2. Ons hoop om die beloofde VOC-toer van die Weskus in die eerste kwartaal deur te voer. Die weer is gewoonlik mooi in Maart en April. Ons reis per bus, besoek die Kompanjie se buiteposte en ander gebiede van ekonomiese aktiwiteit uit 1652-1795, en een of twee ander besienswaardighede. Ingeligte gidse ry saam. Ons bly een nag oor in buitengewone akkommodasie. Die roete is nog nie volledig bepaal nie, en ons kan nie op besonderhede soos onkoste ingaan nie, maar die uitstappie gaan iets besonders wees, met buitengewone geleenthede.

'n Subkomitee vergader binnekort oor die reisplan. Maar, ons moet weet of ons met die reëlings moet voort gaan, en die toer kan net gebeur as daar genoeg belangstelling van ons lede kom. Ons vra dus lede wat in die basiese konsep belangstel, om voorsitter Piet spoedig te bel (021-531-3602) en vir hom, sy bediende of sy antwoordmasjien iets te sê soos, "*Weskus-toer, Jan Smit, twee persone.*" As daar genoeg belangstelling is, sal ons die program en ander inligting per brief bekendmaak, en die inskryfvorm met kwytskeldings / indemniteit by die Algemene Jaarvergadering in Januarie uitdeel vir ondertekening en die vasgestelde geld insamel. Lid Thean Potgieter is die man aan die roer.

3. Dit is voorgestel dat ons jaarliks op 20 Maart vergader vir 'n gesamentlike ete. Op 20 Maart 1602 is daardie vreemde fenomeen die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie gestig, en ons sal dit die 'Stigtingsdag-ete' noem en in herinnering neem watter dade en wandade in die VOC se naam onderneem is, hoe ver die rimpeling daarvan nog om die aardbol strek, en hoe dit ons Stigting nou en in die toekoms raak. Dink daaroor?

4. Ons verwelkom graag die nuwe lede, mnr D.A. Alma, adv. P.J. Hattingh, mnr A.J. Keukelaar, mnr R.J. Klinkert, mnr E.G. Rode en mnr C.M. Wittenberg (alfabeties) in die vertroue dat hul lidmaatskap vir hulle en die Stigting tot wedersydse plesier en voordeel sal wees.

5. Mnr S. Nieuwoudt, penningmeester van die Van Ewijk Stigting, het aangebied om 'n professionele oog oor ons boeke te hou, sodat die ouditeurs in die toekoms altyd en totaal tevrede sal wees. Dit is 'n noodsaaklikheid waarvoor ons baie dankbaar is.

6. Ons volgende nuusbrief *'Generale Missive 1/05'* sal u vroeg in Januarie bereik.

Die Voorsitter en Uitvoerende komitee wens ons lede graag 'n aangename vakansietyd, 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwe Jaar toe.

*Behouwde Vaert!*

D SLEIGH (Dr)
SEKRETARIS

**Generale Missive**: Nuusbrief van die Stigting VOC
Newsletter of the VOC Foundation 1/2005

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met bewaring , opvoeding en kultuurtoerisme as doel. Dit is geregistreer as eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with conservation, education and cultural tourism as its aims. It is the registered owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*

**Skakel/*Contact***: Skakel/*Contact*: Mnr E. B. de Vries (Finansies, Lidmaatskap / *Membership, Finance.*) tel.: 021-851-3850 / boudewyn@mweb.co.za
**Webblad**: http://www-voc-kaap.org ; **e-pos**: vocinfo@voc-kaap.org

---

*Welaen Vrunden!*

Ons eerste Nuusbrief van die jaar! Let spesiaal op inligting oor die **Algemene Jaarvergadering**, ons **Weskus Toer** (19-20 Maart) en die slaweskip *Leijdsman*.

Die Stigting se Elfde Algemene Jaarvergadering vind plaas op:
Datum: Woensdag 26 Januarie 2005.
Tyd: 17: 00 (Vyfuur)
Plek: Lesingkamer, Sekundeshuis, Kasteel de Goede Hoop.

Agenda:
1. Verwelkoming.
2. Verskonings vir Afwesigheid ontvang.
3. Oorsig van Afgelope Jaar. (Voorsitter)
4. Notule van Vorige Vergadering (aangeheg)
5. Staat van Finansies, 2004 (2003 en 2004 aangeheg)
6. Verkiesing van Bestuur vir 2005.
7. Kommersieële Sake. (1) Verkoop van Voorwerpe en Bemarking van Logo.
8. Weskus-toer (vrae en antwoorde.)
9. Program vir 2005. (Voorstelle asb.)
10. Ander Sake. (Gee vooraf kennis aan Voorsitter of Sekr.)
11. Sluit af met heildronk: *'Huis van Oranje!'*
12. Geleentheidspreker: Mev. A de Vries en mnr. D.Neethling: *'VOC-Kiste.'*

( Lid Dirkie Neethling is al jare lank 'n versamelaar van VOC-kiste. Dit is dié kiste wat volgens die Kompanjie se voorskrifte gemaak is vir 'n amptenaar, 'n offisier of 'n manskap om hulle goed in te vervoer, en gebrand met die beroemde stempel as teken dat dit wettig aan boord is. Wanneer die persoon eendag die diens verlaat, sou dit miskien 'n meubelstuk of 'n gereedskapkis of 'n trekboer se wakis word. Hy sal voorbeelde van sy versameling kom wys, waarvan nie een jonger as 210 jaar kan wees nie. Mev.A.de Vries, 'n mede-entoesias, sal 'n geïllustreerde praatjie lewer oor VOC- seekiste en hulle rol in Kaapse geskiedenis.

**Notule van vorige vergadering** (Agendapunt 4.) **:**

Notule van Spesiale Vergadering gehou op Donderdag 26 Augustus 2004.

Teenwoordig: P.Westra, H. Scheffler, G. Hofmeyr, L. Hattingh, L.Gadezweni, J. van der Merwe, J.Klinkert, R. Klinkert, D. Neethling, N.Greeff, R.Lightley, H. Schreuders, J. Mets, A van Wyk, C de Wet, J Visagie, H du Preez, L.Knottenbelt, P. Coertzen, M. van den Berg, M.van der Westhuizen, G.Wiechers, Gawie Fagan, Gwen Fagan. R. Hudson-Bennett, J. Marx, D. Sleigh. (27 betaalde lede, 14 gaste)

Die Voorsitter verwelkom lede en besoekers. Hy verduidelik dat die Spesiale Vergadering byeengeroep

is, soos die Grondwet vereis, om die goedkeuring van 'n kworum van betaalde lede te kry vir voorgestelde wysigings aan die Grondwet, soos per omsendbrief aan lede bekend gemaak. Die wysigings word dringend benodig deur die prokureursfirma Fairbridge, Aderne en Lawton, om namens die Stigting die eis van die Australiese wynmaatskappy in die hof teen te staan.
Hy vra lede om die voorstelle te aanvaar.
Al die voorstelle word eenparig goedgekeur.
Aangesien 27 betaalde lede die presensielys onderteken het, is die kworum bereik en die besluite geldig.
Die Voorsitter en Sekretaris onderteken die gewysigde Grondwet.
Die Sekretaris onderneem om dit aan die prokureurs te besorg.
Die Voorsitter bedank lede wat in so 'n groot getal bygewoon het om die belange van die Stigting te beskerm en te ondersteun, en lid Lungile Gadezweni, vir die voorbereiding en gebruik van sy fasiliteite.
Na die heildronk en sluiting van die vergadering, lewer lid D. Sleigh 'n geïllustreerde praatjie oor die oorsaak, verloop en gevolge van die Pokke-epidemie van 1713.

**Grondwet:** Die gewysigde Grondwet is dieselfde aand aan die prokureur oorhandig. Ons wag nou op 'n beslissing van die hof insake die Australiër se aansoek om ons geregistreerde logo in Suid-Afrika te bemark. Dit bly vir my vreemd dat die S.A. Registrateur van Handelsmerke enigsins hulle aansoek kon oorweeg.

**Weskus-Toer**
Die Stigting het 'n bustoer vir lede gereël na die gebied tussen Kaapstad en St Helenabaai, waarin die VOC van vóór 1652 tot 1795 aktief was. Ons vertrek vroeg op Saterdag 19 Maart 2005 van die Kasteel af, bly die nag oor by die St Helenabaai Hotel, en kom die volgende namiddag terug. Van die VOC se gewese buiteposte en nog ander interessanthede word besoek. Gedurende die reis sal VOC-historici ons met gesprekke oor bevolking, naamgewing, hulpbronne, geboue, natuurlewe, militêre geskiedenis ens., inlig oor hoe die VOC die omgewing ontgin, benut en regeer het.

## PROGRAM: WESKUS - TOER

**Saterdag 19 Maart 2005 :**

07:30 Vertrek van Kasteel ( Laat motors in militêre sekuriteitsgebied)
Weskuspad: '*Nieuw Haerlem*.' 'Slag van Blouberg, 1806.'
09:00 Die buitepos *Groene Kloof*.
10.:00 Buitepos *Klaver Valleij*. (Wynproe by Groote Post kelder. Duckitt se Graf)
11:30 Darling: (koop Kaap se beste biltong.)
Die Hildebrand-Gedenkteken.
Klipberg en die VOC se Seinstelsel.
12:00 Yzerfontein. Kalkoonde.
Dasseneiland en die Saldanhavaarders. (A.Roux )
13:00 Weskuspark. Geelbeksfontein. VOC-baken.
Middagete by Geelbek-restaurant.
14:30 Seeberg Uitsig
Buiteposte *Saldanha Baaij* I & II.
Die Portugese Kerkhof
17:00 Registreer by St Helenabaai Hotel.
18:30 Stigtingsdagete by Sea Trader Restaurant (Verwelkoming: Voorsitter)
21:30 St Helenabaai Hotel. Slaap oor.

**Sondag 20 Maart 2005 :**

07:30 St Helenabaai Hotel. Ontbyt.
08:30 Besoek die Fontein. Skip *Goude Buijs.* Buitepos *St Helena Baaij.*
09:30 Besoek Fossielpark, Langebaanweg.
Witte Klip. Jan Helmisz se Projek .CSS *Alabama* (Oranjevlei)
11:00 Tee by Militêre Akademie.
11:30 Die Seegeveg van 1781. (T. Potgieter)
Die Briewe van Aagje Luijtens. (H. Scheffler)
Die Seegeveg van 1796. (T. Potgieter) 2de Wêreldoorlog:
Agste Swaargeskut Battery. Die anti-duikboot stelsel. (T. Potgieter)
Besoek Malgaskop.
13:00 Middagete in offisiersbak, SAS *Saldanha.* (Vlootgimnasium)
16:00 Keer terug langs Weskuspad. Praat onderweg oor *Slagtersveld*, buitepos *Ganse Kraal*, stranding van *Reijgersdal*, die laaste skeepsreis onder die VOC-vlag, Bokbaai, Boeing noodlandings, buitepos *Rietvalleij aan die Diepe Rivier* (olifante, Tulbagh en Woltemade), buitepos *Jan Biesjes Kraal*, buitepos *Paarden Eijland*, Held Woltemade. Fort Knokke, die Seelinie.
17:30 (ongeveer) Arriveer Kasteel.

* **Koste van Toer** vir lede en familie: R 590 per persoon.( Toerbus, Toegang Weskuspark, Ete Geelbek, Stigtingsdagete, St Helenabaai Hotel (bed en ontbyt, enkelkamers ekstra duurder), Toegang Fossielpark, Tee Militêre Akademie, Ete SAS Saldanha .)
* Ons voorsien 'n lêer met kopieë van illustrasies en historiese kaarte.
* Lid Thean het vir ons verskeie spesiale pryse beding, waarvoor hy ons dank verdien.
* Sommige lede dink dat ons vir 'n spesiale jaarlikse ete bymekaar behoort te kom. Goeie plan? Op hierdie toer beproef ons dit met ons eerste jaarlikse Stigtingsdagete op 20 Maart, by die Sea Trader Restaurant. (Die VOC is op 20 Maart 1602 gestig.)
***** Ons verwag van toergangers om 'n vrywaringsvorm te onderteken. Nie rook in bus.
***** Leesstof aanbeveel:
A.P. Roux: Die Geskiedenis van Saldanhabaai, St Helenabaai en Dasseneiland, 1652-1805. (M.A.-tesis, Stellenbosch, 1975).
S.A. Muller: Die VOC se Seinstelsel aan die Kaap, 1652-1795. (M.A.-tesis, Stellenbosch, 1992.)
D.Sleigh: *Die Buiteposte*. (Pretoria, 1993, 2005.)

**Opgrawing Texel**: Op die reede van Oudeschild op Texel het die Kompanjie se skepe twee eeue lank hulle voorraad en personeel aan boord geneem by vertrek, en by aankoms hulle vrag en personeel aan wal gestuur. Meeste van die inwoners was op een of ander wyse by die VOC se aktiwiteite betrokke. Nou, verlede jaar grawe boer Gerd Jan Roos in sy tuin, en kom af op 'n ou misput. Hy haal daaruit 'n groot aantal potte, glase, skottels, komme, parfuumflessies en ander erdewerk, alles in eersteklas kondisie, maar ook tientalle skoene en stukke kokosneut. (**Nederlandse Post**, Nov., 2004.) Wat sou dit alles beteken? Ek sien die geheimsinnige bestanddele van 'n stuk konkelwerk,
en waarskynlik 'n baie interessante storie, wat in die VOC-jare op Texel gepleeg is.
NS: Benewens ander interessanthede, is daar gereeld VOC-nuus in **Nederlandse Post.**

**Boekery:** Ons Stigting se groeiende versameling VOC-boeke is die afgelope dekade eers deur lid Karl Koperski en daarna deur lid Lungile Gadezweni bewaar, waarvoor die komitee baie dankbaar is. Om dit meer toeganklik vir navorsers te maak, het lid Natie Greeff aangebied om dit in die Militêre Museum se biblioteek te hou. U is welkom om dit te gebruik. Skakel vooraf die Militêre Museum. (tel. 787-1153 )

**Nuwe lede:** Ons verwelkom graag die nuwe lede, mev. E. Alma , dr E.Fenton en dr I Koelma, in die vertroue dat hulle lidmaatskap vir hulle en die Stigting tot wedersydse plesier en voordeel sal wees.

**VOC slaweskip *Leijdsman*:** Om 11:30 op Sat. 5 Februarie bied lid Piet Westra by Huis der Nederlanden in Pinelands, in samewerking met De Orde van de Prince, 'n praatjie met die titel '*Reis van die slaweskip* Leijdsman *na Madagaskar in 1715*.' Hy werk tans aan 'n boek oor die onderwerp, met ongeveer dieselfde

titel. Dit beloof om interessante nuwe lig op Kaapse slawerny te werp. Toegang gratis. Almal welkom. Koffie / Tee beskikbaar. Huis der Nederlanden het 'n groot versameling VOC-boeke.

**Heildronk:** Onthou om die nodige na die Algemene Jaarvergadering saam te bring, vir die heildronk en daarna. Wynglase word voorsien.

**Ledegeld:** Die Komitee het besluit om weer nie vanjaar die ledegeld te verhoog nie, en dit bly R50,00 vir die komende jaar. Hierby aangeheg is die gewone ledegeldvorm. Dit sal van groot praktiese nut wees as u dit asb.invul (met naam en enige veranderde inligting), en dit by die Algemene Jaarvergadering direk aan die tesourier, lid Natie Greeff, betaal. Anders, pos dit so spoedig moontlik aan Mnr. N. Greeff, Militêre Museum, Posbus 1, Kaapstad 8000. Enkele lede skuld nog hul ledegeld vir 2004. Handel asb. die saak af. Maak tjeks uit aan *Stigting VOC* of *VOC Foundation.*

*Behouwde Vaert*

D SLEIGH (Dr)
SEKRETARIS

RSVP Insake Algemene Jaarvergadering: Mnr L Gadezweni (tel. 464-1270 )

-------------------------------------------------------------------------------------

STIGTING VOC - VOC FOUNDATION - UMBUTHO VOC

My **ledegeld** van R50,00 vir 2005 is aangeheg. My **subscription** of R50,00 for 2005 is enclosed.
Agterstallig / Arrears: ------------

Van, voorletters, titel / Surname, initials, title: ----------------------------------------

* Het enige van die volgende verander / Did any of the following change?
Posadres / Postal address: ---------------------------------------------------------
---------------------------------------------------------
Tel:--------------- faks /fax: ------------------ e-pos /e-mail : ----------------------

FAKS AAN: Kdr. T Potgieter
VAN: D Sleigh (tel 531-4787)
DATUM: 15 Maart 2005
BLADSYE: Een

**PROGRAM: WESKUS - TOER**

**Saterdag 19 Maart 2005 :**

07:30 Vertrek van Kasteel ( Laat motors in militêre sekuriteitsgebied)
Weskuspad: '*Nieuw Haerlem*.' 'Slag van Blouberg, 1806.'
09:00 Die buitepos *Groene Kloof.*
10.:00 Buitepos *Klaver Valleij*. (Wynproe by Groote Post kelder. Duckitt se Graf)
11:30 Darling: (koop Kaap se beste biltong.)
Die Hildebrand-Gedenkteken.
Klipberg en die VOC se Seinstelsel.
12:00 Yzerfontein. Kalkoonde.
Dasseneiland en die Saldanhavaarders. (A.Roux )
13:00 Weskuspark. Geelbeksfontein. VOC-baken.
Middagete by Geelbek-restaurant.

14:30 Seeberg Uitsig
Buiteposte *Saldanha Baaij* I & II.
Die Portugese Kerkhof
17:00 Registreer by St Helenabaai Hotel.
18:30 Stigtingsdagete by Sea Trader Restaurant (Verwelkoming: Voorsitter)
21:30 St Helenabaai Hotel. Slaap oor.

**Sondag 20 Maart 2005 :**

07:30 St Helenabaai Hotel. Ontbyt.
08:30 Besoek die Fontein. Skip *Goude Buijs.* Buitepos *St Helena Baaij.*
09:30 Besoek Fossielpark, Langebaanweg.
Witte Klip. Jan Helmisz se Projek .CSS *Alabama* (Oranjevlei)
11:00 Tee by Militêre Akademie.
11:30 Die Seegeveg van 1781. (T. Potgieter)
Die Briewe van Aagje Luijtens. (H. Scheffler)
Die Seegeveg van 1796. (T. Potgieter) 2de Wêreldoorlog:
Agste Swaargeskut Battery. Die anti-duikboot stelsel. (T. Potgieter)
Besoek Malgaskop.
13:00 Middagete in offisiersbak, SAS *Saldanha.* (Vlootgimnasium)
16:00 Keer terug langs Weskuspad. Praat onderweg oor *Slagtersveld*, buitepos *Ganse Kraal*, stranding van *Reijgersdal*, die laaste skeepsreis onder die VOC-vlag, Bokbaai, Boeing noodlandings, buitepos *Rietvalleij aan die Diepe Rivier* (olifante, Tulbagh en Woltemade), buitepos *Jan Biesjes Kraal*, buitepos *Paarden Eijland*, Held Woltemade. Fort Knokke, die Seelinie.
17:30 (ongeveer) Arriveer Kasteel.

*Generale Missive*: Nuusbrief van die Stigting VOC
Newsletter of the VOC Foundation 2/2005

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met bewaring , opvoeding en kultuurtoerisme as doel. Dit is geregistreer as eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with conservation, education and cultural tourism as its aims. It is the registered owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*
**Skakel/*Contact***: Skakel/*Contact*: Mnr E. B. de Vries (Finansies, Lidmaatskap / *Membership, Finance.*) tel.: 021-851-3850 / boudewyn@mweb.co.za
**Webblad**: http://www-voc-kaap.org ; **e-pos**: vocinfo@voc-kaap.org

*Welaen Vrunden*

Hierdie is die tweede Generale Missive van die jaar. As u nie die vorige een gekry het nie, laat asseblief weet, dat ons kan kyk waarom dit nie aangekom het nie. Een of ander kommunikasie-gaping moet reggemaak word.

***'Memory of the World'* – status**: Op 6 April 2005 was ons komiteelede die gaste van die Kaapse Argief, waar 'n spesiale muurplaat onthul is om UNESCO se toekenning van '*Memory of the World'* - status aan die VOC dokumente wat daar geberg word, te vier. Die datum vir die geleentheid is goed gekies, en ek sal die persoon wat daarvoor verantwoordelik is, altyd dankbaar bly. By dieselfde okkasie het ek aan konsul E Berends-Vergunst , die Nederlandse konsul-generaal, genoem dat soortgelyke en baie kosbare VOC –dokumente ook op ander plekke buite die Argief bewaar word (byv. die Aktekantoor, Kaapstad) waar dit nie na status of waarde behandel word nie. Ek het die hoop uitgespreek dat die beveiliging van die dokumente aandag sal geniet, en die gesprek opgevolg met 'n brief.

**Nuwe projek:** By 'n vergadering van die bestuur op 22 Junie het die Komitee besluit om die beskerming van bogenoemde VOC- dokumente buite die Kaapse Argief te ondersoek en te bevorder. Dit is 'n onderneming van buitengewone grote, maar dit ons Stigting se plig.

**Konsul E. Berends-Vergunst** het intussen haar termyn voltooi en vertrek binnekort hiervandaan na haar volgende pos, Kiev. Ons beste wense vergesel haar, met die Stigting se dank vir haar belangstelling in ons aktiwiteite.

**Weskus Toer:** Lede wat nie saam op die eerste Weskustoer was nie, het seker al van die sowat 50 toergangers gehoor of hulle dit geniet het. Ons doen dit weer, oor die naweek van 13 en 14 Augustus. Daar is nog een of twee plekke op die bus beskikbaar, en ek raai u aan om vir Voorsitter Piet te bel (tel. 531- 3602 ) of dit per e-pos te bespreek, by <pietwestra@ebucksmail.co.za.> Dit sal ons laaste toer na daardie omgewing wees, vir 'n jaar of drie. Intussen styg alle pryse. Lede of vriende wat bespreek het, en nog nie die bedrag van R 750,00 betaal het nie, word gevra om dit so gou as moontlik te doen. (Stigting VOC, ABSA Bank, Takno. 632005, Spaarrek. no. 0558162260.) of stuur 'n tjek aan ons penningmeester (N. Greeff, Militêre Museum, Kasteel, Posbus 1, Kaapstad 8000.) Die organisasie van die toer is 'n spanpoging, en ons waardeer veral die moeite van Thean aan die Weskus-kant en Piet aan die Kaapse kant. Die twee toere is 'n fonds-insamelings pogings ten bate van ons Stigting. Net terloops: in die drie jaar van Piet se voorsitterskap het ons ledetal amper verdubbel.

(**Naskrif van Piet:** Sonder ons Sekretaris sou die toere nie plaasgevind het nie. Dan dra sy kennis van die omgewing op 'n interessante manier oor, en ons is bly dat hy weer saamgaan.)

Nog 'n lid om te bedank, is **Dirkie Neethling,** wat 'n aantal rare eksemplare uit sy versameling **VOC-kiste** na die Kasteel toe gebring het, om aan ons te wys. Daar was onder andere 'n seemanskis, 'n

soldatekis en ’n amptenaarskis, en almal met die Kompanjie se *tjap* gebrandmerk. Vir meeste lede was dit die eerste sien van die rariteite, wat later voorvaderlike wakiste, gereedskapkiste en kombuiskassies geword het. Baie dankie, Dirkie, mev. De Vries, wat die storie vertel het, en mnr. De Vries, wat met die vervoer gehelp het.

**VOC-Funksies:** Teken asb. die volgende funksies aan, en maak dit so wyd as moontlik bekend. Almal is welkom.
a) Om 10:30 op Saterdag 20 Augustus by Huis der Nederlanden in Pinelands: *Die Aansig van Kaapstad in die VOC-tyd. (* ’n Skyfievertoning deur D.Sleigh.)
b) Ons is uitgenooi om vanjaar weer deel te neem aan Hoërskool Jan van Riebeeck se kultuurfees, in die eerste week van September, 2005. Dit is vir liefdadigheid, dus sal daar seker iets te betaal wees. Ons onderwerp is: *Plekname uit die Kompanjietyd.* Hou asb. *Die Burger* dop vir die volle program.
c) Ons jaarlikse **Anna Böeseken-gedenklesing,** word vanjaar gelewer deur Prof Herman Giliomee, oor die onderwerp *‘Onbekende figure en faktore uit die Kompanjietyd en daarna.*’ So ’n kriptiese titel wek die aptyt. Lid Jan Visagie wat die portefeulje hanteer, sorg altyd vir ’n besondere spreker. Tyd en datum: 10:30 op Saterdag, 15 Oktober 2005. Plek: Huis der Nederlanden, Pinelands.

**Akademiese komitee:** By die vergadering op 22 Junie het lid Con de Wet van ons akademiese komitee ’n voorlopige uiteensetting gegee van die inhoud van ’n boek oor die VOC se doene en late in Suidelike-Afrika, waaraan ons op die oomblik aandag gee.

**Nuwe lede:** Ons verwelkom graag (alfabeties) as nuwe lede, Prof J. (Kay) de Villiers, mnr Dirk Lub en mev. T Mets, en hoop dat hulle verbintenis met die Stigting lank en gelukkig sal wees.

**Ledegeld:**Die Tesourier vra dringend dat lede wat nog nie vanjaar hulle R50, 00 ledegeld aangestuur het nie, dit asseblief so spoedig moontlik sal doen, sodat hy sy boeke kan balanseer. Sy posadres is: Mnr N Greeff, Militêre Museum, Posbus 1, Kaapstad 8000. Ons bankbesonderhede verskyn hierbo. Sorg asseblief dat hy u naam saam met die betaling kry, anders lyk dit na ’n anonieme donasie.

Ons verneem dat **Dr C de Jong** van Pretoria op 18 Mei oorlede is. Dr De Jong se interessante artikels oor die Nederlandse kolonies wat deur die Oos-Indiese Kompanjie in Indië en Indonesië, en deur die Wes-Indiese Kompanjie in Suid-Amerika en Wes-Indië gestig is, het in verskeie tydskrifte verskyn. Dit is vir ons, as geskiedenis-entoesiaste, ’n groot verlies.

**Sonbril gevind**: ’n Sonbril van goeie kwaliteit met geelbruin glase is by ons vorige vergadering in die Kasteel agtergelaat. Sal die eienaar my asseblief daaroor bel, dat ons dit kan terug besorg?

**Verspreiding van historiese inligting:** Die twaalfde en laaste aflewering van lid Leon Hattingh se reeks oor Slawerny in die algemeen en die VOC se betrokkenheid in besonder, het verlede naweek in *WoonBurger* verskyn. In dieselfde tydskrif was vroeër ’n artikel van lid George Hofmeyr oor Grahamstad, wat geteiken word in die regering se naamveranderingsprogram. Lid Kay de Villiers lewer by die AJV van die Stigting Simon van der Sel op 20 Augustus, ’n praatjie oor skeurbuik en ander skeepssiektes - belangrike oorsake van die VOC se besluit om hier ’n skeepsdiensstasie te stig. Dit is goed om te sien, en te lees, hoe aktief ons lede is op die gebied van die verspreiding van historiese inligting. ’n Ondersoek van die Geskiedenis-leerplanne vir skole wys hoe nodig dit geword het. As ander lede daarmee besig is, verneem ons graag van u werk. N.S. van Piet: Ons Sekretaris het twee artikels in *Die Burger* gepubliseer oor die name van die Kaapse inboorlinge.

*Behouwde Vaert!*

D SLEIGH
SEKRETARIS

*Generale Missive*: Nuusbrief van die Stigting VOC
Newsletter of the VOC Foundation 3/2005

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met bewaring , opvoeding en kultuurtoerisme as doel. Dit is geregistreer as eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with conservation, education and cultural tourism as its aims. It is the registered owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*
**Skakel/*Contact***: Skakel/*Contact*: Mnr E. B. de Vries (Finansies, Lidmaatskap / *Membership, Finance.*) tel.: 021-851-3850 / boudewyn@mweb.co.za
**Webblad**: http://www-voc-kaap.org ; **e-pos**: vocinfo@voc-kaap.org

*Welaen Vrunden!*

**AJ Böeseken Gedenklesing**
Teken dit aan: Die jaarlikse AJ Böeseken-gedenklesing vind plaas om 10:30 op Saterdag 15 Oktober 2005 by Huis der Nederlanden , Sentraalplein, Pinelands. Die spreker is prof. Herman Giliomee en sy tema is *'Interessante Persone in die SA Geskiedenis.'* Lid Jan Visagie, wat die portefeulje hanteer, kies elke jaar 'n spreker van formaat, waarvoor ons hom dankbaar is. Prof. Giliomee se status as historikus is welbekend, en ons Stigting is bevoorreg om 'n oggend saam met hom deur te bring. Met dié lesingreeks bring ons hulde aan dr A.J. Böeseken, wat as historikus, argivaris en redakteur baanbrekerswerk oor die VOC-tyd in Suid-Afrika gedoen het.

**Dank aan Toergangers**
Die bestuur kyk terug na twee suksesvolle VOC-toere na die Weskus in Maart en Augustus vanjaar. Ons het al dié bedank wat by die reëlings betrokke was, maar 'n belangriker groep mense wat regstreeks vir die sukses verantwoordelik was, is die ongeveer 120 toergangers. As ons na die naamlyste kyk, sien ons 'n gemeenskaplike faktor wat '**kwaliteit'** genoem word. Ons bedank u graag vir die vriendskaplike gees, aangename geselskap, spontane deelname aan elke faset, en hoe u self die program vlot en op dreef gehou het. Ons het nuwe vriende gemaak en nuwe lede gewerf. Een van ons oogmerke was om 'n bietjie werkskapitaal vir die Stigting in te samel, en dit kon ons ook regkry. Hartlike dank aan u almal.

**Toer na Overbergse buiteposte?**
Ons ondersoek die moontlikheid om in Maart 2006 'n bustoer te onderneem na die VOC se buiteposte en ander plekke in die Overberg waar die VOC-vlag gewaai het. Ons sal waarskynlik twee nagte onderweg oorbly, en op een van die twee aande ons jaarlikse Dinee hou. Dink solank daaroor?

**Silwer Medalje**
Die jaar gaan einde toe, en dit is tyd om te verneem of lede 'n kandidaat wil benoem as ontvanger van ons Stigting se Silwer Medalje. Dit is laas in 2002 toegeken. Die medalje van suiwer silwer, met 'n VOC-skip op die kruiskant en ons Stigting se logo op die muntkant, word toegeken aan 'n persoon wat die Stigting se doelstellings (Bewaring en Opvoeding t.o.v. VOC-sake) bevorder. Lewenslange ere-lidmaatskap gaan daarmee saam. As u 'n kandidaat wil nomineer, hoef u net 'n kort skriftelike motivering aan die Voorsitter te gee. (Dienende komiteelede kom nie in aanmerking.)

**Nuwe lede**
Ons verwelkom graag (alfabeties) die volgende lede wat sedert ons vorige nuusbrief aangesluit het: Mev A.S. de Vries, mnr E.B. de Vries, prof. H.F. Jordaan, dr W.D.F. Malherbe en prof. W.J. Verwoerd. Ons hoop dat u verbinding met die Stigting VOC lank, gelukkig, interessant en tot wedersydse voordeel sal wees.

Ledegeld: 'n Nuwe rekord!
Teken dit aan: Nuwe rekords is meesal van positiewe aard en iets om oor bly te wees, maar ons Stigting sit vanjaar met 'n nuwe rekordgetal van agtien lede wat nog nie hulle ledegeld vir 2005 betaal het nie. Dit

is ongeveer een kwart van al ons lede. U mag vergeet het, maar die Stigting VOC kan ongelukkig nie bekostig om dit te vergeet nie, want ons het vanjaar reuse-uitgawes aangegaan, en stuur dus hiermee 'n vriendelike versoek uit om asseblief u jaargeld van R50,00 vir 2005 so spoedig moontlik te betaal, op een van die volgende maniere: 1) 'n Kontantbedrag bestem vir die Penningmeester, oorhandig aan enige lid van die Uitvoerende Komitee by die eerste die beste geleentheid. 2) 'n Tjek aan die Stigting VOC, gepos aan penningmeester Mnr N Greeff, Die Kasteel, Posbus 1, Kaapstad 8000.

**Die VOC op posseëls**

Op die agterblad van *Nederlandse Post* van April 2005 was 'n artikel getitel '*De VOC uitgebeeld in Postzegels*,' deur Adri Zandbergen, kleurvol geïllustreer met afdrukke van 10 internasionale seëls met die VOC as tema. Hiervan is vier uit Nederland, twee uit Australië, en een elk uit Nieu-Zeeland. Japan, Ciskei en Suid-Afrika. Al die afbeeldings is natuurlik van raai wat? en is soos te wagte besonder mooi seëls. Ek hou die bladsy in bewaring ingeval 'n posseël-entoesias daarna wil kyk, en wil u, wat nie intekenaars is nie, aanmoedig om in te teken op hierdie interessante koerant waarin dikwels VOC-nuus verskyn, by *Nederlandse Post*, Posbus 526, Fourways 2055.

**Drie projekte**

Ons drie take vir 2006 is (a) 'n Monument vir Wolraad Woltemade, (b) Die boek *Geskiedenis van die VOC in Suid-Afrika,* (c) Beskerming van VOC-dokumente buite die Kaapse Argief. Dit is sake van gewig en belang, presies die soort duursame projekte waarvoor ons Stigting in die lewe geroep is. By ons Algemene Jaarvergadering in Januarie 2006 word dit breedvoerig bespreek.

*Behouwde vaert!*

D SLEIGH
(SEKRETARIS)

ONTHOU DIE ***MARKT der LAGE LANDEN*** OM **10:00** OP **SAT. 22 OKT.** BY **HUIS der NEDERLANDEN, PINELANDS:** HOLLANDSE KAAS, HARING, ANTIEK, KROKETTE, NASI GORENG, WIT OLIFANT, BOEKEMARK ENS., ENS., TEN BATE VAN BEHOEFTIGE KAAPSE NEDERLANDSSPREKENDES.

**Generale Missive**: Nuusbrief van die Stigting VOC
Newsletter of the VOC Foundation 1/2006

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met bewaring , opvoeding en kultuurtoerisme as doel. Dit is geregistreer as eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with conservation, education and cultural tourism as its aims. It is the registered owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*

**Skakel/*Contact***: Skakel/*Contact*: Mnr E. B. de Vries (Finansies, Lidmaatskap / *Membership, Finance.*) tel.: 021-851-3850 / boudewyn@mweb.co.za
**Webblad**: http://www-voc-kaap.org ; **e-pos**: vocinfo@voc-kaap.org

---

*Welaen Vrunden!*

Ons wens al ons lede 'n gelukkige nuwe jaar toe, en hoop om u almal by ons eerste vergadering van die jaar te sien, waar inligting oor ons program van lopende en komende aktiwiteite bekend gemaak word.

**Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering.**

Die Stigting se Twaalfde Algemene Jaarvergadering vind plaas op:
Datum: Woensdag 1 Februarie 2006.
Tyd : 17:00 (Vyfuur.)
Plek: Lesingkamer, Sekundeshuis, Kasteel de Goede Hoop. (Parkering: Uit Darlingstraat, oor die grag, parkeer tussen bastionne Leerdam en Oranje.)

Agenda:
1. Verwelkoming.
2. Apologie vir Afwesigheid ontvang.
3. Notule van Vorige Algemene Jaarvergadering. (Sien bylae A)
4. Voorsitter se Jaarverslag. (Sien bylae B)
5. Staat van Finansies. (Sien bylae C)
6. Verkiesing van Bestuur vir 2006.
7. Kommersiële sake: Bemarking van Logo.
8. Toer na die Overberg.
9. Projekte vir 2006.
10. Ander sake. (Gee vooraf kennis aan Voorsitter of Sekretaris.)
11. Afsluiting.
12. Heildronk, '*Huis van Oranje!*'

**Uit met die oue, in met die nuwe:** Verskeie lede van die uitvoerende bestuur het kennis gegee van hulle voorneme om uit te tree. Hulle is P. Westra (Voorsitter; na 3 jaar diens) en H. Scheffler (Vise-voorsitter), N. Greeff, (Tesourier) en D. Sleigh (Sekretaris), almal na 11 jaar diens. Die oogmerk van die besluit is, omdat verjonging en vernuwing noodsaaklik is vir gesonde groei en ondernemingsgees, en om meer lede 'n kans te gee om diens aan die Stigting te lewer en hulle vermoëns en toewyding te wys. Ons bedank hulle graag vir goeie en onselfsugtige diens en moedig al ons lede aan om nou vorentoe te kom en die bestuur vir 'n jaar of twee met hulle talente en geesdrif te verryk. Die werk is interessant, nooit moeilik nie en altyd aangenaam. Vakatures bestaan vir die vier poste; as een van bogenoemde vier hul weer beskikbaar stel moet dit vir 'n ander amp wees.

Daarbenewens het ons enkele kundige en ervare spesialiste in belangrike portefeuljes, wat hulle hopelik herkiesbaar sal stel, naamlik (alfabeties): C. de Wet (Algemene redakteur, boek in wording:'*Die VOC in SA*,'), L. Gadezweni (Lokaal en Fasiliteite), G. Hofmeyr en W. Steenkamp (Media), G. Hofmeyr en D. Sleigh (Woltemade-gedenkteken) L. Hattingh en D. Lub (VOC Logo), H. Scheffler (Maritiem) en J. Visagie (AJ Böeseken-gedenklesing). Vrywilligers is welkom.

**Nuwe lede:** Ons verwelkom graag, sedert ons vorige Nuusbrief, as ere-lid, die heer Rob Bosscher, Nederlandse Konsul-Generaal in Kaapstad, en as lede mev. Rina Landman, mnr Marius van Zyl en mnr Nico Walters. Ek hoop dat u verbintenis met die Stigting VOC lank, aangenaam en verrykend sal wees.

**'Caemer die Haghe':** Daar bestaan in Den Haag 'n Stigting soortgelyk aan ons s'n, maar veel ouer. Om hulle kamer mee te identifiseer, gebruik hulle die naam 'Caemer die Haghe' en die letters 'DH' by die VOC-logo, soos ons die letter 'C' gebruik. Hulle funksionarisse heet '**HHH**,' lede heet '*participanten,'* en hulle korrespondeer in die 17de eeuse Nederlands wat ons ken uit argivale dokumente, en sal byv. '*VOC-cijpher'* in plaas van 'VOC-logo,' skryf. Voor die oorlog (2de W.O.) het daar ook Kamers bestaan in Batavia (nou Jakarta) en Monte Carlo. Deur bemiddeling van lid dr IW Koelma het ons 'n boek met Caemer die Haghe se geskiedenis ontvang, wat ons graag aan u sal beskikbaar stel. Dit strek meer as *sestig?* jaar terug en bevat interessante berigte, foto's wat geneem is by dinees en kransleggings ens., asook 'n alfabetiese lys van lede se name, van die begin af tot nou, met voorname, titels, beroep, datums van aansluiting en uittrede, funksies in die kamer, ens. (Hierdie boek is iets wat ons hulle behoort na te doen, terwille van die rekord en vir die inligting van komende geslagte.) Een van die stigterslede was die bekende Stellenbosse historikus prof. EC Godèe-Molsbergen. Soos by ons, is almal wat in VOC-geskiedenis belangstel, welkom om lede te word. 'Caemer die Haghe' hou, soos ons ook, jaarliks op 20 Maart hulle Stigtingsdag-dinee in formele drag, waarheen 'n eregas genooi word. Ander gesellige dineurs en borrels word gereël, soms met joffers en soms sonder hulle, daarbenewens besoek hulle as groep interessante plekke soos die skip *Amsterdam* of die Maritieme Museum. Hulle ledegeld is **HHH** (ongeveer R **HHH** ) per jaar

Ek het ter kennismaking 'n lang brief met die groete van ons lede aan hulle geskryf en hoop om weer van hulle te hoor. Neem in ag, dit duur vyf of ses maande vir pos van die Kaap tot Texel.

**Overberg toer:** Tydens ons toer na die Kompanjie se buiteposte aan die Weskus het lede gevra dat ons ook die Overbergse buiteposte besoek. Dit lyk na 'n eersteklas plan, en ons wil graag met voorbereidings begin. Vir dié groot organisasie is 'n komitee nodig; Voorsitter Piet wat die twee Weskus-toere gereël het is nie weer beskikbaar nie. Ons sal waarskynlik drie dae (Vrydag 24 – Sondag 26 Maart) op pad wees en twee nagte onderweg oorslaap. Die besoekpunte is Bredasdorp, Elim, Struisbaai, die gewese buiteposte *'t Warme Bad, Ziekenhuis, Zoetemelks Valleij, Tijgerhoek, Riet Valleij aan de Buffelsjagtrivier* en die drostdy Swellendam. Die Saterdagaand is bestem vir Swellendam en ons jaarlikse Stigtingsdag-dinee, wat die oorhandiging van ons Silwer Medalje sal insluit. Bel asseblief vir Piet ( 531- 3602) om u hulp aan te bied en voorlopig plek te bespreek.

**VOC-wynglase:** Ons het 'n bestelling geplaas vir 'n aantal wynglase, in twee verskillende groottes en vorms, met ons embleem of kenteken versier. Daar is glase met lang stele teen ongeveer **HHH** elk, en ander teen **HHH** elk. Hulle sal waarskynlik in pakkies van drie (van dieselfde soort) by die jaarvergadering te koop aangebied word. Bring asseblief 'n paar rand daarvoor saam? Die voorraad is beperk. Ons hoop om 'n klein inkomste vir ons Stigting te maak, maar wat baie meer belangrik is (daarom druk ek dit in vet swart letters), **wetlik moet ons met ons handelsmerk handel dryf om dit te behou,** want 'n GAT (Groot Australiese *Tycoon*) wil ons handelsmerk insluk. Dit klink soos nare fiksie, maar is ongelukkig werklikheid, en ons enigste verweer is dat ons dit self wil gebruik en van die inkomste afhanklik is. Ons is nie handelaars nie maar 'n bewaringsliggaam, ons skuld die prokureurs wat ons saak behartig reeds etlike tienduisende, en vra u dus om ons poging te ondersteun. As dit suksesvol is, sal ons nog glase en ander bruikbare voorwerpe met ons VOC-logo bestel en te koop aanbied.

Die volgende drie nuusbrokkies uit die blad '*Windmill Herald*' van die Nederlandse gemeenskap in Kanada, is deur mnr. H Riddering aan my gestuur:

**Film *'Ocean's Twelve'* en die VOC:** Die (Hollywood) film *'Ocean's Twelve'* wat in 2001verskyn het, gaan oor die skurk Danny Ocean en sy bende van twaalf wat saamsweer om kosbare voorwerpe uit 'maklike' kluise in Parys, Rome en Amsterdam te lig. Die Amsterdamse artefakt is die wêreld se oudste aandele-sertifikaat, uitgereik deur die VOC se Kamer Amsterdam op 27 September 1606, aan (ek probeer

dit van 'n klein foto'tjie lees) … Augusta Hoex? Die storie is gebaseer op 'n werklike, onopgeloste roof in die 1980's toe die sertifikaat uit die Amsterdamse Stedelike Argief gesteel en aan 'n Duitse handelaar verkoop is. Die dief is nooit gevang nie, die Argief kan nie eienaarskap bewys nie en die Duitser beweer sy aankoop was wettig en weier om dit terug te gee. Hy wil ongeveer 60 000 dollars daarvoor hê en die Argief kan of wil dit nie betaal nie. Daar bestaan nog twee ander aandele-sertifikate van die VOC; een in die Stedelike Argief van Leiden, en die ander by die Amsterdamse Aandelebeurs.

**Die VOC Hospitaal in Colombo** uit die 18de eeu**,** met sy rooi pandak, ruim binnehof, oordekte stoepe en tuin, wat as 'n hotel herbou en ingerig sou word, is deur die regering van Sri Lanka tot nasionale monument verklaar en sal gebruik word as 'n kultuursentrum.

**Skade aan VOC-geboue en artefakte in Sri Lanka:** die tsoenami wat Sri Lanka op 26.12.2004 met groot lewensverlies en skade getref het, het VOC-geboue en artefakte beskadig, maar die groot fort by Galle op die suidweskus het ook lewens gered. Galle was een van sewe Kompanjie-poste op die kus van die destydse Ceylon, die Kompanjie se bron van kaneel, kalk en ivoor. Die ander poste was Jaffna, Trincomalee, Mannar, Batticaloa, Matara en Colombo (setel van die Goewerneur). Elke pos het ook 'n aantal buiteposte gehad. Stad Galle met sy historiese kasteel en mure is in 1988 deur UNESCO tot Wêreld-erfenisgebied verklaar. Die VOC het die kasteel in 1663 op die fondamente van 'n ouer Portugese fort gebou; die vesting met veertien bastionne beslaan 36 hektaar. Die fort se mure van meer as 15 meters dik en 10 meters hoog het die tsoenami se krag weerstaan en meer as 3500 mense wat daaragter woon se lewens gered, maar die tsoenami het 'n span marine-argeoloë wat die oorblyfsels van die VOC-skip *Avondster* (gesink 1659) in die baai ontleed, se werkswinkels, pakhuise en geredde artefakte verwoes. Die wrak self is waarskynlik verwoes of toegespoel. [NS:'n Besonder interessante en ryklik-geillustreerde geskiedenis van Jan Kompanjie in Galle (en in Sri Lanka oor die algemeen) vind u in L. Wagenaar: *Galle. VOC-vestiging in Ceylon.* Amsterdam, 1994.]

**Gelukwensings:** Twee van ons veteraan-lede wat gelukwensinge verdien is:

> **Gawie Fagan**, vir nog 'n moeilike, kompeterende seiljagresies (Kaapstad tot Bahia in *Suidoos II* ; uitslag nog nie bekend nie ) en vir die nuwe boek '*Twenty Buildings,'* oor twintig Kaapstadse geboue wat hy gedurende sy loopbaan ontwerp het, en
> **Willem Steenkamp,** vir sy groot aandeel in die reëlings vir 'n aanskoulike en luidrugtige herdenking van die Slag van Blouberg in 1806, bygewoon deur diplomate van o.a. (alfabeties) Frankryk, Groot-Brittanje, Indonesië en Nederland, die Wes-Kaapse Premier en 'n groot en waarderende skare. Wel gedaan, vriende! Dit is 'n wonderlike voorbeeld om te volg.

As u hoor van ander lede wat presteer, laat asseblief die Sekretaris weet, dat ons die nuus versprei?

**Heildronk.** Nadat die Voorsitter die Vergadering sluit, is daar 'n pouse om lede kans te gee om vir die heildronk gereed te maak. As almal gereed is, stel hy die heildronk in op die Huis van Oranje. Bring asseblief self die nodige gereedskap, bestaande uit 'n glas en iets om daaruit te drink, saam. Na die heildronk is nog ongeveer 'n halfuur oor om gesellig saam te verkeer, glasies te klink, u ledegeld vir 2006 te betaal (die Penningmeester sit gereed met sy kwitansieboek) en van ons nuwe VOC-glase te koop.

**Ledegeld onveranderd.** Vir die derde jaar opeenvolgend sal daar geen verhoging in ledegeld wees nie, hoofsaaklik omdat ons nie meer die Nuusbriewe foto-kopieër en uitpos nie, maar die Voorsitter dit op eie koste d.m.v. e-pos versprei. Dit bly dus op R50, 00 (vyftig rand) staan. Nogtans benodig ons elke lid se bydrae, en om dit vir u
en ons en veral vir die penningmeester maklik te maak, vra ons u om asseblief die onderstaande vorm in te vul en dit saam met u R50, 00 by die vergadering aan die penningmeester te gee. Terselfertyd bied die vorm vir u kans om kennis te gee van adresveranderings, ens. NB: As u nie kan onthou of u al vir 2005 betaal het nie, bel asb. ons Penningmeester Natie Greeff by 787-1153 (kantoorure) om seker te maak.

*Behouwde Vaert!*

D. SLEIGH
SEKRETARIS
✂-------------------------------------------------------------------------------------------
*STIGTING VOC: LEDEGELD 2006*

Naam:------------------------------------------------------------------------------------------
Adres (indien verander):------------------------------------------------------------------
-----------------------------------------------------------------------------------------------
---------------------------------------------------------------Kode--------------------------
Tel.:-------------------------------------------
Faks:------------------------------------------
e-pos: ----------------------------------------

Die bedrag van R………………….is aangeheg, bestaande uit:
[ ] R50,00 vir ledegeld, 2006. [ ](R100,00 vir agterstallige ledegeld 2005, 2006)
[ ] R……………., donasie. (Skenkings is welkom en word opreg waardeer.)

Bylae A:

NOTULE: ALGEMENE JAARVERGADERING GEHOU OP 26 JANUARIE 2005.

Teenwoordig: P. Westra, H. Scheffler, D. Lub, W. van Zyl, D. Neethling, J. van der Merwe, C. de Wet, A. Roux, L. Hattingh, J. Hattingh, B. de Vries, A. de Vries, M. van den Berg, M. van der Westhuizen, I. Koelma, G. Hofmeyr, M. Potgieter, Gwen Fagan, Gawie Fagan, W. Steenkamp, D. Sleigh.

Verskoning vir Afwesigheid: J. Visagie.

---

1. Die Voorsitter verwelkom alle aanwesiges, en veral nuwe lede wat die eerste keer die Jaarvergadering bywoon.
2. Die Notule van die vorige vergadering, wat ter kennisname versprei is, word sonder wysiging aanvaar.
3. Die Voorsitter gee verslag van die vorige jaar se aktiwiteite, wat verskeie openbare lesings oor VOC-onderwerpe insluit, ’n groei van ongeveer 30 % in die ledetal oor die vorige jaar, die finale afronding van ons Grondwet, en ’n nuwe formaat vir die Finansiële Staat. Mnr S. Nieuwoudt het sy diens gratis aangebied om die staat in sy nuwe vorm te kry. Die Voorsitter se Jaarverslag word aanvaar.
4. Die Finansiële Verslag vir 2004 word voorgelê. Die Penningmeester verduidelik enkele navrae oor beleggings. Die Verslag word aanvaar.
5. Verkiesing van Bestuur: Die Voorsitter verduidelik die nuwe prosedure om ’n Bestuurskomitee saam te stel, dat die aanwesiges sewe verteenwoordigers voorstel en kies, en dat die gekose verteenwoordigers self die ampte van Voorsitter, Onder-voorsitter, Sekretaris, Penningmeester en drie bykomende lede tussen hulle toeken. Voorstelle vir bestuurslede word gevra. Die lede wat benoem word is P. Westra, H. Scheffler, D. Sleigh, N. Greeff, L. Hattingh, W. Steenkamp, G. Hofmeyr. Verskeie lede met jarelange diens gee kennis dat hulle aan die einde van die volgende termyn die ampte wil neerlê, omdat vernuwing en verjonging noodsaaklik vir gesonde

voortbestaan is. Lid B. de Vries stel voor dat die helfte van die komiteelede jaarliks uittree. Dit word aanvaar.
[Op die eerste komiteevergadering op 8 Februarie 2005 word die ampte as volg verdeel: P. Westra (Voors.), H. Scheffler (Onder-Voors.), D. Sleigh (Sekr.), N. Greeff (Tes.), en bykomende lede L.Hattingh (Logo), W. Steenkamp en G . Hofmeyr (Media). Die volgende lede word versoek om deel van die komitee te word: L. Gadezweni, D. Lub, T. Potgieter.]

6. Logo: L. Hattingh verduidelik die *status quo* ten opsigte van die Logo. Die VOC-monogram is in ’n aantal kategorieë (wyn en spiritualië uitgeslote) as ons handelsmerk geregistreer. Die Australiese maatskappy Voyager Estates het aangesoek gedoen op registrasie van die logo in hulle naam , t.o.v. Wyn-etikette sowel as op die ander kategorieë waarin ons self geregistreer is, omdat ons nie die logo gebruik om mee handel te dryf nie. Ons prokureur sal met hulle probeer skik. In die tussentyd moet ons met die logo probeer handel dryf. Lid D. Lub bied aan om hiermee behulpsaam te wees.
7. Weskus Toer: Die Voorsitter maak bekend dat die Stigting ’n opvoedkundige toer beplan na die gebiede aan die Weskus waar die VOC aktief was. Die doel is hoofsaaklik om fondse vir die Stigting te bekom. Hy sal dit organiseer maar vra die hulp van almal wat moontlik kan. Lede wat hulle name opgee en ’n deposito van R100,00 betaal sal verdere inligting ontvang. Lid D. Lub stel voor dat ons die Toere as ‘handeldryf met die Logo’ bemark.

8. Program 2005: Voorstelle vir ander aktiwiteite gedurende die jaar is besoeke aan die uitstalling van historiese kanonne deur Finlayson en Copoolse, aan die historiese plaas *Libertas* en aan die Mercedes-Benz Versameling van VOC- artefakte.
Die Sekretaris onderneem om laasgenoemde voorstel op te volg. [Die Versameling is deur dr A Rupert gekoop; dit word in ’n private woonhuis bewaar en is om sekuriteitsredes nie vir besoekers oop nie.]
7. Ander sake: Lid W. Steenkamp stel voor dat die Stigting sy belangstelling en aktiweiteite uitbrei om die Bataafse Tydperk (1803-1806) in te sluit. Die Voorsitter stel voor dat vir bespreking aan die inkomende bestuur oorgelaat word. [Die Komitee besluit op sy vergadering van 8 Februarie 2005 om aangeleenthede rakende die Bataafse Tyd so ver as moontlik te ondersteun, sonder wysigings aan ons Grondwet, Logo of Naam.]
8. Heildronk: Die Voorsitter stel voor dat die tradisionele heildronk op die Huis van Oranje staande gedrink word, waarna die vergadering sal sluit en die informele program begin.

---

Voorsitter se Jaarverslag
Inspireer hulle. Gee goeie nuus. Sit nog interessante goed by.

---

1) 22 Nuwe lede in 2005 verwelkom (alfabeties, titels weggelaat: E. Alma, C. Beyers, K.deVilliers, A.de Vries, B. de Vries, E. Fenton, J. Hattingh, H.Jordaan, A. Keukelaar, R. Klinkert, I Koelma, R. Landman, D. Lub, W. Malherbe, T. Mets, T. Potgieter, E. Rode, M. van Zyl, W. Verwoerd, N. Walters, G. Wiechers, G. Wittenburg.)
2) Komiteelede is gaste by onthulling van gedenkplaat in Kaapse Argief ter herdenking van Unesco se toekenning van Memory of the World-status aan VOC dokumente. Oorspronklike aanbeveling daarvoor van ons Stigting, gerig aan Ned. Konsul, Kaapstad.
3) Projekte vir die Jaar 2005: Besluit op a) Produseer boek *Gesk. vd VOC in SA,* 2) n Monument vir Wolraad Woltemade 3) Kry Unesco status en beskerming vir VOC-dokumente buite Kaapse Argief.
4) Lesingreeks: 1) D. Neethling en A. de Vries: *VOC-kiste vir soldate, matrose en amptenare.* 2) D. Sleigh: *Die Aansig van Kaapstad in die VOC-tyd* 3)H. Giliomee: *Onbekende figure uit die VOC-tyd.* 4) D. Sleigh: *Plekname uit die VOC-tyd in die WesKaap.*

5) Geskrewe: L Hattingh: Twaalfdelige artikelreeks oor Slawerny, in *WoonBurger*; D. Sleigh: Twee artikels oor die benamings Khoi, San, Khoisan , ens. in *WoonBurger*.
6. Twee Weskustoere, twee dae elk. Bedank organiseerders en deelnemers.
7. Besluit jlx Stigtingsdag-ete. Eerste keer op St Helenabaai.
8)Voorstelle gevra vir ontvangers Silwer Medalje. Twee verdienstelike gevalle genomineer. Wag op hulle reaksie.
9) Finansies: Verslag apart ingedien. Klein wins uit toere, groot onkoste aan prokureurs i.s. Australiese teenkanting teen ons logo.

---

*Generale Missive*: Nuusbrief van die Stigting VOC
Newsletter of the VOC Foundation 2/2006

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met bewaring , opvoeding en kultuurtoerisme as doel. Dit is geregistreer as eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with conservation, education and cultural tourism as its aims. It is the registered owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*

**Skakel/*Contact***: Skakel/*Contact*: Mnr E. B. de Vries (Finansies, Lidmaatskap / *Membership, Finance.*) tel.: 021-851-3850 / boudewyn@mweb.co.za
**Webblad**: http://www-voc-kaap.org ; **e-pos**: vocinfo@voc-kaap.org

---

*Welaen Vrunden!*

Na ons suksesvolle Algemene Jaarvergadering op 1 Februarie 2006 is die volgende bestuur gekies: Prof. L. Hattingh (Voorsitter), mnr G. Hofmeyr (vise-voorsitter) D. Sleigh (sekr.) mnr P Westra (lede-sekretaris), mnr J. van der Merwe (tesourier), dr C de Wet (lid), kdr T Potgieter (lid). Bykomende lede: dr H Scheffler, mev A de Vries, mnr D Neethling, mnr L Gadezweni.

Ons sal u ná die volgende komitee-vergadering oor die funksies en portefeuljes inlig.

Hoog op ons sakelys is ons **toer na die VOC se poste in die Overberg**, en ons jaarlikse **dinee**, waarvan ons iets besonders wil maak. Let asb. op dat die funksie van sekretaris nou verdeel is tussen Algemene Sekretaris (D. Sleigh) en Lede-Sekretaris (P. Westra). U kan dus insake lidmaatskap, aansoekvorms, die nuusbrief en algemene sake, direk met Piet korrespondeer. Sy telefoonnommer is 021-531-3602, en sy e-pos adres is pietwestra@mwebbiz.co.za. Beskou dit asseblief as die Stigting se e-pos adres. (**Goed, Piet?**) Sake soos ledegeld, donasies, rekenings, ens. word natuurlik deur die Tesourier hanteer. Sy posadres is Mnr J van der Merwe, p/a Kaapse Argief, Privaatsak X 9025, Kaapstad 8000. Pos asseblief u ledegeld aan hom.

**Die VOC-logo:** Ek weet nie of dit al ooit gebeur het dat 'n vrywillige bewarings- en kultuurorganisasie (ons) deur 'n oorsese handelaar (Voyager Estates, Wes-Australië) aangeval is om 'n handelsmerk te probeer afneem, en in die proses amper bankrot gemaak is nie. Ons prokureurs het nou tot die oordra van skikkingsvoorstelle gekom, maar ons prokureurskoste beloop (sover) R14 000. Al wat ek uit hierdie lang, onverwagte, onregverdige en duur geding geleer het was dat ons eienaars is van 'n ikoon waarop ander jaloers is. Ons moet dit benut en daarmee handel dryf, en ek doen weer 'n beroep op al ons lede om met voorstelle, aksies en ondersteuning te kom om kulturele en geldelike voordeel uit hierdie kosbare merk te trek. My tweede beroep is, betaal asseblief u ledegeld, sodat ons die skuld kan betaal.

**VOC-glase:** Ons het nog 'n paar stelle oor van die wynglase, versier met die VOC-monogram. Die lang skrales (witwyn) kos R45 per pak van drie, en die meer rondes met 'n knop in die steel kos R55 per pak van drie. Baie elegant, baie gewild, goedkoop, kos nie baie nie, en ook glad nie duur nie. M.a.w. so gou as die laastes verkoop is, kan ons weer 'n bestelling plaas. As u weet van moontlike afsetpunte (persone of instansies wat ons glase en ander VOC-ware teen kommissie sal bemark) laat asseblief weet? Baie aksie is nodig.

**Silwer Medalje:** Ons besonder mooi silwer medalje vir verdienstelike persone wat ons Stigting se ideale t.o.v. bewaring, opvoeding en kultuurtoerisme bevorder, gaan vanjaar aan mnr M van Bart, joernalis van *Die Burger,* en prof. G. Schutte van die Vrije Universiteit, Amsterdam. Oorhandigings vind later vanjaar plaas, en ons hoop om u daar te sien. Daar is gewoonlik 'n onthaaltjie.

**Die Sweedse Oos-Indiese Kompanjie** (*Svenska Ostindiska Companiet,* of SOIC)
Ek wil graag ons lede aanmoedig om die skip *Göthenborg* te besoek terwyl dit in Kaapstad is. Maak tyd daarvoor; dit is 'n lewende dinosaurus, 'n rare geleentheid, 'n ruimtekapsule uit die 18de eeu, iets ouer en

anders as die daaglikse dosis koerante en tv. Hier is 'n beknopte agtergrond van die Sweedse Oos-Indiese Kompanjie:

Die SOIC is in 1731 in Gothenburg, Swede gestig om met China handel te dryf. Die Baltiese See, wat bevrore was gedurende die mini-ystydperk van ongeveer 1550 – 1850, (wat die wêreld-geskiedenis so drasties beinvloed het) was besig om te ontdooi, en die Baltiese state kon aan die wêreldhandel begin deelneem. Dekades van oorlog om grense van Skandinawiese state vas te stel het Swede arm gelaat, en daar is gehoop dat die Oosterse handel kan help om hulle land se ekonomie te herstel. Die suksesse van die VOC, maar toenemend van die Engelse Oos-Indiese Kompanjie, was hul aansporing.

Die stigting van die SOIC is gefinansieër deur Engelse, Nederlandse en Franse handelaars wat uit die binnekringe van hulle eie 'nasionale kompanjies' uitgesluit is. Twee van die belangrikste stigters was die Skotte William Chalmers en Colin Campbell.

Campbell het in 1729 die samewerking van die Sweed Henrik König vir sy plan gekry, en op 14 Januarie 1731 het die Sweedse parlement 'n koninklike oktrooi vir 'n periode 15 jaar aan die SOIC gegee. Dit het o.a. die volgende voorregte en verpligtings bevat.

* Alleenreg op Sweedse handel en skeepvaart, oos van die Kaap de Goede Hoop.
* Skepe moet in Swede gebou en toegerus word.
* Skepe sal alleen uit die hawe van Gothenborg aankom en vertrek.
*Die staat kry 100 thalers by aankoms en vertrek, plus belasting op ingevoerde lading.
* Uitvoere (vrag en voorraad) is vry van doeanereg.
* Vrag word by aankoms in Gothenborg in die openbaar opgeveil.
* Skepe moet onder die Sweedse vlag en met Sweedse passe vaar.
* Die Kompanjie mag aandele verkoop om togte te finansier.
* Finansies en aandelehouers bly geheim. (Boeke word na jaar-eind verbrand.)
* Skepe mag hul aggressief verdedig.
* Die Kompanjie se skeepsoffisiere het dieselfde range en gesag as vlootoffisiere.
* Bemannings word van militêre diens vrygestel.

Colin Campbell is deur die Sweedse koning tot ridder geslaan, en het in Gothenburg gaan woon; hy sou op die eerste vaart na Kanton gaan as Sweedse ambassadeur. Die eerste skip het op 9 Februarie 1732 vertrek, dit was *Fredericus Rex Sueciae* ('Koning Frederik van Swede.') Die skipper was Georg Hermann en daar was ongeveer 100 bemanning. Op 27 Augustus 1733 (18 maande later) was hulle uit China terug in Gothenburg. Die tog was 'n groot sukses en 'n dividend van 25% is uitbetaal. Die Kompanjie het die reg gekry om 'n kantoor en pakhuise (*faktorij*) in Kanton te stig. Kolonisasie is belet.

Die uitvoerware was hoofsaaklik yster, want Swede is ryk aan yster en was lank die kanongieters en -smouse van die wêreld; ook die VOC het sy skepe en forte met Sweedse kanonne verdedig. Daar was dus ysterstawe of ysterprodukte (byle, ankers) aan boord, benewens koper wat in Europa veel minder werd was as in die Ooste. Kiste vol groot plat Sweedse kopermunte is liewer uitgevoer, oor hulle lae plaaslike waarde. (Lees gerus James Herbert se boek, *Plate-money Treasure from Nicobar*,' oor die berging van die skip *Nicobar*, wes van Kaap Agulhas). 'n Ander uitvoerproduk was dennehout; in Nederlands bekend as '*Noordse delen*', en dus in Engels '*deal,*' (goedkoop, vol splinters, vir vuurhoutjies, ens.) Uitvarende skepe het ook by Cadiz aangegaan en yster verruil vir silwer uit Spaanse Suid-Amerika. Ladings uit China het uit omtrent 70 % tee, 5 % porselein, en verder speserye, en tekstiele bestaan. Omdat Swede 'n klein en relatief arm volk was, is ladings grotendeels heruitgevoer. Dividende van tot 60% is soms uitbetaal, en die volk het, soos in Nederland geleidelik meer welvarend geword.

Die SOIC het in sy 83 jaar (1731-1813), 38 skepe besit en 132 reise onderneem. 8 skepe het verlore gegaan. Sy Chinavaarders was dwarsgetuigde driemasters van ongeveer 50 m., met 25-30 geskut op die oorloop. Sy skepe het in die somer in Tafelbaai en in die winter in Simonsbaai verskyn, en is te sien op skilderye, met die blou wimpel met 'n geel kruis. 'n Kaapse burger, soms 'n VOC amptenaar, het hier as Konsul ageer. Die SOIC se laaste skip het in Maart 1806 in Gothenburg aangekom. Die Napoleontiese Oorloë het sy skeepvaart en organisasie totaal ontwrig, en die Kompanjie is 1813 ontbind.

Ek kon nog nie 'n kenteken of logo van die SOIC vind nie, maar sal dit waarskynlik sien wanneer ek die skip besoek. Omdat sy dokumente jaarliks verbrand is, is sy argiewe versprei in biblioteke of in private besit.

**Aangaande die skip *Götheborg III,* wat ons tans besoek**: Die wrak van *Götheborg I,* gesink in 1745, is in 1985 ontdek. Die gedagte aan 'n replika het by entoesiaste begin groei. Die projek het in 1993 begin, toe 'n maatskappy met dieselde naam as die oorspronklike, gevorm is. Die replika se kiel is in Junie 1995 in Gothenburg gelê en die skip is op 6 Junie 2003 te water gelaat in die teenwoordigheid van Sweedse koninklikes. Daarna is hy opgetuig en kon sy seetoetse op 18 April 2004 begin. Hoewel hy 1800 vk.m. seil dra, het hy 'n enjin en moderne lewensredding- en navigasiemiddele. Sy boukoste was 30 miljoen dollar; 40 % kom van die publiek, die res is van borge.

Die nuwe *Götheborg* het op 2 Oktober 2005 op reis na Kanton vertrek. Sy uitwaartse roete is Cadiz, Recife, Kaapstad, Fremantle, Jakarta en Kanton, nou Guangdong (?) Die tuisroete is Shanghai, Hong Kong, Singapore, Mauritius, Port Elizabeth, Kaapstad, Ascencion, Azore, Londen en Gothenborg. Maar 'n alternatiewe tuisroete deur Suez en die Middellandse See word oorweeg.

**VOC-Konferensie:** Die Universiteit van Kaapstad wat sonder twyfel die Suid-Afrikaanse leier is op die gebied van VOC-studies is en uitstekende werk doen, bied in Desember vanjaar 'n konferensie aan met die titel *'Contingent Lives: Social Identity and Material Culture in the VOC World.'*. 'n Uitnodiging om lesings is uitgestuur. Belangstellende besoekers is natuurlik welkom en ek vermoed dat elke lesing volgepak sal wees. Die VOC, maker en breker wat hy was, lewer altyd interessante dinge op.
*Behouwde Vaert!*

D SLEIGH
SEKRETARIS

# *Generale Missive*: Nuusbrief van die Stigting VOC

Newsletter of the VOC Foundation 3/2006

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met bewaring , opvoeding en kultuurtoerisme as doel. Dit is geregistreer as eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with conservation, education and cultural tourism as its aims. It is the registered owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*



**Skakel/*Contact***: Skakel/*Contact*: Mnr E. B. de Vries (Finansies, Lidmaatskap / *Membership, Finance.*) tel.: 021-851-3850 / boudewyn@mweb.co.za

**Webblad**: http://www-voc-kaap.org ; **e-pos**: vocinfo@voc-kaap.org


*Welaen Vrunden!*

**Karl Koperski:** Dit is met groot spyt dat ons moet bekendmaak dat ons ou lang vriend, stigterslid en jarelange komiteelid, na ’n hartaanval oorlede is. Karl was ’n musikus, kultuurhistorikus, bewaringsopvoeder en uitsaaier; bowenal was hy ’n wonderlike persoonlikheid, en ’n voorreg om te ken. ’n Huldeblyk verskyn Saterdag in *Die Burger* se KultuurKroniek, en op 2 Mei is daar ’n gedenkdiens vir hom in die St George’s Katedraal.

**Dinee:** Ons jaarlikse Stigtingsdag dinee vind plaas om seweuur op Vrydag 5 Mei 2006 by *Welgemeend ,* op die terrein van die Hoërskool Jan van Riebeeck. Die drag is semi-formeel, die koste is R125,00 per persoon, en daar is plek vir ongeveer 45 gaste. Bespreek dus vroeg. Vriende is welkom.

<u>Hoe om te bespreek:</u> Plaas die volle bedrag elektronies in die Stigting VOC se bankrekening (ABSA, Kaapstad Sentraal: 5-5816-2260) en verwittig ons penningmeester Jaco van der Merwe (tel. 462-4050) daarvan om u naam op die gastelys te plaas, of pos ’n tjek uitgemaak aan die Stigting VOC, met die woord ***Dinee*** en u **naam** en **telefoonnommer** agterop, aan hom by Privaatsak X9025, Kaapstad 8000.
By die geleentheid word ons Silwer Medalje aan die joernalis Martiens van Bart oorhandig.

**Overberg toer:** Ons besoek van drie dae (twee nagte oorslaap) aan VOC-plekke in die Overberg is bestem vir September. Die Komitee vergader weer op 29 Mei, en die program, datums, koste, ens. sal daarna bekend gemaak word. As daar genoeg aansoekers is, sal ons dit moontlik herhaal.

**Die Parade:** Die Stadsraad van Kaapstad het voorstelle gevra i.v.m die herontwikkeling van die Parade. Omdat dit die historiese gebied tussen die Fort (1652) en die Kasteel (1666) beslaan, het die komitee besluit om voorstelle
wat veral op die verdwene Fort betrekking het voor te lê. Ons hoor graag van ons lede wat gedagtes in die verband het; sit dit kortliks uiteen en e-pos dit aan Piet Westra.

**VOC-dokumente buite die Kaapse Argief:** Daar is ’n groot aantal kosbare VOC-dokumente wat in gevaar van beskadiging, vernietiging en diefstal verkeer omdat dit
nie behoorlik bewaar en hanteer word nie. Dit geniet ook nie UNESCO se “*Memory of the World*” status nie. Ons gaan die Nederlandse Ambassadeur en Kultuurattaché se aandag daarop vestig, en kyk of ons ’n reddingsaksie kan uitvoer.

**Nog aktiwiteite:** (1) Ons beplan ’n groepbesoek aan die Slawelosie in Adderleystraat, onder leiding van prof. Robert Shell, wat sekerlik baie interessant sal wees. Besonderhede volg. ’n Bydrae van R15 per persoon word verwag. (2) Dit is vanjaar
drie eeue gelede dat die Kaapse onderdane van die VOC met Tas, Van der Heyden, Van der Bijl en Husing aan die spits saamgespan het om van goewerneur Van der Stel en sy begunstigdes ontslae te raak. Daar was nou vir jou ’n opskudding. Om die stryd te herdenk, gaan ons een dag drie of vier kort lesing / praatjies oor die oorsake, verloop, gevolg en ander aspekte van die gebeure aanbied.

**Armbus**: Om verskeie redes het ons goedgevind om by elke byeenkoms 'n houer te plaas waarin lede wat wil, 'n geldelike skenking kan maak. Alle bietjies help.

**Battery de Chavonnes:** Die herboude VOC battery De Chavonnes, wat van 1724 af een van die waghonde was wat die Kaapse reede bewaak het, en nou geleë in die V&A Waterfront, kan moontlik gesluit word omdat 'n oorsese borg onttrek het. Die battery is 'n kleurvolle vertoonstuk van die wetenskap en kuns van 18de eeuse artillerie, en 'n toeriste-bestemming van die hoogste orde. Die Voorsitter van die *Cannon Association of SA* sê in sy jongste nuusbrief '*...the battery has tremendous potential, not only as a unique and important historical site and museum, but as a venue for conferences, exhibitions, fashion shows, functions and events, limited only by …lack of initiative. The popularity and growth of this multicultural facility has been hampered by the lack of funded advertising and severe limitations placed on signage, which would lead the public to the entrance. If the reader did not visit the battery, it is because he did not know that it was there. All that is required for this valuable facility to be lost is for good people to do nothing.'* Die Komitee het 'n brief van ondersteuning aan hom gestuur. Enige advies?

**VOC-wynglase:** Daar is nog enkele stelle van ons gewilde wynglase met die VOC – logo beskikbaar, teen R55 vir 'n pak van drie (rooiwyn. Baie elegant) en R45 vir drie (*Blanc.* Slank en elegant. Van pas by groen eike, wit gewels en herfsaande, maar netso mooi op 'n somersdag in die Karoo.) Bel, bestel en kom haal. L.W.: Hierdie glase moet met die hand gewas word.

**VOC-skip *Rooswijk:*** *Rooswijk* van 850 ton is in 1737 vir die Kamer Amsterdam gebou en het een retoerreis voltooi. Op 9 Januarie 1740, die dag na sy vertrek op sy tweede reis het hy in 'n storm op die Goodwin Sands in die Engelse Kanaal vasgeloop. Al wat die wal gehaal het was die briewekis. Dit is deur Engelse vissers gevind. Die lewensverlies sou ongeveer 200 mense wees. Private bergers en argeoloë het verlede jaar op die oorblyfsels begin werk. Die Nederlandse staat (erfgename van die VOC) het 25% van die wrakgoed gekry. Dit sluit in, ongeveer 1000 silwerstawe, 35 000 silwermunte en gebruiksvoorwerpe soos 'n bril, mostertpot, snuiter en veel meer, wat onder museums verdeel sal word. Intussen sit *Brederode,* ryk gelaai met Oosterse goed, nog onderwater by Agulhas. (*Nederlandse Post, Feb. 2006.*)

*Behouwde Vaert!*

D SLEIGH
SEKRETARIS

# *Generale Missive*: Nuusbrief van die Stigting VOC

Newsletter of the VOC Foundation 4/2006

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met bewaring , opvoeding en kultuurtoerisme as doel. Dit is geregistreer as eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with conservation, education and cultural tourism as its aims. It is the registered owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*



**Skakel/*Contact***: Skakel/*Contact*: Mnr E. B. de Vries (Finansies, Lidmaatskap / *Membership, Finance.*) tel.: 021-851-3850 / boudewyn@mweb.co.za

**Webblad**: http://www-voc-kaap.org ; **e-pos**: vocinfo@voc-kaap.org


*Welaen Vrunden!*

Ek hoop dat u ons vierde nuusbrief van die jaar interessant sal vind. Maak asseblief 'n aantekening van datums en geleenhede wat hierin genoem word, want teen die tyd dat u weer van die Komitee hoor, sal van die uitstappies miskien al verby wees. U sal sien dat al ons byeenkomste op Saterdag-oggende plaasvind, sodat nie-afgetrede lede en hulle kinders dit ook kan bywoon, en omdat meeste lede nie saans wil bestuur nie.

**Nuwe lede:** Die volgende nuwe lede (alfabeties geplaas) word hartlik verwelkom:
Mev J. Hogg van die Kaapse Argief, prof. G. Schutte van Amsterdam (ere-lid), mnr H.J. Smal van Somerset-Wes, prof J.A. Tromp van Milnerton, mnr M. van Bart van Doordekraal (ere-lid), mev. E. van der Merwe van Chrismar en mnr H. du P.Wessels van Hermanus. Ek hoop dat u verbintenis met die Stigting lank, aangenaam en wedersyds verrykend sal wees.

**Stigtingsdag Dinee:** Wat 'n aangename geleentheid was die jaarlikse dinee by *Welgemeend* op 5 Mei. Buite het dit emmersvol gereën, maar in die groot ou eetkamer met sy geelhout vloer, luike en balke waar JH Hofmeyr eens gaste soos Paul Kruger en Cecil Rhodes (apart) onthaal het, was die geselskap, smaaklike disse, wyn en musiek van die fynste. Die oorhandiging van die Silwer Medalje aan die bewaringsjoernalis Martiens van Bart en die toesprake het vlot verloop en almal is laataand doodgelukkig by maanlig huis toe. Ek hoop dat lede wat nie vanjaar teenwoordig was nie, volgende keer by sal wees. Die wat belangstel om foto's te sien wat by die okkasie deur Martiens geneem is, kan ons argivaris Dirkie Neethling na die Julie-funksie skakel. (tel. 851-4615)

**Die Parade:** Op advies van ons lede het die Bestuurskomitee by die organisasie *Common Ground,* wat in opdrag van die Stadsraad die opgradering van die Parade ondersoek, die volgende aanbeveel: (1) Die buitelyn van die Fort met stene uitgelê en die bastionne se name op beton (alles gelyk met die oppervlak), (2) die Senotaaf van Adderleystraat na die Parade verskuif, (3) verwydering van die moderne gebou op die noordwestelike hoek, (4) die heroprigting van Thibault se fontein as 'n gedenkteken vir die Koina regimente, Javaanse Artilleriekorps en die Kaapse Korps.

**Nuwe Kamers gestig:** Ons 'susterverenigin g' Caemer die Haghe het 'n kopie van hulle nuusbrief *"VOC - Nieuwsberichten"* (Mei 2006) laat kom. Baie interessant is dat daar ook 'n Kamer Antwerpen, gestig 2 Januarie 2002, bestaan, '*met als doel het onderzoek te stimuleren naar de invloed en betekenis van Antwerp en Zuid-Nederland op de stichting en werking van de VOC.'* Hulle vergader om 14:00 op elke laaste Vrydag van die maand. Maar '*Het geweldige nieuws van deze eerste Nieuwsberichten is, dat op 20 Maart 2006 in Sri Lanka is opgericht* 'The Chamber Colombo of the VOC.*' Nadere berichten volgen.'*
Hierdie ontwikkelings is nog 'n teken van opbloei in belangstelling in die Kompanjie, wat ons met entoesiasme moet opvolg, byvoorbeeld met 'n groetebrief en bekendstelling aan hierdie twee nuwe Kamers. Lede wat graag Camer die Haghe se '*Nieuwsberichten*' wil lees, kan ons Argivaris Dirkie Neethling skakel, na die Julie-uitstappie. (tel. 851-4615)

**Nuwe publikasies deur ons lede:** 'n Besonder interessante en uitgebreide artikel met die titel *Die VOC as Werkgewer*, met besondere verwysing na Vlaamse immigrante aan die Kaap, 1652-1662, deur ons voormalige voorsitter Jan Visagie, verskyn in die SA Vereniging vir Kultuurgeskiedenis se *Tydskrif…*,

van Junie 2006. Goeie VOC-artikels verskyn van tyd tot tyd daarin, en van ons lede wil miskien oorweeg om by die Vereniging aan te sluit. Hulle sal nie spyt wees nie.

**Slawereeks op die Radio:** (Vader zij gedank vir iets anders as televisie en dagblaaie!) Die joernalis Elna Boesak het ’n reeks van ses programme oor Kaapse slawerny saamgestel, wat **van 11 Julie af weekliks op Dinsdagaande om 21:10 op Radio Sonder Grense** uitgesaai sal word. Voorsitter Leon Hattingh het o.a. daaraan meegewerk. Dit behoort leersaam en baie interessant te wees. Radio benodig veel meer breinkrag as televisie, en ons verneem graag wat ons lede van die program dink. E-pos, bel of skryf ’n paar reëls aan Posmeester Piet vir insluiting in ons volgende nuusbrief.

**Binnekort van stapel:** Piet Westra se afwesigheid in Pole vir die doop van sy kleinseun Peotr Jorjiovic het veroorsaak dat sy kennis oor die Kompanjie se slawehandel op Madagaskar nie in bogenoemde radioprogram opgeneem is nie. **S**y boek oor die onderwerp, *Joernale van die Slaweskip Leijdsman,* loop binnekort van stapel en gooi dank die vader nuwe lig op die onderwerp, en alles uit eerstehandse ervaring. Ons seil drie eeue die verlede in en gaan aan wal op ’n tropiese strand waar ’n koning sy vrou aan jou gaan probeer verkoop. Die boek sê veel oor die Kompanjie se metodes van handel dryf en die oorsprong van Kaapse slawe.

**’n Beeld van die VOC in die Ooste**: Dit is reeds ’n maand na midwinterdag, die dae word langer. Ons lede was lanklaas bymekaar en ’n interessante, geïllustreerde praatjie oor ’n VOC-onderwerp deur ’n kundige buitelander is die regte medisyne vir die problem; om dit in suiwer Amerikaans te hoor, sal ’n bykomende plesier wees. Die tyd (teken asb. aan) **is 11:00 op Saterdagoggend 29 Julie, in die Lesingkamer onder die Sekundeshuis** in die **Kasteel**. Kom kyk na die omgewing waarin Jan van Riebeeck en sy familie hulle Oosterse dae geleef het. Wat dit kos? Niks. Onthou die heildronk. Bring iets om drink.

[Die spreker, Jesse Lewis is ’n direkteur van Admiralty Associates International, wat maritieme krisisse wêreldwyd beredder. Hy was o.a. betrokke by die vlotmaak van *SeaLand Express,* wat in 2003 lewensgroot op die strand noord van Milnerton gesit het, omtrent waar *Nieuwe Haerlem* in 1647 vasgeloop het. Sy besoeke aan Kaapse en Oosterse strande het ’n belangstelling in die VOC gekweek, wat ons met hom deel, en hy het begin om foto’s te neem. In sy jong dae was hy o.a. oorlogskorrespondent in Viëtnam, in die VSA se diplomatieke diens en Besoekende Professor by die Massachusetts Maritieme Akademie. NS: Hy probeer elke oggend *Die Burger* lees.

**Slawelosie besoek:** ’n Groepbesoek aan die Slawelosie Museum se nuwe uitstallings, wat op 22 Mei 2006 geopen is, is vir ons lede gereël. Die onderwerp verdien tereg ’n eie museum; slawerny in die VOC-tyd was ’n sleutelfaktor in die Kaapse ekonomie en het die samelewing grootliks beïnvloed. Ons verstaan die Nederlandse regering het die afgelope vier jaar slawerny projekte in die Kaapse argief en museums met meer as R3 miljoen ondersteun, en hulle verdien die volk se dank daarvoor. Hoe is die uitstallings aangepak? Watter boodskap word oorgedra? Watter Kaapse slawe-artefakte word uitgestal? Hoe word artefakte soos (vermoedelik) die retoerskip *Brederode* se klok, en ’n model van die jag *Goede Hoop* (deur die wêreldbekende modelbouer Robert Lightley, ere-lid van ons Stigting en ontvanger van ons Silwer Medalje) deur die museum gebruik?

Dit is nie nodig om ’n plek te bespreek nie. Ons **vergader om 10:30 op Saterdagoggend 26 Augustus voor die museum se ingang op die hoek van Adderley- en Waalstraat.** (Teken dit asb. aan.) Ons gids is prof. Robert Shell, skrywer van o.a. *Children of Bondage*, wat by die opstel van die nuwe uitstallings betrokke was. Daar behoort teen dié tyd van die dag parkeerplek in die omgewing te wees, veral in Koningin Victoriastraat langs die Kompanjiestuin of in die Pleinpark parkeergebou in Pleinstraat. Toegang is R15,00 per persoon. Oorhandig dit asb. in kontant aan Tesourier Jaco van der Merwe voor die ingang.

**Toer saam:** In Oktober vanjaar besoek die Stigting die Kompanjie se buiteposte wat tussen 1654 en 1795 op die Kaapse Skiereiland geleë was. Die Komitee het besluit op ’n eendag-toer vir vanjaar, in plaas van

’n driedae-toer na die Overbergse buiteposte, omdat dit makliker is om te reël, veel goedkoper vir elke lid sal kos en ons ook meer tyd gee om die Overberg-toer (wat waarskynlik ons Jaarlikse Dinee sal insluit) vir 2007 te beplan.

Dink ’n oomblik na oor wat ’n buitepos was: dit was een van 56 bemande, gedesentraliseerde hulpdiensstasies wat die Kasteel se funksie van skeepsvoorsiening moontlik gemaak het t.o.v. voedsel, vervoer, boumateriaal, seine, verdediging, brandstof, ens. Hulle produkte was onontbeerlik vir die Kompanjie se voortbestaan aan die Kaap, wat weer onontbeerlik was vir die Kompanjie se Oosterse handel. Omtrent veertig van dié buiteposte was binne ’n dagreis van die Kasteel geleë, maar ons kan natuurlik nie almal besoek nie (in sommige gevalle het selfs die name totaal verdwyn.) Die mees interessante roete is deur ons lede Helena Scheffler en Wium van Zyl ondersoek; Dit sal by die Kasteel (volop parkering) begin en eindig, en Keert de Koe, Ruiterwacht, Coornhoop, Houd den Bul, Rustenburg, De Schuer, Nieuweland, Paradijs, De Hel, Kirstenbosch, Baas Harmens Kraal, Muizenburg, Vishoek, Simonsbaai, Houtbaai, Leeuwenkop en alles tussenin (tee, ligte middagete êrens langs die Valsbaaise kus en ’n namiddagrit langs die Chapman’s Pas) insluit. U kry, soos tevore, historiese kaarte om sake duidelik te maak.

Hoe om te bespreek: Die wat belangstel in die dagtoer na die Skiereilandse buiteposte op **Saterdag 30 September**, kan asseblief dadelik vir lid Annatjie de Vries bel (tel. 851-3850) om u naam op die lys sit. Die prys is R 295,00 per persoon (tee en middagete ingesluit) en gaste is welkom. Wium is ’n baie ervare toer-organiseerder en het die beste pryse beding. Daar is plek vir 45 mense, en ons verwag dat u weer so entoesiasties sal reageer soos met ons twee toere na die Weskus in 2005. Daarom, eerste betaal, eerste op die bus. Om koste te bespaar sal net dié wat bespreek verdere besonderhede oor tye, etes, ens. ontvang.

Hoe om te betaal: Pos ’n tjek uitgemaak aan die Stigting VOC, met u naam, telefoonnommer en die woord TOER agterop aan ons tesourier Jaco van der Merwe,Privaatsak X9025, Kaapstad 8000. Of plaas die bedrag elektronies in die Stigting VOC se bankrekening (ABSA Kaapstad Sentraal, nr.: 5-5816-2260, en verwittig hom (tel. 462-4050.) daarvan.

**AJ Böeseken-gedenklesing:** Lid Jan Visagie, wat die jaarlikse AJ Böeseken-gedenklesing reël, herinner ons daaraan dat dit vanjaar driehonderd jaar gelede is dat van die Kaapse burgery (en sommige amptenare) teen die korrupsie van Goewerneur WA van der Stel en sy begunstigdes in opstand gekom het. Wat het dit veroorsaak, wie was betrokke, hoe het die saak verloop en wat was die gevolg? Lees veral Adam Tas se dagboek, dit is ’n rare stuk werk wat sy moed, sosiale kommentaar, humor en ’n duidelike skryftalent illustreer. Die oorlewende fragment daarvan (Junie 1705 – Feb. 1706) is ingesluit in prof. L. Fouché se omvattende en insiggewende geskiedenis van die gebeure, L.Fouché (red.): *Dagboek van Adam Tas, 1705-1706.* (Van Riebeeck-vereniging, tweede reeks, nr 1.)
Titel: *Burger-verset teen Regerings-korrupsie , 1705 -1707.*
Datum: Saterdag, 11 November 2006.
Tyd: 10: 30 (Dié oggend is daar ook weer Hollandse Mark by die HdN.)
Plek: Huis der Nederlanden, Pinelands.

***Die Nuusbode:*** Ek sien soms dat ’n rare eksemplaar van AJ Böeseken se boek *Die Nuusbode* te koop aangebied word, en nogal teen billike pryse. Ek wil graag ons lede aanraai om hierdie juweeltjie aan te skaf as daar ’n kans sou kom, want dit bevat ure van interessante leeswerk. Dr Böeseken het gedurende haar jare as argivaris interessante brokkies uit die Kompanjie se dokumente versamel, dit kronologies gerangskik en in die vorm van koerantberigte gepubliseer. *“Ons korrespondent berig dat kommandeur Van Riebeeck sommige vryburgers ernstig vermaan en met verbanning gedreig het…*” of *“Lanterns is in die bome in die Kasteel se binnehof gehang om ….”* Al haar koerante tesaam vorm die bundel. Dit is Kompanjie-geskiedenis op die lekker manier, en gee ’n goeie breë oorsig van die internasionale wêreld waarin dié mense geleef het. Dit sal waarskynlik nie herdruk word nie en is iets raar om aan die nageslag te laat.

**VOC Wynglase:** Daar is nog net ’n paar stelle oor van ons wynglase met die VOC logo gemerk, en ook net van die slanke soort vir droë / wit wyn; helaas is die laaste elegante rooiwyn glase al uitverkoop. Die prys is R50 vir ’n pak van drie. Kan ek u herinner dat Kersfees nie meer ver is nie, dat ’n wynglas baie breekbaar is en dit goed is om ’n paar in voorraad te hê? LW: Niks duur vir ewig nie; die glase word met die hand gewas.

**Karl Koperski:** Ons het op 2 Mei afskeid geneem van ons stigterslid Karl. ’n Groep vriende, waaronder sy suster uit die VSA, het die oggend by Groenpunt vergader en sy as in die see gestrooi.

*Behouwde vaert!*

D SLEIGH
SEKRETARIS

# *Generale Missive*: Nuusbrief van die Stigting VOC

Newsletter of the VOC Foundation 5/2006

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met bewaring , opvoeding en kultuurtoerisme as doel. Dit is geregistreer as eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with conservation, education and cultural tourism as its aims. It is the registered owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*

**Skakel/*Contact***: Skakel/*Contact*: Mnr E. B. de Vries (Finansies, Lidmaatskap / *Membership, Finance.*) tel.: 021-851-3850 / boudewyn@mweb.co.za

**Webblad**: http://www-voc-kaap.org ; **e-pos**: vocinfo@voc-kaap.org


*Welaen Vrunden*

**Belangrike datums.** Ons herinner u graag aan die volgende uitstappies:
Nuwe Slawemuseum: 10:30, Saterdag 26 Augustus 2006.
Toer na die Buiteposte: Saterdag 7 Oktober 2006.
AJ Böeseken Gedenklesing: 10:30, Saterdag 11 November 2006

**Muizenberg Opelugmuseum**
8 Augustus 1795 was die dag van die Slag by Muizenberg, wat 'n soort 'begin van die einde' vir die VOC wêreldwyd beteken het. Op Sondag 6 Augustus vanjaar is die eerste (sover ek weet) gedenkteken vir dié belangrike gebeurtenis geopen in die vorm van 'n inligtingsbord en uitkykpunt teen die berghang. Die opening is waargeneem deur prof. J Bredekamp van Iziko Museums, wat veral oor die 'Corps Pandoeren' en hulle Genadendalse skakels gepraat het. 'n 'Pandoere'-uitstalling word vir die sg. poshuis beplan. Ry ongeveer 100 tree verby die 'poshuis,' rigting Simonstad, en u sien 'n parkeerterrein en die inligtingsbord. Die paadjie na die uitkykpunt begin daar.

**Jesse Wilson** se geillustreerde praatjie oor oorlewende geboue in die Ooste met VOC-skakels (Sat., 29 Julie) was uiters interessant en goed bygewoon. En nie net in die Ooste nie, maar ook in Nederland, soos die kerk in Haarlem waar Marie de la Quellerie met haar Jan getrou het. Jesse se entoesiasme vir sy onderwerp en sy uitstaande illustrasies het vir 'n kleurryke en aangename oggend gesorg. Dankie, lid Lungile, vir die reëlings.

**Toer na die Buiteposte:** Let asb. op dat die datum van ons beplande bustoer na die Skiereilandse buiteposte verander is na **7 Oktober 2006**. Bel asb. vir Annatjie de Vries (tel. 851-3850) om u naam op die lys te sit. Die prys van R295,00 per persoon vir 'n agteroorsit geleide toer óm die Skiereiland (tee, middagete en 'n kaarteboek ingesluit) na die Kompanjie se buiteposte is goedkoper as die van toermaatskappye, en ons glo dat u dit baie interessant sal vind. Dié buiteposte het Europese vestiging in Suid-Afrika moontlik gemaak, en is dus die wieg van Westerse kultuur in die land. Al van die buitepos De Hel gehoor? Al opgemerk hoe digbebou die wêreld geword het, en toe onder teer? Wanneer het u laas op 'n lentemiddag met die Chapmans Piek-pas gery? Weet u waar Keert de Koe was, en wat al die poste se funksies was? Geen ander organisasie as die Stigting VOC kan hierdie toer aanbied nie. Alle inkomste gaan aan die Stigting.

**Slawelosie uitstappie:** Ons vergader om 10:30 op Saterdag 26 Augustus op die sypaadjie (hoek van Waal- en Adderleystraat) voor die nuwe Slawemuseum. (As dit erg reën, in die voorportaal.) Die toegangsgeld is R15,00 per persoon, en lid Jaco van der Merwe (tesourier) sal dit daar van u ontvang. Ons gids is prof. Robert Shell, 'n deskundige vir wie u miskien in Radio Sonder Grense se program oor Kaapse slawerny gehoor het. Parkering: in die Pleinpark gebou in Pleinstraat of in Koningin Victoriastraat. Sien u daar!

**Petrogliewe uit die VOC-tyd:** Hoërskool Jan van Riebeeck bied die afgelope paar jaar 'n eersteklas musiek-, kuns en letterkunde-fees aan wat hulle 'Janewales' noem. Vanjaar se program is nog nie gepubliseer nie, maar vir ons VOC-entoesiaste wil ek voorlopig vertel van 'n aanbieding op Maandag 28

Augustus oor tekeninge en inskripsies op rotse (deur beide partye) wat trekboere se indringing van Koina weiding- en jagveld in die 18de eeu uitbeeld.

**VOC oorsee:** Vriend Herman Riddering van Gansbaai wat familie in Kanada het, stuur van tyd tot tyd uitknipsels uit die koerant van die Nederlandse gemeenskap. Enkele uittreksels:

* '*Werf gaat strijd aan met houtrot replicaschip Batavia.'* Die replika van die VOC-skip *Batavia* wat in die vroeë 1600's op die weskus van Australië vergaan het, het herstelwerk nodig. Ons lede sal ons besoek aan die splinternuwe skip in die Tafelbaaise dok, ongeveer tien jaar gelede, onthou. Meubels was gemerk met die monogram en die letter L (Lelystad). Die Kompanjie se skeepstimmerlui moes dikwels hout vervang wat '*vermolmd* ' was, en in die geval van die replika het ons te doen met hout van ongeveer twintig jaar oud en baie seemyle onder die kiel. Dit is niks buitengewoon, vergeleke met oorspronklike VOC-skepe nie.
* *'Nederlandse Oostzeehandel stond aan wieg Gouden Eeuw.' Niet de vaart op Indië maar de graanhandel met het oostzeegebied* (Baltiese state) *bezorgde Nederland de Gouden Eeuw.* Dit is 'n interessante nuwe stelling, n.a.v die ondersoek van die wrak en reste van 'n graanskip uit die16de eeu, by Texel gevind.
* *'Zeekaarten VOC na 300 jaar terug naar Nederland.'* In 'n kelder van die biblioteek van Corpus Christi College, Oxford is 'n versameling van dertig VOC seekaarte gevind. Die redersfamilie Doeksen en die Rotterdamse Maritieme Museum het saamgewerk om dit vir Nederland te herwin, teen ongeveer 2,3 miljoen Euro. Hoe hulle in Oxford kom? Ek het 'n vae herinnering (miskien verward) dat Samuel Pepys, sekretaris van die Admiraliteit toe twee van De Bitter se retoerskepe in 1666 gevang is, bande met Oxford gehad het.

**B.A.S. (Baie Ernstige Sake)** Op ons vorige algemene jaarvergadering is goedgekeur dat ledegeld van 2007 af (die eerste keer in tien jaar) verhoog sal word tot R60 per lid.Tot dusver kon ons kop bo water hou, maar ons geldelike posisie het die afgelope jaar so verswak a.g.v. prokureurskoste (R14 000), wat gevolg het op die Australiese wynhandelaar se aanslag op ons logo, dat ons net oorleef deur die bydraes van getroue betalers, persoonlike opoffering van sekere lede en fondsinsameling soos ons beplande Buiteposte-toer. Aan die einde van 2006 moet die logo herregistreer word. Dit is 'n verpligte vernuwing wat elke tien jaar moet gebeur en sal R13 000 kos.

Die komitee doen hiermee 'n beroep op lede wie se jaarlikse ledegeld van R50 per persoon nog nie ontvang is nie, om dit asseblief sonder verdere uitstel te betaal. Ons kan nie daarsonder voortgaan nie. (a) Gee dit in kontant aan ons Tesourier by die Slawelosie op 26 Augustus, of (b) Pos dit per tjek (met u naam en die woord 'ledegeld' agterop) aan Mnr J. van der Merwe, Privaatsak X 9025, Kaapstad 8000, of (c) bel hom by tel. 021- 462-4050, sê dat u dit elektronies wil inbetaal en vra die bankrekening nommer.

*Behouwde vaert!*

D SLEIGH (Sekretaris)

# *Generale Missive*: Nuusbrief van die Stigting VOC

Newsletter of the VOC Foundation 6/2006

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met bewaring , opvoeding en kultuurtoerisme as doel. Dit is geregistreer as eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with conservation, education and cultural tourism as its aims. It is the registered owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*

**Skakel/*Contact***: Skakel/*Contact*: Mnr E. B. de Vries (Finansies, Lidmaatskap / *Membership, Finance.*) tel.: 021-851-3850 / boudewyn@mweb.co.za

**Webblad**: http://www-voc-kaap.org ; **e-pos**: vocinfo@voc-kaap.org

---

*Welaen Vrunden*

Ons herinner u graag aan die volgende aktiwiteite op ons kalender en brei daarna kortliks op elkeen uit:

1) Toer na die Buiteposte: Saterdag 7 Oktober 2006.
2) Die Merkwaardige Verhaal van Cornelis de Cretser: Donderdag 12 Oktober 2006.
3) A.J. Böeseken-gedenklesing: Saterdag 11 November 2006.

**Toer na die Buiteposte:** Nadat Wium van Zyl die toer deur middel van *Die Burger* aan die publiek bekendgemaak het, is die bus stadig maar seker besig om vol te loop, en dié van ons lede wat nog wil bespreek word aangeraai om u geld (R295) aan penningmeester Jaco van der Merwe te besorg. Sy telefoonnommer is 949-0778, saans na sewe-uur. Die afsnydatum vir besprekings is 30 September 2006, en al is daar te veel aansoeke sal die toer nie herhaal word nie. Die bus vertrek om 08:00 uit Darlingstraat, teenoor die Kasteel, en toergangers sal handige parkering tussen die bastionne Leerdam en Oranje vind. Stap terug oor die brug en klim gerus in die bus.

**Die Merkwaardige Verhaal van Cornelis de Cretser:**
Om vyfuur op Donderdag 12 Oktober vergader ons in die Sekundeshuis in die Kasteel, om die derde toekenning van ons Silwer Medalje te maak aan prof. dr GJ Schutte, emeritus professor van die Vrije Universiteit, Amsterdam. Die *commendatio* word deur Con de Wet voorgedra, en Voorsitter Leon oorhandig die medalje. Daarna sal prof. Schutte die vreemde, veelbewoë, kortstondige loopbaan van die VOC-amptenaar Cornelis de Cretser aan ons vertel. Dit is ’n verhaal wat behoort vertel te word en hy is ’n man wat kán vertel. De Cretser se lewensverhaal is, naas die van Hubert Hugo, Jan van de Capelle en Pierre Philipe Col, die stof wat die studie van die VOC se buitengewoon interessant maak. Ja, en bring sekerlik die nodige vir die heildronk *Huis van Oranje!* En genoeg om daarná te geniet. Om sesuur vertrek ons huis toe; die son gaan om sewe-uur onder.

**A.J. Böeseken-gedenklesing:** Dié jaarlikse lesing vind plaas om 10:30 op Saterdag 11 November, by Huis der Nederlanden. Die onderwerp is: Die ‘*struggle’* van die Kaapse burgers teen Willem van der Stel, vanjaar tweehonderd jaar gelede. Verskillende sprekers sal aspekte van die saak toelig. Onderdrukking? Opstand van die proletariaat? Korrupsie? Demokrasie? Dit is ons sluitingsfunksie vir die jaar.

***Ledegeld:*** Die Komitee het besluit (na veel innerlike wroeging, nogal) om ’n slag onder die dooie hout te snoei. Alle lede wat teen 31 Desember 2006 nog nie hul agterstallige ledegeld betaal het nie diskwalifiseer hulself van lidmaatskap, hul lidmaatskap verval op daardie datum en sal nie weer hernu word nie. **As u onseker van u status is, bel asb. vir penningmeester Jaco by 949-0778, na sewe-uur saans.**

**Van Hoeren Eylandt tot Horn Island**

Ses van die een, halfdosyn van die ander, lui die spreekwoord. Maar van Breukelen tot Brooklyn, Broncks tot Bronx, Walstraat tot Wall Street en Bloemendal tot Bloomingdale is minder vanselfsprekend. Wil u nóg hoor, hoe die Nederlandse plekname uit Nieuw Amsterdam van 1625 in die moderne New York teruggevind word? In die *Nederlandse Post* van September '06 is 'n uiters interessante artikel met ewe interessante kaarte en ander illustrasies deur die heer Paul Damen met vele meer voorbeelde. *Nederlandse Post* is gerig op die Nederlandse gemeenskap in Suid-Afrika, en daar is dikwels nuus oor VOC-sake en ook oor die Wes-Indiese Kompanjie, soos in die geval van Nieuw Amsterdam hierbo, sodat enigeen wat nog 'n paar druppels oranje bloed in die are het die blad met veel plesier sal lees. Gee uself 'n Kersgeskenk; u sal nie spyt wees as u daarop inteken nie.

**Groot vlag, groot flater**

By ons stigtingsvergadering op 16 September 1995 het Dirk Bins, die destydse konsul-generaal, 'n groot VOC-vlag aan ons geskenk, wat vir jare gedien het as muurbehangsel, katederkleed ens. Toe raak dit weg, en ons het heen en weer gesoek en ons onskuldige medemens van nalatigheid verdink. Maar, soos die verlore seun is die vlag met ope arms ontvang toe dit weer verskyn. En waar was dit twee jare lank, mag u vra? Agter in my klerekas. Hoe kom dit daar? Goeie vraag.

*Behouwde vaert*

D SLEIGH (dr)
SEKRETARIS

*Generale Missive*: Nuusbrief van die Stigting VOC
Newsletter of the VOC Foundation 1/2007

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met bewaring , opvoeding en kultuurtoerisme as doel. Dit is geregistreer as eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with conservation, education and cultural tourism as its aims. It is the registered owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*

**Skakel/*Contact***: Skakel/*Contact*: Mnr E. B. de Vries (Finansies, Lidmaatskap / *Membership, Finance.*) tel.: 021-851-3850 / boudewyn@mweb.co.za
**Webblad**: http://www-voc-kaap.org ; **e-pos**: vocinfo@voc-kaap.org

---

*Welaen Vrunden!*

Ons wens al ons lede 'n gelukkige nuwe jaar toe, en nooi u hiermee uit na die Stigting se dertiende jaarlikse Algemene Jaarvergadering.

**Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering!**

Die Stigting VOC se Algemene Jaarvergadering vind plaas op:
Datum: Donderdag, 22 Februarie 2007.
Tyd: 17:00.
Plek: Sekundeshuis, Kasteel de Goede Hoop. (Parkering: Op die sypaadjie voor die Poort, of uit Darlingstraat en oor die grag, tussen bastionne *Leerdam* en *Oranje.*)

Agenda:

1. Verwelkoming.
2. Apologie onrvang vir Afwesigheid.
3. Notule van vorige Algemene Jaarvergadering. (Sien Bylae A.)
4. Voorsitter se Jaarverslag (Bylae B.)
5. Finansiële Verslag (Bylae C.)
6. Verkiesing van Bestuur vir 2007.
7. Herregistrasie van Logo.
8. Program vir 2007.
9. Toer na VOC-Overberg.
10. Ander sake. (Gee vooraf kennis aan Voorsitter.)
11. Afsluiting.
12. Heildronk: "*Huis van Oranje!* "

**Agenda aangaande**:

Terwille van verjonging en vernuwing het alle komitees nuwe bloed nodig, (soos Dracula). Die alternatief laat die hare rys. Al die komiteeposte is vakant en nominasies vir agt lede sal gevra word. Die voorsitter sal bykomende lede (*ad hoc*) persoonlik nader. Is jou bloed oranje? Staan op. Kom help. Doen iets vir die herinnering aan die Kompanjietyd.

U sal oplet dat ons die vorige (a) AJV se notule, (b) Voorsitter se jaarverslag en (c) Staat van Finansies as bylaes hiervan uitstuur. Dit sal "as gelees" beskou word.

Ons bepaal ons streng by die Agenda, en as lede sake wil aanroer wat nie daarop verskyn nie vra ons u om dit asseblief 'n week of meer vóór die vergadering met die Voorsitter te bespreek. (Prof. L. Hattingh, tel. 851-5374). Bring asseblief die nodige om die heildronk te drink en daarna 'n halfuurtjie gesellig te verkeer. Ons vriend Lungile sal glase voorsien.

Bring ook: Die aangehegte ledevorm en R 60 (u ledegeld vir 2007.) Terwyl die sosiale aspek voortgaan sal die Penningmeester met sy kwitansieboek gereed sit. Alle lede wat op daardie datum nog nie hulle jaargeld vir 2006 (R50) betaal het nie diskwalifiseer hulself van lidmaatskap, en dit sal nie weer hernu word nie. As u onseker is of u wel vir 2006 betaal het, hoor by Penningmeester J. van der Merwe. (tel: 949-0778, saans ná sewe-uur).

**VOC - wynglase**

Ons het nog enkele stelle van ons mooi langsteel wynglase met die VOC logo in voorraad teen R45 per pak van drie. Koop dit asseblief op, dat ons nuwe voorraad kan bestel? Moenie wag nie. Daar sien u die Sekretaris, met sy voorraad glase en kwitansieboek! (Van die rooiwynglase is ongelukkig nie meer oor nie.)

**Nuwe lede**

Nuwe lede nog nie verwelkom nie, is (alfabeties): mev. S. Gelderblom, prof. J.J. en mev. S.C. Henning, mev. H. Humphries, mev. A. Myburgh, dr D. Pretorius, mnr H.J. Smal, prof. J.A. Tromp en mnr J. Truter. Ons hoop dat u lidmaatskap aangenaam, lank en vir u en die Stigting wedersyds voordelig sal wees.

**Nuwe publikasies van ons lede.**

Die boek van Piet Westra en James C. Armstrong getitel *Slawehandel met Madagaskar,* het onlangs verskyn. Ons seil drie eeue in die verlede in en gaan saam met twee VOC-koopmans op die tropiese strande van Madagaskar aan wal, waar konings nie net krygsgevangenes van naburige stamme verkwansel nie, maar ook hulle eie mense en die vrouens waarvoor hulle moeg geword het. Uit eerstehandse ervaring word veel vertel van die oorsprong van Kaapse slawe en die Kompanjie se metodes van handeldryf. Die boek is mooi uitgegee met veel volkleur prente en kaarte. Die prys is R 165 (posgeld R10.) Van elke eksemplaar aan lede verkoop, word R20 aan die Stigting geskenk. (Dankie, Piet!) Dit sal by die vergadering te koop wees, of bestel by P.E.Westra, Uitvlugt 18, Pinelands 7405 of per e-pos by pietwestra@mwebbiz.co.za

**Hr Ndl Ms Fregat *Tromp***

Die Nederlandse oorlogskip *Tromp,* 'n 'kommando- en lugverdedigingsfregat' van 144m lank, 17m breed en 7m diepgang, met 'n bemanning van 202, besoek Kaapstad van 16 tot 20 Februarie. Die skip sal by Kaai 6, Waterfront gemeer lê, en op Saterdag 17 (12:00 – 16:00) en Sondag 18 Februarie (10:00 - 16:00) vir die publiek oop wees. (Tye moet nog bevestig word.) Die naaste parkeerplek is agter die Table Bay Hotel.

**Uitstalling "*150 jaar Nederlandse Verteenwoordiging in SA.*"**

Premier E Rasool open op 19 Februarie 'n uitstalling in die Kasteel wat 'n oorsig sal gee van Nederland se eeu-en-'n-half van diplomatieke verteenwoordiging in Suid-Afrika (1857 - 2007) Dit sal daarna daagliks van 09:00 – 16:00 vir die publiek oop wees, en as ons lede vroeg genoeg opdaag, kan hulle dit vóór die Algemene Jaarvergadering besigtig.

**Uit *Nederlandse Post***

*"Op een muur van het Maritiem Museum in Rotterdam hebben onbekenden eind November in een nacht een tekst gespoten die verwijst naar wandaden begaan uit naam van de VOC. Het gaan over de ombrengen van zeker 14 000 bewoners van de Indonesische Banda-eilanden door Jan Pietersz Coen in 1621. Het museum legt een verband tussen de bekladding en de expositie van VOC-kaarten die op 17 november is geopend, zei een woordvoerder van het museum. Volgens hem speelt ook een rol dat premier Balkenende een aantal weken geleden in de Tweede Kamer de VOC mentaliteit tijdends de Gouden Eeuw roemde."* [NP Dec.06]

*" Premier Balkenende moet zijn excuses aanbieden voor zijn uitspraken over de VOC-mentaliteit. Dat zei actiegroep WiSten tijdens een demonstratie bij het slavernij monument in het Oosterpark in Amsterdam. Een kleine 200 mensen kwamen naar het protest uit woede en verontwaardiging over de woorden van de premier. De Surinamers zijn boos omdat Balkenende onlangs in de Tweede Kamer de VOC –mentaliteit*

*tijdends de Gouden Eeu roemde. Het ging hem om de handelsgeest en de moed om over de wereldzeeën te varen en niet om wat Balkenende noemde de "duistere periode van slavernij."* [NP Dec.06]

*"De voormalige aartsbisschop Desmond Tutu …bezocht begin November Culemborg. In dit stadje staat het 16e huis de Fonteyn, waar Jan van Riebeeck sijn jeugd doorbracht. Tegenwoordig zet de gemeente Culemborg zich in voor krottenbewoners in Zuid-Afrika. Tutu besoekt Nederland voor een conferentie over criminaliteitsbestrijding."* [NPDec.06]

**Toer na Oos-Indië**
In Mei en weer in Oktober 2007 lei Jesse Lewis toergroepe na Oos-Indië "om die plekke te besoek waar Jan van Riebeeck gewerk en geleef het." Sy geillustreerde biljette insake die toere sal by ons AJV te kry wees. Neem asb. kennis dat die toere nie deur ons Stigting gereël word nie; ons stel u net in kennis dat dit gaan gebeur. Skakel asb. altyd direk met sy kantoor. Sy foonnommer sal op sy biljet wees.

*Behouwde Vaert!*

D. SLEIGH (Dr)
SEKRETARIS

*R.S.V.P.* Bywoning: Mnr L. Gadezweni (tel. 021-464-1270) voor 21 Feb. '07.

[Einde *Generale Missive* 1 / 07]

---

BYLAE A:

<u>Notule van Algemene Jaarvergadering, 1 Februarie 2006.</u>

<u>Teenwoordig (alfabeties)</u>: R. Bosscher, A. de Vries, B de Vries, C. de Wet, L. Gadezweni, N. Greeff, L. Hattingh, G. Hofmeyr, I Koelma, K. Koperski, L Knottenbelt, D. Lub, J. Marx, D. Neethling, M. Potgieter, T. Potgieter, H Scheffler, D. Sleigh, J. van der Merwe, J Visagie, P.Westra, G. Wiechers.

<u>Apologie:</u> mnr Metz, mev Metz, mnr Alma, mev Alma, A. Roux.

Agenda:

1. Verwelkoming: Voorsitter verwelkom almal, in besonder Konsul R. Bosscher en lid K. Koperski op besoek uit Johannesburg.
2. Notule van AJV '05. Versprei, gelees. Aanvaar. G Wiechers vra dat sy naam op Lys van Teenwoordiges geplaas word.
3. Voorsitter se Jaarverslag. Versprei, gelees. (1)Voorsitter voeg by: G Schutte en M van Bart vir Silwer Medalje benoem, Schutte het aanvaar, Van Bart nog nie. (2) Prof L Hattingh wys daarop dat hy 22 art. oor slawerny vir *WoonBurger* geskryf het, nie 12 nie. [Verslag aanvaar.]
4. Staat van Finansies. Versprei, gelees. Tesourier N Greeff wys op trgniese fout, wat hy sal regstel. P. Westra stel voor dat rekenmeester H Nieuwoudt dit kontroleer. [Verslag aanvaar.]
   Verkiesing van Bestuur. Voorsitter bedank uittredende komiteelede Greeff, Scheffler, Sleigh. Nege nuwe lede voorgestel en aanvaar: C. de Wet, A. de Vries, L. Hattingh, D.Neethling, T. Potgieter, H. Scheffler, D. Sleigh, J. van der Merwe, P. Westra. Bykomend L. Gadezweni. Agerende voors. L. Hattingh sal Komitee saamroep en poste verdeel.
5. Bemarking v. logo. (1) Australiese opposiese onopgelos (2) Glase. Om logo te bemark wynglase met logo gemerk bestel teen R 2325. Sal na vergadring te koop wees.
6. Program vir 2006. (1) Overberg-toer <u>na Nuwe Komitee</u> verwys. J. Marx sal met reëlings help. (2) Woltemade monument: D.Sleigh, G. Hofmeyr rapporteer suksesvolle onderhoud met Ou Mutual

se openbare betrekkinge, mnr Linderts. (3) Akademiese Komitee se boekprojek gaan voort. (4) VOC '*Memory of World*' dokumente buite Kaapse Argief.

7. Ander sake.

(1)H. Scheffler stel voor dat 'Argivaris' aanstel om rekord te hou van die Stigting se gesk. en aktiwiteite, plakboekvorm. Na Nuwe Komitee Verwys. [ Lid D Neethling aanvaar taak]

__ (2) J. Visagie stel voor: (a) Stigting voorsien verversings by elke vergadering, ook wyn vir heildronk. Verwys na Nuwe Komitee [Per stemming afgekeur](b) Dat alle lede kandidate vir Silwer Medalje goedkeur, nie net Komitee. Verwys na Nuwe Komitee. [Per stemming afgekeur. Alle lede mag kandidate voorstel. Komitee besluit.) (c) Vir kennisname: Akademiese Komitee het twee funksies, nl. AJB- gedenklesing en Boek. (d) Stigtingsdag-dinee behoort nie aan Toer gekoppel word; gee meer lede kans by te woon. Verwys na Nuwe Komitee. [Per stemming goedgekeur. Maar laat geleentheid vir buitengewone okkasies] (e) Vra alle lede om hulle publikasies en prestasies aan te meld dat dit deur Nuusbrief bekendgemaak word. [Aanvaar.]

(3)G. Hofmeyr stel voor dat Vergadering hulde bring aan wyle dr A Rupert as 'n voorste bewaarder van VOC-geboue en artefakte. [Aanvaar.]

(4)D. Sleigh stel voor: ledegeld van R50 in vier jaar nie verhoog; stel voor dat dit van 2007 na R70 verhoog word. [ Wysiging aanvaar: Ledegeld van 1 Jan. 2007 af R60 p.j.]

(5)K. Koperski: 'n DVD oor VOC se kulturele bydrae in SA. Hy sal leiding neem. [Aanvaar]

(6) D.Lub: *'De Stigting VOC functioneerd als het historisch geheugen van de Moederstad voor de periode 1652-1795/1803-1806, en is actief as kenner en onderzoeker van de periode.'* Om Stigting se doelwitte, soos in Grondwet, te bereik is o.a nodig: netwerk v. relevante kontakte en ondersteuners, deskundige lede, aktiewe organiserende lede. Invloed van bestaande deskundiges beperk tot vlg. 5-10jr; wat word daarna v. Stigting? Gebruik jaarlikse Dinee op vlg. Maniere: (a)Funksie en Fokus: Vir fondsinsameling. Bekendstelling aan Owerhede en Toeroperateurs, insluitend oorsese groepe. (b)Vorm en Inhoud: Status. Formeel. Funksie v. Voorsitter/ Seremoniemeester. Nooi belangrike buitestaanders. Vir sosiaal-relevante visie 'n deskundige lesing. Lesing-verwante persverklaring. Verering v. persone wat doelwitte bereik. "Versterking van de onderling samenhang van bestuur en leden." (c)Plek en Aanbieding: VOC-verwant soos Kasteel of Constantia; Bediendes / Bestuur / Lede in historiese drag. Aankondigings in 17de eeuse Ned; Teatersketse, musiek; Spyskaart Indies-Hollands, Kaaps-Hollands; wyn en wynglase met VOC-embleem; getal 25-35 persone @ R150-R300 elk vir opbou van reserwefonds. Aktiwiteite soos Dinee, Weskustoer en Overbergtoer kan jaarliks herhaal word; gestandardiseer en voorspelbaar; permanente plek op WesKaap se toerismeprogram. Sluit: '*Behoort meer 'gelobbyed te worden voor fondsen en erkenning met doel levend houden van v. VOC –periode.'* [Gedokumenteer en onder lede versprei.] Word bedank deur Voorsitter vir entoesiasme en visie. Die praktiese implementasie is nie maklik.

(7)N. Greeff: Vir kennisname, Stigting se eie VOC biblioteek in sy Militêre Museum bewaar, gedokumenteer en beskikbaar vir gebruik.

8. Afsluit: Voorsitter sluit vergadering. Versoek: (a)Betaal ledegeld vandag indien moontlik (b) Koop glase.
9. Heildronk: Vra K. Koperski om heildronk '*Huis van Oranje*' in te stel. [Gedoen.]

Na vergadering:

(a) Glase verkoop ter waarde van R1385, 00. Bedrag aan uittredende Tesourier oorgedra (Kwit. nr. 111 dd. 1.2.06.) Vir elke transaksie kwitansie oorhandig. Oorblywende glase in L. Gadezweni se kantoor gestoor. Bedank hom vir voorbereiding lokaal, heildronk-glase, vlag, hulp met verkope, stoor. Glase sal geadverteer word.

(b) Nuwe Komiteelede vergader onder Agerende Voors. L. Hattingh, besluit om eerste formele vergadering. te hou om 11:00 op Don. 9 Feb. '06, in Sekundeshuis, Kasteel. Met L. Gadezweni gereël dat lokaal beskikbaar is. Einde.

-----------------------------------------------------------------------------------------------

BYLAE B:

VOORSITTER SE JAARVERSLAG 2006

Ten tye van onas Algemene Jaarvergadering gehou op 1 Februarie 2006is die volgende persone as lede van die bestuur verkies: Prof. L Hattingh (Voorsitter),
Mnr G Hofmeyr (Vise-voorsitter), dr D Sleigh (Sekretaris), mnr P Westra (lede-sekretaris en publisiteit), mnr J van der Merwe (tesourier), dr C de Wet, kdr T Potgieter, dr H Scheffler, mev A de Vries, mnr D Neethling, mnr L Gadezweni.

Die bestuur het in die loop van die jaar elf keer vergader om aan verskillende sake aandag te gee.

’n Gedenkdiens vir ons stigterslid en oud-bestuurslid Karl Koperski wat ons onverwags ontval het is deur verskeie lede bygewoon. In September het ons sekretaris Dan Sleigh se vrou Dewetia hom ontval. Ons lede se meegevoel met die verliese word op die wyse oorgedra.

Ons jaarlikse dinee het op Vrydag 5 Mei te *Welgemeend*, Hoërskool Jan van Riebeeck plaasgevind. By die geleentheid is ons Silwer Medalje oorhandig aan die kultuurjoernalis mnr M. van Bart vir sy jarelange promovering van die VOC-geskiedenis. Die *commendatio* is deur dr H Scheffler voorgedra. Op 12 Oktober is ’n Silwer Medalje ook aan die bekende Nederlandse historikus prof Gerrit Schutte van die Vrije Universiteit Amsterdam in die Kasteel oorhandig. Die *commendatio* is deur dr C de Wet voorgedra. By beide geleenthede het die ontvangers hulle dank teenoor die Stigting uitgespreek en ons trakteer op interessante feite wat hulle ons meegedeel het.

Die bestuur het gereageer op die openbare uitnodiging van die Stadsraad van Kaapstad om deel te neem aan die aktiwiteite rondom die herontwikkeling van die Parade. Ons bydrae het veral klem gelê op die meer sigbaarmaking van die verdwene Fort wat op ’n deel van die terrein geleë was, die verskuiwing van die Senotaaf van die Heerengracht na die Parade, die verwydering van die moderne gebou op die noordwestelike hoek van die Parade, en die heroprigting van die Thibault-fontein as n gedenkteken aan Koina-regimente, die Javaanse Artillerie Korps en die latere Kaapse Korps.

Ons het die Nederlandse Ambassadeur en die Kultuurattaché se aandag gevestig op die VOC-argivalia wat tans nie in die Nasionale Argief bewaar word nie in ’n poging om dit in ’n veiliger omgewing bewaar te kry.

Op Saterag 29 Julie het mnr Jesse Lewis, ’n Amerikaner, ’n baie interessante praatjie gelewer oor die oorblysels van die VOC in die Ooste, en dit ryklik geillustreer met skyfies van die historiese geboue wat hy self geneem het. Op Saterdag 26 Augustus het 25 lede ’n besoek aan die Slawelosie Museum gebring waar prof R. Shell ons begelei het. Op Saterdag 30 September het ons lede en ander belangstellendes, waaronder Australiërs en selfs persone spesiaal van Pretoria gekom, ons bustoer van die Skiereilandse buiteposte meegemaak. Die belangstelling van die publiek was opvallend, en soos gewoonlik het die toer ons ’n aantal nuwe lede besorg . Op Saterdag 11 November is ons gebruiklike A.J. Böeseken-gedenklesing in die Huis der Nederlanden gehou. By die geleentheid is die 300-jarige herdenking van die burger-opstand teen die Kaapse goewerneur WA van der Stel uit verskillende hoeke beskou en kleurryk geïllustreer deur prof. L Hattingh, dr H Scheffler en dr D Sleigh.

Ten einde ons Stigting se Logo te bevorder het ons vanjaar ’n aantal glase met die logo op verkoop. Ons is steeds met die Australiese maatskappy in die stryd om alleenreg van die logo gewikkel. Intussen het ons ook ’n aansoek om registrasie van die logo van die reisagentskap Overseas Visitors Club teengestaan. Ons bestaande registasie is vir ’n tydperk van tien jaar hernu, en aansoek om registrasie op wyn en spiritualië is ingedien. Lede van die bestuur het ’n vrugbare gesprek gehad met dr Christo Wiese gevoer oor die moontlikhede om ons logo te gebruik, wat tot groot voordeel van die Stigting sal wees as dit realiseer.

Met dank aan al die bestuurslede en ander lede wat getrou gedien het om van al ons ondernemings 'n sukses te kon maak. Die jaar 2006 was 'n besige en vrugbare jaar en ons sien uit na 'n ewe opwindende 2007.

JL Hattingh
Voorsitter

-----------------------------------------------------------------------------------------------

BYLAE C:

Finansiële verslag. (Later beskikbaar)

---

STIGTING VOC : LEDEGELD 2007

Naam: ………………………………………………………………………..
Adres: ………………………………………………………………………..
………………………………………………………………………………
………………………………………………………………………………
Tel.: …………………………………..
Faks: ………………………………………
e-pos: ……………………………………….

Die bedrag van R…………………is aangeheg, bestaande uit:
[ ] R60 ledegeld 2007
[ ] R50 ledegeld 2006
[ ] donasie. (Skenkings is welkom en word opreg waardeer.)

-----------------------------------------------------------------------------------------------

# *Generale Missive*: Nuusbrief van die Stigting VOC

Newsletter of the VOC Foundation 2/2007

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met bewaring , opvoeding en kultuurtoerisme as doel. Dit is geregistreer as eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with conservation, education and cultural tourism as its aims. It is the registered owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*



**Skakel/*Contact***: Skakel/*Contact*: Mnr E. B. de Vries (Finansies, Lidmaatskap / *Membership, Finance.*) tel.: 021-851-3850 / boudewyn@mweb.co.za

**Webblad**: http://www-voc-kaap.org ; **e-pos**: vocinfo@voc-kaap.org


---

Welaen Vrunden!

Die Algemene Jaarvergadering is goed bygewoon. Die Uitvoerende Komitee vir 2007 is: Leon Hattingh (Voorsitter) Helena Scheffler (Vise-voorsitter), George Hofmeyr (Sekretaris) Piet Westra (Lede-sekretaris en waarnemende tesourier), Dan Sleigh (Nuusbrief ) en Thean Potgieter. Die Akademiese Komitee (Con de Wet en Jan Visagie) en die Maritieme Komitee (Helena Scheffler en Dan Sleigh) gaan voort en Lungile Gadezweni bly ons verteenwoordig in die Kasteel.

**Jaarprogram**: Daar lê 'n interessante jaar voor, en 'n besige een vir die Komitee. Enige lid wat 'n bykomende uitstappie of ander aktiwiteit wil reël, of wil hê dat die Komitee dit probeer reël, is welkom om dit voor te stel. Wat ons veral nodig het is geleenthede om vir die Stigting fondse te verkry.

1. **Gantouwpas en braaivleis.**

Hou asb. Saterdag 26 Mei 2007 hiervoor oop. Pos of faks aansoekvorm gemerk **Gantouwpas en Braaivleis** so spoedig as moontlik aan Dirkie, sonder geld.

Opsie A: Arriveer teen 09:00 (op eie stoom) op 'n geskiedkundige plaas aan die voet van Sir Lowryspas. Groep ry per bus om na die Kompanjie se seinkanonne bo-op die gewese Gantouwpas en die groewe van wawielspore in die rotse op die pad na die Overberg te gaan kyk. Die storie agter beide gedenkwaardighede word ter plaatse bespreek. Stap ongeveer 3 km deur fynbos. Keer per bus terug na die plaas. Spitbraai om 13:00. Bring eie voustoel en drinkgoed. As u wil, kan u die binnekant van die woonhuis, wat 'n rol in die oorgawe van die Kaap aan Brittanje (1806) gespeel het, teen 'n geringe fooi (omtrent R10,00 ) besigtig. (Totale koste minder as R150,00)

Opsie B: Arriveer teen 12:00 (op eie stoom) op die plaas. Spitbraai om 13:00. Bring eie voustoel en drinkgoed. As u wil, kan u die binnekant van die woonhuis, wat 'n rol in die oorgawe van die Kaap aan Brittanje (1806) gespeel het, teen 'n geringe fooi (R5,00 ) besigtig. (Totale koste ongeveer R80,00)

3. **Overberg toer**. Op Saterdag 22 September vertrek ons per bus op 'n toer van drie dae (twee nagte) na die Kompanjie se Overbergse buiteposte. Die voorlopige, basiese reisprogram lyk so: Ons vertrek die Saterdag ongeveer agtuur van die Kasteel af, en laat weer ons motors binne die Kasteel se omheining ( maar op eie risiko, daar is n vormpie om in te vul en onthou u ID-boek.) Op pad oor die Vlakte praat ons o.a. oor die VOC se gebruik van die Kaapse Vlakte, die buitepos Hottentots-Holland, die Gantouw-pas, die Chainouqua-stam en hulle noodlottige skakeling met die VOC. Daarna besoek ons die sendingstasie Genadendal, en die buiteposte Soetemelksvallei, Siekenhuis, 't Warme Bad. Daarna besoek ons Elim, Bredasdorp en Kaap Agulhas, die buitepos Tygerhoek en die drostdy Swellendam. Op 24 September (Erfenisdag) neem ons op Swellendam deel aan die Drostdy Museum en die Erfenisvereniging se aktiwiteite. Ons verrig 'n klein seremonie by die buitepos Riet Valleij in Hessequaland, bly vir middagete op Swellendam, en draai terug huis toe. Voor sononder haal ons weer die voertuie by die Kasteel.

Die wat op ons vorige toere was weet al hoe dinge werk. Ons verkenners vertrek binnekort na daardie streke om tye, afstande, verblyf, pryse ens. vas te stel. Daarna sal ons die volledige inligting en aansoekvorm uitstuur. Versprei asseblief die nuus verder. (*"Seg 't voort."* ) As ons 'n week of twee later weer 'n bus kan vol maak, herhaal ons die hele ding. Alles om ons doelwit "VOC-inlgting deur VOC-toerisme," en om fondse in ons Stigting se leë koffers te kry. Dankie aan Helena, Joanna, Wium en ander vir hulle werk.

Dit is al bekend dat ons moontlik in 2008 die Weskus toer gaan herhaal, in 2009 die Skiereiland toer, en in 2010 weer die Overberg toer. 'n Ander voëltjie fluister: "Wat van 'n toer na die Kompanjie se suidelike buiteposte en drostdye soos Outeniqualand, Plettenbergbaai en Graaff-Reinet? 'n Seemeeu het selfs gevra: "Wat van 'n toer na Nederland, na die VOC se vele plekke van Middelburg af tot bo by Texel?"

4. **AJ Böeseken-gedenklesing**: Hierdie lesing, ter nagedagtenis aan die produktiewe argivaris en VOC-historikus dr Anna Böeseken is die afgelope paar jaar in Oktober by Huis der Nederlanden aangebied om met hulle Hollandse Mark saam te val. Jan Visagie sal sorg vir 'n eersteklas spreker.

5. **Onverwagte:** As daar onverwags 'n geleentheid voorval om ons lede iets nuut en interessant te laat sien, soos onlangs die besoek van die Nederlandse oorlogskip *Tromp*, sal ons u dadelik laat weet. Ek het 'n voëltjie hoor fluit dat daar later vanjaar weer Nederlandse skepe in Tafelbaai gaan wees.

**Gelukwense:** Gepraat **v**an Tromp: Het u Wium (amptelik is hy prof. **W van Zyl** van die Wes-Kaapse Universiteit ) se artikel gelees oor Michiel de Ruyter, in *Die Burger* van 24 Maart? De Ruyter het sy lewe geslyt om Nederland se handel op see te beskerm, dit was sy bydrae tot die Goue Eeu. Maar wat 'n merkaardige leier; die enigste ooit om deur seevolk *Bestevaer* genoem te word: Hy het self sy kajuit gevee, sy hoenders aan boord kos gegee, en sy ete van brood, haring en bier was wat sy matrose ook geëet het. Dankie, Wium, en dank aan erelid (en ontvanger van ons Silwer Medalje) Martiens van Bart van *Die Burger* wat steeds plek vir artikels oor sake waarin ons belangstel, in sy tydskrif inruim.

Ons wens graag vir Thean (amptelik kdr **TD Potgieter** (SA Vloot) verbonde aan die Militêre Akademie op Saldanha) geluk met sy welverdiende doktoraat oor 'n moeilike tesis: maritieme projeksie in oseane om die Kaap in die agtiende eeu. Dit gaan oor mededinging tussen Nederland, Engeland en Frankryk om beheer van die seehandel met Oos-Indië en later spesifiek oor beheer van Indië, die skatkamer van die Ooste. Daar is volop interessante nuwe beskouings en nuwe inligting, o.a. oor die fiasko van kommodoor Lucas se vloot in Saldanhabaai, wat in 1796 sonder slag of skoot aan die Britte oorgegee het. Die vreemde situasie was dat Nederlandse offisiere in 1795 oor die algemeen Oranje- of koningsgesind was en die laer range republikeins / patriots, maar 'n jaar later, in 1796, ná die aanstelling van onbewame republikeine as offisiere, was die matrose oor die algemeen Oranjegesind en het geweier om vir die republiek te veg. Die tyd van De Ruyter was duidelik verby.

Die SA Akademie het die Stals-prys vir Geskiedenis (2007) toegeken aan ons erelid Gerrit Schutte (amptelik emeritus-professor **GJ Schutte** van die Vrye Universiteit Amsterdam.) wat verlede jaar ons Silwer Medalje ontvang het. Die wat die aand daar was het d.m.v. Con de Wet se *commendatio* verneem van Gerrit se voortreflike akademiese rekord, en 'n praatjie deur hom in sy gewone humoristiese styl oor een van die Kompanjie se interessante ongeluksvoëls, Cornelis de Cretzer, gehoor.

**Plekname:** Op uitnoding van die Provinsie het ons naamsveranderings voorgestel wat erkenning gee aan die Chainouqua- en Hessequa-stamme. Is dit ons saak? Inderdaad. Die Kaapse diensstasie het met hulle hulp op die been gekom, en Simon van der Stel se uitwissing van die Chainouqua in 1693 is myns insiens een van die ergste misdade wat in die naam van die VOC gepleeg is. Dit het tot sy afdanking bygedra.

**Kaapstad se Straatname-komitee**. Drie van ons lede is vir die komitee genomineer. As net een aangestel word sal dit al help om inligting by die besluitnemers te kry.

**Vakature vir Tesourier:** Kom meld asb. aan, 'n vrywilliger vir 'n goeie saak. U word outomaties lid van die Uitvoerende Komuitee, die werk behels seker nie een uur per maand nie, en u kry alle hulp met boekhouding en die jaarlikse balansstaat.

**Ledegeld:** Gebruik asb. die antwoordstrook gemerk LEDEGELD en betaal u lidmaatskap, per tjek of kontant. Ons het dit dringend nodig. Die prokureurskoste in verband met die registrasie en beskerming van ons logo (die wêreld se eerste korporatiewe logo) is so hoog dat ons reeds die totale inkomste uit

verlede jaar se toere, ons enigste belegging, moes gebruik. Een van ons lede het ons met 'n persoonlike, rentevrye lening tot hulp gekom. Help assseblief, dat ons hom kan terugbetaal.
Behouwde vaert!

D SLEIGH
SEKRETARIS

**STIGTING VOC: LEDEGELD 2007**
(Aan: Mnr. P Westra, Uitvlugt 18, Pinelands 7405.)

Naam:……………………………………………………………………………..
Adres:……………………………………………………………………………..
……………………………………………………………………………..
……………………………………………………………………………..
Tel.: ………………………………………………………………………………
Faks: ………………………………………………………………………………
e-pos ………………………………………………………………………………

Die bedrag van R……………is aangeheg, bestaande uit: (merk asb.)
[ ] R50 ledegeld, 2006.
[ ] R60 ledegeld, 2007.
[ ] donasie (Skenkings is welkom, en word opreg waardeer.)

---

**STIGTING VOC: GANTOUWPAS en BRAAIVLEIS**
(Aan: Mnr D. Neethling, Upper Mountainweg 39, Somerset-Wes 7130.)

Ons …… persone wil graag die uitstappie na die Gantouwpas en die braaivleis bywoon. Ek onderneem om ter plaatse te betaal. Keuse: Plan A (Arriveer plaas, per bus na bergtop, terug na plaas, besigtig huis, braaivleis.) [ …persone.] Plan B (Arriveer plaas, braaivleis, besigtig woonhuis) [ ….persone.]

Naam: ……………………………………………………………………….
Adres: ……………………………………………………………………….
……………………………………………………………………….
Tel.:……………………………………………………………………….
Faks: ………………………………………………………………..
e-pos: ……………………………………………………………….

**Generale Missive**: Nuusbrief van die Stigting VOC
Newsletter of the VOC Foundation 3/2007

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met bewaring , opvoeding en kultuurtoerisme as doel. Dit is geregistreer as eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with conservation, education and cultural tourism as its aims. It is the registered owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*
**Skakel/*Contact***: Skakel/*Contact*: Mnr E. B. de Vries (Finansies, Lidmaatskap / *Membership, Finance.*) tel.: 021-851-3850 / boudewyn@mweb.co.za
**Webblad**: http://www-voc-kaap.org ; **e-pos**: vocinfo@voc-kaap.org

*Welaen Vrunden!*

**Uitstappie na die Gantouw-pas.**
Die uitstappie na die Gantouw-pas op 26 Mei was een soliede plesier. Die dag was koel en bewolk, dit het die vorige paar dae gereën en daar was baie water in die berg. Verskeie soorte plante was in blom langs die voetpad en soos altyd was die uitsig (Oos oor Chainouqualand tot waar die son pas opgekom het, en wes oor Valsbaai en die Skiereiland) niks minder as majesteus (verskoon die woordkeuse, republikeine) - pragtig nie. Daarby nog berglug soos sjampanje, goeie geselskap en interessante geskiedenis. Ons het die steil pas in die kloof gesien, en daar was die diep duidelike groewe wat tussen 1660 en 1840 deur ossewaens se remskoene in die rotse geslyt is. Lid Hercules Wessels, een van die laastes wat nog die konstruksie van 'n wa ken en ervaring van osse afrig, inspan en dryf het, het lank en interessant daaroor gesels en ons vrae beantwoord. Toe het ons gaan kyk na die VOC se seinkanonne op die nek, wat vyf keer (1754, 1757, 1795, 1803 en 1806), die alarm van 'n dreigende inval oor die Overberg uitgedra het. Daar het die spreker, verlore sonder sy bril, in alle onskuld beweer dat dit die Swellendamse burgers ses uur te perd geneem het om die Kasteel te bereik. Wat op sy papier gestaan het, was: *'dit het ses uur geduur vir die sein, van die Kasteel af, kanon tot kanon, om Swellendam te bereik.'* 'n Piekniek-ete bo-op Sir Lowry's Pas en die heildronk "*Huis van Oranje!* " (die hoogste bo seëspieël wat dit nog geroep is?) het die perfekte uitstappie afgesluit. Dankie aan Dirkie en die ander vriende wat dit gereël het. Daar was algemene instemming dat ons meer sulkes moet doen, en die voetbal-entoesiaste was almal betyds tuis.

**Donasies:** Hartlike dank aan ons lede wat 'n skenking saam met hulle jaargeld gestuur het. Dit is baie welkom.

**Nuwe lede:** Prof. G. Wiechers het aangebied om die tesourierspos op hom te neem, (waarvoor ons hom nie genoeg kan bedank nie), en word daarmee lid van die Uitvoerende Komitee. Ons verwelkom ook graag die volgende nuwe lede (alfabeties):

**……………** Mag u lidmaatskap lank en gelukkig wees.

**Naamsverandering:** Op die ekspedisie het ons duidelik gesien dat die Gantouw-pas en Sir Lowry's Pas, hoewel naby aan mekaar, nie dieselfde ding is nie, en die komitee het besluit om ons voorstel aan die Provinsie, dat die eerste naam die tweede vervang, te herroep. Erkenning van herroeping is ontvang.

**Overberg-toer:**
Hier is dit middel-Julie (ja, ek weet: dáár ook) en ons Groot Gebeurtenis van die Jaar
kom vinnig nader. Datums is nou vasgestel: ons gaan drie dae lank (Saterdag 22 – Maandag 24 September) deur die Overberg toer om ons vlag te wys en plekke, mense en dinge wat in die VOC se storie pas, in herinnering te roep. Die verkenners het kom rapporteer dat die saak reg is, en die vriende aan daardie kant van die berg verwag ons. Die eerste aand oornag ons in die De Hoop reservaat en die tweede op Swellendam. Op Erfenisdag verrig ons en die Swellendamse bewaringsgemeenskap 'n baie nodige regstellende-aksie funksie. Sodra as die toerprogram volledig uitgewerk is, stuur ons dit saam met die aansoekvorms uit. Verwag dit in Augustus. Vriende en ander besoekers is welkom. Ons kan omtrent

40 mense neem en die eerste plekke is al klaar bespreek. U ken al die storie. Alles ingeslote sal dit omtrent R1400, 00 per persoon kos.

**Scheepsjongens van Bontekoe:** Eendag lank gelede dwaal ek deur Hoorn om foto's (kleurskyfies) van die Kompanjie se geboue te maak, en daar op die kaai, met hulle bene oor de kant, sit drie seuns wat na die skepe en die see kyk. Ek ken hulle dadelik: Rolf en Hajo en dik ou Padde. Hulle kom direk uit Johan Fabricius se storie oor drie knape wat in 1618 Oos-Indië toe is saam met Willem Ysbrandsz Bontekoe. Hulle sal nooit oud word nie. Hulle sit daar in brons gegiet en wit bemors van die meeus, maar hulle is wat Hollywood sou noem '*The Right Stuff,* die stoffasie van avonturiers en pioniers. Dit is die soort jongelinge wat met Van Riebeeck gekom het, noord getrek het met Retief en Maritz, later onder De la Rey en De Wet geveg het, en altyd voortgegaan het asof De Ruyter en Tromp nog hulle leiers was. Ek het die boekie verskeie kere gelees en later aan iemand geleen en nooit weer gesien nie. Die storie verskyn in November vanjaar as film in Nederlanse bioskope. Die replika van *Amsterdam* by die Amsterdamse Skeepvaartmuseum is as Bontekoe se skip gebruik. Sal ons ooit die film sien? Miskien word dit eendag by Huis der Nederlanden vertoon, of wie weet op DStv se Nederlandse kanaal (Kanaal 91.) Ek sien baie daarna uit.

**Boem!** By die seinkanonne op die Gantouw-pas het ek die naam van iemand beloof wat meer oor die saak weet as ek. Dit is die aktiewe jong bewarings- en opvoedingsgroep met naam en adres: The Cannon Association of SA ( Seatonweg 11, Parklands 7441. Tel. 021-557-1299. E-pos: noongun@mweb.co.za ) Hulle herstel en monteer kanonne en vuur hulle by groot geleenthede. Groot lawaai. Groot plesier. Vir 'n geringe jaargeld kan jy lid word en deelneem, en as jy wil, vir die kanonnier-sertifikaat leer. Jy kan die Register van Voorlaaier-kanonne te koop kry (waar hulle lê, hoe groot, waar en wanneer gemaak, waarvoor gebruik, ens. Daar is amper duisend van hulle.) jy kan hulle geleenthede bywoon en jy ontvang elke twee maande die snaakste en interessantste van nuusbriewe wat ek al gelees het. Hulle groet is: *Ubique*. Oral. Die Sekretaris is Kdr. G. de Vries, SAVloot (afgetree.)

**Beïndig lidmaatskap:** Daar is enkele lede wat lanklaas 'n funksie bygewoon het en ten spyte van herhaalde versoeke nog langer gelede laas hulle jaargeld betaal het. Sulke lede is vanselfsprekend 'n las op die Stigting, en tensy ons voor 31 Augustus vanjaar van hulle hoor eindig hulle lidmaatskap, tot ons spyt, dié dag. Vir hulle is hierdie dan die laaste nuusbrief. (Penningmeester G. Wiechers se foonnommer is …………..

***Götheburg***

Verskeie van ons lede het verlede jaar gaan kyk na die volle replika van die 18de eeuse Sweedse kompanjieskip *Götheburg,* waar hy voor die Cape Grace Hotel vasgemaak was, en was ook op die breekwater toe hy weer die baai uit is. 'n Dwarsgetuigde skip is altyd 'n indrukwekkende gesig en amper onmoontlik om te glo. Dit is soos om 'n lewende dinosaurus te sien maar veel, veel mooier: tien verdiepings hoog, swaar maar elegant en stylvol. Duisende werkende dele beweeg in harmonie met die wind en die stroom, en watter massa kennis, ervaring en ondernemingsgees kos dit nie om so-iets halfpad om die aardbol te stuur. Piet het 'n besonder mooi
video (die beste van sy soort wat ek nog gesien het) van die opbou en te water lating van die skip, wat ons lede kan leen deur vir Argivaris Dirkie saans na 19:00 te bel.

*Behouwde Vaert!*

D. SLEIGH

*Generale Missive*: Nuusbrief van die Stigting VOC
Newsletter of the VOC Foundation 4/2007

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met bewaring , opvoeding en kultuurtoerisme as doel. Dit is geregistreer as eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with conservation, education and cultural tourism as its aims. It is the registered owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*

**Skakel/*Contact***: Skakel/*Contact*: Mnr E. B. de Vries (Finansies, Lidmaatskap / *Membership, Finance.*) tel.: 021-851-3850 / boudewyn@mweb.co.za
**Webblad**: http://www-voc-kaap.org ; **e-pos**: vocinfo@voc-kaap.org

*Welaen Vrunden!*

**1. Overberg-toer:** Dié nuusbrief gaan hoofsaaklik oor ons toer van 22 tot 24 September vanjaar, na VOC-plekke in die Overberg. Ons het weer ’n luukse bus gehuur en soos vorige toere goeie akkommodasie op mooi plekke teen ’n billike tarief probeer reël. Dit is ’n lentemaand, die weer is waarskynlik mooi, die Ruensveld se graan is aan ryp word, die veld is vol blomme en die see so hemelsblou soos hy die tyd van die jaar kan word. Daar is plek vir vyf-en-dertig persone. Lede se familie en vriende is welkom om saam te toer. Onthou dat verskeie sitplekke al bespreek is en let op sperdatums. Die toer word ook in die pers bekend gemaak. Om seker te maak van plekke sal dit die veiligste wees om telefonies te bespreek en dan so gou as moontlik die geld in die bank te kry. Dit bevestig u plek. Die koste is R1550 per persoon vir die wat kamers deel. Vir enkelkamers is daar ’n bybetaling van R250.

Hierdie is ons vierde toer en ons vertrou dat u dit sal geniet. Soos u sal sien is dit terwille van opvoeding en bewaring. As daar ’n geldelike wins is moet dit ons onkoste vergoed, en wat oorbly moet vir ’n volgende bewaringsprojek gebruik word.

Die volgende dokumente is hierby ingesluit: (1) **Toerprogram** (2) **Aansoekvorm** (3) **Kwytskelding t.o.v. parkering** (4) **Straatplan rondom Kasteel.**

Ondersoek die Toerprogram. Watter ander organisasie kan dié program aanbied? Ons het gidse wat die VOC se geskiedenis ken, sy gebruik van die landskap en ekonomiese strategieë, sy kontak met die Chainouqua, Hessequa en Obiqua, sy vyf buiteposte, sy geboue, die posvolk en vroeë vryburgers, sy skeepswrakke, sy ontdekkingsreise. Daarbenewens het ons gidse wat oor die Overberg se merkwaardige bydrae tot die Afrikaanse letterkunde kan vertel. (Het enige ander landstreek soveel talent opgelewer?) En dan die vertellings oor streekgeskiedenis en die inwoners, die Overbergers, en ’n bundel historiese kaarte om die plekke en die paaie van toe en van nou te vergelyk. Maar daar is nog meer.

**Wat gaan ons doen?**

Het u al ooit aan ’n Erfenisdag-funksie deelgeneem? Kom saam na Zuurbraak in Hessequaland, en wees by as die eerste ‘regstellende aksie’ VOC - gedenksteen onthul word. Ons vervang ’n bestaande gedenksteen langs die pad tussen Zuurbraak en Swellendam met ’n beter een. Waarom? Die bestaande een (uit 1930) sê: **“*Oupos. Op die aangrensende opstal van die plaas Rietvlei het die Hollands-Oos-Indiese Kompanjie in 1734 ’n buitepos opgerig as ’n verdediging teen plunderende Hottentotte en Boesmans.*”** Hoeveel hiervan is waar? In essensie, niks. En dit is ons Stigting se opvoedkundige plig om dit te vervang. **Ons neem ’n nuwe granietsteen daarheen saam, waarop in vier tale gegrafeer staan: “*Riet Valleij aan de Buffelsjagt Rivier. Hier was van c.1730 -1791 ’n buitepos van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC) waar trekosse van die Hessequa geruil is.*” Ons onthul die steen tydens ’n funksie in ’n skoolsaal op Zuurbraak en oorhandig hom aan die streek se burgemeester as ’n geskenk aan die gemeenskap. Dit word daarna aan ’n groot rots langs die grootpad geheg, vlak langs die hek van die plaas *Riet Valleij aan de Buffelsjagt Rivier,* wat tot 1777 die verste oos van al die Kompanjie se buiteposte was. Die Oosgrens, met ander woorde.**

Ons word nog meer uniek. Sover as ek kan vasstel sal dit die eerste keer wees dat 'n inskripsie in 'n Koina-taal op 'n openbare gedenksteen verskyn. Die VOC het gesien hoe die taal uitsterf. Laat die Stigting VOC help om dit te laat herleef.

**3.Veilige parkering vir motors.** Ondersoek meegaande **Vrywaring** en die **Padkaart** wat wys hoe om by die bus en die parkering uit te kom. Die toerbus vertrek van agter die Kasteel, uit Strandstraat. Dit kan net uit een rigting bereik word. U sal die bus daar onder die brug sien staan. Die Weermag laat ons toe om, soos met die Weskus-toere, ons motors gratis in veilige bewaring (maar op eie risiko) op hulle parkeerterrein tussen die bolwerke Nassau en Katzenellenboogen te laat. Draai dus links uit Strandstraat, ry tot by die bus, laai metgeselle en bagasie af, ry tot by die militêre hek waar die wag kyk of u motor se nommer op die bespreekte lys is. Net motors op sy lys word ingelaat. (Onthou om die motor te gebruik wat op die vrywaring beskryf is. Dit het al gebeur …) Goed? Ry tot by die Kasteel, parkeer teen die muur en stap terug bus toe. As alles mooi verloop vind ons die karre veilig daar wanneer ons terugkom.

Toergangers wat hulle motors op die militêre gebied wil laat, se **Vrywarings** moet my nie later as Woensdag 19 September bereik nie. Donderdag neem ek die pakkie vrywarings na Kaptein F. Morkel in die Kasteel, wat hulle in die vorm van 'n goedgekeurde lys aan die wag se orders vir Saterdag-oggend sal heg. Pos u **Vrywaring** aan my: D. Sleigh, Julianaveld-Suid 6, Pinelands 7405 of faks dit: 021-531-4787. Bel eers; dit is nie 'n outomatiese faksmasjien nie.

**Toerprogram:** Soos tevore kry elke toerlid by vertrek 'n boek met interessanthede. Voorin is die volledige program, soos dit die dag tevore nog bygewerk is. Nou, mid-Augustus, en ses weke voor die Groot Langnaweek gee ek vir u die raamwerk, en so volledig as moontlik. Eers 'n grappie.
*Onderwyser*: "Wie kan vir my sê, wat beteken 'kortwiek?' "
*Kaapse kind*: "Miss, ha kortwiek is ha gewona wiek met ha public holiday in."
Terug na die langnaweek van 22 tot 24 September 2007.

**Koste:** Toergangers betaal vir wat hulle by kafees en padstalletjies koop. Hierdie drie dae, waarin u gaan by wees waar geskiedenis gemaak word, en kennis versprei en ver plekke besoek en mooi dinge gesien en goeie dinge gedoen en lekker dinge geniet gaan word, en die VOC se vlag gebruik word om historiese 'regstellende aksie' te onthul, kos basies R1550 per persoon. Vir daardie prys kan jy net nie bekostig om tuis te bly nie. Kyk self:

**STIGTING VOC TOER NA DIE OVERBERG 22-24 SEPTEMBER 2007**

Saterdag 22 September:

07:30 Welkom. Bus vertrek van die Kasteel…waar alles begin het.
[Bespreking:) Die Koina van die Skiereiland. Wanneer en waarom is die Kaapse Vlakte ontbos? Die VOC-buitepos *Hottentots-Holland* en die superplaas *Vergelegen*. Die Gantouw Pas. Die Chainouqua.

08:30 Peregrine Padstal, beroemd vir wildsvleispasteie. Halfuur verposing.

09:00 Bus vertrek. Bespreking: W.A. van der Stel se besetting van die Overberg. Legende van *Boontjieskraal*. Die buitepos *'t Warme Bad aan de Swarte Berg*. Die Herrnhüters, Broeder Schmidt, die Koina en die Kompanjie.

10:30 Die historiese terrein van die Morawiese Sending,Genadendal. Besoek die museum-kompleks. Die Peerboom.]

12:30 Middagete.

13:30 Vertrek, deur Greyton met die *Kaapsche Wagenweg* of 'pospad,' al langs die Sonderendrivier af. *Hartebees Kraal* (Broeder Schmidt se eerste sendingstasie.) Die buiteposte 't Siekenhuis, Soetemelks Valleij en Tijgerhoek.

15:00 N2 na Stormsvlei. Die Skeepswrak Museum, Bredasdorp.

16:00 Die Vuurtoring (1849) Teepouse.

17:00 Kaap Agulhas, Suidpunt van die vasteland.
17:30 Kom aan by 'Die Herberg' in die De Hoop Natuurreservaat.
19:30 Aandete.

Sondag 23 September:

07:00 Bus vertrek na Waenhuiskrans /Arniston. Besoek die Grot, as see en weer dit toelaat. (Laagwater om 07:30.) Terug na 'Herberg.'

08:30 Ontbyt

10:00 Bus vertrek. Struisbaai en sommige wrakke uit die Kompanjie-tyd (*Nossa Senhora de los Miraglos* ('Die laaste Portugese wrak') *Johanna, Nicobar* en *Meermin*. *Brederode* of *Meteor?*

10:30 Bredasdorp. Hoe wolskaap in die land gekom het. Michiel van Breda, merino-monument. Bus vertrek na Swellendam. Die Skrywers van die Overberg. Vroeë kontak met die Hessequa. Die nuwe distrik Swellendam en sy landdroste,1743 – 1795.

12:30 Aankoms Swellendam. Middagete. Besoek Drostdy- museumkompleks en ander gedenkwaardighede.

20:00 Jaarlikse dinee (informeel). Tema: Die Opstand en Onafhanklikheid van Swellendam, Junie-September 1795. Heildronk: *"Huis van Oranje!"*

Maandag 24 September (Erfenisdag)

08:00 Bus vertrek. Ontbyt: Restaurant de Bavianen.

09:00 Bus vertrek na Zuurbraak.
Stop by buitepos *Riet Valleij aan de Buffelsjagt Rivier* in Hessequaland.

10:00 Erfenisdag-funksie by Gemeenskapssaal, Zuurbraak. Koorsang en solo: Griekwa-psalms. Onthulling van nuwe gedenksteen.Verversings.

12:00 Bus vertrek. Besoek plaas *Rotterdam* van die laaste VOC landdros, A. Faure. (historiese monument). Baastuinier Johann Auge.

12:45 Bus vertrek Kaap toe. Stop vir padkos by Padstal de Bavianen. (Biltong en ander inheemse versnapperings.)
Oor Stormsvlei, Bonnievale, Robertson, Du Toitskloof, Drakenstein. Bespreking: 'Paarl en de diamant.' (1656) Waarom Klapmuts? Kyk self. Die buitepos 't Hooijveld ofte Bottelary. Die buiteposte de Kuillen en Elsjes Corael. Zeven Pannetjes ofte Century City.

16:00 Aankoms by Kasteel.

Daar's hy. Kom saam?

**Belê in VOC - geskiedenis:** Die wynplaas 'Sentinel Wines' tussen Klapmuts en Stellenbosch is gelikwideer en die mooi ou voorlaaier-kanonne wat hulle werf versier het, is te koop. Daar is twee met VOC – skakels: een is 'n brons sesponder wat uit Tafelbaai opgediep is (moontlik van *Oosterland* - wat een groep Hugenote gebring het - of *Waddinxveen*.) vir R40 000, en die ander is 'n Hollandse gietyster kanon, gemaak tussen 1640 en 1660. Dit is in ouderdom en voorkoms gelyk aan die kanon wat in die voorportaal van die Kuilsrivier se munisipale kantoor staan, maar is in 'n beter toestand en kompleet gemonteer op sy affuit. In dié geval is die affuit op wiele, en dus '*een rolpaerd*.' Sy prys is net R15 000. Sulke mooi en rare VOC-artefakte gaan gewoonlik baie gou landuit. As u weet van 'n liefhebber, filantroop of belegger wat kan sorg dat hierdie stuk geskiedenis vir die Wes-Kaap bewaar bly, kontak asseblief vir kdr. G. de Vries per e-pos: <noongun@mweb.co.za>

**Ledegeld:** As u nie seker is of u ledegeld vir 2007 al betaal is nie, verneem by ons Tesourier, prof G. Wiechers (tel 021-976-9851). Lede wat nog nie betaal het nie, word op 31 Augustus van die lys verwyder. Tot ons spyt.

*Behoude Vaert!*

D.SLEIGH

---

**Aansoekvorm**
Stuur voor **3 September** aan: Prof. L. Hattingh, Posbus 518, Somerset-Wes 7129.
(tel. 021-851-5374)

**STIGTING VOC OVERBERG TOER 22-24 SEPTEMBER 2007**

Aansoeker: (1) …………………………………… (enkel / gedeelde kamer?)
(2)…………………………………….. (enkel / gedeelde kamer?)
(3)………………………………………(enkel / gedeelde kamer?)
Aansoeker (1) se adres:…………………………………………………………..
tel.:……………………………..
faks:…………………………….
e-pos:……………………………
Bedrag ingesluit R……………… (gedeelde kamer: R1550; enkel R1800) (Maak tjeks uit aan: STIGTING VOC.)
Bankoorplasing: ABSA Rek. no.: 0558162260.
Elektronies: kode 632005.

# *Generale Missive*: Nuusbrief van die Stigting VOC

## Newsletter of the VOC Foundation 1/2008

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met bewaring , opvoeding en kultuurtoerisme as doel. Dit is geregistreer as eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with conservation, education and cultural tourism as its aims. It is the registered owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*



**Skakel/*Contact***: Skakel/*Contact*: Mnr E. B. de Vries (Finansies, Lidmaatskap / *Membership, Finance.*) tel.: 021-851-3850 / boudewyn@mweb.co.za

**Webblad**: http://www-voc-kaap.org ; **e-pos**: vocinfo@voc-kaap.org


Welaen Vrunden!

Ons dertiende bestaansjaar gaan hopelik ons gelukkigste tot nog toe wees. Laat ons begin met 'n hartlike Nuwejaarswens aan al ons lede en 'n verwelkoming aan die nuwes. Hierdie Nuusbrief het drie bylaes wat op die Algemene Jaarvergadering betrekking het. Om tyd te spaar stuur ons dit vroegtydig vir u aandag en indien nodig, kommentaar. Die Finansiële Jaarverslag sal by die vergadering voorgelê word. Die jaarlikse ledegeld-vormpie is ook aangeheg.

**Kennisgewing van AJV 2008**: Die dertiende **Algemene Jaarvergadering** van die **Stigting VOC** vind plaas om **17: 00** op **Donderdag, 14 Februarie 2008** in die Sekundes Huis, Kasteel de Goede Hoop. Mnr Gadezweni het vir ons 'n ander lokaal as die gewone beskikbaar gestel, omdat daar in sy lesingsaal 'n uitstalling van Timbuktu manuskripte is (die werk van Middeleeuse Arabiere, as ek dit reg verstaan). Gaan die kliptrappies op na die Sekundes Huis, en op met die wenteltrap, draai regs in 'n kort gang, en daar is ons. Parkering: Voor die Kasteelpoort of tussen die bastionne Leerdam en Oranje (uit Darlingstraat.)

**Gasspreker by AJV:** Die ontstamming en verstrooiing van die Suid-Afrikaanse Koina het kort na die VOC se vestiging aan die Kaap begin. Verspreiding van vryburgers het die onteiening van weiding en ander hulpbronne versnel en binne vyftig jaar was die sosiale orde van die Skeiereilandse nomadiese herders totaal verval. Die Kompanjie self het die gebeure gedokumenteer. Die afgelope dekade of twee begin groep mense wat hulself as afstam-melinge van Koina beskou en of hulle met Koina geskiedenis assosieer ( amper soos ons, met VOC-geskiedenis) om belangegroepe te vorm en die naam van een van die uitgestorwe stamme aan te neem. Ons het die voorreg om Stamhoof B. Coetzee, hoof van die Cochoqua en Provinsiale Voorsitter van die Kaapse Koina Raad as gasspreker by ons Algemene Jaarvergadering op 14 Februarie te hê. Hy sal ons toespreek oor hulle belang-stelling in en ervaring van Koina-geskiedenis, hulle doelwitte en ideale, die plaaslike, provin-siale en nasionale organisasie van Koina-belangegroepe en nog meer. Hy word vergesel van hoofmanne T. Karsten en P. Dausab. (Mnr Dausab is die Nama-spreker wat die bewoording van ons Rietvalleij-steen vertaal het.) Woon asb. die AJV in groot getalle by en bring vriende en hulle vriende ook.

**Dank aan Stigting van Ewijk:** Ons ou vriend die Stigting van Ewijk wat ons al by verskeie geleenthede gehelp het om projekte te befonds, het laat weet dat hulle die komitee se persoonlike uitgawes ten opsigte van ons Erfenisdag 2007-projek sal borg. Dankie, dames en here van Van Ewijk; julle borgskap gee ons van die Komitee die moed om in die toekoms weer iets waardig en die-moeite-werd te onderneem.

**Straatname:** Op uitnodiging van die Kaapstadse Stadsraad om veranderings aan bestaande straatname voor te stel, het die Uitvoerende Komitee voorgestel dat die name van twee bekende landmerke uit die Kompanjietyd weer op die kaart geplaas word. Die een is Fort Amsterdam Straat (i.p.v. Portweg, net buite die Waterfront) en die ander Fort Knokke Straat (i.p.v. Selwynweg, in Woodstock.) Die straatnamekomitee se aanbeveling in dié verband moet nog deur die Stadsraad bekend gemaak word. Dit is net te vroeg om "Hoera!" te skreeu. Hopelik kom daar in die toekoms weer geleenthede om die VOC in herinnering te bring. Sit dan u hand op papier en doen u deel, fisies. Veel het al verlore gegaan.

**Kontak met die Chainouqua Stam:** Die Uitvoerende Komitee het vroeër vanjaar (op uitnoding van die Provinsie) voorgestel dat die naam van die *Rockview Dam* in die berge naby Grabouw verander word na Chainouqua Dam – nog 'n poging tot 'n historiese regstelling. Die Munisipaliteit Theewaterskloof was die voorstel goedgesind maar 'n finale besluit moes nog geneem word. Intussen is ons in dié verband deur die Raad van die Chainouqua Stam genooi tot samesprekings. 'n Afvaardiging van ons Uitvoerende Komitee het met die betrokke dames en here op Caledon vergader. Hulle verkies dat die naam *Kaptein Dorha Dam* sal wees en het ons steun daarvoor gevra. Ons gevoel was dat die saak hulle nouer raak as ons en het ons deur hulle motivering laat lei. Intussen verneem ons van die Provinsie se Departement Kultuursake dat persoonsname (soos in die geval, Kaptein Dorha) ongewens is.

**Nuwe VOC publikasie:** Die voordragte wat in Desember 2006 by die VOC-konferensie by die Universiteit van Kaapstad gelewer is, is verlede jaar gepubliseer as N. Worden (ed.): *Contingent Lives. Social Identity and Material*

*Culture in the VOC World.* Cape Town, 2007. (Prys: R150 by Clarke's in Langstraat.) Ek het nie destyds die konferensie bygewoon nie omdat ek nie daarvan geweet het nie, maar die gebrek is deur dié publikasie reggestel. Geografies dek die inhoud die uitgestrekte wêreld waarin die Kompanjie opgetree het: London, Taiwan, Wes-Indië, Ooshoek van Java, die Kaap, Amsterdam, maar die besittings en doen en late van die mense wat daarin geleef het, die here en geverfde dames, soldate, huisvroue, handelaars, slawe, homoseksuele vorm die temas van die 31 bydraes. Ek het lank (612 bladsy) en lekker gelees daaraan. Nie al die bydraes is van dieselde gehalte nie; my gunstelinge is J. Armstrong oor die nalatenskap van 'n Chinese vrou in mid-sewentiende eeuse Kaapstad, N. Penn oor die toename in drostery uit die garnisoen tydens PG Noodt se goewerneurskap en N. Worden oor matrose se ervaring van die lewe aan wal in sewentiende eeuse Kaapstad. Die paar glipsies (een skrywer verduidelik dat 'n *bosschieter* 'n houtkapper is, 'n ander beweer die Kaapse vryburgers was op die Politieke Raad verteenwoordig, nog een stel voor dat 'n *wagthuijs* 'n gebou was waarin slawesmouse op die koms van die Hollanders gewag het) is klein en van min belang, ens. Ons weet dat dit geen speletjies is om 'n internasionale konferensie te reël nie. Wat tel is die onderneming en energie, die hoë kwaliteit van beredenering en navorsing, die verskeidenheid interessante nuwe temas en die leesbaarheid van die produk. Dit is ure van leesplesier vir die entoesias (ons almal). Prof Worden en sy kollegas dra al jare lank by tot ons begrip van die VOC en die wêreld waarin hy bestaan het, hier is weereens 'n betekenisvolle bydrae. (Ek dink aan hom as 'n moontlike ontvanger van ons Silwer Medalje.) Lofwaardig is die geldelike steun van die Nederlandse Ambassade, Pretoria wat die publikasie moontlik gemaak het.

**VOC Ceylon:** Mnr Aad van der Kuijp van Rotterdam het in Desember op besoek gekom met 'n eksemplaar van sy boek *VOC- Monumenten op Sri Lanka.* Dit is ryklik en kleurvol geillustreer met nuwe foto's en ou afdrukke van die VOC se nalatenskap op die eiland wat hulle as Ceylon geken het: bestaande herehuise, pakhuise, kerke, forte, tombes en grafstene, poorte, straatname en kaarte - die oue vergelyk met die nuwe - alles beskryf met 'n kort en kragtige teks in Nederlands en Engels oor die Kompanjie se doen en late by hulle vyf *comptoiren* (een goewerneur, twee kommandeurs, sewe bestuursdistrikte en tientalle *buiteposten*) op Ceylon. Sommige strukture word goed bewaar en is in daaglikse gebruik, ander is vervalle en oorgroei. Dit lyk inderdaad of hulle 'n groter verskeidenheid tasbare nalatenskap daar het as ons hier. Die boek is inderdaad 'n pragtige voorbeeld wat ons Stigting behoort te volg ten opsigte van die VOC in Suid-Afrika. My gevoel is dat ons Stigting 'n plig of skuld het ten opsigte van dié boek. Kyk, daar is die titel klaar: *Die VOC in Suid-Afrika.* Ons het die ondervinding en die mense en kan ander koöpteer, voordat die ondernemende en energieke prof. Worden en sy kollegas dit uit ons hande neem. Dit sal ons Stigting onder die aandag van die wêreld bring. Mnr Van der Kuijp het die eksemplaar geskenk aan Huis der Nederlanden se biblioteek, waar lede dit kan geniet. Dit kan ook per e-pos bestel word by : *a.vanderkuijp@12move.nl.*

**Voorgestelde projekte vir 2008:** Lede is welkom om gemotiveerde voorstelle vir goeie, nuttige kort- of langtermyn bewarings- en opvoedkundige projekte te maak, mits hulle bereid is om die leiding te neem om dit tot uitvoer te bring. As die voorstel aanvaar word, kan hulle op ons ander se hulp staatmaak. Die volgende voorstelle is ontvang:
a.) Plasing van Rietvalleij gedenkteen (D. Sleigh).
b.) Uitstappie na die gewese VOC buitepos *'t Land van Waveren* en die Bataafse dorp Tulbagh op hulle Hollandse dag (M. Potgieter).
c.) Erfenisdag 2008. 'n Gegraveerde gedenksteen om die VOC-Koina oorlog (1659-1660) om beheer oor die Liesbeeck Vallei te gedenk?
d.)Boek: '*Die VOC in Suid-Afrika*?'
e.) Affuite vir die seinkanonne in Gantouw Pas?

**Sentrum vir Portugese Maritieme Studies:** 'n Sentrum vir Portugese Maritieme Studies is in Suid-Afrika gestig met die doel om openbare bewustheid en belangstelling in Portugese maritieme geskiedenis uit die *Carreira da India* tydperk (16de en 17de eeu) en die rol van Portugese seevaarders in die ontdekking en geskiedenis van Suider-Afrika te bevorder. Verder soek hulle, net soos ons, bewaring van artefakte en opvoeding van die publiek, navorsing oor seeroetes, skepe, wrakke (daar lê 12 langs die kus van Struisbaai tot St Lucia), handelsware en handelsroetes, wapens, kaarte, en hulle beoog 'n maritieme museum en navorsingsentrum, met seminare, konferensies en publikasies. Baie soos ons, nê? Ontmoet hulle per e-pos by cpns@cpnssa.org of by Posbus 15441, Sinoville 0129.

**Jaarlikse dinee:** Ons jaarlikse dinee het verlede jaar in die saal van die Drostdy Museum op Swellendam plaasgevind, halfformeel, by kerslig, baie smaaklik, en in geselskap van die dorp se bewaringsgesindes. Die atmosfeer was perfek en die geleentheid is afgerond met n sjarmante toespraak deur ons Voorsitter om ons te herinner dat daardie Drostdy twee eeue gelede die toneel van 'n demokratiese opstand teen 'n onderdrukkende regering was. Nou, wat doen ons vanjaar? Aan die einde van September kom die Camer de Haeghe (ons susterg-enootskap gesetel in Den Haag gesetel) op besoek in Suid-Afrika aan, aan die begin van 'n toer na die VOC-plekke sover as Mosselbaai, George en Plettenbergbaai. Die groep bestaan uit ongeveer 35 persone, en die reisburo het voorsiening gemaak vir 'n geleentheid om hulle te ontmoet. 'n Gesamentlike ete is voorgestel (in die Kasteel natuurlik, by kerslig en fakkels, met die musiek en sang van 'n maleier-troep met 'Hollandse liedjies' soos *Rosa, Daar was eens een meisje loos, Djan V'riebiek, Affaltjie* en ander? Ons het laas 'n troepekoor gehad by die

opening van ons VOC-uitstalling in 1996 toe Koningin Beatrix hier op besoek was. In ons argief is foto's van hulle, maar die dralende Oostere klank van hulle sang is ver, ver verby en weg. Hoog tyd, dink ek, om hulle weer nader te roep. Hierdie geleentheid is spesiaal, en ons doen vroegtydig 'n beroep op ons lede wat nog nie voorheen ons dinee bygewoon het nie, om aan die vrolikheid deel te neem. Die Kasteel se atmosfeer in die aand is iets buitengewoon.

**Heildronk:** Bring asseblief die nodige vloeistof en breekware - elkeen vir eie gebruik - saam na die AJV. Nadat die Voorsitter die vergadering sluit, verdaag ons vir 'n sosiale halfuurtjie, en so gou as almal gereed is sal die Voorsitter die heildronk instel: *Huis van Oranje!* Sover ek kan vasstel gaan dit goed met Haar Koninklike Hoogheid, met haar naasbestaandes en met haar Republiek… 'n duidelike bewys van die sukses en krag van ons heildronk.

**Ledegeld:** Dankie aan al ons lede wat hulle ledegeld getrou en vroeg betaal (dit vergemaklik die Tesourier se werk aansienlik) en spesiaal aan die wat vrywillige donasies ingesluit het. Dit is altyd welkom, die Stigting het dit nodig. Die bedrag bly vir die tweede jaar onveranderd op R60 per persoon. Intussen gaan ons voort om name van die wat agterstallig is van ons adreslys te verwyder. Vul asseblief al die besonderhede op die vormpie in (dit maak dit vir die Sekretaris moontlik om gegewens te kontroleer) en bring dit saam met u ledegeld na die AJV; betaal eenmaal en klaar. Tegelykertyd gebruik ons die vorm om 'n opname te maak van die getal lede wat sou belangstel om van die volgende voorwerpe te koop:

a) Hoed of pet met VOC-logo teen ongeveer R100.
b) Koffiebeker, groot, met VOC-logo en skip teen ongeveer R60.
c) Lapelwapentjie, VOC-logo, silwer kleur, 10 mm deursnee, met knippie, R60.

*Behouwde Vaert!*

D. SLEIGH
REDAKTEUR: NUUSBRIEF

**BYLAE A**: Agenda vir Algemene Jaarvergadering, 14 Februarie 2008.

1. Afkondigings. a) VOC wynglase te koop. b). Ledegeld sal ontvang word.
2. Verwelkoming.
3. Apologie vir afwesigheid.
4. Teenwoordig.
5. Gasspreker: mnr
6. Voorsitter se Jaarverslag (Bylae B)
7. Notule van vorige AJV (Bylae C)
8. Finansieële Jaarverslag (Sal ter tafel gelê word).
9. Verkiesing van Uitvoerende Komitee
10. Logo.
11. Voorgestelde aktiwiteite vir 2008. (Kyk in Nuusbrief)
12. Ander sake.
13. Afsluiting.
12. Sosiaal en Heildronk

## Bylaag B VOORSITTER SE JAARVERSLAG – 2007

Hierdie jaar was een van gemengde sukses en ons is dankbaar vir dit wat wel bereik is. Tydens ons Algemene Jaarvergadering is die volgende persone as lede van die bestuur verkies: Prof J L Hattingh (voorsitter), dr Helena Scheffler (onder-voorsitter), George Hofmeyr (sekretaris), dr Dan Sleigh (Generale Missive), Piet Westra (publisiteit en lede-sekretaris), Annetjie de Vries, Dirkie Neethling, dr Thean Potgieter, dr Con de Wet en L Gadezweni. Later is prof Gerrit Wiechers as tesourier geköopteer. Almal was entoesiastiese medewerkers wat hard skouer aan die wiel gesit het om die Stigting VOC se aktiwiteite glad te laat verloop.

Ons uitstappie na die Gantouwpas was ’n reuse sukses. Die besoek aan die historiese waspore in die pas en die twee VOC-seinkanonne was interessant en die moeite werd. Ons het geluister na dr Dan Sleigh en mnr Herklaas Wessels wat baie insiggewend was.

Ons jaarlikse dinee was beplan vir die plaas Lourensford, Somerset-Wes. Die afstand vanaf Kaapstad en die gevare wat op dié tydstip langs die N2 geheers het, het waarskynlik die meeste lede afgeskrik. Die toerlede tydens ons Overberg-toer wat in September na Genadendal, Swellendam en Suurbraak plaasgevind het, het ’n semiformele dinee in die saal van die VOC-Drosdy te Swellendam geniet. ’n Groepie bewaringsgesindes uit die omgewing was ons gaste. Ons wat daar was, sal die aand nooit vergeet nie.

Die Overberg-toer was in alle opsigte ‘n reuse sukses. Ons was 36 toerlede wat ‘n besonderse ervaring gehad het. Dit het saamgeval met Genadendal se eie kerkfeesvieringe, ons het besoeke gebring aan die museums te Bredasdorp, Agulhas, Swellendam en het op Suurbraak meegedoen aan die plaaslike Erfenisdagvieringe. By die geleentheid het ons ‘n gedenksteen onthul wat uniek is omdat die inskripsie in vier Suid-Afrikaanse tale is. Nie net is die historiese feite daarmee korrek gestel nie, maar dit behoort meer toeriste-vriendelik te wees. Boonop pryk ons met ’n pragtige groepfoto in die plaaslike streekkoerant.

In November het ons jaarlikse Anna Boeseken-Gedenklesing by die Huis der Nederlanden plaasgevind. By die geleentheid het ons na dr Hans Fransen geluister wat oor volksboukunde in die Wes-Kaapse streek gepraat het.

Ons stryd teen die Australiese wynmaatskappy, Voyager Estate, duur voort. In die verlede het hulle telkens kort voor ‘n bepaalde sperdatum met versoeke om uitstel gekom totdat ons in Februarie 2007 geweier het om enige verdere uitstel te verleen. Hulle het ook tot op die tydstip in gebreke gebly om ons onderhandelde skikking tot uitvoer te bring. Gevolglik is ‘n verhoordatum vir Junie 2007 bepaal. Maar op die bepaalde dag het die staatsamptenare op ‘n algemene staking gegaan. Dit was hierna opnuut ‘n stryd om ‘n nuwe datum op die hofrol te kry. Eindelik is die verhoor vir 12 Desember 2007 geskeduleer. Ons het al die nodige reëlings getref. ‘n Pretoriase advokaat is aangestel, die nodige argumentasie is opgestel, daar is die versekering van die Australiërs verkry dat hulle nie van plan was om enige stukke ter verdediging in te dien nie sodat ons Kaapse prokureur dit nie nodig geag het om spesiaal vir die saak Pretoria toe te reis nie. Ons was dus vol vertroue dat die saak by verstek aan ons uitgewys sou word en dat ons opponente alle kostes sou moes betaal. Tien minute voor die aanvang van die hofsaak het die Australiërs gebel dat hulle uitstel vra vanweë die afsterwe van hul prokureur. As ons nie sou toegee nie, en ons verloor dalk die saak, sou ons vir al die hofkostes verantwoordelik wees. ‘n Nuwe hofdatum vir Maart 2008 word dus tans in die vooruitsig gestel. Ons prokureur het ‘n amptelike beswaar ingedien van onprofessionele optrede deur die opponente. Hulle rek telkens die saak uit terwyl hulle steeds voortgaan om wederregtelik die VOC-logo te gebruik. As gevolg van ‘n fout deur die Suid-Afrikaanse registrateur van handelsmerke is die Australiese aansoeke om registrasie hier ter plaatse aanvaar nadat ons aansoeke al vyf jaar te vore reeds geregistreer is. Boonop het ons al in 2002/3 aansoek gedoen dat die VOC-logo, vanweë sy historiese betekenis vir ons land, as ‘n verbode teken verklaar word sodat niemand anders as ons dit mag gebruik nie – ‘n aansoek wat nog steeds wag op die handtekening van die betrokke minister om dit te bekragtig.

Ons pogings om ons geregistreerde VOC-logo geldelik beter aan te wend met die oog op die verkryging van ’n inkomste vir die Stigting, was tot dusver nog onsuksesvol. Van ons Christo Wiese-onderhandelings het nog niks positiefs gekom nie. Vir ’n wyle was ons opgewonde oor die Steenberg Hotel in Tokai se aansoek om ons logo te mag gebruik in hul dekorasie van ’n suite in die hotel, bekend onder die naam VOC-suite. Die onderhandelings het egter platgeval. Hulle het eerder onderneem om die reeds aangebringde versierings te verwyder en om die naam daarvan te verander na ‘Dutch East India Company’-suite.

Ons is egter steeds vol moed. Die Australiërs sing nou ook 'n nuwe deuntjie van samewerking teen geldelike vergoeding aan ons. Waarskynlik het 'n nuwe prokureur nuwe denke gebring. Ons wag nog op verdere besonderhede.
'n Spesiale woord van dank aan al ons lede wat gereeld hulle ledegeld betaal, ons vergaderings bywoon en aktief deelneem aan ons ekskursies en projekte ten opsigte van bewaring en opvoeding. Ek bedank ook spesiaal ons energieke uitvoerende komitee wat altyd ryk aan planne en deursettings vermoe was. Ons is 'n unieke en besondere bewaringsgroep wat 'n verskil ten goede aan die omgewing maak. Daar is tekens dat ons groei in waarde en in openbare erkenning.

Prof J L Hattingh
Voorsitter

**BYLAE C**: NOTULE van VORIGE ALGEMENE JAARVERGADERING, 22.2.07.

1. Verwelkoming. Voorsitter verwelkom lede en gaste. Hy hoop hulle sal later lede word.
2. a) Apologie vir afwesigheid: Konsul-generaal R Bosscher, Dr en mev Metz, Dhr en mev. Alma, mej. M Potgieter, mnr D Mostert, mnr en mev. De Vries, mev J Hogg, mnr J. van der Merwe.
2. b) Teenwoordig: G. Duvenhage, J. Marx, L. Gadezweni, Gwen Fagan, Gawie Fagan, T. Potgieter, G. Hofmeyr, J. de Villiers, K. de Villiers, J. Klinkert, R. Klinkert, I. Koelma, N. van der Meulen, H. Scheffler, D. Lub, J. Truter, J. Visagie, C. de Wet, D. Sleigh, L. Hattingh.
2. Notule van Algemene Jaarvergadering 2006: Aanvaar (C de Wet/ D.Lub.)
3. Voorsitter se Jaarverslag 2006: Aanvaar. (T. Potgieter / G Hofmeyr)
4. Finansiële Jaarverslag, 2006. Die Voorsitter sê dat dit 'n verleentheid vir hom is omdat die Penningmeester onverwags bedank het en hy niks het as 'n verkorte Balansstaat om voor te lê nie. Die Balansstaat wys nie of die prokureurs betaal is nie. Die Sekretaris sê dat daar ook geld van die wynglase uitstaande is. Dit word besluit om nie die Balansstaat te aanvaar nie, en dat die Voorsitter en Sekretaris die gewese Penningmeester sal besoek om dokumente, uitstaande kontant en inligting te kry.
5. Verkiesing van Bestuur vir 2007. Al die komiteelede is bereid om nog 'n jaar te dien. J. Visagie stel voor dat hulle herkies word. (Algemeen aanvaar. Die Voorsitter sal 'n vergadering belê om funksies te verdeel.
6. Herregistrasie van Logo. Die Voorsitter sê dat hy geen nuus van die prokureur het oor die stand van sake t.o.v. die Australiese eis nie. Die Logo is so pas vir tien jaar herregistreer. T.o.v. ons versoek aan mnr Wiese (Pepkor), het hy 'n kort nota van mnr Wiese gekry dat daar geen verdere ontwikkeling is nie. T. Potgieter sal by mnr Pentz van Groote Post verneem of hy in die gebruik van die wynlogo belangstel.
7. Program vir 2007:
   a) Woltemade standbeeld. Die Sekretaris sê dat hy pas 'n brief aan Old Mutual se Voorsitter mnr P Hanratty gepos het. Die uitslag word gewag.
   b). Uitstappie na Gantauw Pas (D. Neethling sal reël.)
   c). Dinee. Funksie en datum sal by eerste komiteevergadering bespreek word.
   Lede vry om kostuum te dra as hulle so verkies.
   d). Jaarlikse AJ Boëseken-gedenklesing sal voortgesit word. Mej van der Meulen gee wenk oor moontlike onderwerp. J Visagie sal die wenk opvolg.
   e). Overberg toer. Funksies en datum sal by eerste komiteevergadering bespreek word.
8. Ander sake.
9. 1. H. Scheffler vra i.s. die plan van 'n kissie vir donasies. Voorsitter antwoord dat aangesien dit die Penningmeester se plig was, is dit nagelaat.
   2. J. Visagie sê dat die Logo-aangeleentheid die Stigting baie kos en of 'n lid met regskennis dit nie kan hanteer nie. J Truter sê dat dit 'n hoogs- gespesialiseerde gebied is.
   3. T. Potgieter vra of die Stigting kennis gehad het van die VOC-konferensie by UK in Desember. Hy voel dat die Stigting en U. Stell. daarvan uitgesluit is. Kort bespreking.
10. Afsluiting: Voorsitter bedank lede vir hulle teenwoordigheid en L. Gadezweni vir lokaal, glase ens.

11. Heildronk: Voorsitter stel heildronk in op Huis van Oranje.

D. Sleigh (dr)
SEKRETARIS

---

**LEDEGELD 2008** **STIGTING VOC** **LEDEGELD 2008**

Aan: Die Tesourier, Stigting VOC, Courtraiweg, Sonstraalweg, Durbanville 7550**.**
Naam**:**…………………………………………………………………………………
Adres: ………………………………………………………………………………
………………………………………………………………………………..
……………………………………………………………………………….
Telefoon: ………………………………………
Selfoon: ………………………………………
e-pos:

Bedrag ingesluit: Stel belang om te koop: Pet of Hoed: Ja…Nee…
………………..Ledegeld 2007 [R60] Koffiebeker: Ja…Nee…
………………..Ledegeld 2008 [R60] Lapelspeld: Ja…Nee…
……………… Donasie

*Generale Missive*: Nuusbrief van die Stigting VOC

Newsletter of the VOC Foundation 2/2008

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met bewaring , opvoeding en kultuurtoerisme as doel. Dit is geregistreer as eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with conservation, education and cultural tourism as its aims. It is the registered owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*

**Skakel/*Contact***: Skakel/*Contact*: Mnr E. B. de Vries (Finansies, Lidmaatskap / *Membership, Finance.*) tel.: 021-851-3850 / boudewyn@mweb.co.za

**Webblad**: http://www-voc-kaap.org ; **e-pos**: vocinfo@voc-kaap.org

*Welaen Vrunden!*

Hierdie is ons tweede Nuusbrief en 'n teken dat die jaar aan die rol is terwyl ek nog altyd verbaas na die datum kyk. Is dit werklik 2008? Waarheen vlieg die tyd? Ek weet nie waarheen ons op pad is nie, maar as ons iets tref teen hierdie spoed gaan daar 'n taamlike lang stilte wees. Laat ek dus die brief klaar maak en weg kry.

**Besoek aan die buitepos *'t Land van Waveren* :** U het miskien al die geskiedenis van dié buitepos wat geleë was op 'n egte wilde '*frontier,*' soos Hoë Kommissaris H A van Reede destyds (1685) die Kaap genoem het, in my boek oor die VOC se Kaapse buiteposte gelees, en hier is nou 'n lekker en maklike geleentheid om die hele 'Derde Grensgebied' vanuit die gerief van 'n luukse bus te sien.

Op Saterdag 5 April vier die Bataafse dorp Tulbagh sy jaarlikse 'Hollandse Dag.' U weet: stalletjies met kaas, pekelharing, bier, koffie en krokketten, stroopwafels, bitterballen, drop sout en soet, daardie soort rariteite. En sal ek na eeue weer 'n *loempia* proe? Nouja! Daar is veel meer te koop en te geniet op daardie fees en veel meer om te sien in en om die unieke dorp, soos Kerkstraat met sy sierlike Kaaps-hollandse huise, die Oude Kerk Museum en die Bataafse Drostdy (1804). Op pad daarheen gaan ons verby ander buiteposte soos Elsjes Corael, De Kuilen en de Klapmuts, deur historiese Paarl (watter rots is '*de paerl'* en watter '*de diamant*?') en Wagenmakersvalleij, verby die plaas waar die Hugenoot Maria Mouton –die eerste blanke vrou wat in die land tereggestel is- saam met haar man wyle Vuil Frans Joosten gewoon het, verby Compagniesdrif, verby die Vogel Valleij, deur die kloof waar een liggaamskwart van die rebel Estienne Barbier vertoon is, verby die plaas van die sadis en geweldenaar Pieter Becker, tot naby die Moordkuil waar in 1672 die massamoord was wat gelei het tot die Tweede VOC-Koina Oorlog en die Kaapse Weeskamer, en dan natuurlik die plek waar die VOC in 1699-1700 sy buitepos gebou het vir die veiligheid van 'n nuwe kolonie op 'n woeste '*frontier'* waar die koeëls, assegaaie en pyle gevlieg het. Oor alles sal u bietjie inligting kry.

Op **5 April 2008 besoek Stigting VOC die Land van Vierentwintigrivieren, Roodezand en Waveren** op die eerste van vanjaar se ekspedisies. Dit is 'n dagtoer, ons vertrek om **agtuur** van die Kasteel waar die wat die aangehegte **vrywaring** ingestuur het weer hulle motors in veiligheid mag laat, en teen vyf- of sesuur is ons weer tuis. Die koste is R200,00 per persoon, waarvan R20 toegangsgeld tot die feesterrein en die dorp se museums is. Verversings is vir u eie rekening. Bel ons Tesourier (Gerrit Wiechers) by 021-976-9851 en bespreek voorlopig u plek. Wanneer hy u aansoekvorm en geld kry, word dit bevestig. Laat maar vroeg van u hoor, die tyd is kort en ons busse is elke keer gou vol. (Sewe plekke is klaar bespreek.) Hierby aangeheg is die **Aansoekvorm en 'n Vrywaringsvorm om in te vul en terug te stuur**, en 'n padkaart na die militêre parkeerplek agter die Kasteel, waar die bus staan.

Die Waverenvallei is beroemd vir sy wyn, name soos Twee Jongegezellen en Theuniskraal kom dadelik in die gedagte, maar daar is tientalle kelders van ewe hoë kwaliteit. Terwyl ons die Drostdy Museum besoek is daar ook kans vir wynproe (die keur van Drostdyhof) en aankope.

**Bestuurspan 2008:** L.Hattingh (Voorsitter) H. Scheffler (Onder-voorsitter, Maritiem), G. Hofmeyr (Sekretaris) G. Wiechers (Finansies, Lede-adminstrasie) P. Westra ( Publisiteit), C. de Wet (Akademies),

A. van Wyk (Alles) T. Potgieter (Alles) L. Gadezweni (Kasteel), F. Malherbe, D. Sleigh (Nuusbrief, Koina-skakel).

**Chavonnes Battery Museum:** Op 16 Februarie is die Chavonnes Battery Museum in die Kaapse Waterfront oorverdowend heropen op inisiatief van Willem Steenkamp, die nuwe kurator, en ’n beter man vir dié belangrike taak is daar nie. Willem het ’n middeleeuse seën uitgespreek, brood is gebreek, jenever is geklink en swaargeskut en kleingewere het uit alle rigtings gedreun. Die Waterfront was blou van rook geskiet en toeriste met skuldige gewetes het in alle rigtings gevlug. Ewe mooi om te sien was al die deelnemers in kleurryke 18de eeuse kostuums en driepunt-hoede. Hoe nodig het ons Kasteel nie vir Willem met sy ondernemingsgees en sin vir kleur en klank nie. Toe ek omtrent tien jaar gelede die argeologiese opgrawings op die terrein besoek het was dit saam met die Stigting Simon van der Stel. Vandag is daar ’n wonderlike nuwe VOC-besienswaardigheid vir ons eie Stigting om as groep te besoek. Ons sal u daaroor inlig. Die Museum is van Woensdae tot Sondae oop, van 09:00 tot 16:00. . Onthou dat die Chavonnes Battery die Kaap se tweede-oudste oorlewende fortifikasie is. Willem is een van ons oorspronklike stigterslede, maak asseblief alle moontlike reklame vir sy Chavonnes Battery Museum.

**Die dinee:** Ek wil u net weer lus maak vir ons jaarlikse ete, laat in September vanjaar in die 343 jaar oue Kasteel de Goede Hoop in geselskap van ons broeders en susters van Camer De Haghe, op besoek uit Nederland. Hulle Kamer is veel ouer as ons s’n.
Ek sluit hierby ’n afdruk van hulle jongste nuusbrief in, sodat u reeds iets van hulle te wete kan kom. Dit is ’n uitnodiging na ’n kranslegging by die standbeeld van Johan van Oldenbarneveld op Stigtingsdag, 20 Maart, gevolg deur ’n formele dinee (in aandpakke) waar o.a. hulle telegram aan Koningin Beatrix voorgelees en ses nuwe lede ingelyf sal word. Die ses moet elk ’n kort toespraak hou wat egte belangstelling in die VOC bewys. Die onderwerpe, sien ek, wissel van die Kompanjie se fluitskepe, die VOC uit juridiese standpunt, die historiese betekenis van die VOC, Van Oldenbarneveld (die brein en gees agter die vereniging van die Voor-Kompanjieë tot die VOC), “*Scorbuut en het paradontium,*’ en Die VOC in Suid-Afrika. U sien dat hulle die VOC-kultuur ernstig en deeglik beoefen, maar met volop humor. *‘ U’Edelen worden mae Clemme gheboden Uwe Badge te draeghen!’*

Vir u gerief het ek maar ’n opsomming gemaak van hulle dialek wat nog net op een onbewoonde eiland in die westelike see gepraat word. Kyk na die eerste woorde: ‘*Mae baje veel Ghenoeghens…*’ Ek het gehoor ons hier is die enigste wat praat van ‘baie.’ Let nou op die geboorteplekke van die ses nuwe lede: vier van hulle is uit Indonesië. Soos ons, egte kinders van Jan Kompanjie.

Ek glo nie ons gaan voor middernag uit daardie Kasteel wegkom nie. Dit was, onthou ek, goewerneur Swellengrebel se gewoonte om middernagtelike saluutskote van die Kasteelmure te skiet. Nouja, terug na ons dinee (informeel, geen swart pakke nie.) Wat kry u daar vir ongeveer R150,00 per persoon? Onder andere gratis parkering, ’n sjarmante historiese lokaal, ’n eersteklas ete, Maleier koorsang, die geselskap van ’n honderd VOC-vriende en ’n plek op foto’s van ’n geleentheid wat in alle opsigte ’n ‘eerste’ is en beslis die koerante gaan haal. Uit Camer die Haghe se korrespondensie is dit duidelik dat hulle uitsien na die geleentheid. Die Nederlandse en Indonesiese konsuls-generaal sal hopelik as eregaste teenwoordig wees.

**Stals Prys vir Geskiedenis:** In 2007 het die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns die Stals Prys toegeken aan professor G. Schutte, ontvanger van ons Silwer Medalje en ere-lid van ons Stigting. Con de Wet het ’n mooi en interessante teks oor die aangeleentheid opgestel, wat weens gebrek aan spasie hierdie keer, in die volgende *Generale Missive* verskyn. Ons hartlike gelukwense, Gerrit!

**Ms *Die VOC in SA:*** Die Komitee het die publikasie van die boek *Die VOC in SA* goedgekeur en die projek is dadelik van stapel laat loop. Ons akademiese komitee, Con de Wet en Jan Visagie, het omtrent twintig historici genader om elkeen ’n hoofstuk by te dra. Dit is ’n moeilike en ingewikkelde taak, maar al die skrywers (ou, ervare hande met jong, vars harte) is terug Argief toe vervul van geloof en entoesiasme. Die boek sal hopelik agtien maande van nou af verskyn. Byt vas; die boek gaan ons Stigting

status gee in Suid-Afrika, Europa en elders. Con reël binnekort 'n ernstige besprekingsessie vir al die skrywers.

**Ambassadeur en mevr. de Vos** Ek het onlangs die voorreg gehad om ambassadeur en mevrou de Vos van die Nederlandse Ambassade te ontmoet. (Toneel: Middagete in die restaurant 'De Gouverneur.' Tradisionele geregte op die spyskaart. Op hulle vraag beveel ek die snoekpastei aan. Die kelner gaan kombuis toe en kom terug: ons het nie vandag snoekpastei nie.) Hulle het 'n uitgebreide kennis van die Kompanjie-geskiedenis (en SA geskiedenis, oud en modern) en stel belang in ons Stigting VOC. Mev. de Vos is van Texel afkomstig, haar voorouers woon geslagte al daar. Sy ken die VOC se bande met die eiland en die historiese plekke soos die varswaterput waaruit skepe voorsien is. Hulle bring twee geskenke. Die een is 'n boek, W.P. van Ledden: *Jan van Riebeeck tusschen wal en schip.* Hilversum, 2005. Dit is vir ons biblioteek. Die ander is 'n *addendum* tot *Kikkertje Lief…* die merkwaardige gepubliseerde briewe van Aagje Luijtsen van Texel aan haar man Harmen Kikkert, opperstuurman van die Kompanjie se retoerskip *Parel*, een van die vyf wat op lafhartige wyse in 1781 in Saldanhabaai oorgegee is (Onthou? Twee jaar gelede het Tean Potgieter die saak in 'n pragtige geïllustreerde lesing by die Militêre Akademie aan ons verduidelik.) Ruim tien jaar ná die verskyning van die boek *Kikkertje Lief* het die redakteur Perry Moree dus nog 'n brief van Aagje aan Harmen ontdek in Londen. Wonderlik werk die noodlot: haar briewe is deur die vyand (Engeland) bewaar, syne aan haar het nie behoue gebly nie. Ek wonder of syne naasteby so interessant, lewendig en kleurvol sou wees?

**A. J. Böeseken**. Die outobiografie van 550 bladsye van die respekteerde argivaris en VOC-historikus dr A.J. Böeseken wat in 1997 oorlede is, het in Piet Westra se hande gekom wat dit evalueer met die oog op moontlike publikasie. Ek sien met belangstelling uit na die publikasie daarvan. Nog 'n blokkie om die legkaart van SA historiografie meer volledig te maak. Hoe jammer dat ons nie voor haar dood ons Silwer Medalje aan haar toegeken het nie. Ons sou aansienlik ryker in roem wees.

**Donasies en Ledegeld:** Hartlike dank aan al die vriende wat vrywillige skenkings aan die Stigting gemaak het. Dit word opreg waardeer. Ek sou graag u name wou noem, maar verstaan dat u dit nie so verkies nie. In die vorige *Generale Missive* het ek ons Tesourier se adres verkeerd aangegee, en herhaal dus ons ledegeld-strokie hier met die korrekte adres.

*Behouwde Vaert!*

D.SLEIGH (Dr)

---

**STIGTING VOC: LEDEGELD 2008**

(Pos aan: Tesourier, Stigting VOC, Posbus 3823, Durbanville 7550.)

Naam: (1)………………………………………………………………..
(2)…………………………………………………………
Adres:…………………………………………………………
…………………………………………………………………
………………………………………………………………….
Telefoon: ………………………………………………………….
Faks: …………………………………………………………….
E-pos:…………………………………………………………….

Bedrag ingesluit teen R60, 00 per lid: R………………………………..
Merk asb. die blokkie:
[ ] Ledegeld, 2007
[ ] Ledegeld, 2008
[ ] Donasie

---

**AANSOEKVORM: VOC TOER: 'T LAND VAN WAVEREN 5 APRIL 2008**
(Pos aan: Tesourier, Stigting VOC, Posbus 3823, Durbanville 7550.) Tel: 976 - 9851

Name van Toergangers: (1)……………………………………………………………
(2)…………………………………………………………….
(3)…………………………………………………………….
(4)…………………………………………………………….
Naam van Aansoeker: ……………………………………………………………
Adres: ……………………………………………………………………………….
Telefoon:……………………………………………………………………………..

Bedrag teen R200,00 per persoon ingesluit: R………………………..

Wil u by die Kasteel parkeer? …………………………….
(Onthou om u ondertekende **Vrywaringsvorm** aan die Tesourier te stuur)

*Generale Missive*: Nuusbrief van die Stigting VOC

Newsletter of the VOC Foundation 3/2008

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met bewaring , opvoeding en kultuurtoerisme as doel. Dit is geregistreer as eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with conservation, education and cultural tourism as its aims. It is the registered owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*

**Skakel/*Contact***: Skakel/*Contact*: Mnr E. B. de Vries (Finansies, Lidmaatskap / *Membership, Finance.*) tel.: 021-851-3850 / boudewyn@mweb.co.za

**Webblad**: http://www-voc-kaap.org ; **e-pos**: vocinfo@voc-kaap.org

*Welaen Vrunden!*

**Toer na die Land van Waveren:** Die Stigting se vyfde toer, op 5 April 2008 na die Land van Waveren, was weer 'n absolute genot. Soos gewoonlik was die bus binne dae vol bespreek, die weer was pragtig en die geselskap (dit is die geselskap wat die partytjie maak) soos sjampanje. Op pad het ons gepraat oor die Koina van die streek, vroeë ontdekkingsreise en die Europese nedersetters van 1699, wat die Derde Frontier in vlamme laat opgaan het. Dit sou nie weer voor 1720 tot rus kom nie. Die VOC se buitepos *In 't Land van Waveren* (1699-1743) was net binne die Roodezandkloof geleë, waar die Tulbaghweg-stasie en 'n kwekery nou is.
Ons eerste besoekpunt was die drostdy van 1804, 'n mooi ou gebou uit die Bataafse tyd. Die Drostdy Museum het ons verwelkom met droë wyn, koekies en 'amsterdammers,' en ons hulle ryk versameling meubels, skilderye, kleredrag, kombuisgereedskap, dokumente ensovoort uit die dorp se lang geskiedenis laat sien. Die drostdy, as setel van 'n magistraat, is in 1824 van Tulbagh na Worcester toe verskuif.
Daarna is ons na die feesterrein (dit was hulle jaarlikse 'Hollandse Dag'), waar ons vir lid Gerrit Wiechers as bankier agter die geldkas vind. Hulle tentjies was gelaai met Grolsch bier,'n groot verskeidenheid beleë kaas, wyn, appelflappe met kaneelsuiker, krokette, bitterballen, pekelharing, koffie, tee, musiek. Ons het in Kerkstraat met sy mooi ou Kaaps-Hollandse gewelhuise geloop, die Museum van die Aardbewing (werklik goed gedokumenteer) en die baie interessante Oude Kerk Museum besoek. Jy sien daar die tafel waarop, volgens die plaatjie, die eerste oorgawe van die Kaap aan Engeland in 1795 onderteken is, en agter die kerk die deksteen van die graf van een van die lede van die laaste Politieke Raad.
Toe is ons na die wynplaas *Oude Compagniespos*, waar die Kompanjie se trekvee 250 jaar tevore geloop het, maar nou die wingerd en kelder van Jerry en Henriette Swanepoel staan. Dit was 'n wonderlike, feestelike ervaring. Ek wens al ons lede kon dit ervaar het, hulle sou rare dinge beleef het, soos 'n vooraanstaande chirurg wat sy beroemde vaardigheid met die mes inspan om gesonde, familie-dikte snye vars potbrood vir ons te lewer, en die gasheer en gasvrou se uitstaande uitvoerwyne met ons VOC -logo op die etiket, saam met plaasbrood, botter, beskuitjies, kaas, snoek *paté*, en twee-drie soorte tuisgemaakte konfyt. Ondervoorsitter Helena het ons aan die gasvrou en gasheer voorgestel, voorsitter Leon het sy gewone sjarmante toespraak van bedanking gemaak en die heildronk ingestel op die *Huis van Oranje*. Hierdie heildronk word sedert die middeleeue gehoor in banketsale van Europese kastele en paleise, in tente op slagvelde, in die grootkajuit van skepe op see, by koninklike en presidensieële onthale dwarsoor die wêreld, ook in die Kasteel de Goede Hoop. Maar in 'n wynkelder in 't Land van Waveren, waar eeue gelede 'n buitepos van die VOC was? Waarskynlik die eerste keer.
Hiermee ons gesamentlike dank aan Helena, wat haar motor beskikbaar gestel en vooraf verkenning help doen het, aan Henriette en Jerry, aan die drie jonge gesellen wat geskink het, aan Wium wat die vervoer gereël het, al die toergangers vir hulle geduld toe ons bus sy klutz kwyt raak. (Ek weet die woord is 'koppelaar,' maar dit beteken ook al weer iets anders. Daar was geen so-een op ons bus nie.) Die opvoedkundige aspek van die toer het skade gely omdat daar nie 'n luidsprekerstelsel op die tweede bus was nie. Danksy komiteelede Wium en Anna het ons 'n stewige terugbetaling van die busmaatskappy gekry, wat ook 'n geldelike sukses van die toer gemaak het, waarmee ons weer vir 'n tydjie die kangaroe van die deur sal kan hou. En, soos elke keer, dank aan kaptein Morkel van die Kasteel vir veilige en gratis parkering.
Op toer stel ons graag ons lede aan die woord. So was Marlene Potgieter 'n bron van kennis oor Tulbagh, Nico Walters oor Tygerberg plase en die van Voëlvlei, Sonquasdrif en die Vierentwintigriviere, en Kay de Villiers oor geneeskunde in die VOC-tyd. Hulle waardevolle kennis is 'n seëning vir mede-toergangers.

**Piet Westra se ridderskap:** Vriend Piet, 'n voormalige voorsitter van ons Stigting en steeds lid van ons uitvoe-rende komitee, is in April deur die Nederlandse regering tot Ridder in die orde van Oranje-Nassou verhef. Die lang sitasie kan moontlik in drie woorde saamgevat word: naastediens, opoffering en pligsgetrouheid, maar die energie, toe-wyding en inisiatiewe wat hy daaraan bestee het, kan nooit gemeet word nie. Onder andere het ons Stigting gebaat by sy leierskap en by sy rol as die Van Ewijk Stigting se voorsitter. Ons wens hom nog vele jare van geluk en ge-sondheid toe.

**Megafoon:** 'n Vriend wat ongenoem wil bly (hou dit stil, maar tussen ons gesê: dit is lid Roelof Brits) het 'n duur, draagbare megafoon aan die Stigting geskenk vir gebruik op toere. Dit is 'n baie nuttige instrument wat

buite, binnehuis en op reis gebruik kan word, en is beskikbaar aan al ons lede. Ons bedank graag hierdie onbekende lid Roelof vir sy bydrae tot die Stigting se toekomstige opvoedkundige vermoë.

**Nuwe lede**. Ons verwelkom graag al die nuwe lede van die Stigting VOC en hoop dat die verbintenis lank, gelukkig en wedersyds bevredigend sal wees.

**Die heildronk:** Van ons eerste vergadering op 16 September 1995 was ons heildronk *Huis van Oranje!* om die VOC-tradisie te volg. Die Oranjehuis stam uit Orange in die suidweste van Frankryk, jy hoor die nasale naklank in die stem van vrugteverkopers wat nartjies aanbied; hulle sê '*norrandje*': n'oranje.) Die Stadhouers en Prinse van Oranje was van die grootste beleggers in die VOC, en in 1766 het prins Willem opperbewindhebber en grootste enkele aandeelhouer van die Kompanjie geword. Geboortes in die Huis van Oranje is hier in die Kaap feestelik gevier; daar was 'n spesiale dankdiens, die Kasteel, die skepe op die reede, die kerk en huise is met lanterns en baniere versier, *feu de joie* van die Kasteel se kantele, skepe en batterye, en 'n groot feesmaal in die Kat waarheen die hoogste amptenare en burgerlike ampsdraers genooi is.
Ons voorsitter word soms gevra: 'Wat van 'n heildronk op die gedagtenis aan Jan van Riebeeck, of op ons regering?' Sy antwoord sal altyd wees: 'Nie wanneer daar reeds een op die Huis van Oranje op die agenda is nie.' Dit is 'n saak van protokol.
Die Kompanjie se hierargie is te lees in die heraldiese samestelling van die pediment oor die ingang van die Kasteel de Goede Hoop.



In rang en status, van bo tot onder, is daar die prinslike kroon, die state-generaal se leeu met pyle, en daaronder die VOC se twee kentekens wat die skilde van die ses kamers soos parentese insluit. Let op dié van Enkhuizen, heel regs, onder: die drie harings is hier sonder hulle gebruiklike krone. Geen krone saam met dié van Oranje. Insgelyk, waar die heildronk op die huis van Oranje geroep word, geen ander daarmee saam nie. *Je Maintiendrai.*

**VOC Dagboekie.** Hier is 'n gedagte op soek na 'n entoesias wat graag iets vir die Stigting wil doen. Dit is sekerlik nie veel werk nie, maar kan af en toe 'n uurtjie by die rekenaar beteken. Ek dink aan 'n bekostigbare dagboekie van sakformaat met ons logo op die omslag. Binne-in is 'n aantal skoon bladsye vir telefoonnommers ens., en dan die gebruiklike datums van Maandag 1 Januarie tot Vrydag 31 Desember, ongeveer vier van hulle per bladsy. Vaste openbare vakansiedae word aangedui (soos 24 September: *Erfenisdag*), maar dan kom die ding wat dit 'n VOC -dagboek maak: besondere en interessante datums in die VOC-geskiedenis van oor die hele wêreld word ook aangedui. Byvoorbeeld: 20 Maart: *VOC in Amsterdam gestig,1602*., 6 Februarie: *Eerste bier aan Kaap gebrou,1658*., 11 November: *Tuan Yussuf arriveer, 1699*. [NB: twee van die drie voorbeelde is fiktief; ek doen dit om die nut van die dagboek te demonstreer.] Ons kan ook datums uit die Bataafse Tyd aanteken, of aanverwante gebeurtenisse: *Constantia brand af, 1926*. Voor in kan ons ook 'n naamlys plaas van alle lede wat ooit lid was, met gepaste besonderhede soos: *Koperski, Karl, dr.: Stigterslid, Uitvoerende Komitee, 1995 - 2002.*
Die persoon wat die taak onderneem sal as eerste ontwerper en redakteur van VOC-dagboek vermeld word. Sal dit baie werk wees, vra jy? Nee, net matig, en net die eerste maal; die redakteur spaar dit op die rekenaar, en vul net aan wanneer nuwe lede aansluit of nuwe datums bekend word. Waar gaan die redakteur die datums kry? Uit enige bron; ek het self ongeveer twintig om by te dra. Wat gebeur verder? Ongeveer einde-Oktober jaarliks word die inligting na 'n uitgewer/drukker oorgeplaas en begin-Desember is die volgende jaar se boekie beskikbaar. Kan ook in twee tale (apart) gedoen word? Ja. Is daar 'n behoefte aan so 'n boek? Ja; omtrent almal van ons gebruik 'n dagboek om afsprake aan te teken, daar is 'n inkomste vir die Stigting as ons dit aan die publiek verkoop (die Kasteel se Museumwinkel sal dit vir ons verkoop) en ons kom die opvoedings-verpligting na wat ons Grondwet eis. Is daar vergoeding? Net die tevrede glimlag van iemand wat iets goed gedoen het. En u naam in die boek as eerste redakteur, vir altyd.
Enige lid van die Stigting wat hierdie taak wil onderneem, kan asseblief by Voorsitter Leon aanmeld. (tel. 021-851-5374 epos: stellendal@mjvn.co.za). Die Komitee sal hulp gee en onkoste dra. Moontlik kan 2009 se dagboek al vanjaar beskikbaar wees.

**Silwer Medalje, 2008:** Die Uitvoerende Komitee wag voorstelle in vir moontlike ontvangers van die Stigting se Silwer Medalje vir Bewaring ten opsigte van die VOC se Nalatenskap. Stuur asseblief u voorstel met 'n bondige, geskrewe motivering aan die Voorsitter (faks 021-851-4838) voor 31 Julie. As die Uitvoerende Komitee op 'n

ontvanger besluit, word van die voorsteller verwag om die *commendatio* by die oorhandiging voor te dra. Die geleentheid val gewoonlik saam met ons jaarlikse dinee. Vorige ontvangers was mnre R. Lightley (Meester-skeepsmodelbouer), M. van Bart (Joernalistiek) en prof. G. Schutte (Geskiedenis.)

**Baje:** In *Generale Missive 2/08* het ek op die interessantheid gewys dat Caemer die Haghe die woord 'baje' gebruik in hulle '*VOC-Nieuwsberichten,*' in plaas van 'vele.' Ek het vermoed dit is omdat baie van hulle lede Indonesiërs van oorsprong is. Oubaas Kipling het geskryf: *'East is East and West is West and never the twain shall meet / Till earth and sky stand presently at God's great judgment seat.*" Miskien hoef ons nie so lank te wag nie. Van etimoloog Helena Liebenberg kom inligting en kommentaar wat sy deur lid Erwin Rode van sy broer Rudolf, 'n Duitskundige gekry het. Rudolf sê daar is 'n Noordduitse woord '*bannig*' met dieselfde betekenis as 'baie.' Maar is dit toevallig, of is hulle familie? Daar is welbekende skakels tussen die Noord-Europese grondtale en byvoorbeeld Sanskrit uit die noorde van Indië. Die anderdag eet ek en my dogter saam met 'n Pakistani, en vind uit hulle (Urdu, Pashtu?) woord '*dokhtar*' en ons '*dogter*' is so na aan mekaar dat hulle broers kon gewees het. Helena Liebenberg publiseer binnekort 'n artikel oor die woord 'baie'; ek hoop dat ons meer lig op die saak sal kry. En dankie vir kommentaar en navrae. Opvoeding is ons taak en ons is bly om van diens te wees.

**Camer Australië:** Roelof Brits het my 'n teks laat kry wat hy afgelaai het van
*http:// www.voc.iinet.*net.au/index.html waar die Australiese '*VOC Historical Societyof WesternAustralia'* met Perth as basis, hul aktiwiteite en doelstellings bekendstel. Die uitgebreide, interessante en aktiewe webwerf is in Januarie 2002 gestig en Roelof se besoek daaraan was die 180 033 ste. Hulle versamel en versprei inligting oor Australië se skakels met die VOC (wat begin met die besoek van *Duijfken* in Januarie 1606) terwille van opvoeding en bewaring en het reeds 'n toekenning van die *'Commemorative Council of Australia'* ontvang vir '*Actively supporting the promotion of Knowledge and Appreciation of early Australian history.'* Mooi so. Hulle probeer ook (en sien tekens van sukses) om VOC geskiedenis in laer- en hoër skoolleerplanne opgeneem te kry. Hulle kontak-eposadres is vocsoc@iinet.net.au.

**Webwerf:** Is dit tyd dat ons weer 'n webwerf kry? Ons het veel om te vertel. Ons is seker die enigste land in die wêreld waarvan die eerste 143 jaar van koloniale geskiedenis getrou daagliks, en op vele terreine van die lewe, aangeteken is. Dink aan wat die VOC vir Koina- geskiedenis gedoen het. Dit is nie te betwyfel nie dat die VOC self in 'n groot mate verantwoordelik was vir die ontstamming en verdwyning van die Wes- en Suid-Kaapse Koina, maar (bitter ironies) sou ons totaal niks van hulle geweet het nie as die Koina deur 'n ewe-skriflose volk uitgeroei is. En nou sien ek as profeet 'n dag wanneer 'n student 'n proefskrif gaan lewer oor die onderwerp: '*Die rol, betekenis en gevolg van die afwesigheid van 'n eie webwerf van die Stigting VOC, 1995 - .*) Lid Piet ondersoek die saak. Hy sal hulp waardeer.

**Dinee:** Op 24 September hou ons die grootste party wat die Kaap nog gesien het, ná daardie dag toe Jan van Riebeeck gehoor het sy verplasing Ooste toe is goedgekeur. Maak seker dat u goed uitgerus is en oor drie maande ongeveer R120,00 bymekaar het. Die geleentheid is ons jaarlikse dinee, saam met die besoekende *Caemer die Haghe*, die plek is die Kasteel. Die aand sluit in, benewens die feesmaal, 'n Maleierkoor, die oorhandiging van ons silwer Medalje, en 'n 'opvoering' (wat kan dit wees?) deur Caemer die Haghe. Vyf flesse Hollandse 'oude' is reeds as geskenk ontvang. Sien u daar!

**Boekwinkel:** Iemand het voorgestel dat ons die Nuusbrief se opvoedkundige funksie uitbrei deur as tussenganger op te tree vir lede wat VOC-boeke soek of wil verkoop. Dit is baie maklik. Hier is 'n voorbeeld: P. Smith (tel. 123-456-789) soek / wil verkoop A. Böeseken (red.): *Daghregister en Brieven van Z. Wagenaar, 1662-1666.*) Kaapstad, 1973. Bel die redakteur by 120-531-4787, dan plaas ons die advertensie in die Nuusbrief om koper en verkoper (medelid, 'n lid van die publiek of 'n Africana-boekhandelaar) bymekaar te bring. Die komitee sal besluit of daar 'n klein fooi aan verbonde gaan wees.

**Battery Amsterdam:** Die V&A Waterfront beplan, na verneem word, om 'n gebou op te rig op die terrein van die ou petroltenk-plaas, direk onder die Kompanjie se Battery Amsterdam. 'n Gemotiveerde versoek om die bewaring van alles wat met die Battery in verband staan is gestuur aan die bewaringsargitek dr N Bauman wat die projek hanteer. Die S.A. Militêre Geskiedenisvereniging het 'n soortgelyke brief gestuur. Hou dop.

**Gawie se prestasie:** Op 16 Mei het die Amerikaanse Instituut van Argitekte vir lid Gawie Fagan met 'n medalje vereer vir sy lewenslange bydrae tot wêreldargitektuur. Die funksie en dinee het plaasgevind in die Old South Church, Boston. Aan een van ons Stigterslede, van ons almal: van harte geluk.

**Lidmaatskap van komitees en rade:** Lede van ons stigting kan 'n positiewe rol speel by beheerliggame van organisasies en spesiale komitees oor sake wat vir ons Stigting van belang is. Ons onoortroffe redakteur Dan Sleigh gee 'n goeie voorbeeld in hierdie opsig. Hy dien reeds geruime tyd op die Straatnamekomitee van die stad Kaapstad en lewer hier belangrike insette by die hervernoeming van strate na historiese VOC- of Khoiname. Hy is onlangs ook benoem as lid van die Kasteel-beheerraad, wat steeds onder die Dept van Verdediging resorteer. Planne om die beheer van die Kasteel aan die Dept. van Kultuursake oor te dra is (gelukkig?) voorlopig weer op die lang baan geskuif. [*bygedra deur Piet Westra*].

**Fana se boek:** Lid Fana (dr FDW Malherbe van Stellenbosch in die werklike lewe) se boek '*Spreekkamerstories,'* van grappige insidente wat hom en sy kollegas oorgekom het, is verlede jaar deur

Human en Rousseau, Kaapstad, heruitgegee. Dit klink na die regte medisyne vir die winter, én vir 'n inleidende praatjie by een van ons vergaderings.

**Walters boek:** Lid Nico Walters het 'n kopie van sy boek (N. Walters: *Die diaspora van die Walters- familie in S.A.'*) geskenk om in ons biblioteek in die Kasteel opgeneem te word. Dit is eerstens 'n genealogie van voorvader Walter uit Oos-Europa wat as soldaat van die Kompanjie Kaap toe gekom het tot sy nageslag wat vandag oor die hele Suid-Afrika en selfs Australië toe uitgebrei het. Myns insiens is dit 'n groot stuk werk en 'n goeie toevoeging tot ons kennis van ondertroues in die Kompanjie-tyd. Maar daar is baie meer. Die vryburgers en hulle plase van die Tweede Grensgebied (Stellenbosch tot Hottentots-Holland) en die van die Derde Grensgebied (Land van Waveren) is goed nagevors en wyd bekend. Hierdie boek is vol inligting oor die pionierplase wat rondom die buitepos *Elsjes Corael* in die Tygerberg aangelê is. Verskeie is deur vroulike boere bewerk. Nico se stamplaas *'De Tygerbergen'* is vandag die bekende wynplaas *'Altydgedacht'* van me. Jean Parker. Saam met Nico betreur ek dit dat soveel van daardie vroeë plase met uitstekende landbougrond reeds aan 'ontwikkelaars' vir massa-behuising verkoop is. En dit was alles eers Koina-weiding. Nico het die moontlikheid van 'n toer deur die Tygerberg-heuwels voorgestel. Hou hierdie koerant dop. Ons voorsitter het Nico vir sy boek bedank.

**SA Akademie vereer Prof. Schutte:** Een van die Stigting se erelede, prof. dr. Gerrit Schutte, is in 2007 deur die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns vereer met die Stalsprys vir Geskiedenis. Dit is aan hom toegeken vir sy tweedelige werk *'De Vrije Universiteit en Zuid-Afrika, 1880-2005'*, wat in 2005 by Uitgeverij Meinema in Nederland verskyn het. Die prys is aan hom toegeken uit waardering vir sy studie oor betrekkinge tussen die Vrije Universiteit en Suid-Afrika. Prof. Schutte is die eerste nie-Suid-Afrikaner aan wie die Stalsprys toegeken word en sy boek die eerste bekroonde Nederlandse teks. Die prys is op 3 September 2007 in Zuid-Afrika Huis aan Keizersgracht 141, Amsterdam, deur dr Leopold Scholtz namens die Akademie aan hom oorhandig. Die Stigting wil ere-lid Gerrit Schutte hartlik gelukwens met 'n welverdiende eer. [Bydrae: C. de Wet]

**VOC-seinkanonne:** (1) Die tweede-laaste battery in die Overberg-ketting van die Kompanjie se seinstelsel was geleë op die plaas *Hessequaskloof*, aan die Kaapse kant van Swellendam. Ek het u die plek gewys toe ons verlede jaar daar verby is. U weet, waar jy die rooi aalwyne in die klipkoppies langs die pad begin opmerk, hulle word al deur die vroegste reisigers as 'n landmerk genoem. Nou het daar 'n mooi ding op Hessequaskloof gebeur. Mnr Erik Kellerman, die eienaar, het nie net sy grond by Natuurbewaring as 'n bewaringsgebied laat registreer nie, maar het een van Sentinel Wynkelder se kanonne, 'n gerestoureerde agtponder wat ons in 'n vorige *Generale Missive* geadverteer het, gekoop en op sy plaas op die ou plek gemonteer. Toe nooi hy die Burgemeester van Swellendam, die Parkeraad en nog omtrent honderd gaste, en op die middaguur, temidde van groot gejuig, het die Burgemeester die eerste kanonskoot na 1806 in daardie omgewing geskiet. Dit was die eerste van twee die dag, en is gevolg deur 'n groot fees. So, nog 'n verlore skakel in die ketting is herstel, en mnr Kellerman verdien die hele land se dank.
'n Ander interessantheid van *Hessequaskloof* is dat dit die plaas van die Voortrekker Piet Uys was. Soos hulle sê, die Groot Trek het hier begin. Mnr Kellerman het ook 'n stoettroppie Hessequabeeste, wat later die Uysbees en later die Drakensberger genoem is (jy ken hulle van ver af: hulle is pikswart en hulle horings wys vorentoe) gekoop, en 'n ossewa, en hoop om later ossewatrekke langs die Ou Kaapse Wapad te onderneem. Die persoon wat die plaas se geskiedenis opstel, is die aarts-Overberger wat ons laas van ossewaens verduidelik het, naamlik lid Hercules Wessels. Voorspoed daarmee, en hou asseblief die nuus oor die mooi projek aan die kom, vir plasing in die Nuusbrief.
(2) Dit was 'n herfsoggend op die Gantouwpas verlede jaar toe lid Hercules die ding van wa en osse aan ons uitgelê het. Twee seinkanonne was op die grond saam met ou konfytblikke asof hulle daar deur die Munisipaliteit weggegooi is. Nou het lid Boudewijn de Vries en ander vriende van die Helderberg Renaissance Stigting begin om planne te maak vir die restourasie van die kanonne. Baie goeie nuus. Ons sien uit na die redding en herlewing van nog 'n VOC-artefakt, nog 'n herstelde skakel in die seinketting, en hoop dat die HRS ook eienaarskap van die geskut sal probeer bekom. Daar is baie wat in besit van die kanonne belangstel, maar om die verkeerde redes.

**Uitstappie na Chavonnes Battery Museum:** Na 213 jaar waai daar weer 'n VOC-vlag by die Chavonnes Battery. Vandat lid Willem Steenkamp baas geword het van die saak, het die plek lewe gekry. Gekostumeerde gidse lei besoekers rond en heel dikwels dreun 'n salvo asof Nelson self oor die horison verskyn. (Nee, die ander, oorspronklike een.) Ek dink die Battery dateer uit 1724, en is dus ná die Kasteel die oudste VOC-gebou waarvan dele nog sigbaar is. Willem het sy Museum mooi en interessant gemaak, vol rare dinge om te sien.
**Uitstappie na Chavonnes Battery Museum:** Na 213 jaar waai daar weer 'n VOC-vlag by die Chavonnes Battery. Vandat lid Willem Steenkamp baas geword het van die saak, het die plek lewe gekry. Gekostumeerde gidse lei besoekers rond en heel dikwels dreun 'n salvo asof Nelson self oor die horison verskyn. (Nee, die ander, oorspronklike een.) Ek dink die Battery dateer uit 1724, en is dus ná die Kasteel die oudste VOC-gebou waarvan dele nog sigbaar is. Willem het sy Museum mooi en interessant gemaak, vol rare dinge om te sien.

Om **11:00** op Sondag, **27 Julie** vanjaar, ontmoet ons mekaar by die Kloktoring in die Waterfront en stap die twintig tree of so na die Chavonnes Battery Museum. 'n Gids in 18de-eeuse kostuum wag by die deur om ons te begelei. Toegang kos R20,00 vir volwassenes, R15 vir pensioenarisse en R10 vir onder-twaalfs. Dit sluit ook 'n demonstrasie in van die laai en voorbereiding van 'n kanon. Bring oupas en ooms, oorsese gaste, vriende en kinders, bring iets om ná die geleide toer die heildronk te drink. Willem sal glase voorsien. Hy het ook 'n voorraad driepunt-hoede vir ouens wat wonder hoe hulle in die Kompanjie se diens sou gelyk het en graag 'n

foto wil laat neem. Daarna lê die dag voor om die res van die grote Waterfront te geniet. Daar is opelug-parkering naby die ou graansuiers en in die kelder van die BOE gebou. Teken asseblief nou die datum en tyd aan. Daar gaan nie nog ’n Nuusbrief kom om u te herinner nie.

**Ledegeld:** Tesourier Gerrit Wiechers vra dat agterstallige lede asseblief hulle ledegeld van R60,00 vir die jaar klaar betaal. Die wat miskien nie onthou of hulle al betaal het nie, kan hom bel om seker te maak. (tel: 021-976-9851) Die bestuur herinner lede dat 31 Julie die afsnypunt is, waarna agterstalliges per brief gewaarsku word dat hulle van die rol verwyder gaan word. Presies een maand grasie, en sjoep!

**Addendum:** Vir die interessantheid heg ek **Caemer die Haghe** se handfes hierby aan. Let byvoorbeeld op dat hulle reeds 78 jaar lank bestaan, geen vrouelede toelaat nie (maar wel as gaste), en nog van krag tot krag gaan. Hulle aktiwiteite vir vanjaar sluit onder andere verskeie VOC-lesings, ’n besoek saam met **Camer Antwerpen** aan die stad Delft (hoe beny ek hulle!) en ’n VOC -toer na die Kaap. N.S.: Hulle dra ook ’n VOC-kenteken in die lapel en ’n VOC-das, wat ons na dertien jaar nog nie het nie. Wil ’n goeie lid asseblief die taak onderneem vóór hulle in September hier opdaag?
Meld by ons erg-oorlaaide Voorsitter aan. Die komitee sal help en befonds.

**NS:** Twee van ons eerste stigters en waardevolle komiteelede tot vandag, naamlik George Hofmeyr en Piet Westra, ondervind op die oomblik gesondheidsprobleme. Wens hulle sterkte toe.

*Behouwde Vaert*

D.SLEIGH
REDAKTEUR

17 Junie 2008

**Generale Missive**: Nuusbrief van die Stigting VOC
Newsletter of the VOC Foundation 4/2008

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met bewaring , opvoeding en kultuurtoerisme as doel. Dit is geregistreer as eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with conservation, education and cultural tourism as its aims. It is the registered owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*
**Skakel/*Contact***: Skakel/*Contact*: Mnr E. B. de Vries (Finansies, Lidmaatskap / *Membership, Finance.*) tel.: 021-851-3850 / boudewyn@mweb.co.za
**Webblad**: http://www-voc-kaap.org ; **e-pos**: vocinfo@voc-kaap.org

---

*Welaen Vrunden*

**Uitnoding na Erfenisdag-dinee:** Al ons lede, hulle vriende en gaste word hartlik uitgenooi na ons jaarlikse Erfenisdagdinee op 24 September, wat in verskeie opsigte ’n besondere geleenheid gaan wees. U weet reeds dat die Nederlandse Caemer die Haeghe op besoek aan die Kaap kom om die VOC se nalatenskap te sien en te ervaar. Die dinee gaan dus van ’n groter skaal as tevore wees. Die bestuur van Iziko Museums was so vriendelik om die Lady Anne-saal in die Nieuwe Kat in die Kasteel, waar die goewerneurs se kwartiere van Simon van der Stel se tyd af was, aan ons beskikbaar te stel. Skilderye van ’n hele klomp van hulle hang teen die mure. Dink dus, watter geeste in die skaduwees luister terwyl ons by kerslig feesvier. ’n Mooier en meer historiese saal bestaan nie in Suid-Afrika nie. Dit is waar HKH koningin Beatrix van Nederland in 1996 onthaal is, en vóór en ná haar nog ’n hele konstellasie internasionale hooggeplaastes.

Die lang, lang tafel het plek vir 110 gaste. Ons het ses vername eregaste en 34 lede van die Caemer de Haeghe, dus bly daar 70 plekke oor. En wat ek onthou van ons vorige dinees, gaan dit te min vir al ons lede en hulle vriende wees. Neem dus my raad en bespreek dadelik. ’n Eersteklas program wag op u.

Hoe gaan die program verloop, vra u? Kaptein Morkel van die Kasteel het ons die parkeerterrein uit Darlingstraat gratis gegee. Parkeer tussen die bastionne Leerdam en Oranje (daar sal ’n gehuurde motorwag wees), en stap om na die Poort. Geniet die atmosfeer van die binnehof by fakkellig; op ’n stil aand is dit iets besonders. Ons begin om **19:30** in die Militêre Museum (die groot groen deur tussen twee kanonne; dit is die Kasteel se oorspronklike poort en u sal daar sien hoe Tafelbaai gelyk het toe die Kasteel in 1666 gebou is.) Daar gaan Caemer die Haeghe ’n opvoering lewer. Wat kan dit wees? Baie geheimsinnig, maar geniet solank ’n voorgereg van Maleise samoesas met doopsous, en ’n Bolandse muskadel.

Daarna gaan ons met die blou trappies (Robbeneiland leisteen) op na Thibault se barok bordes, gaan die Nieuwe Kat binne, loop deur die William Fehr Museum ( ’n onvergelyklike versameling Africana wat in die aand selfs nog meer dromerig as by daglig is (let op, aan die linkerkant, vir die rare groot skildery van Kaapstad toe dit ongeveer twintig jaar oud was, c. 1670, waarop beide die Fort en die Kasteel verskyn) en gaan met die wenteltrap op na die lang saal. Die mure aan weerskant van die trap is met Bowler en Baines skilderye versier.

’n Paar sitplekke is met kaartjies gemerk vir die ere-gaste. Die res van ons sit waar ons wil. (Terloops: watter drag? Baadjie en das.) Voorsitter Leon sal met ’n verwelkoming begin, waarna die seremoniemeester die saak sal hanteer. Ongeveer in die middel word die VOC Silwer Medalje oorhandig. Dit is een van die mooiste meriete-medaljes in Pagliari se versameling en van egte, regte, silwer. Daar mag net met handskoene aan geraak word, daarom verskaf ons ’n replika vir kyk en vat.

So lyk die spyskaart (met rooi óf droë wyn):
*Waterblommetjiesop met klapper*
*Outydse hoenderpastei met basmati rys, of*
*Skaapvleiskerrie met roti*
*Brandewynpoeding met room*

*Koffie*

Hierdie geleentheid is gereël deur ons komitee van Anna van Wyk, Piet Westra en Thean Potgieter, aan wie ons alle dank verskuldig is. Dit is ’n spesiale geleentheid op ’n spesiale datum in ’n spesiale lokaal, en gaan nie gou vergeet word nie. Ons vertrou dat die prys van R250 per persoon billik is.

Onder aan die laaste bladsy van die Nuusbrief vind u ’n antwoordstrokie. Bel eerstens vir tesourier Gerrit Wiechers om u plekke te verseker. Hy sal sê hoe om die geld by hom te kry. Merk op die antwoordstrook u keuse van hoofgereg sodat die spyseniers (die restaurant ‘*De Bakhuys*’) weet wat om voor te berei, en pos/faks die strokie aan Gerrit.

**Silwer Medalje:** Ons Stigting se Silwer Medalje vir VOC-verwante bewaring, opvoeding of kultuurtoerisme is in 1998 toegeken aan Robert Lightley, meester-skeepsmodelbouer en in 2006 aan die bewarings-joernalis Martiens van Bart en die historikus prof. Gerrit Schutte. Vanjaar gaan dit aan ons stigterslede Gwen en Gawie Fagan vir lewenslange prestasie in Bewarings-argitektuur, en word tydens die dinee aan hulle oorhandig. U sal daar hoor presies hoekom hulle dit kry, en al wat ek nou wil sê is dat die Kasteel de Goede Hoop, waar ons daardie aand vergader, seker hulle grootste monument is. Dankie aan alle lede wat gemotiveerde nominasies voorgelê het.

**Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis**: Die SA Vereniging vir Kultuurgeskiedenis (Posbus 11403, Hatfield, Pretoria 0028) vra om artikels met ’n historiese of kultuurhistoriese strekking vir hulle tweetalige tydskrif *Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis.* Ek weet dat verskeie van ons lede publiseerbare werk gedoen het, en wil u graag aanmoedig om dit aan hulle voor te lê. In die Junie-uitgawe verskyn ’n baie interessante artikel (‘*Christian Groepe, Oosgrenspionier en Kommandant van Katrivier.’*) deur ons lid en gewese voorsitter, Jan Visagie. Wat het die Oosgrens met die VOC te doen, vra u? Wel, Groepe se pa was soldaat van die Kompanjie. Hier sien u die proses wat ek ‘Die VOC as Oerknal’ noem, in werking. Handel met die ooste lei tot ’n maritieme aanvullingstasie in Tafelbaai en binne vyftig jaar boer die soldaat se kind op die Oosgrens as ‘kleurling,’ in ’n situasie van konflik met die Xhosa en die eerste roering van ’n Groot Trek. Ek haal aan: ‘*Tregardt* (die Voortrekkerleier Louis) *se eerste besluit waarna hier verwys word was toe hy sy plase in die wyk Oos-Rietrivier (vandag die distrik Bedford ) verkoop het en vroeg in 1834 saam met ’n groepie boere buitekant die Kaapkolonie se oosgrens aan die Indwerivier gaan woon het. …goewerneur D’Urban het regsadvies ingewin of die uitgeweke kolonis kragtens die wet in hegtenis geneem kon word. In Oktober 1834 moes D’Urban verneem dat die Kaapse regering geen jurisdiksie oor Tregardt en ander boere buite die kolonie gehad het nie. Hoogstens kon hulle slawe gekonfiskeer en na die Kolonie teruggebring word.’* (p.40.) Geweet van sulke dinge? Nie ek nie. Dit gee ook ’n kykie in die ontstaan van ‘kleurlinge,’ kommandant Groepe se status by die regering en grensbewoners en die sendeling Read se verhouding met die ‘vyand’ tydens die grensoorlog. Dankie Jan. Alles nuus vir my, wonderlik interessant en reg na my smaak. Pragtig om te sien was die fynversorgde en uitgebreide voetnotas, die kenmerk van ’n volbloed-historikus.

’n Ander kind van die VOC wat hom as kommandoleier in die Grensoorloë onderskei het, was Tjaart van der Walt, wie se pa Jelle poshouer van die buitepos Vishoek was. As ek reg onthou lê Tjaart naby die buitepos Plettenberg Baaij begrawe. In dieselfde uitgawe is ’n artikel deur ’n taalkundige, W.J. Pretorius: *Wedersydse kulturele verryking in die ontwikkelingsgang van Afrikaans en die Afrikatale in Suid-Afrika.* Die skrywer gee ’n kort lys van alledaagse Afrikaanse woorde (*dagga, dagha, donga,* ens., wat uit Afrikatale ontleen is. *Babelas* (dronk ) kom uit Zoeloe. Wat, nie uit VOC- moerstaal nie, waar ‘*bobelas*’ verwys na ’n skip wat slinger? Kyk in enige Nederlandse idiomeboek. En ‘*aitsa’* is *‘Allawêreld, ’n uitdrukking van verwondering, verrassing en vrees.’* Inderdaad so, want die moontlikheid van ’n Noord-Sotho interjektief word as moontlike oorsprong genoem maar nie die naam van die Koina god Heitsi-Eib’b nie. Praat van polities korrek. Maar, ek is nooit te oud om te leer nie. Wil een van ons lede miskien ’n duidelike, gemotiveerde aanvullende lys van Koina-woorde vir die Tydskrif opstel?

Jan Visagie is die versorger van ons jaarlikse Anna Böeseken-gedenklesing wat in November in die Huis der Nederlanden gehou word om met hulle Hollandse Mark saam te val. Neem solank kennis.

**Uitstappie na Hessequaskloof:** Op 26 Junie 1734 het die Kaapse Krygsraad vir goewerneur De la Fontaine geadviseer waar die kanonne geplaas behoort te word wat die alarm by aankoms van 'n vyand deur die land moes versprei: *' d'eerste zeijn dienen gedaan te zijn van de platte kloof in de tijgerbergen, welke de tweede op de Stellenbosche kloof soude kunnen sien en hooren, van waar wederom tot op de hottentots hollands kloof, en van daar tot op de houw hoek, vervolgens van de houw hoek tot op de swarte berg boven de warme water en dan voorts tot op de hessequase kloof soude kunnen gesijnt werden, door welke laatste zeijn de inwoonders kunnen werden gewaarschoudt tot over de buffelsjagts Rivier als meede de buijtenste 's Comps. Post aldaar gelegen.'* [Krijgs Raad Resolutie Boek 13/4, 26.6.1734, g.p., Kaapse Argief.]

Mnr Erik Kellerman, eienaar van *Hessequaskloof*, nooi tien van ons om op Saterdag 23 Augustus die historiese plaas te besoek, vir 'n ligte ete, 'n wandeling deur sy bewaringsgebied in die Kloof (iets raar, vir die publiek geslote, en daarom nie meer as tien mense nie) en natuurlik, die afvuur van die seinkanon. Die plaas, waar die lang rooi aalwyne begin wat van daar tot in die Transkei voorkom, lê naby die nasionale pad Swellendam toe en naby genoeg aan Caledon, omdat Swarte Berg se kanonskote op *Hessequaskloof* gehoor en gesien is. Ek gaan beslis kyk hoeveel kilometers ver dit is en sal u laat weet. Aan die eerste sewe (drie is reeds bespreek) lede wat my by tel. 021-531-4787 bel, sal ek meer besonderhede gee. Eie vervoer is nodig.

**Besoek aan die Chavonnes Battery Museum:** Die nag se reën het vroegoggend opgehou, en 27 Julie was alles wat jy van 'n Sondagoggend in die Waterfront kon vra. Toe ons om 11-uur by die Kloktoring vergader het lid Rudolf Brits klaar die toring ondersoek en met die bewaker onderhandel oor 'n moontlike groepbesoek op 'n later datum. Eerstens is ons deur die Battery se buurman, die baas van *Paulaner Brauhaus* onthaal met 'n lang glas Paulaner Lager (bitter, neutbruin, geurig en minder winderig as ander Kaapse biere) of 'n cappucino waaroor ek nie besonderhede kan gee nie. Ek hoop dat u hierdie gasvrye waard sal ondersteun wanneer u in die omgewing is en vasstel of ek reg gerapporteer het. Aldus versterk is ons na die Museum toe, waar ons deur Willem en sy assistente in hulle sewentiende eeuse drag verwelkom is. Ek wens alle Kaapse museums wil hierdie mooi voorbeeld volg; dit dra soveel by tot die ervaring. Die VOC-vlag was reeds gehys -is dit die enigste plek in die wêreld waar ons vlag daagliks gehys word?- en dit is duidelik dat die VOC hier lewe. Uitstekend, en met eersteklas modelle gedemonstreer, het Willem ons die geskiedenis van die Battery vertel.

In 1714 is die behoefte aan 'n swaargeskut-battery gevoel om die westelike ingang tot die Tafelbaaise reede en die VOC se skepe daar geanker teen invallers te beskerm. Met toestemming van Here XVII is in 1715 met die bouwerk begin, dit is met 16 twaalfponders bewapen en na die destydse goewerneur MP de Chavonnes genoem. Die battery was tot aan die einde van die VOC-tyd aktief en die bogrondse dele is eers in 1861 afgebreek toe die deurgang na die nuwe Alfred Dok gegraaf is. Nadat die ondergrondse dele ontdek en deur die restourasie-argitek Gawie Fagan deels herkonstrueer is, is die Museum in 2000 deur die Eksekuteurskamer (BoE) opgerig, maar het intussen meerendeels gesluit gebly weens die probleem om dit as 'n vertolkende museum te bedryf.

Ons kon oral sien hoeveel Willem reeds gedoen het om die probleem in iets positief, aantreklik en baie interessant te verander. Hierdie is Nederlandse erfenis. Die Battery het ook die taak om op Sondae, wanneer die Seinheuwel-battery slaap, die stad se beroemde middagsein te skiet. Vereers is dit nog net op die eerste Sondag van die maand, maar dit sal uitbrei soos die seemeeus en toeriste die ding gewoond word. 'n Groot groep nuuskieriges drom reeds saam wanneer die rooi vlag opgaan as teken dat daar geskiet gaan word. Nou weet u waar om nog die stank en geraas van slagvelde soos Oudenaarde, Waterloo, Trafalgar, Colenso, Delvillebos en Stalingrad te sien en te hoor. Bring die intelligentes met hulle helder oë en die jonges van hart. Die stem van die kanon is die stem waarmee die VOC sy ryk op land en see gevestig het.

Die glase het reeds reggestaan vir die heildronk, ingestel deur Janine Klinkert: Huis van Oranje! Uiteindelik het ons gebly tot twee-uur, en daarna afskeid geneem om verder deur die Waterfront te

dwaal. Die see was groen, die lug blou en vol meeue. Dankie vir die plesier, Willem. *Floreat* jou onderneming, bewaring, opvoeding, kultuurtoerisme. Daardie kostuums is iets besonders.

**Nog 'n bietjie oor *'t Land van Waveren*:** 'n Paar dae na die aardbewing van 1969 het die SA Instituut van Argitekte 'n groepie van ses met 'n kombi afgevaardig om op Tulbagh, Wolseley en Ceres te gaan kyk. Kerkstraat het bedroef gelyk. Die Drostdy (u sal ons besoek onthou) was totaal verwoes en verdoem deur die staatsingenieur tot sloping 'insluitende sy fondamente.' Gawie se pa is op Tulbagh gebore, sy ouma het nog daar gewoon. Hy het besef wat die Drostdy en Kerkstraat vir Tulbagh beteken en het aanbeveel dat dit herstel word. 'n Rampfonds, bestaande uit openbare donasies en bydraes van die Provinsie, is gestig en die bestuur het besluit om die geld in die restourasie van Kerkstraat en die Drostdy te konsentreer. Anton Rupert se Historiese Huise het die personeel voorsien. Die Drostdy is deur die bouer Rino Brochetto op sy ou fondamente herbou.

*Behouwde Vaert*

D. SLEIGH (Dr)
REDAKTEUR

---

ANTWOORDSTROOK: **STIGTING VOC – ERFENISDAGDINEE, 2008**

(Pos of email voor **12:00 op 15 September** aan: Prof G. Wiechers, Posbus 3823, Durbanville 7550.
(tel.976-9851, gwiechers@absamail.co.za)

Naam: (1) ………………………………………………………………
Name van gaste (2)………………………………………………………………
(3)………………………………………………………………
(4)………………………………………………………………

<u>* Spyskaart</u> [Merk asb. u keuse van hoofgereg]
[hoeveel: ] Outydse hoenderpastei met basmati rys, of
[hoeveel: ] Skaapvleiskerrie met roti

Tjek ingesluit teen R250 per persoon, of betaal per bankoordrag: R……………

Tel:…………………... Faks:………………………… E-pos: ………………….

Bankbesonderhede: Stigting VOC
ABSA bank
Rek. Nr. 558162260
(Moenie vergeet u naam en "erfenisdagginee" te vermeld nie).

# *Generale Missive*: Nuusbrief van die Stigting VOC

Newsletter of the VOC Foundation 5/2008

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met bewaring , opvoeding en kultuurtoerisme as doel. Dit is geregistreer as eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with conservation, education and cultural tourism as its aims. It is the registered owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*



**Skakel/*Contact***: Skakel/*Contact*: Mnr E. B. de Vries (Finansies, Lidmaatskap / *Membership, Finance.*) tel.: 021-851-3850 / boudewyn@mweb.co.za

**Webblad**: http://www-voc-kaap.org ; **e-pos**: vocinfo@voc-kaap.org


*Welaen Vrunden!*

Hierdie is ons vyfde en waarskynlik laaste nuusbrief van die jaar. En wat 'n jaar.
In die dertien jaar van die Stigting se bestaan onthou ek nie een wat so woelig was nie. Nuwe lede word hartlik verwelkom. Die lede-sekretaris sal aan elk van u skryf, en ons hoop om u spoedig persoonlik te ontmoet. Sedert Nuusbrief 4/08 drie maande gelede was daar onder andere:

**Uitstappie na Hessequaskloof**

Vriend Erik Kellerman, die baas en kanonnier van Hessequaskloof, en mev. Kellerman het op 23 Augustus omtrent 30 gaste in die verborge historiese Hessequaskloof op 'n braaivleis en ander aangenaamhede onthaal. Die kloof is nie van die pad af sigbaar nie en verbygangers sal nooit weet dat dit bestaan nie. Van die VOC se vroegste reisigers soos Schrijver en Hartogh noem die Aloe Berg op die trekpad na die oosgrens en dit is onmiskenbaar, omtrent 12 km anderkant Stormsvlei. Jy herken die koppie aan die lang, lang aalwyne, *aloe ferox*, met hulle rooi fakkels soos wat die polisie op hulle kenteken dra. In die goeie ou dae was dit ook die sportwapen van die Grens-sportunies, gedra op 'n bruin baadjie of trui. Die aalwyne is een van die dinge wat my laat voel dat die ooskaap hier begin. Dit is in 'n sekere sin ook die begin van Hessequaland. En die bymekaarkomplek van twee klimate: die van die Overberg en die Klein-Karoo. Dit alles dra by tot die geheimsinnige atmosfeer van die kloof wat in die oertyd deur 'n aardbewing of 'n groot rivier deur die Aloe Berg gesny is. In die Kloof is die oorblyfsels van die Voortekker Piet Uys se huise. Hier, sê hulle, het die Groot Trek begin – en wat het nie alles daaruit gespruit nie.
Vriend Erik het ons genooi om sy gerestoureerde VOC-seinkanon, voorlaaste in die Suid-Kaapse alarmstelsel, te kom kyk, te hoor en 'n paar skote af te vuur. Dit was 'n belewenis om 'n agtponder wat meer as twee eeue oud is aan die lewe te kry - soos wanneer jy in 'n museum aan 'n dinosourus se been vat en hy draai sy kop en knor vir jou. Die gaste het hoofsaaklik uit die Swellendamse Erfenisgroep bestaan, insluitend ons vriende mev. Havenga van die Drostdy Museum en die aartsoverberger Adriaan Mocke. Daar was ook 'n afstammeling van goewerneur De Chavonnes. Klein wêreld.
Dit is so dat 'n Oerknal, soos die VOC in sy tyd was, mettertyd afkoel en later terug krimp. So ook onder die kinders van die VOC. Die voorvaders van die familie Haupt in Suid-Afrika (hier uitgespreek 'Hoofd) was die Duitse broers Karl Albreght Haupt en Ponté Haupt, wat ongeveer 1748 in die Kompanjie se diens hier gekom het. Karl was o.a. Sekretaris van die Politieke Raad. Hulle gesinne het amper drie eeue lank floreer, maar mev. Kellerman vertel dat geen seuns in die laaste dekades in die familie gebore is nie en dat die van Haupt sal uitsterf.
Ek het as kind 'n oom Ponté Haupt geken, en dit was insake hom dat ek eerste die naam '*poshouer*' gehoor het (later was dit 'n absolute sleutelwoord in my studie van die Kompanjie se buiteposte) eeue nadat daardie amp uit die ekonomie en die woord uit die taal verdwyn het. Oom Ponté was Oude Post Sindikaat se bestuurder by Langebaan, en die Franshoekers en sommige dorpenaars het hom '*poshouer*' genoem. Gelukkig het ek dit destyds betyds geleef.
Dankie mnr en mev. Kellerman, vir die gasvryheid en 'n besondere leersame VOC-belewenis op Hessequaskloof.

**Misterie van akoestiek**

Dit lyk asof mense in die VOC-tyd beter kon hoor as ons vandag. Is dit moontlik? Adam Tas skryf byvoorbeeld in sy dagboek dat hy op sy plaas by Stellenbosch die skepe in Tafelbaai kon hoor skiet. Wel gedaan, Adam, maar hoe is dit moontlik?
Nou lees ek in die SA Kanonvereniging se nuusbrief (Okt.'08) dat hulle die sesponder op Paarlrots afgevuur het en die eggo van Dutoitskloofberg af aan die oorkant van die vallei weer kon hoor, maar

niemand in die dorp direk onder die kanon het daarvan geweet nie. Waarom is die kanon dan bo-op die rots geplaas? Wat is daar aan die gang?
En kyk hierna:. Die distansies (modern, padlangs) van kanon tot kanon, soos in die *Krijgs Raad Resolutie Boek* van 26 Junie1734, is: Gantouwpas na Houwhoek (27km), Houwhoek na Swarteberg (29km), Swarteberg na Hessequaskloof (81 km.) En dit kan ek beswaarlik glo. Die laaste afstand is onmoontlik, tensy hulle die klank in 'n papiersak opgevang het en 'n hardloper met die sak in 'n gesplete stok gestuur het om dit te gaan oorhandig. Daar moes tenminste een ander stasie tussen Swarteberg en Hessequaskloof gewees het. Maar waar is die dokumentasie? Tijgerhoek, onthou, het nog nie bestaan nie.
Ek vermoed dat die oumense in hulle grafte is met kennis van akoestiek wat ons nie het of verstaan nie.

**Klip by die Leliedam.**
Ons het die samewerking van dr E. Hertzog, *Riet Valleij aan de Buffelsjagt Rivier* se eienaar, en mnr N.de Kock , die bestuurder gekry om ons gegrafeerde steen aangaande die Kompanjie se buitepos *Riet Valleij aan de Buffelsjagt Rivier* by die Leliedam langs die pad na Zuurbraak te plaas. Dit is 'n pragtige ligging, waar die Riviersondereindberg teen sononder in die dam weerkaats word, en is maklik toeganklik vir die publiek. Ons hoop om binnekort 'n busvol entoesiaste daarnatoe te neem vir die onthulling. Onthou net dat al ons geleenthede binne 'n dag of twee vol bespreek is, en bespreek dan vroeg.

***Ms 'Die VOC in Suid-Afrika'.***
Lid Con de Wet het die komitee van skrywers en redakteurs verantwoordelik is vir die verskillende hoofstukke van ons Stigting se beplande boek '*Die VOC in Suid-Afrika.'*
'n paar keer bymekaar geroep om werk uit te deel en inhoud en vordering te bespreek. Een of twee het al hulle eerste proewe ingehandig. Daar gaan omtrent agtien hoofstukke wees, maar 'n groot leemte om nog te vul is iemand om die belangrike hoofstuk oor betrekkinge tussen die VOC en die Kaapse Koina te skryf, en die ewe-belangrike een oor Stadsbeplanning en Argitektuur in die VOC-tyd. Enige lid, of nie-lid, wat een van hierdie hoofstukke kan onderneem, kan asseblief vir Con skakel by tel. 021-

**Jaarlikse Dinee en Caemer de Haeghe op toer**
Watter aangename, gesellige, vrolike, laggende, entoesiatiese, belangstellende busvol mense was die Caemer de Haeghe en hulle metgeselle, en watter plesier om hulle geselskap vyf dae lank te geniet.
Dit het begin by ons jaarlikse dinee op Erfenisdag, 24 September. Caemer de Haeghe het die vorige dag aangekom, 34 persone sterk. Hulle het hulself voorgestel deur 'n lang 'aanspraak' in digvorm om hulle agtergrond en motivering te verduidelik, soos in die geloofsbriewe van ambassadeurs. U vind dit te lees in 'n aanhangsel by die *Generale Missive*. Maar grappig. Ek dink ek moet illustreer met 'n voorbeeld uit my geheue: '*En toe de toestel neder strijken, staat Jan, niet Van Riebeeck maar Van Dijken.'* En so voort in dieselfde trant. (Jan van Dijken is die toergids, die 'toestel' is 'n vliegtuig) Dit is gevolg met 'n kanonsaluut aan ons gaste voor die pui van die Kasteel, en 'n dinee in die groot saal by 'n lang tafel waarby HKH Koningin Beatrix dertien jaar tevore onthaal is. Daar het 110 mense by ons fees aangesit, onder wie die Nederlandse konsul-generaal Bosscher en mnr en mev Vosloo van Media 24. (Maar weer nie, tot my spyt, daardie afwesige vriende wat getrou hulle ledegeld betaal maar nooit, nooit by ons funksies gesien word nie.
Teen die agtergrond van ons groot VOC-vlag het Voorsitter Leon sy toesprake gemaak, waarop die leiers van Caemer de Haeghe, soos ware Bataviërs in wit tropiese uniform, geantwoord het. En soos ware *orang lama (*wyse manne) uit die Ooste het hulle ryk geskenke gebring, van blougroen sy (VOC-dasse aan ons komiteelede) pype van wit pypklei met 18 duim stele soos jy net in museums sien, tabak, 'n tafelmatjie met 'n VOC-motief vir elke gas, skilderye, porselein en 'n rooi-wit-blou lint met medaljon van VOC Stigter, Johan van Oldebarnevelt, vir ons Voorsitter, om voortaan by amptelike okkasies te dra.
Dit was 'n geselligheid van amper vier uur lank met te veel te eet en te drink en 'n groot geraas. Lid Natie het die *commendatio* vir die benoeming van lede Gwen en Gawie as ontvangers van ons Silwer Medalje vir bewarings-argitektuur voorgedra (geïllustreerd) en onder-voorsitter Helena het die twee medaljes onder groot applous aan twee waardige wenners oorhandig.
Soos gebruiklik is die geleentheid afgesluit met die heildronk '*Huis van Oranje.'*
Die sukses van die groot okkasie is te danke aan die reëlingskomitee bestaande uit lede Anna (voorsitter), Piet, Thean, Natie en ander. En natuurlik Kasteel de Goede Hoop se laaste loopgraaf, kapt. Francois Morkel en sy personeel. Van onder-voorsitter Helena is daar 'n spesiale woord van dank aan Anna en haar komitee vir die kwaliteit, omvang, sukses en plesier van die dinee. Manjifiek

gedoen. Lady Anne draai jaloers om op haar wolk, sy wonder waarom haar stralekrans minder blink en of dit op Eskom blameer moet word. My gevoel is dat daar nog nie so 'n dinee in die Kasteel was nie. Iets fluister dit in my oor. Skenkings van tafelwyn is ontvang uit die kelders van *Oude Compagnies Post* (lede Jerry en Henriëtte) Christo Wiese (dmv lid George) en geurige sjerrie, geskenk deur lid Thean.
Caemer die Haeghe het drie dae lank deur die stad en skiereiland gereis, en toe na gewese VOC-buiteposte soos Groote Post, Klaver Vallei, Groene Kloof en Geelbeksfontein/Saldanhabaai waar nog iets lewe. In die geel-en-wit blomtyd. Toe na Tulbagh en ons vriende die Swanepoels vir 'n koninklike onthaal in die kelder van *Oude Compagnies Post.* Daarvandaan is Jan met hulle voort na die gewese buiteposte Mossel Baaij, Outeniquasland en Plettenbergs Baaij, Genadendal vir 'n geleide toer deur dr Isaac Balie, en ten slotte Stellenbosch. Op Genadendal het afgevaardiges van die Overbergse Chainouqua lede van die Caemer se bestuur ontmoet om gedagtes te wissel en hulle ideale en toekomsdrome bekend te stel, wat ons hoop tot voortgesette vriendskap sal lei.
Die Caemer se gasvryheid was onuitputlik. Die aand voor hulle vertrek is hulle in Houtbaai met 'n kanonsaluut van die VOC se Oos-battery verwelkom, waarop hulle weer die Komitee op 'n fees onthaal het. Weereens was daar geskenke, en dié keer kon ons hulle ook met 'n 'aanspraak' groet .
Hier volg 'n brief wat lid Heer Piet, die baasbrein agter die toer, verlede week van Rob Maier, sekretaris van die Caemer, ontvang het: *"Met een gevoel van grote dankbaarheid denkt ons reizgeselschap van de Caemer de Haghe terug aan de grootse ontvangst op het Kasteel de Goede Hoop. Het was een genot en een genoegen om aan deze feestelijke gebeurtenis van jullie Erfenisdag te mogen deelnemen. Als er een goed fundament is gelegd voor onze toekomstige relatie, was dat wel deze ontmoeting. Wij denken er met warmte aan terug. Onze tour rondom dat feest werd georganizeerd door de 'onheilige drie-eenheid' uit jullie kring, Piet, Dan en Jan. Die hebben ons een fantastische blik gegund op het VOC-verleden van de Kaap. Het wonderschone landschap met zij typisch Kaapse architectuur in haar dorpen, schiepen een zeer herkenbare relatie met haar heroische geschiedenis. Vanuit het koude en regenachtige Holland wensen we jullie een warme en mooie zomer toe, waar wij in gedachten bij zijn. Namens ons hele gezelschap, Scriba Rob Maier.'*

**Hieronder volg 'n uittreksel uit die Nieuws van de Nedelandse Bibliotheek, November 2008**
Van 20 september tot 5 october hebben 35 Nederlanders verbonden aan de VOC Caemer die Haeghe, deelgenomen aan een VOC-tour georganiseerd door Dan Sleigh, Jan van Dijken en Piet Westra. Een van de hoogtepunten was een ontvangst in het Kasteel, waar zes deelnemers in VOC-ornaat getooid, een samenspraak opvoerden geschreven door een van hen, de heer **Axel Henny**. Een gedeelte van deze samenspraak wordt hieronder weergegeven.

De Tuinen van de Compagnie, daar moet je zijn geweest,
de Nationale Bibliotheek waar men in boeken leest,
de Kaappunt en het Waterfront
de heuvel waar het sein op stond
de buitenposten Nuwe Land, Constantia Groot en Klein
een Schuur en toch een huis op stand, en Simons stadsdomein.

En kun je van de Tafelrand het Robbeneiland zien?
Wat is die rook daar op het strand, een reuzenbraai misschien
In Kamps-of Houtbaai? Ja, wellicht

En wie staat op de Tafelberg, heeft als een reus een vergezicht, Maar voelt zich als een dwerg.

En langs de Westkust: Groenekloof, vol schaduw onder 't groene loof.
Nog donkerder is Grotepost, ja 't is een kelder naar ik geloof.
maar helder is Geelbekfontein; het water spat in zonneschijn
en er moeten fossielen zijn!

Een nieuwe dag, voort gaat het, voort, Het is Tulbach vaak van gehoord.
Daar de Kerkstraat te betreden is als lopen door 't verleden:
Het oude Kerkvolk wordt getoond: hoe hebben zij gewerkt gewoond;
was 't een grootplaas welgesteld of een kleinplasie in het veld?

Dan over Bergen en door dalen, door dorpjes als kralen
aan het snoer van de route waar met mens'lijke voeten
de druif werd getreden –machinaal in het heden-.

In fusten en tonnen door van Riebeeck begonnen:
proeverij van Kaapse wijn, mag het nog een glaasje zijn?

Dan Oudshoorn: de vogels struis en is het in die grot wel pluis
die wij daar gaan bezoeken?
Zo oud, zo donker en koud en in het ondergrondse woud
van druipsteen, dreiging in de hoeken!
En om de bocht plots blaast de tocht en dooft het licht; de keel knijpt dicht,
Maar Dan en Piet wijzen de weg
naar buiten. Dat was angstig, zeg….

** Wil die tien of vyftien afwesige en amper vergete lede, wat net betaal maar nooit gesien word nie, nie soms nader beweeg en aan die dinge van die Stigting deelneem nie? Sal nooit jammer wees nie.*

**Simposium oor Slawerny.** (***Universiteit van Stellenbosch (Maandag, 1 Desember 2008***) Die vrystelling van Kaapse slawe word jaarliks op 1 Desember herdenk. Dr Hans Heese van die Universiteit Stellenbosch het vir die geleentheid 'n simposium oor hierdie sosiaal-ekonomiese verskynsel gereël. Registrasie begin om 08:30 in die ouditorium van die JS Gericke Biblioteek. Die program (uiters interessant) word om 09:00 deur die Rektor, prof. R. Botman geopen en sluit om 17:15 met pouses vir tee en middagete. Daar is 'n verskeidenheid van senior historici onder die aanbieders, maar ook bekwame entoesiaste van ander beroepe en vakke. Tien lesings sal voorgedra en bespreek word. Almal welkom. Die wat graag 'n program wil sien of ander inligting bekom, kan Tania Rossouw by 021-808-2314 skakel.

**A.J. Böeseken Gedenklesing** (***HdN, Saterdag, 6 Desember 2008***): Ons sluit elke jaar ons aktiwiteite met die A.J. Böeseken Gedenklesing ter gedagtenis aan dr Anna J. Boeseken, historikus en argivaris, wat 'n reuse-bydrae tot die ontsluiting van die Kompanjie se Kaapse dokumente gemaak het. As sy nog geleef het, of as ons toe bestaan het, het sy beslis ons Silwer Medalje gekry. Lid Jan Visagie wat die portefeulje behartig begin gewoonlik met 'n kort waardering van haar werk, waarna hy die spreker voorstel. (Ek wonder of hy kan uitvind watter openbare erkenning dr B. wel gekry het?) Vanjaar is die onderwerp van die lesing nie die immer gewilde slawe, skepe of kanonne nie, maar iets veel meer welriekend, smaaklik en heilsaam. Niks anders nie as ***'n Mandjievol woordvrugte uit die Kompanjiestuin.'*** Die genooide spreker is dr Helena Liebenberg , taalnavorser van beroep, mede-outeur van die Etimologiese Woordeboek van Afrikaans en lid van die projekspan wat VOC-dokumente in die Kaapse Argief getranskribeer het. Haar digbundel *Rooswater* (2006) is aromaties en histories verbonde aan die hele geurige tema wat sy op 6 Desember bekendstel. Sy skryf: *"Baie soorte vrugtebome is in die Kompanjiestuin geplant. Spaanse lemoenpitte is uit Holland saamgebring. Lemoenbome uit St Helena was ook daar te vind. Die tuin het ook nog nartjies, suurlemoene, bitterlemoene, appels en ander vrugtesoorte opgelewer. Van al hierdie vrugtename is die woord lemoen seker van die interessantste, omdat dit ook met ander vrugtename verband hou. Kom reis saam met my op die pitspoor van hierdie sonvrug wat gedy het aan die Kaap. "*
Wel, dit ruik baie aantreklik. Dit gaan nie oor skeurbuik (nou heel selde in Afrikaans en Nederlands gehoor) en vitamine (dink: medisyne) nie, maar lekker aangename dinge wat vandag nog aan alle sintuie plesier gee.
Sien u vir oulaas vanjaar **om 10:30 op Saterdag, 6 Desember 2008 by Huis der Nederlanden in Pinelands.** Volop parkering. Toegang gratis. Koffie en tee.
NS: *Die Etimologiese Woordeboek van Afrikaans* (ook op CD beskikbaar) is te koop by die WAT se kantoor op Stellenbosch.

**Ledegeld:** Penningmeester Gerrit Wiechers vra dat lede wat nog agterstallig is t.o.v. 2008 se jaargeld asseblief voor die einde van die jaar betaal omdat hy sy boeke moet sluit en balanseer vir die jaarlikse balansstaat. Help ons asseblief om dit vir hom moontlik te maak. Die wat nie onthou of hulle al betaal het nie, kan hom kontak. Hieronder volg sy telefoonnommer en eposadres, asook die Stigting se bank-besonderhede.
***Pos asb*** *u ledegeld met 'n tjek/posorde van R60 aan: Prof. Gerrit Wiechers, Posbus 3823, Durbanville, 7551.Tel 021 976 9852* ***Internet betaling:*** *Stigting VOC. Bank: ABSA, Adderleystraat., takno 632005, spaarrek. no 055 8162260.(laat Gerrit asb weet per gwiechers@absamail.co.za of per sy posadres).*

**Die nuwe boekjaar begin met ons Algemene Jaarvergadering vroeg in 2009. Die datum sal bekend gemaak word.**

*Behouwde Vaert*

D.SLEIGH (Redakteur: Nuusbrief)
18 November 2008.

*Generale Missive*: Nuusbrief van die Stigting VOC
Newsletter of the VOC Foundation 1/2009

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met bewaring , opvoeding en kultuurtoerisme as doel. Dit is geregistreer as eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with conservation, education and cultural tourism as its aims. It is the registered owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*
**Skakel/*Contact***: Skakel/*Contact*: Mnr E. B. de Vries (Finansies, Lidmaatskap / *Membership, Finance.*) tel.: 021-851-3850 / boudewyn@mweb.co.za
**Webblad**: http://www-voc-kaap.org ; **e-pos**: vocinfo@voc-kaap.org

*Welaen Vrunden!*

Laat ons begin met 'n hartlike Nuwejaarswens aan al ons lede en 'n verwelkoming aan nuwe lede, mag julle verbintenis met die Stigting lank, gelukkig en wedersyds voordelig wees. Hierdie *Generale Missive* het twee bylaes wat op die Algemene Jaarvergadering betrekking het. Ons stuur dit vroegtydig vir u aandag en indien nodig kommentaar, om die Vergadering se tyd te spaar. Die jaarlikse ledegeld-vormpie vir 2009 is ook aangeheg. Die Finansiële Jaarverslag sal by die vergadering voorgelê word. Ons veertiende bestaansjaar gaan hopelik ons suksesvolste tot nog toe wees. Daar is 'n paar waardevolle projekte op die agenda, waarvoor ons u hulp gaan vra.

**Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering, 2009**: Die veertiende **Algemene Jaarvergadering** van die **Stigting VOC** vind plaas om **17: 00** op **Donderdag, 19 Februarie 2009** in die Sekundes Huis, Kasteel de Goede Hoop. Parkering: Voor die Kasteelpoort of tussen bastionne Leerdam en Oranje (uit Darlingstraat.)

**Agenda vir Algemene Jaarvergadering, 19 Februarie 2009.**

3. Aankondigings.
4. Kennisgewing van Bykomende Sake (Moet vóór Vergadering met Voorsitter uitgeklaar word.)
5. Teenwoordig.
6. Verskoning vir Afwesigheid.
7. Notule van Vorige AJV, 2008. (Sien Bylae A.)
8. Voorsitter se jaarverslag, 2008. (Sien Bylae B.)
9. Finansieële Verslag, 2008.
10. Verkiesing van Uitvoerende Komitee.

9. Voorgestelde projekte vir 2009. Die volgende voorstelle is ontvang of reeds onder hande (a) Plasing Rietvallei gedenksteen. (b) Gedenkteken VOC-Koina Oorlog,1659. (c) Ms *Die VOC aan die Kaap* (d) Verandering naam Rockview Dam na Chainouqoa Dam / Dorha dam. (e) Bewaring en replikasie VOC -baken, Geelbeksfontein.) (Lede is welkom om gemotiveerde voorstelle vir goeie, nuttige kort- of langtermyn bewarings- en opvoedkundige projekte te maak, mits hulle bereid is om die leiding te neem om dit tot uitvoer te bring. As die voorstel aanvaar word, kan hulle op ons ander se hulp staatmaak.)

10. Bykomende Sake.
11. VOC décor in die Cape Grace Hotel (Gasspreker: Anne Thistleton)
12. Afsluiting.
13. Sosiaal en Heildronk.

L.W. Bring soos gewoonlik die nodige vloeistof en skottelgoed (elk vir eie gebruik) saam na die AJV. Nadat die Voorsitter die vergadering sluit, verdaag ons vir 'n sosiale halfuurtjie en so gou as almal gereed is sal die Voorsitter die gebruiklike heildronk instel: *Huis van Oranje!* (Sover as ek kan vasstel gaan dit steeds goed met Haar Koninklike Hoogheid, haar naasbestaandes en haar Republiek... 'n duidelike bewys van die krag van ons heildronk.)

Ander Nuus:
**Dr Ingrid Koelma.** Ons entoesiastiese lid dr Ingrid Koelma van Seepunt is op 24 November 2008 in Den Haag oorlede. Die Voorsitter en lede maak graag hulle meegevoel aan familielede bekend. 'n Gedenkdiens word om 14:30 op Sondag 1 Maart 2009 in die St Andrew's Presbiteriaanse Kerk, Somersetweg, Groenpunt gehou. Korrespondensie: ingeborg.koelma@xs4all.nl of by Linaria 7, Welgedacht 7530.

**AJ Böeseken gedenklesing.** Dr H. Liebenberg, 'n leksikoloog was die gasspreker by ons vorige vergadering, die laaste van 2008. Sy het ons so ver as die Middellandse See en die middeleeue ontvoer om die wortels te soek van sommige sitrusvrugte wat in die Kompanjiestuin gekweek is. Hulle het nie alleen boordensvol vitamine hier aangekom om skeurbuik te genees nie, maar het gelyktydig die taal met geur en kleur en smaak (soetlemoen, suurlemoen, nartjie, pampelmoes) verryk. Dit was 'n baie interessante geïllustreerde lesing vir 'n belangstellende en waarderende gehoor. Gevolg deur eersteklas koffie. Kultuurjoernalis Martiens van Bart het dadelik iets op papier gesit oor die heraldiese band tussen die Huis van Oranje, die Lemoenboom en die Oranje-Vrystaat. Ek sal van tyd tot tyd in volgende Nuusbriewe daaruit aanhaal. Dankie lid Jan Visagie (akademiese komitee) vir die reëlings en 'n onderhoudende spreker.

**Ms '*Die VOC aan die Kaap*.'** Redakteur Con de Wet laat weet dat dit goed gaan met ons Stigting se beplande boek. Van die outeurs het reeds hulle hoofstukke vir eerste redigering voorgelê. Moontlik verskyn dit nog vanjaar, betyds vir distribusie deur Sint Heer Klaas en sy slaaf.

'**Die Vriende van Mamre Vereniging.'** Die Morawiese sendingstasie Mamre is geleë op die terrein van die gewese VOC-buitepos Groene Cloof. Ons besoek dit elke keer op ons Weskus-toer, net voor Groote Pos en Klaver Vallei, en voor Geelbeksfontein. Die Kompanjie se werf en geboue is nog duidelik herkenbaar in wat jy vandag, na drie eeue, op Mamre sien staan. Die historiese terrein het in sekere opsigte dieselfde potensiaal vir kultuurtoerisme as byvoorbeeld Genadendal, en die potensiaal word reeds ontwikkel. Hulle veldblommeskou in die lente is 'n fees vir die oog, en onthou, Groene Cloof was die buitepos wat die botanis ('*de bloemenzoeker*') Francis Masson van Kew in 1772 en weer in 1785 gehelp het om die Groene Cloof, Slagtersveld en Laer Sandveld se plante te soek, skets, versamel, verpak, vervoer, en (vermoed ek) elke oggend 'n mandjie padkos vir hom en sy (Koina?) helper in sy kar gesit het (perde en kapkar almal met die VOC-yster gebrandmerk ) en saans vir hom slaapplek in die volkslosie gegee het.

'n Nuwe bewaringsvereniging '*Die Vriende van Mamre,'* word gestig. Deur dit te ondersteun, bevorder ons die bewaring van 'n VOC-terrein. Elke sent en elke stem tel. [Inligting en aansoekvorm vir lidmaatskap is te laat vir publikasie ontvang, maar word in die volgende *Generale Missive* geplaas.]

**Rooi jas vir Paul**: Paul Grobbelaar, ons Stigterslid en eerste Voorsitter, wat nou op Calitzdorp woon, het so pas 'n doktorsgraad van die Universiteit van die (Oranje?) Vrystaat verwerf. Jare se toegewyde werk het daarin gegaan. Die onderwerp, as ek dit reg verstaan, is die vroeë voorvaders in 'n landelike gemeenskap. Sy Kaapse voorvader was Jan, 'n soldaat van die Kompanjie, wat o.a. as wadrywer op die buitepos De Schuer gebruik is. Veels geluk met die prestasie, Paul. Ons het geweet jy was die hele tyd 'n historikus vermom as soldaat. Paul se ander prestasies was om hierdie Stigting op die been te bring en om as Kommandant van die Kasteel ons vriend Karl Koperski op sy personeel aan te stel.

**Die pen in die joernaal:** Merkwaardiger en merkwaardiger, word hierdie Verenigde Oos-Indiese Kompanjie. (Soos Alice, wat nooit skoolgegaan het nie oor iets wat ek nie meer kan onthou nie gemompel het: '*Curiouser and curiouser.'*) Kyk eers terug: Eers was die Nederlanders die wenners in die eeuelange seestryd teen Engeland (die sogenaamde vyf see-oorloë) maar later, as daar 'n onderspit êrens in die omgewing rondgestaan het, het hulle hom gaan soek en gedelf. En elke keer as 'n Nederlandse skip geneem is, is benewens vrag en bemanning, vragbriewe, kaarte en persoonlike eiendom en briewe gekonfiskeer. 38 000 briewe van verskillende aard en oorsprong is dus nooit afgelewer, ontvang en gelees

nie, maar het opgegaar in die Tower of London se solders en kelders, 60% daarvan was amptelik (van die VOC en GWC), die orige 40% was persoonlik. Tien persent wag nog om oopgemaak te word, die seëls is nog ongebreek. Watter historiese en letterkundige skatte wag daar om ontdek te word?

Die briewe wat in oorlogstyd deur die Britse admiraliteit gelees is, is van 'n opsomming voorsien ('n voorbeeld uit 'die Rampjaar,' in vertaling: '*Is a letter from Machtelje Isaks and her children to her husband Jacob Thenisen telling him first of some domestick occurrences and afterwards relating how they were disheartened by the approach of the French and that the heart of the two De Wits who were killed and their fingers etc sold, were brought to the king of England.* )

Ek kry van dr Perry Moree (direkteur: bedryfsvoering) van die Koninklike Biblioteek in Den Haag, 'n nuwe boek in die reeks wat begin het met die persoonlike briewe van Aagje Kikkert aan haar man, Harmen. (by die Militêre Akademie op Saldanha het onderbaas Helena ons oor die merkwaardige '*Kikkertje lief* ' vertel.) Perry en 'n span historici was weer besig tussen die sewentiende en agtiende eeuse verlore Nederlandse briewe in die Britse Nasionale Argief. Die resultaat daarvan is E. van der Doe e.a. (reds. ): '*De Dominee met het stenen hart, en andere overzeese briefgeheimen*.' Zutphen, 2008. Daar is dié keer agtien verskillende persone wat uit agtien woonhuise, kajuite en werkswinkels hulle mees persoonlike gedagtes geskryf het aan agtien mense wat dit nooit sou ontvang nie.

Merkwaardigste: hulle kry in stuurman Reintje Hendriks van die skip *Jonge Johannes* se dekjoernaal by die datum toe sy skip oormeester is, nie net die gewone inligting oor weer en wind en koers wat jy daar kan verwag nie, maar twee tweehonderdjarige gansvere waarmee hy enkele ure tevore geskryf het. Nou weet ons vir 'n feit hoe sulke pluime gelyk het, hoe lank en breed hulle was, presies hoe die punt gesny was, en waaruit die swartbruin ink aangemaak is. Wat is daar nog aan die pen? Die teer en die sweet aan stuurman Reintje se vingers? Ek ken die handskrifte goed, en die blink kladpoeier wat van die blad af stroom as jy die folio oopvou, en daar moes derduisende sulke penne in daaglikse gebruik gewees het, maar dit is die eerste egte werklike gansveerpen wat ek in my lewe sien. Dankie, ou Perry en kollegas. U sien dit op internet ('die grootste posbus ter wêreld') by http: / www.sailing letters.nl

**Galgeheuwel en Kijk in de Pot.** Hierdie VOC-terrein, letterlik in die skaduwee van die nuwe sokkerstadion in Seepunt, was die hoë natuurlike duin met die galg (c. 1680-1795) wat op meeste afbeeldings van die destydse Kaap gesien word, waar die Kompanjie se tereggesteldes aan die publiek ten toon gestel is. (Les nommer een: Daar, behalwe vir Gods genade, hang ek.) Van 1795 was dit Battery 'Kijk in de Pot' waaraan kol. RJ Gordon al sy tyd gewy het terwyl sy leierlose troepe retireer voor die Engelse invalsmag wat die Kaap vinnig uit die suide nader. Van omtrent 1840 af is dit die Britse Fort Wynyard, die voorste battery, die jongste, nie die sterkste nie, in die verdediging van die Tafelbaaise reede.

Fort Wynyard se omgewing sien nou taamlik woes daar uit, maar daar is gelukkig (dankbaar) planne van die Weermag se kant om dit skoon te maak van indringerplante, kusfynbos aan te plant en 'n bietjie roes afslaan en verf hier en daar, voor die sokker. Die Stigting kon gelukkig hierin adviseer. Die oorspronklike restoureerder en kurator kdr WM Bisset ken elke baksteen en graspol, en SAERA en die Stadsraad werk entoesiasties saam. Later sal dit vir toerisme geopen word. Die restourasie en heropening van die Kusverdediging Museum by die battery, wat ongeveer tien jaar gelede gesluit is, sal *hopelik* later volg, as iemand uit die publiek die leiding daarin neem, soos in die geval van die Chavonnes Battery gebeur het.

**Die VOC in Cape Grace Hotel:** In die Cape Grace Hotel, nie ver van die VOC se Battery de Chavonnes, waar die VOC vlag daagliks waai, het pas iets besonder aantreklik gebeur. Trek die gordyne van handgeweefde sy voor die biblioteek se groot vensters toe, en daar staan Resolusie nr 1 van die Politieke Raad (dd. 30 Desember 1651 op die skip *Drommedaris* in die 'Engelse' Kanaal) handgeskryf van plafon tot vloer. Op die rug en sitplek en kussings van rusbanke, leunstoele en op die mure is skeepsname en uittreksels uit briewe en skilderye van die Kaap in sy kindersdae. Die VOC-suite is wit en blou van VOC-porselein. Die interieur herinner my aan 'n smaakvolle, baie deftige museum. Onder-voorsitter Helena wat tekstiel, sifdruk, ink, kleur en sulke dinge ken kon lekker gesels met Anne Thistleton van African

Sketchbook CC, wat saam met Kathi Weixelbaumer (ontwerp) die pragstukke uitgevoer het. Ek het nie die tegniese taal daarvoor nie, maar dit is mooi om te sien. Die Waterfront is besonders, die Cape Grace Hotel buitengewoon, die interieurs met VOC-motiewe sover as ek weet, uniek en ’n respekvolle erkenning van die VOC se aandeel in die ontwikkeling van die land. Dit is iets om te sien. By die AJV op 19 Februarie sal Anne Thistleton ons met kleurskyfies wys hoe die voltooide produk lyk. (N.S.: Anne se ouers, op besoek uit die VSA, gaan ook daar wees. So kom man en muis, bring die hele familie dat hulle sien hoe sterk ons Stigting is.)

**Eerste wyn:** Op 2 Februarie is dit 350 jaar vandat Jan van Riebeeck (amper jubelend?) in die *Daghregister* (2 Feb. 1659) kon skryf: ‘*Heeden is Gode loff van de Caebse druyven d’eerste mael wijn geparst…sijnde meest muscadel ende andere witte, ronde druyfen van seer goede geur ende smaeck…deese druyfen van 3 kleyne, jonge stocken van 2 jaeren hier geweest…*(ens.).’ Dit was op ’n Sondag. Die proses het 12 *mengelen* sap opgelewer, ongeveer 12 liters.Ek kon nie uitvind waar die stokke gegroei het nie, maar sou reken dit was in die Kompanjiestuin. Die gebeurtenis word herdenk op Constantia, met o.a. ’n gekostumeerde voorstelling en wyntrappery. Vanjaar is dit op ’n Maandag. Die Stigting kon gelukkig ’n bietjie adviseer. Neem die kinders, of laat hulle jou neem.

**Nuwe Konsul-Generaal:** Ons vriend Konsul-Generaal R. Bosscher het om gesondheidsredes na Nederland teruggekeer en in sy plek is Konsul-Generaal David de Waal aangestel. Daar bestaan ’n foto van sy grootvader of oorgrootvader De Waal saam met Paul Kruger, as Nederlandse verteenwoordiger in die ZAR. ’n Hartlike verwelkoming in die Kaap aan u, en ’n lang en gelukkige verblyf, van die Voorsitter en al ons lede.

**Ledegeld en ledegeldvorm:** Dankie aan al ons lede wat hulle ledegeld getrou en vroeg betaal. Dit vergemaklik ons Tesourier se werk aansienlik. Spesiaal dankie aan die wat vrywillige donasies ingesluit het. Dit is altyd welkom, die Stigting het dit nodig en dit word baie waardeer. Ons prokureurskoste in die stryd om behoud en verdediging van ons historiese logo vreet gedurig ons ledegeld op. Die ledegeld het nou drie jaar lank onveranderd op R60 per persoon gestaan en die komitee het besluit om dit na R70 per persoon per jaar te verhoog. Intussen gaan ons voort om name van lede wat agterstallig is van ons adreslys te verwyder. Vul asseblief al die besonderhede in op die vormpie wat u aan die einde van dié nuusbrief vind en bring dit met u ledegeld saam na die AJV. Betaal die man eenmaal en klaar.

*Behouwde Vaert*

D.SLEIGH
Redakteur: *Generale Missive*

**Bylae A: Notule van vorige Algemene Jaarvergadering (15 Februarie 2008.)**

1. Afkondigings.
2. Verwelkoming.
3. Apologie vir afwesigheid.
4. Teenwoordig. Ook Stamhoof B Coetzee en lede van die Chainouqua stamgroep.
5. Byvoegings tot Agenda
6. Gasspreker: *Ons het die voorreg om Stamhoof B. Coetzee, hoof van die Cochoqua en ook Provinsiale Voorsitter van die Kaapse Koina Raad as gasspreker te hê. Die ontstamming en verstrooiing van die Kaapse Koina het kort na die VOC se vestiging hier begin. Verspreiding van vryburgers het die onteiening van weiding en ander hulpbronne versnel en binne vyftig jaar was die sosiale orde van die Skiereilandse nomadiese herders totaal verval. Die afgelope dekade of twee begin groepe mense wat hulself as afstammelinge van Koina beskou en of hulle met Koina geskiedenis assosieer om belangegroepe te vorm en die naam van een van die uitgestorwe stamme aan te neem. Hy lig ons op*

*onderhoudende wyse in oor hulle belangstelling in en ervaring van Koina-geskiedenis, hulle doelwitte en ideale, die plaaslike, provinsiale en nasionale organisasie van Koina-belangegroepe en nog meer.*

7. Voorsitter se Jaarverslag (Bylae B)
   *Beskou as gelees en word aanvaar.*
8. Notule van vorige AJV (Bylae C)
   *Beskou as gelees en word aanvaar.*
9. Finansieële Jaarverslag (Sal ter tafel gelê word).
   *Beskou as gelees en word aanvaar.*
10. Verkiesing van Uitvoerende Komitee:

*J L Hattingh (voorsitter), H. Scheffler (onder-voorsitter), G.Hofmeyr (sekretaris), G. Wiechers (Tesourier en lede-administrasie), D.Sleigh (Nuusbrief), P. Westra (Publisiteit), A.van Wyk, T. Potgieter, C.de Wet (Akademies), L. Gadezweni.*

11. Logo.

*Voorsitter rapporteer geen verandering in status quo.*

12. Voorgestelde aktiwiteite vir 2008.

(a) Plasing Rietvallei gedenksteen (D.Sleigh) *Trae vordering, maar gaan voort daarmee.* (b) Erfenisdag 2009: Gedenkteken VOC-Koina Oorlog,1659. (D. Sleigh) *Nog geen reaksie op brief aan mev Robertson LP. Dra oor na volgende jaar.*(c) Ms *Die VOC aan die Kaap* (C de Wet) *Vordering tydsaam maar deeglik. Skrywers vir paar hoofstukke ontbreek nog. Beplan paar redaksie vergaderings vir 2008.*(d) Verandering naam Rockview Dam na Chainouqoa Dam / Dorha dam (D. Sleigh) *Burokratiese gesloer. Ons in alle opsigte gereed. In gereëlde kontak met Chainouqua. Gaan voort daarmee.* (e) Uitstappie na die gewese VOC buitepos *'t Land van Waveren* en die Bataafse dorp Tulbagh op hulle Hollandse dag (M. Potgieter). (f) Affuite vir die seinkanonne in Gantouw Pas?

13. Ander sake.
14. Afsluiting.
15. Sosiaal en Heildronk

**Bylae B: Voorsitter se jaarverslag - 2008**

Tydens ons Algemene Jaarvergadering op 15 Februarie 2008 is die volgende persone as lede van die bestuur verkies: Prof J L Hattingh (voorsitter), dr H Scheffler (onder-voorsitter), mnr G Hofmeyr (sekretaris), prof G Wiechers (Tesourier en lede-administrasie), dr D Sleigh (Generale Missive), Heer P Westra (Publisiteit), mev A van Wyk, dr T Potgieter, dr C de Wet, mnr L Gadezweni.

Al die bestuurslede het hard gewerk om 'n sukses van ons verskillende aktiwiteite te maak. Die bestuurspan het gedurende die jaar verskeie kere vergader om aktiwiteite te reël. Daar was hartlike samewerking en 'n goeie gees van wedersydse ondersteuning.

Helena Scheffler het haar by geleenthede waar sy as onder-voorsitter aan die woord was, veral insake die toekenning van ons Silwer Medalje en die Cape Grace dekor-ontwerp met kundigheid en styl van haar taak gekwyt.

Ons sekretaris, George Hofmeyr, het ernstig siek geword wat hom aan bande gelê het, maar nogtans gedoen wat hy kon. Vrywilligers het ingewillig om by te staan wanneer dit nodig was.

Gerrit Wiechers hanteer op bekwame wyse ons finansies, hou die ledelys op datum en hanteer besprekings vir uitstappies en funksies wat noodsaaklike nougesette rekordhouding verg.

Dan Sleigh het gesorg vir die verskyning van vyf uitgawes van *Generale Missive* in die geestige styl waaraan ons gewoon geraak het. *Generale Missive* dien as toonvenster van ons vereniging. Hy doen baie moeite om daarmee voorligting en inligting te voorsien.

Piet Westra is oral betrokke en gewillig, hy is veral verantwoordelik vir die verspreiding van ongeveer 100 kopië van die *Generale Missive,* plaaslik en oorsee. Die reël van Camer de Haghe se besoek was sy groot taak van die jaar. Hy sorg ook dat die media van ons doen en late hoor.

Anna van Wyk was van die begin af ’n waardevolle nuwe toevoeging tot die bestuur. Sy het op ’n meesterlike wyse ons dinee georganiseer en die take tot in die fynste besonderhede uitgewerk, sodat dit nie anders as in alle opsigte ’n reuse sukses kon wees nie.

Thean Potgieter, wat telkens ’n groot afstand moet aflê om vergaderings by te woon, lewer op bekwame wyse waardevolle bydraes. Thean, Anna en Piet het vir die dinee van ’n leeftyd gesorg.

Con de Wet, as ’n ervare redakteur, is hard aan die werk aan ons beoogde boek oor die *VOC aan die Kaap*. Tot dusver verloop sake glad en van die hoofstukke is al voltooi en voorgelê.

Lungile Gadezweni het vir elke vergadering in die Kasteel ’n lokaal gereël, die vlag uitgehang en vir fasiliteite soos stoele, tafels, projektors en glase gesorg.

Met so ’n bestuurspan kan ’n vereniging nie anders as om te bloei nie.

Daar was drie besondere byeenkomste in 2008: Ons uitstappie op 5 April na die Hollandse dag op Tulbagh, ons dinee in die Kasteel op Erfenisdag, 24 September en ons jaarlikse Anna Böeseken-gedenklesing wat op 6 Desember by Huis der Nederlanden gehou is. Die uitstappie na Tulbagh was ’n groot ervaring. Tydens ons tog het die bus onklaar geraak, maar die geesdrif van die toerlede is nie daardeur gedemp nie. Die besoek aan die Drosdy Museum, Tulbagh se Kerkstraat en die wynplaas *Ou Compagniespos*, waar ons op gasvrye wyse deur lede Jerry en Henriette Swanepoel onthaal is, was ’n belewenis.

Die besoek van die 35 lede van ons suster-vereniging in Nederland, die *Camer die Haghe*, wat saam geval het met ons dinee in die Kasteel, was die jaar se hoogtepunt. Drankies vooraf in die Militêre Museum, ’n geestige voordrag deur die ‘Here XVII,’ ’n voortreflike tafel met 110 gaste in feesstemming, uitbundige welwillendheid van beide gasheer en gaste en ’n voortreflike ete flink bedien het dit ’n heuglike geleentheid gemaak. Die Kasteel in al sy glorie en die afskiet van die kanon met die ruil van die wagte het luister aan ’n onvergeetlike aand verleen.

Ten tye van die dinee het onder-voorsitter Helena Scheffler ons Silwer Medalje aan die egpaar Gwen en Gawie Fagan oorhandig as erkenning vir hul jarelange beywering vir die bewaring van VOC-strukture. Die *commendatio* is deur Natie Greeff voorgedra. Die Fagans is waardige ontvangers van die vierde toekenning wat ons Stigting gemaak het.

Met die Anna Böeseken-gedenklesing het dr Helena Liebenberg ons op ’n reis deur taal en geskiedenis geneem met die herkoms van sekere vrugte wat in die Kompanjiestuin voorgekom het se name. Dr Jan Visagie was vir die reëlings verantwoordelik.

Origens het van ons lede gedurende Julie die heropening van die Chavonnes Battery Museum in die Kaapse Waterfront bygewoon. Verder was daar samesprekings met afstammelinge van die Chainouqua Koina oor hul steun van ons aansoek om die Rockviewdam se naam na die Dorha Dam te verander. Tot dusver was die aansoek nog nie suksesvol nie.

Dr Sleigh het ons op 23 Augustus verteenwoordig by die afvuur van die herstelde seinkanon in die Hessekwaskloof. Die herstel van die seinkanonne op die Gantouwpas (Hottentots-Hollandberg) is ondertussen deur die Helderberg Renaissance Stigting te Somerset-Wes onderneem. Hulle is hard besig om vir die doel fondse in te samel. Hulle het byvoorbeeld al twee keer oor die plaaslike radio gesprekke gevoer en skenkings en beloftes van belangstellendes op die wyse bekom.

Die redaksiekomitee van ons beoogde boek oor die Kompanjie aan die Kaap, het twee vergaderings met meewerkende skrywers belê. Daar heers groot entoesiasme vir die projek. Die manuskripte van drie hoofstukke is al ontvang, maar vir enkele hoofstukke word nog na skrywers gesoek. Die projek kan nog gedurende 2009 voltooi word – dit is ’n publikasie waarna reikhalsend uitgesien word.

Wat die wetlike gedinge aangaande ons logo betref het daar eintlik niks vanjaar gebeur nie, behalwe dat die reisagentskap Overseas Visitors Club sy oorspronklike logo, waarteen ons beswaar aangeteken het as té identies met die van ons, nou 'n gewysigde voorstel aangebied. Die bestuur beveel aan dat ons die wysiging aanvaar om sodoende een suksesvolle saak agter die rug te kry.

Tot dusver het ons goeie samewerking ontvang van die ontwerper Anne Thisleton insake haar dekor by Cape Grace Hotel in die Waterfront. Sy het haar besonder aantreklike ontwerpe aan die komitee vertoon en gebruik ons logo met toestemming, wat tot ons voordeel sal strek.

'n Spesiale woord van dank aan al ons lede wat gereeld hulle ledegeld betaal, vergaderings bywoon en aktief deelneem aan ons ekskursies en projekte ten opsigte van bewaring en opvoeding. Ek kan onomwonde verklaar dat die groot entoesiastiese meelewing en ondersteuning van gewone lede en die bereidwillige samewerking van almal wat op verskeie terreine hul kragte en kennis aanbied, van die Stigting VOC 'n besondere vereniging maak. Ons is 'n unieke bewaringsgroep wat 'n verskil ten goede aan die omgewing maak.

Prof J L Hattingh
Voorsitter
23 Januarie 2009

---------------------------------------------------------------------------------------------------

**LEDEGELD 2009 STIGTING VOC LEDEGELD 2009**

Aan: Die Tesourier, Stigting VOC, Posbus 3823, Durbanville 7550.

Naam:………………………………………………………………………………
Adres: ………………………………………………………………………………
………………………………………………………………………………..
………………………………………………………………………………
Telefoon: ………………………………………
Selfoon: ………………………………………
e-pos: ………………………………………

Bedrag ingesluit:
R………………..Ledegeld 2008 [R60] R ……………..
Ledegeld 2009 [R70]
……………….. Vrywillige donasie

*Generale Missive*: Nuusbrief van die Stigting VOC

Newsletter of the VOC Foundation 2/2009

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met bewaring , opvoeding en kultuurtoerisme as doel. Dit is geregistreer as eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with conservation, education and cultural tourism as its aims. It is the registered owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*

**Skakel/*Contact***: Skakel/*Contact*: Mnr E. B. de Vries (Finansies, Lidmaatskap / *Membership, Finance.*) tel.: 021-851-3850 / boudewyn@mweb.co.za

**Webblad**: http://www-voc-kaap.org ; **e-pos**: vocinfo@voc-kaap.org

*Welaen Vrunden!*

**Algemene Jaarvergadering, opsommend.**

Die Algemene Jaarvergadering op 19 Februarie is goed bygewoon. Die vorige bestuur is herkies, en daarby me. Anlen Boshoff, 'n waardevolle aanwins. (Sien volgende rubriek). Die Voorsitter se Jaarverslag en die Finansiële Verslag is albei goedgekeur en ledegeld is verhoog van R 60 tot R 70 per jaar. ('n Skokkende feit: ons prokureurskoste vir die verdediging van ons logo teen allerhande pirate het verlede jaar R 42 000 beloop.) Verskeie bewarings- en opvoedkundige projekte is ook goedgekeur. Ann Thistleton (die binnehuis-versierder wat by die Cape Grace Hotel se vernuwing betrokke was) het voorbeelde van haar kuns entoesiasties en kleurvol gedemonstreer. Die Voorsitter het die Voorsitterslint en medalje, aan ons geskenk deur Caemer die Haeghe, vertoon. Die vergadering is gesluit met die heildronk 'Huis van Oranje,' waarna aan sosiale sake aandag geskink is.

**Anlen Boshoff, 'n professionele C.V.** Ek stel graag ons nuwe komiteelid aan u voor. Anlen het 'n M.A. (Antieke Studies) en Diploma in Museumkunde van die Universiteit Stellenbosch. Haar professionele ervaring sluit in: Skakelbeampte van die Stigting Simon van der Stel, Komiteelid van die Stigting vir lang tydperke, Verteenwoordiger van die Stigting op die Kaapse Erfenistrust, 22 jaar diens by die SA Kultuurhistoriese Museum en Iziko Museums, Stigterslid van die SA Egiptologiese Vereniging, Lid van die Semitiese Vereniging, bied werksessies aan vir werknemers van provinsiale museums en SA Museums Assosiasie, stel beleidstukke op oor kultuurerfenis vir die Robbeneiland Museum, lei toere na Groote Schuur-huis (nie alles op dieselfde dag nie) en nog baie, baie meer. Ek hoop sy gaan van ons hou.

**Komiteewerk:** Die nuwe komitee het twee keer vergader. Die belangrikste sake ter tafel was (nee, nie die tee nie) Projekte en Uitstappies vir 2009.

a) <u>Projekte.</u>

1) Plasing van ons gedenksteen by Suurbraak: Twee komiteelede het op die terrein van die VOC buitepos Rietvalleij aan de Buffelsjagtrivier gaan kyk na die plek wat die eienaar aan ons toegewys het. Dit is 'n pragtige plek by 'n natuurlike vleiland, met die Sonderendrivierberg in die agtergrond. Die kontrakteur wat die rots daarheen gaan verskuif, het beloof dat dit binnekort gebeur. As alles gereed is, gaan ons daarheen vir 'n onthulling en 'n paar artikels en foto's in die koerant.

2) Hernoeming van Rockview dam: Geen besware daarteen is by die Grabouw Munisipaliteit ingedien nie (ons 'openbare deelname' aksie was dus suksesvol.) Die Grabouw-wykskomitee van die Theewaterskloof Munisipaliteit was ook goedgesind. Die saak verskyn op die Uitvoerende Burgermeesterskomitee se agenda vir 19 Mei, en as dit daar goedgekeur word sal dit op die agenda van die Theewaterskloof Munisipaliteit se raadsvergadering op 26 Mei wees. As ons op 26 Mei suksesvol is, gaan die besluit na die Wes-Kaap Geografiese Name Komitee, en van hulle af na die Nasionale Plekname Komitee vir die finale *tjiap*. Geduld! Ons vorder al vier jaar lank, tree vir tree, brief na brief, oproep na oproep.

3) Gedenkteken insake VOC-Koina Oorlog, 1659. Die bestuur het met die Kaapstadse Stadsraad geskakel oor 'n waardige gedenkteken vir die eerste VOC-Koina oorlog, die een om beheer van die Liesbeeckvallei. Die doel is opvoedkundig: *sodat ons nie vergeet nie*. Die betrokke raadslid se reaksie daarop was entoesiasties. Wanneer die verkiesing verby is, sal sake (goedkeuring, betrokkenheid, befondsing, ontwerp, ens.) hopelik onder seil kom.

4) Replika VOC-baken, Geelbeksfontein. Die oorspronklike steen van Robbeneiland-lei is aan verweer. Dit is amper 220 jaar bogronds en tyd dat dit onderdak bewaar word. Die bestuur het aan die terreineienaar (S.A.N. Parkeraad) daaroor geskryf. Ons wag op reaksie.

5) Ms *Die VOC in Suidelike-Afrika.* Die redakteurs het al vyf voltooide hoofstukke vir ons spogstuk ontvang, en dertien skrywers is nog besig. Hulle het lank gesoek na bekwame skrywers vir hoofstukke t.o.v. die Koina, die Onderwys en Kerkgeskiedenis, maar al daardie take het nou base. Ons mik steeds na publikasie aan die einde van die jaar.

6) Meer lesings: By die A.J.V. is voorgestel dat ons die Stigting se opvoedkundige taak meer uitbrei deur (soos tevore) meer lesings per jaar aan te bied. Die voorstel is algemeen verwelkom. Opvoeding is een van ons verklaarde doelstellings, wat onder bestuur van 'n entoesiastiese lid / portefeuljehouer, goeie gevolge op verskeie terreine kan hê.

b) <u>Uitstappies.</u>

1) *Robbeneiland.* Ons het aan die waarnemende direkteur van die eiland se museum geskryf oor die moontlikheid van 'n groepbesoek wat die volgende insluit: vervoer per boot daarheen, vervoer per bus op die eiland, besoek aan VOC terreine soos die poshuis ens., vuurberg, leisteengroef, skulpbank en die sg. 'ou-strand.' (En vervoer terug.) Dit sal wel iets kos. Hou duimvas vir 'n gunstige antwoord.

2) *Vergelegen*. Dit is die gewese tweede Hottentots-Holland buitepos, wat deur WA van der Stel ingepalm is met alles daarop, huis, slawe, diere, plante en gereedskap. Hopelik sal dit ook moontlik wees om die terrein van die eerste Hottentots-Holland-buitepos te besoek.

3) *Altydgedacht.* Hierdie bekende wynplaas was een van die eerste uitgifte in die Tygerberg, met die naam *Tygerbergen*. Besonder interessante bekende figure uit die VOC-tyd was by die plaas betrokke.

4) *Erfenisdag-projek*. Ons hoop om op die dag (24 September) by 'n nuwe VOC-Koina gedenkteken op die walle van die Liesbeek te wees, maar as dit nie moontlik is nie, wil ek u graag aanraai om daardie dag die volgende okkasie by te woon.

5) *Seinkanonne, Gantouwpas.* Die bewaringsgroep Helderberg Renaissance Stigting het die VOC- seinkanonne bo-op die beroemde ou pas teen groot koste en lewensverlies gerestoureer en wil dit op Erfenisdag onthul / afskiet. Twee lede van die H.R.S., naamlik Boudewijn de Vries (as voorsitter) en Leon Hattingh is ook lede van ons Stigting. Hulle het ons nog nie genooi nie, maar ons sal kyk of dit moontlik is. Kaboem! Wat 'n uitsig oor die hele skiereiland van daar bo af.

6) *Bustoer na die buiteposte Mosselbaai, Outeniqualand en Plettenbergbaai.* Dit is nog onder oorweging. Waarom? Reeds soveel hooi (ook heelwat strooi) op die vurk. Drostdye Swellendam en Graaff-Reinet is moontlik op die program en op die terugroete ook mooi dorpies soos Willowmore, Matjesfontein en Prins Albert. Indien nie vanjaar nie, dan vroeg volgende jaar.

7) *Dinee*. As bogenoemde bustoer <u>vanjaar</u> plaasvind sal dit die jaarlikse dinee insluit. Indien nie, is ons dinee op Erfenisdag, 24 September.

*****<u>Inligting oor al bogenoemde sal betyds bekendgemaak word, so gou as dit beskikbaar word.</u>

**Konsul-Generaal D.P.M. de Waal.** Ons voorsitter het die nuwe Nederlandse konsul-generaal genooi om 'n ere-lid van die Stigting VOC te word. Sedert die tyd van stigterslid Dirk Bins was al vyf konsuls-generaal ere-lede. Sy antwoord: 'Net zoals mijn voorgangers, zal ik graag het ere-lidmaatschap van de Stichting VOC aanvaarden en ik zie uit naar de voortzetting van een plezierige samenwerking tussen het Consulaat-Generaal en de Stigting VOC in de komende jaren. Hoogachtend, David P.M. de Waal." Daar, 'n nuwe vriend. Die gevoel is wedersyds: 'n gelukkige verblyf en dienstydperk in Suid-Afrika word hom toegewens.

**Sentrum vir Internasionale Erfenis Aktiwiteite**
In samewerking met SAEHRA, Iziko Museums, ICOMOS (SA) en die Departement van Kuns en Kultuur het die Nederlandse Sentrum vir Internasionale Erfenis Aktiwiteite wat in Leiden gesetel is op 6 Maart 'n simposium in die Kasteel aangebied oor die onderwerp *Ons Gedeelde Erfenis.* Piet Westra het eers 'n week voor die tyd uit Nederland daarvan verneem. Hy en ek het dit bygewoon, en taamlik bekommerd tuis gekom. Die boodskap was duidelik, die erfenistoneel hier te lande is uitgelewer aan die wat min daarin belangstel en nog minder daarvoor omgee. Lede wat wil kan miskien 'n afskrif van me. Beverly Crouts-Knipe van SAEHRA se kragtige voordrag by die geleentheid lees. Sy het die waarheid vertel sonder doekies omdraai en die grootste applous van die dag gekry. Ek het die geleentheid gebruik om ons Stigting bekend te stel: '*ons is bewaring gedemokratiseerd*.' Die Sentrum het ons, soos alle ander bewaringsorganisasies, genooi om 'n plakkaat op hulle webwerf te plaas, waar die hele wêreld van ons kan verneem.

**6 April, Stigtingsdag.**
Piet het 'n brief in *Die Burger* van 14 April se 'Lesersbriewe' geskryf oor die totale stilte waarmee Stigtingsdag vanjaar verby is. Dit is immers Kaapstad se geboortedag. Ek onthou hoe ons Stigting vroeër hierdie dag herdenk het, eers by die Kasteel, later by Huis der Nederlanden, met die Nederlandse vlag en die VOC-vlag, 'n trompetter wat die 'Wilhelmus' blaas, 'n gasspreker, 'n entoesiastiese (hoofsaaklik Nederlandse) gehoor, 'n Hollandse mark en baie koffie. Enkele gedagtes hier oor:

Belangstelling in Stigtingsdag is nie dood nie maar is ongekoördineerd en beperk tot grysaards. (Op 4 April vanjaar, die Saterdag naaste aan 6 April, het ek 'n Durbanvillese groep van meer as vyftig deur die Kasteel begelei.) Die jeug word nie op skool ingelig nie, maar tensy die opvoedkundige aspek ontwikkel word sal die gedagte mettertyd vergaan.

Enkele voorbeelde (nie voorstelle nie) van wat miskien gedoen kan word:

* 'n Entoesiastiese *ad hoc* komitee, wat nie net uit ons lede bestaan nie, maar ook die van ander bewarings- en kultuurverenigings kan met 'n goeie wegspring, maande tyd en 'n bietjie kapitaal in die sak 'n blywende sukses van Stigtingsdag maak.
* Hervat op 'n beskeie manier soos hierbo, en brei so vinnig as moontlik uit.
* Koppel die dag aan die Stad Kaapstad, gebruik dit as banier, bereken hoe die herdenking tot diens van die stad kan wees, oortuig hulle, verkry hulle samewerking.
* Toegang tot die jeug is nodig, en hulle kan bereik word d.m.v. die akademie, lettere, musiek, sport, ens. (Byvoorbeeld: Stigting Simon van der Stel reël van tyd tot tyd 'n <u>opstelwedstryd</u> vir skole, met goeie prysgeld. Jare gelede het ek en dr Jurie Joubert van die Wellingtonse Onderwyserskollege 'n geskiedenis-<u>vasvra kompetisie</u> oor vroeë Kaapse geskiedenis vir skole gereël, wat gewild was. <u>Skoolkore en orkeste</u>: Die 'Hollandse lied' uit die Maleierkore se boek. Herdenk die seinstelsel: 'n jaarlikse <u>aflosresies</u> vir skole met S.A.- vlae, van die Kasteel af, om dit bo-op Leeukop te plant, waar die hele stad dit kan sien.
* Wynproe en verkope, nader die wyn, bier of brandewynbedryf vir borgskap, koppel Stigtersdag aan 'n etiket in ruil vir ons logo.
* 'n oudhede-identifikasie en waardasie, in die Kasteel?
* Verskuif miskien ons jaarlikse dinee van Erfenisdag (24 Sept.) na Stigtingsdag (6 April), wat ons ook groter vryheid op 24 September sal gee i.s. die bywoon of aanbied van Erfenisdag-aktiwiteite.
* Borgskappe is nodig, vir werkskapitaal.
* Al die okkasies kan in die Kasteel plaasvind, sodat die publiek die fisiese erfenis-aspek beter aanvoel.
* Gereëlde en deeglike skakeling met verskillende media om die nuus aan die publiekte bring.

Piet het reeds genooi: *'Kom, alle Kapenaars: daar is veel om te vier. Laat ons volgende jaar 'n feesdag daarvan maak.'* Hoe lyk dit, kom ons doen dit. Skakel asseblief vir Piet met voorstelle. (Tel/faks: 021-761-8030.)

**Cape Grace Hotel**
Die oprigting van die VOC in 1602 was soos die Oerknal, wat massas positiewe en negatiewe energie geskep en vrygestel het. Daar is geen einde aan nie. In 2008 inspireer VOC manuskripte en prente nog die versiering van 'n moderne hotel. Ons betrekkinge met die kliënt was van die begin af hartlik en die ooreenkoms vir die gebruik van ons logo het R10 000 opgelewer.

**Herklaas Wessels** Ons vriend en gewaardeerde lid Hercules Wessels is op 6 Maart oorlede. Dit is 'n droewige verlies, want daar is nie veel soos hy, wat 'n belangstelling in kultuurgeskiedenis op praktiese wyse uitleef nie. Wat 'n voorreg was dit om by hom te leer. Geen leunstoel-historikus hy nie. Hier was iemand wat die vreemdste outydse dinge persoonlik ervaar het, en sy antwoorde was altyd in daardie stil, beleefde stem. Dié wat 'n dou-nat vroegoggend verlede jaar saam op die Gantouwpas was, waar wawiele groewe in die klippe geslyt het, sal sy intelligente en entoesiastiese verduideliking onthou van die hantering van osse en die konstruksie en gebruik van 'n wa. Hoe ver is een skof, hoe lank duur 'n skof, wat beteken die woord skof, hoe leer jy osse, wat voer jy aan jou trekvee, hoeveel water is nodig, watter gewig kan een wa dra? Ek onthou ook, ons kom met die toerbus oor Du Toitskloof en ry langs die Paarl verby, en ek sê ewe slim oor die mikrofoon: 'Hier is Ceciliasdrif. Dit is 'n ou naam uit die Hugenote-tyd. Maar ek kon nog nie uitvind wie Cecilia was nie.' Stil stem uit die middel van die bus: 'Cecilia du Preez, van '*t Zoete Inval*.'

Kort voor hy oorlede is stuur hy my 'n kleurafdruk van die Munisipaliteit Riviersonderend se nuwe naambord buite die dorp, met die verwelkoming in Koina: *Mutze Atze.* Ek is dankbaar dat hy dit nog kon beleef.

*"Broer Philipe het dit aan my gestuur en dit is in navolging van ons gedenkplaat by Riet Valleij. Die protea daarop is die nerina-specie soos in 1605 beskryf, die bok links is die uitgestorwe bloubok, regs is 'n steenbok. Jammer dat ek nie die besoek aan Hessequaskloof kon meemaak nie. Dit is interessant dat die naam Hessequaskloof na 1900 nie meer aangeteken is op doop en sterftekennisse nie. 'Naauwkloof' was in gebruik, hoewel dié naam vir die plaas eers in 1922 in die aktekantoor opgeteken is. Tipies van daardie tyd was daar reeds neergesien op bruinmense en op hul herkoms. 'n Ander onverklaarbare was die weerstand van die boere om selfs, na die Uyse in 1823 die swart uys-beeste saamgeneem het, die ras nie verder in die Overberg te teel of as trekosse te gebruik nie. Noordwaarts was die diere hoog in aansien, en word later die Drakensberger (genoem.) Was dit moontlik die konnotasie as hottentotbees soos die boere dit sien, of die verplasing van die rooi Afrikanerbees uit die Noorde? Dit bly steeds 'n ondersoek-behoefte, want ek het kaarte na aan die Soutrivier in die Ruens, waarop 'n aantekening is dat die plaas met verwysing na die rivier, nie geskik is vir die swart diere nie. Dit was in 1831. In dieselfde tyd was daar n spesiale heffing (belasting ) op swart beeste. Wat my betref is daar teenstrydighede. Die swart bees was reeds van Da Gama af (1497) bekend en oor die algemeen as die beste trekosse in ruiltransaksies aanvaar.*

*Jammer vir die lang aanhef, maar die rede vir my skrywe is om te sê dat ek nie meer fisies aan die VOC se aktiwiteite kan deelneem nie. In die gees sal ek altyd by wees."*

Die Stigting het 'n sterfberig in *Die Burger* geplaas.

**Nuwe Boeke** Twee nuwe aanwinste vir ons groeiende VOC-boekery. Die een is 'n geskenk van die Stigting van Ewijk, wat die publikasie help borg het. Dit is *De Tetimoniis,* subtitel *The Testimony of the Chinese, Aethiopians and other Pagans as well as of the Hottentots inhabiting the Cape of Good Hope, likewise about the complaints of the East Indian slaves. (*red. & vert.: M.L. Hewett.) Dit is die gepubliseerde verhandeling vir die verkryging van die graad *Doctor Utriusque Iuris* (Doktor in die Beide Regte, dit is staatsreg en kerkreg) aan die Universiteit van Leiden in 1770, deur die jong Gijsbert Hemmij, seun van die Kaapse fiskaal Otto Lüder Hemmij. Die jong man stel die vraag: Kan die getuienis van lede van hierdie 'mindere rasse' (sy woorde) in die Nederlandse hof aanvaar word, en verduidelik dan aan sy

eksaminatore waarom hy glo dat dit aanvaar behoort te word. Soos gewoonlik is die rede mondeling en in Latyn gelewer.

Gijsbert is in 1746 aan die Kaap gebore en op die ouderdom van 17 jaar Europa toe gestuur vir opvoeding. Hy het ook in die VOC se diens getree en later opperhoof geword van die moeiklike pos, Deshima in die baai van Nagasaki - 250 jaar lank die Weste se enigste venster op Japan. Hy is ook daar oorlede, en soos die *shogun* vereis, buite die baai ter see begrawe.

Die tweede boek is E. van der Doe, P. Moree en D. Tang (reds.): *De Dominee met het Stenen Hart*. Dit is 'n versameling private Nederlandse briewe uit die tydperk 1664 -1802, wat op see deur Engelse skepe gebuit is en gevolglik nie in die hande van die bedoelde *'Waarde Vader,'* '*Eerwaerdige ende zeer welbeminde,'* of *'Veel gelievde broeder!'* beland het nie, maar in die Britse argief. Die seleksie (uit verskeie duisende briewe en joernale) is gevarieerd, omvattend, hoogs interessant en ryklik toegelig met verklarende voetnotas, bronverwysings en kleurvolle illustrasies wat nog nie tevore gebruik is nie. Absoluut heerlik om te lees. Dit is soos die kristalbal waarin die fortuinvertellers toekoms en verlede sien gebeur. Dit is 'n geskenk van dr Perry Moree, Direkteur: Bedryfsvoering van die Koninklijke Bibliotheek in Den Haag, aan wie ons hopelik voor die einde van die jaar 'n kopie van ons '*Die VOC in Suidelike-Afrika*' sal kan aanbied.

Die VOC-boekery groei mooi. Dit word in die biblioteek van die Militêre Museum in die Kasteel bewaar. As u enigiets uit ons versameling wil lees, skakel die hoof, Natie Greeff, by 021-787-1153.

**Johan Barnard**

Ek het met spyt verneem dat prof. Johan Barnard, 'n VOC - historikus van aansien en laas aan die Geskiedenis Departement van die Universiteit van SA verbonde, in Maart oorlede is. Ek onthou hom om verskeie redes. Hy was die skrywer van C.J. Barnard: *Robert Jacob Gordon se lewe aan die Kaap. (Argiefjaarboek, 1950, deel I.)* waarmee hy die vorige jaar gepromoveer het. Hy was ook die dosent wat my sulke hoë punte in B.A. Hons. (Gesk.) gegee het dat ek dit reggekry het om te slaag, en hy het my prof. Dirk Kotzé se foonnommer op Stellenbosch gegee. Die res, wat my betref, is geskiedenis. Daarvoor sal ek hom altyd dankbaar bly. Hy was ook vir 'n lang tyd president van die S.A. Militêre Geskiedenis-vereniging.

***KABOEM!*** Die Kannone-vereniging van Suid-Afrika se jaarvergadering vind plaas om 10:30 op Saterdag, 30 Mei 2009, op die historiese plaas *De Grendel* (hulle maak ook 'n eersteklas Merlot daar) teen die westelike hang van die Tygerberg. Na die vergadering sal verskeie kanonne afgevuur word. Die K.V.S.A is die vereniging wat die Kompanjie se seinkanonne restoureer en daardeur luidrugtig bydra tot kultuurbewussyn. Dit is 'n entoesiastiese en gesellige groep, in aanvraag by die publiek vir kleurvolle okkasies. Ons lede, soos die res van die publiek, is welkom om die vergadering op De Grendel by te woon.

**Ledegeld :** Die ledegeld vir vanjaar is R 70 per persoon. Die sluitdatum vir betaling van agterstallige en huidige jaargeld is 30 Junie 2009. Ons tesourier se besonderhede is bo-aan hierdie Generale Missive. Die tesourier sal met elke agterstallige lid in verbinding tree om te hoor of hy /sy in voortgesette lidmaatskap belangstel. Almal wat negatief reageer diskwalifiseer hulself.

*Behouwde Vaert!*

D. SLEIGH
REDAKTEUR

25 April 2009

*Generale Missive*: Nuusbrief van die Stigting VOC

Newsletter of the VOC Foundation 3/2009

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met bewaring , opvoeding en kultuurtoerisme as doel. Dit is geregistreer as eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with conservation, education and cultural tourism as its aims. It is the registered owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*

**Skakel/*Contact***: Skakel/*Contact*: Mnr E. B. de Vries (Finansies, Lidmaatskap / *Membership, Finance.*) tel.: 021-851-3850 / boudewyn@mweb.co.za

**Webblad**: http://www-voc-kaap.org ; **e-pos**: vocinfo@voc-kaap.org

---

*Welaen Vrunden!*

**Ekskursie na Robbeneiland**

Ons het 'n uitstappie gereël na die heel eerste en bekendste VOC buitepos aan die Kaap. Laat my substantieer met 'n aanhaling uit KleinB (dit is die kinderblad van BY, *Die Burger* se byvoegsel op Saterdae) van 16 Mei 2009. Dit is nogal interessant wat die kinders vertel word: '*Wanneer jy die naam Robbeneiland hoor, assosieer jy dit dadelik met Nelson Mandela… Na hierdie eilandtronk is oudpresident Nelson Mandela in 1964 gestuur…*' Die tweede sin is bedenklike joernalistiek, die man het eers in 1994 president geword en vyf jaar later oudpresident, maar ons skrywer se boodskap is duidelik genoeg. Ek vermoed die eerste stelling kan moontlik reg wees as jy hedendaagse skoolsillabusse in gedagte hou. In die hele berig (kwartblad) is nie 'n verwysing na die VOC se 143-jarige benutting van die eiland nie.

Terug na die begin. Robbeneiland was die eerste VOC buitepos aan die Kaap, die enigste wat die volle 143 jaar beset gebly het en om verskeie redes onmisbaar. Lewering van vier soorte boumateriaal, kos (eiers, rob en dodelike pikkewyn in tyd van hongersnood), bewaring van vee teen diefstal, uitkyk en seine insake skepe, internering van Kaapse Koina en Oosterse prinse, noodhulp aan skepe, kwarentynstasie in tyd van pokke.
Daar is met die eiland se bestuur gereël dat ons nie moderne erfenisterreine sal besoek nie, maar net VOC-verwante plekke. Dit is ongewoon, maar hulle het dit goedgekeur, en gevra dat van hulle gidse met ons saamgaan om te leer. Hulle sal ons per bus om die eiland vervoer, o.a. na die plek van die poshuis en buitegeboue, skulpbanke, leigroef en die Vuurberg wat ander toeriste nie sien nie. (Belangstellendes kan miskien vooraf na die hoofstuk oor Robbeneiland in my *Buiteposte* kyk.)
Om uit Tafelbaai te vertrek met Tafelberg in die agtergrond is 'n rare ervaring wat u sal deel met onder andere Maria van Riebeeck op pad na Malakka vir Jan se langverwagte bevordering, honderde gekettingde Duitse en Hollandse matrose en soldate (hulle rûe nog rou van die gésel na een of ander misdaad, om vir twintig, dertig jaar of miskien lewenslank op die eiland skulpe te dra), Kaapse Koina en Oosterse prinse geinterneer omdat hulle die skeepsbediening of handel ontwrig het ('ekonomiese sabotasie') en met kaptein Cook op *Endeavour* om vreemde wêrelde te gaan verken, met Robbeneiland-konyne aan boord. En duisende ander en veel meer waaroor KleinB nie sê nie.

Die eiland is die tema van die oudste bewaarde Kaapse 'gedig,' die skrywer was Fiskaal De Neyn ('n bekende Sybariet, fynproewer en seksmaniak) wat een oggend in 1675 terwyl korporaal Albert Bernewitz poshouer was, eiland toe geneem is om orde onder die bandiete te herstel. (Uit: P. de Neyn: *Vrolijke Uuren.* Amsterdam, 1681.)

'Ik ben nu wel op 't Robben Land
Met volkje van deus aas bemand,
Daar niet en valt voor keel of tand
Of voor de felle kou wat brand
Gesonden, als Signoor Gesant
Maar kom ik weer aan 't vaste strand
So sweer ik bij de hoogste Sanct
En geef daarop mijn rechterhand
En ook mijn woord en trouw tot pand
So 't niet ontbreek aan mij verstand
Dat niemand mij daar weer op plant
Want weet, ik ben sulk een kwant
Die gaarne is een vaste klant
Waar men de droefheid heel verband
De glasen vuld tot aan de rand
En vrolijk sijt met pijpjes, want
Ik singh nog op mijn oude trant
En stelt dit Eijlandt aan een kant
Ik heb den bruij van 't dorre sand.'

Oulik, nê? Kom saam. Bring iets warm om aan te trek teen die seewind, en iets teen 'de felle kou wat brand' en natuurlik vir die heildronk: *Huis van Oranje!* Ek dink dit sal bo-op die Vuurberg gebeur, die eerste keer in 214 jaar. Bring die kameras, ek bring ons vlag.

**DATUM VAN EKSPEDISIE**: Sondag, 19 Julie 2009.
**ALTERNATIEWE DATUM**: Sondag, 26 Julie 2009.
**KOSTE**: R120 per persoon. (Die standaardprys is R180.)
**BESPREKING**: Penningmeester Gerrit is nog in Amsterdam en kom op 28 Junie terug. E-pos hom of stuur hom 'n tjek uitgemaak aan die Stigting VOC (sien adresbesonderhede hierbo). **Internetbetalings:** Stigting VOC, ABSA-spaarreken., takno 632005, rek.no 0558162260. Laaste dag vir bespreking is 5 Julie 2009, die eiland verwag dat groepbesprekings veertien dae voor die tyd gemaak en betaal word. Daar is plek vir 50 mense (ons kry 'n bus op die eiland met 50 sitplekke) en ek verwag dat ons lys soos gewoonlik dadelik volbespreek sal wees. Vriende en ander besoekers is welkom. As die see en weer op 19 Julie 2009 verhinder dat die veerboot vaar, sal die eiland vir Gerrit laat weet, dan word dit tot 26 Julie uitgestel, en as dit weer gebeur, tot 2 Augustus. Enige bespreekte toerlid wat nie opdaag nie of kanseleer, verloor sy geld. Enigeen wat die oggend onseker oor die weer voel, kan die besprekingskantoor bel voor hulle van die huis af vertrek ( 021-413- 4208 / 9, hulle is oop van 07: 15 af) en vra of die 09:00 reis aan of af is.
**VERGADER**: Om 09:00 by die vertrekpunt in die Waterfront. (Veerboot vertrek om 09:30.) Parkeer agter die graansuiers, wat jy van ver af kan sien. Loop tussen die winkelsentrum en BOE-gebou deur, die trappies af. Daar staan die beroemde Kloktoring (rooi en wit). Hou regs, verby die beroemde Kloktoring en restaurant daar langsaan tot by 'n gryserige gebou met vlae voor, en die naam Nelson Mandela Gateway. Dis die vertrekpunt.
**TERUGKEER**: Die veerboot kom voor 13:00 weer terug. Daar is tyd oor om die Waterfront te geniet, o.a. die Chavonnes Battery Museum in die BOE-gebou, die enigste plek ter wêreld waar die VOC-vlag daagliks waai en die enigste Kaapse museum waar die personeel agtiende eeuse kostuum dra. Langsaan is 'n Duitse restaurant wat hulle eie bitter Paulaner brou. Sien u daar.

**Koina gedenkteken:**
Twee komiteelede het weer die Raadslid ontmoet wat vir bewaringssake in die Kaapse Stadsraad verantwoordelik is. Hy is steeds entoesiasties oor die projek, en ons het saam 'n terrein langs die Liesbeek geïdentifiseer wat in alle opsigte (histories, opvoedkundig, landskap, parkering, ens.) geskik is. Hy het selfs sketse van 'n voorgestelde ontwerp vertoon. So hoewel dit sover goed gaan, is verskillende belangrike aspekte nog nie aangeraak nie, soos onder andere deelname deur kultuurgroepe wat identifiseer met die destydse Skiereilandse Koina (*Gorachoqua, Gorinhaicona, Goringhaiqua*), waarsonder ons nie suksesvol sal wees nie, befondsing, beskerming teen vandale, en die projek moet nog deur die Stadsraad aanvaar word. Maar ons probeer. Is daar van ons lede wat 'n mooi ontwerp wil voorstel?

**Kay se boek:**
Lid Kay de Villiers se boek oor militêre geneeskunde tydens die Anglo-Boereoorlog (J.C. de Villiers: *Healers, Helpers and Hospitals.*(2 vols.)Pretoria, 2009.) is in April deur Protea Boekehuis gepubliseer. Dié oorlog het 'n verandering gebring in die behandeling van gewonde en siek soldate. Daar is hoofstukke oor die Genevese Konvensie en oortredings daarvan, krygsgevangenes en hulle behandeling, deelname deur die Rooi Kruis en St John's in die Republieke en internasionaal, hospitale, dokters, verpleegsters (militêr en burgelik), mediese kontingente uit Europa, liefdadigheidsdiens, die verskriklike guerilla-fase, nuwe wapens en nuwe wonde, verdowing en radiologie, boererate, tifus, pes en kranksinniges (onder andere). Sien teen bogenoemde agtergrond die verskriklike uitlating van Piet Joubert (die ZAR se kommandant-generaal en pres. Kruger se raadgewer) toe 'n buitelandse ambassade hom by die uitbreek van die oorlog 'n toegeruste veldambulans aanbied: "*Nee dankie. Ons Boere se bossiesmiddels was nog altyd goed genoeg.*" Katastrofiese woorde van 'n gesagspersoon. Herinner dit nie aan '*Just take a shower*'en '*Let them eat knoffel,*' nie? Die twee volumes het gesamentlik 59 hoofstukke, 1120 bladsye, 64 bladsye met illustrasies wat die eerste keer verskyn. Die prys is R600 (btw ingeslote) en kan bestel word by Carina Diederichs-Hugo van Protea Boekehuis (tel. 021-882-9100.) Persoonlik kan ek net sê, dit is 'n magtige stuk navorsing en geskiedskrywing,'n stuk kultuurgeskiedenis om aan te koop vir die nageslag (al woon hulle in Australië. Waarom? Sodat hulle weet wat hier gebeur het.) waarmee die Stigting hom eerbiedig gelukwens. En het daardie skrywer 'n CV! Liewe vader, dit is iets om te sien. Dink terug, met watter grasie hy die swaar broodmes hanteer het in die kersverligte wynkelder op *Oude Kompanjiespos*. As hy toestem sal ek dit graag publiseer.

**Ledegeld:**
Lede wat reeds vir vanjaar betaal het word hartlik bedank, en veral daardie wat ook 'n vrywillige donasie gegee het. Onthou dat elke rand gebruik word vir bewaring en opvoeding oor die VOC. Beskou dus u ledegeld as 'n jaarlikse bydrae tot kultuurbewaring, m.a.w. 'n bydrae tot die toekoms van die verlede, wat die VOC betref.

**Gesamentlike Bewaringsfront:**
Die SA Militêre Geskiedenisvereniging het in hulle maandelikse nuusbrief 'n oproep gedoen om samewerking tussen hulle en ander bereidwillige bewaringsorganisasies wat miskien verskillende belangstellingsvelde het maar dieselfde visie en 'n gemeenskaplike doel t.o.v. bewaring het. 'n Groot deel van hulle Militêre Toerisme Roete (wat begin by die Kasteel) is VOC-geskiedenis. Ons het reeds saam geprotesteer teen Erfenis Wes-Kaap

se hantering van die Galgeheuwel / Fort Wynyard saak, en die komitee het gevoel dat ons positief op hulle versoek kan reageer.

*Behouwde Vaert!*

D. SLEIGH
REDAKTEUR
18 Junie 2009.

*Generale Missive*: Nuusbrief van die Stigting VOC
Newsletter of the VOC Foundation 4/2009

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met bewaring , opvoeding en kultuurtoerisme as doel. Dit is geregistreer as eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with conservation, education and cultural tourism as its aims. It is the registered owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*
**Skakel/*Contact***: Skakel/*Contact*: Mnr E. B. de Vries (Finansies, Lidmaatskap / *Membership, Finance.*) tel.: 021-851-3850 / boudewyn@mweb.co.za
**Webblad**: http://www-voc-kaap.org ; **e-pos**: vocinfo@voc-kaap.org

*Welaen Vrunden!*

**Robbeneiland-toer.** Wat 'n dag. Die gewone propvol bus, ons lede so entoesiasties soos altyd, net die beste weer, soos ons soms laatwinter en vroeglente kry en die see soos 'n spieël. Dit was een van die maande sonder 'n 'r' in die naam, en jy kon dink aan skole silwergroen snoek in die koelte daar onder en verlang na die goeie ou dae van handlyn en knuppel in 'n roeibakkie ver buite in die baai, weg uit die wêreld. Deur die goedgesindheid van die administrasie kon ons die gewone tronktoer vermy en op soek gaan na tekens van die VOC se besetting van 143 jaar. Daar was geen. Ons het die skulpbanke en die leigroef besoek, waaruit materiaal vir geboue soos die Kasteel gehaal is. Bo-op die Vuurberg is die Huis van Oranje se heil gedrink. Ek hoop dat ons lede 'n indruk kon kry van die see se teenwoordigheid rondom, en waarom poshouer Hamerling sy mense '*St. Neptunus zijn volk*,' genoem het. Dit was moeilik om 'n indruk van afstand te vorm, selfs die Vuurberg is nou so oorgroei van port jackson dat ons nie eens die Walvisklip kon sien nie. Vandag sal 'n uitkyker 'n periskoop nodig hê. Die herwinning van die eiland se natuurlike duine-ekologie is 'n reuse uitdaging waaraan in dertien jaar nog niks (sover ek kon sien) gedoen is nie.

Omtrent twintig persone het gevra om op 'n tweede (soortgelyke) toer na die eiland toe te gaan. Dit is 'n mooi gedagte, maar moet oorstaan tot later. Twintig is nie genoeg vir 'n vol bus nie en die eiland se spesiale winter-tarief is weer verby, dit word weer heelwat duurder as die R120 per persoon wat ons betaal het.

Twee belangrike versoeke: (a) Sal lede asseblief sorg vir hulle *eie* heildronk- harde en sagteware? Dit word moeilik om op die laaste oomblik iets vir elkeen rond te deel, en hulle kan nie sê dat hulle nie daarvan geweet het nie. (b) As gevolg van waninligting deur die eiland se personeel het ek die verkeerde vertrektyd in die nuusbrief gegee, met die gevolg dat twee van ons lede die veerboot verpas het. Dit is ernstig, want ons is dikwels in die hande van amptenary, en ek wil graag aan almal voorstel om liewer gereeld 'n halfuur te vroeg aan te kom.

**Erfenisdag:** Op Erfenisdag sluit ons by Helderberg Renaissance Stigting aan, vir die herindiensneming van die seinkanon van die VOC en Bataafse Republiek op die Gantouwpas. Daar gaan 'n paar woorde gesê word (die doel is om 'n groep kinders aan hulle erfenis bekend te stel en die media aan Helderberg Renaissance Stigting), die VOC se beroemde vlag word daar gehys, 'n trompetter blaas die Wilhelmus (het dit al ooit op 'n bergtop gebeur?) Die kanon vertel oor die menslike lewe vóór e-pos en selfone. Het u al daardie wa-spore in die bergklip gesien? Ja, voor 4x4. Bring iets saam om te eet en te drink. Dit is 'n mooi plek vir 'n piekniek, die westelike uitsig lê oop oor die Vlakte, oor Kaapstad, oor die see tot by die horison. Aanskou jou erfenis.

Die herstel en heroprigting van die kanon deur HRS is 'n inisiatief wat ontstaan het na ons Stigting se uitstappie daarheen twee jaar gelede. Die rook en lawaai word deur die SA Kanonvereniging bewerkstellig, wat teen groot koste en lewensverlies die kanon en affuit gerestoureer het.
Tyd: 11:00. Datum: Donderdag, 24 September 2009.
Hoe om daar te kom: Laat omtrent een en 'n half uur toe vir die reis, van Kaapstad af. Ry van die Kaapse kant af met Sir Lowry's Pas oor die berg, tot duskant die plakkerskamp voor Grabouw. By 'n bord wat sê:

North Pine View draai die eerste teerpad links uit die N2. Omtrent 300m van die N2 af, draai weer links in die ou grootpad, 'n geteerde enkelspoorpad, wat nou deur Bosbou gebruik word. 'n Entjie verder staan iemand by 'n hek met 'n kennisgewing: Kanonne. Hou Regs. Ry met die grondpad so ver as jy kan, stop by die oop plek en parkeer daar. Stap omtrent 800 m deur die veld in 'n noordwestelike rigting. Onthou, dit is nog lente daar. Daar staan die VOC-vlag, die kanon en al die mense. * As dit lyk of swaar weer die uitstappie onmoontlik kan maak, bel asseblief ons vriend Boudewijn de Vries (Voorsitter van HRS) vooraf, om te hoor. Selfoon: 082-926-9373.)

**Oktober vergadering:** ***'Ontwikkeling van 'n beleid vir die naamgewing van strate, openbare plekke en geriewe in die Stad Kaapstad.'***
Raadslid Owen Kinahan, lid van die Beplannings Portfolio-komitee is deur die vorige burgemeester, Helen Zille, aangestel om die proses te bestuur wat verlede jaar in omstredenheid laat vaar is. Die beleid word herondersoek om uit die foute te leer. Daar sal 'n verduidelikende toespraak van twintig minute wees, en daarna geleentheid vir vrae en voorstelle. Verteenwoordigers van die media wat bywoon, word gevra om hulself te identifiseer.

Ons het dié geleentheid gereël omdat ons die Stigting se opvoedingstaak ernstig opneem. Die proses van naamgewing en herbenaming moet Kaapstad se historiese geheue weerspieël, en dit is presies waarom ons Stigting bestaan. Dit is ons kans (ook vir die lede wat graag tuis sit en ongelukkig voel) om aktief tot erfenisbewaring by te dra.

Raadslid Kinahan is die eerste keer in 1996 tot die Kaapse Stadsraad verkies en het Mowbray, Rosebank en Rondebosch, asook ander gebiede verteenwoordig. Op die oomblik is hy bestuurder van die Protea Sub-raad. Hy is aktief in stedelike bewaring en 'n gewese voorsitter en stigters-Uitvoerende Trustee van die Kaapstadse Erfenistrust, vise-voorsitter van die Kaapse Drie Eeue (300) Stigting, en o.a. ook Raadslid van die Universiteit Kaapstad.
Tyd: 10:30
Datum: Saterdag, 24 Oktober 2009.
Plek: Huis der Nederlanden, Pinelands. (Kom vroeg vir eersteklas koffie en 'n plek in die effens klein saal.)

**VOC Atlas:** Deel Vyf (Afrika) van die *Grote Atlas van de Verenigde Oost-Indische Compagnie* het verskyn. Soos die vorige vier bundels is dit 'n manjifieke stuk werk,
en net soos die Kompanjie wie se kennis van die aardbol daarin uitgebeeld word, is dit omvangryk, kleurvol, altyd interessant en effens vreemd. Omdat jy weet daar sal nooit weer retoerskepe in Tafelbaai wees nie, die groot hospitaal is vir alle tye platgeslaan, die hange van Windberg is permanent met huise toegebou en op daardie lang wit strand voor die Kasteel sal nooit mooi meisies vlugbal speel nie. Dit is 'n kyk op 'n verlore wêreld. Op die omslag sien jy die Ekwipasiewerf met heipale afgeperk en Roggebaai Battery op oop strand, waar nou toringhoë geboue staan en die koue Atlantiese gety nooit weer sal spoel nie. Ons kry 'n toer deur die Suid-Afrika wat aan die kartograwe bekend was: daar bestaan nog Koina-stamme, die pad na die Overberg loop nog oor Gantouw Pas, die Xhosa is nog oos van die Visrivier. Sommige kaarte, wat in die Kaapse Argief swart-en-wit is, is hier in volkleur te sien. Ewe verrassend as die kleure is die verskeidenheid en die hoë kwaliteit van vakmanskap.

Die Uitgewers hoop om die Hoofredakteur me B. Brommer in Januarie Suid-Afrika toe te stuur vir die bekendstelling van die Atlas. Sekerlik sal ons Stigting 'n feestelike geleentheid daarvan maak.

**Registrasie as Bewaringsorganisasie:** Ons Stigting is eindelik amptelik by Erfenis Wes-Kaap (die provinsiale beheerliggaam) as 'n nie-regerings bewaringsorganisasie geregistreer. Wat is dit werd? Eerstens, ons het volop oefening gekry in geduld en volharding. Tweedens, ons saak en doelstellings is breedvoerig aan hulle bekend gemaak en is op rekord. Derdens, ons het by 'n groep van soortgelyke nie-regerings instansies aangesluit. Ons is op die kaart. Ons het ook by die Sentrum vir Internasionale Bewaringsaktiwiteite (Universiteit van Leiden) geregistreer. Ons is ook internasionaal op die kaart.

**Stigtingsdag, 2010:** Die Uitvoerende Komitee het besluit om in die toekoms Stigtingsdag (6 April), soos ons voorheen gedoen het, met ’n spesiale vergadering in die Kasteel te herdenk. Die vorm daarvan is nog nie finaal vas besluit nie, maar kan waarskynlik ’n vlaghysing, ’n belangrike spreker en heildronk insluit. Enige goeie voorstelle oor die manier waarop die datum interessant, intelligent, aangenaam en inklusief herdenk behoort te word sodat mense graag daaraan wil deelneem, kan asseblief aan komiteelid Piet gebel word (tel.: 021-761-8030) Begin vroeg met reklame maak, die getal teenwoordiges sal ’n sterk aanduiding wees vir die belangstelling in die voortgesette herdenking van Stigtingsdag.

*Behouwde Vaert*

D. SLEIGH

**Generale Missive**: Nuusbrief van die Stigting VOC
Newsletter of the VOC Foundation 5/2009

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met bewaring , opvoeding en kultuurtoerisme as doel. Dit is geregistreer as eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with conservation, education and cultural tourism as its aims. It is the registered owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*

**Skakel/*Contact***: Skakel/*Contact*: Mnr E. B. de Vries (Finansies, Lidmaatskap / *Membership, Finance.*) tel.: 021-851-3850 / boudewyn@mweb.co.za
**Webblad**: http://www-voc-kaap.org ; **e-pos**: vocinfo@voc-kaap.org

*Welaen Vrunden!*

**Oktober vergadering:** In die vorige *Generale Missive* is Raadslid O. Kinahan van die Kaapse Stadsraad bekend gestel. Een van sy portefeuljes op die raad is Naamgewing van Strate, Openbare plekke en Geriewe. Die raad se beleid oor naamgewing word op die oomblik ondersoek, heroorweeg en nuut beplan. Die proses van naamgewing en herbenaming moet Kaapstad se historiese geheue weerspieël, en omdat kennis van die stad se geskiedenis 'n kwynende bate is, behoort die Stigting VOC van hom / haar / ons te laat hoor. Daarom is die vergadering (ons laaste byeenkoms van die jaar) gereël. Dit is ons kans. Raadslid Kinahan sal verduidelikende inligting verskaf, vrae beantwoord en voorstelle vra.
Datum: Saterdag, 24 Oktober 2009.
Tyd: 10:30.
Plek: Huis der Nederlanden, Pinelands. (Volop parkeerplek en eersteklas koffie.)

**Erfenisdag, 2009.** Ons was die gaste van Helderberg Renaissance Stigting. Die dag was koud, bewolk en baie winderig toe ons bo-op die Hottentots-Hollandberg vergader vir die afskiet van die Kompanjie se seinkanon. Daar was 'n groot klomp mense (miskien meer as honderd?), die VOC-vlag aan die paal het horisontaal in die wind gestaan en die kinders se wange was rooi van die koue, maar almal was warm aangetrek en entoesiasties. 'n Mooi gedrukte en geillustreerde program is uitgedeel. Dit het op tradisionele styl begin met skriflesing en gebed in Nederlands, daarna het voorsitter Boudewijn de Vries die mense verwelkom. Daarna het Leon Hattingh die geskiedenis van Gantouwpas en die seinstelsel vertel. Daarna, die 'Wilhelmus' op die trompet geblaas, (verskeie Nederlanders het spontaan saam gesing) en 'n paar skote met die kanon geskiet. KABOEM! Luide applous. En volop foto's, onder andere een van 'n groepie van omtrent twintig kinders onder die VOC-vlag, wat ek graag sou wil sien.

Die HRS moet gelukgewens word met hierdie inisiatief. 'n Groot aantal mense het die eerste keer die wielspore in die rotse gesien, 'n lewende voorlaaier-kanon gehoor en 'n erfenisdag geleentheid bygewoon. Dit was erfenis-opvoeding van die eerste graad, en 'n plesier om by te woon. Op Erfenisdag, volgende jaar, word beplan om 'n reeks kanonne te laat skiet.

*Spore van dinosoure en gletsers kry jy orals, maar ek wonder of daardie wielspore in die rotse nie die enigste ter wêreld is nie? As enige lid wat belangstel en weet hoe om Google te werk, miskien wil kyk en my laat weet wat opge'spoor' is, kan ek publisiteit daaraan gee. *National Geographic* sal sekerlik belangstel.

**Volgende vergadering, 2010:** Ons volgende *Generale Missive* (nommer een vir 2010), sal in Januarie verskyn en kennis gee van die Algemene Jaarvergadering, met mnr Dave Cowley van Houtbaai as gasspreker. Mnr Cowley stel belang in die oprigting van 'n oorkoepelende, nie-regerings bewaringsorganisasie op die patroon van die Britse National Trust. Waarom dit dringend nodig is, wat dit behels en wat dit vir erfernis-bewaring kan beteken, sal hy verduidelik.

**Bewaring gedemokratiseer.** By die erfenis-konferensie op 22 September by die Universiteit Wes-Kaap, het ek 'n beurt gehad, saam met Hannatjie du Preez (Hoofdirekteur: Kultuursake), dr Hans Fransen,

dr R. Ross (Leiden) en ander, om beskouings oor erfenis te stel. Dit was ook ’n kans om die Stigting VOC wyer bekend te maak. Ingeval van ons lede om een of ander vreemde rede belangstel in wat ek te sê gehad het, heg ek dit hierby aan.

“Soos ons moet belê in private skole, hospitale, veiligheidsdienste, selfs kragopwekkers, het dit in my opinie tyd geword om bewaring te demokratiseer, deur die stigting van ’n groot oorkoepelende nie-regerings bewaringsorganisasie op die patroon van die Britse National Trust. National Trust het drie-en-’n-halfmiljoen lede en is 115 jaar oud. My gevoel is, ons is effens agter, maar liewer laat as nooit. Ek dink ek kan my ervaring van die uitdagings waarmee erfenis-bewaring vandag gekonfronteer word toelig uit die perspektief van ’n klein nie-regerings, nie-winssoekende bewaringsgroep, soos die Stigting VOC met sy spesifieke belangstelling in die Kaap se eerste koloniale tydperk, die VOC tydperk van 143 jaar.

Stigting VOC beskou homself op plaaslike vlak as die geheue van daardie tydperk, maar die V.O.C. as talassokraat word wêreldwyd bestudeer. Ongetwyfeld was dit een van die invloedrykste ondernemings wat die wêreld geken het. Sy SA nalatenskap is merkwaardig goed gedokumenteer. Die Stigting help met die ontleding en vrystelling van daardie inligting, die tasbare en ontasbare, soos die bewaring van alle soorte artefakte as bronne van inligting. ‘Ontasbare’ verwys byvoorbeeld na die VOC se plaaslike administrasie, regstelsel, godsdiens, die verspreiding en ontstamming van die Kaap se inheemse mense (Koina en Sonqua) gedurende daardie 143 jaar. Ek sal kortliks voorbeelde gee van die Stigting se werksaamhede en betrokkenheid by Erfenisbewaring, en eindig met voorbeelde van die probleme wat ervaar word.

Die Stigting is geregistreer by die S.A. Erfenishulpbronne Raad en Erfenis Wes-Kaap, as ’n spesialis bewarings-organisasie. Sy lede kom grootliks uit die akademiese wêreld en die bewaringswêreld, beide-insluitend: die mensgemaakte en die natuurlike omgewing. Almal het ’n belangstelling en meeste het opleiding en ervaring van navorsing oor aspekte van die tydperk.

Sy doelstellings is eerstens opvoeding deur openbare lesings en artikels in tydskrifte, en dan deur praktiese bewaring. Elke optrede het te doen met die VOC se invloed op die Kaapse omgewing. Sy heel eerste praktiese projek was, byvoorbeeld om ’n Australiese wildevyeboom wat sewentig jaar lank die Kasteel se fondamente ondergrawe het, te verwyder. Let op: Daar is geen sprake van idealisering of romantisering of bewondering van die VOC nie. Inteendeel, die Stigting staan hoogs krities van sy selfsugtige en ondemokratiese stelsels, soos die onteiening van die Wes-Kaapse Koina en die manier waarop ekonomiese ontwikkeling en openbare onderwys hier onderdruk is.

Opvoeding verder, deur advies en hulp aan navorsers en ander entoesiaste met hul studies oor ’n groot verskeidenheid onderwerpe, byvoorbeeld: die ontstaan van Afrikaans as taal, die Wes-Kaapse Koina, die bou en hantering van seilskepe, medisyne, die uitgestorwe maar immergroen *Raphus cuculatus*, militêre geskiedenis, genealogie, voorkoms van plante en diere (byvoorbeeld vir dr Rau wat die Kaapse kwagga probeer herteel het), vir die Kaapse Stadsraad oor plek- en straatname, watter soort bome die Kompanjie om die Parade geplant het, of die voorkoms van aardbewings aan die Kaap, vir Stadsraad se afdeling Rampbestuur.

Opvoeding ook deur byvoorbeeld VOC-toerisme. Neem ’n bus vol mense op ’n reis van twee of drie dae. Dit is baie gewild.

Die manuskrip van ’n nuwe geskiedenis: ‘*Die VOC in Suider-Afrika, 1652-1795*,’ is al ver gevorder en sal hopelik volgende jaar verskyn.

Verder moedig die Stigting navorsing en bewaring aan met ’n Silwer Medalje.(’n Baie mooi medalje, en van egte silwer.)

Die historiese VOC logo is hier in Suid-Afrika by die Nasionale Registrateur van Handelsmerke in die Stigting se naam geregistreer. Die Stigting verkoop die gebruiksreg aan belangstellende partye, soos hotelle en wynboere onder sekere voorwaardes, om sy opvoedkundige en bewaringsprojekte te finansieer.

Probleme: Die Erfeniswet van 1999 het erfenisbewaring opgedra aan die Staat, die Provinsies en Plaaslike bestuur soos stadsrade. Dieselfde wet moedig openbare deelname aan. Die drie bestuurs-organisasies, wat na tien jaar nog gefragmenteerd, nie ten volle bemagtig nie en onderbeman is, behoort dus die publiek se deelname te verwelkom. Die Stigting voel soms dat bewaring hier te lande ongeveer sewentig jaar agter bly, en dat die pad altyd opdraend loop terwyl die omgewing op die afdraend is. Soms word daardie amptelike bestuur ervaar as burokratiese gesloer, belangeloosheid en oningeligte besluite deur ongekwalifiseerde amptenary. Laat ek twee voorbeelde gee, om te wys waarom en hoe die Stigting VOC as 'bewaring gedemokratiseerd,' toetree, en waarom ek die behoefte aan 'n groot, sterk nie-regerings-organisasie voel, soos die Britse National Trust waarna ek verwys het, om erfenisbewaring vooruit te help.

Omtrent 70 jr gelede het die Nasionale Monumente Kommissie 'n inligtingsplaat aangebring op die plek van die VOC-buitepos Riet Vallei aan de Buffeljagtsrivier, langs die grootpad tussen Swellendam en Suurbraak. Hulle bewoording: 'Hier het die VOC in 1734 'n fort gebou om die boere te beskerm teen die moordende en rowende boesmans en hottentotte.' Die pad is later verlê, die baken staan nou omtrent 20 tree ver daarvan af, verlate, onleesbaar ver en toe van stof. Stigting VOC se eerste funksie is opvoeding, daarom die belangstelling in die oordra van kennis, en in inligtingsborde. Die Wet van 1999 het die NMK se dienste en inligtingsborde oorgedra aan die Provinsie, en die Stigting het daarom Provinsiale erfenisbestuur se samewerking gesoek insake daardie inligtingsplaat. Nou, geeneen van ons was in 1734 daar nie, ons kon dit nie self sien nie. Ons het net die Kompanjie se dokumente om ons te lei. Die Provinsie is per brief, volledig gedokumenteer en gemotiveer, ingelig dat die bord onleesbaar en die inligting foutief is. Eerstens, die datum is verkeerd, tweedens was daar nooit 'n fort nie, derdens was daar geen sprake van moordende en rowende inboorlinge nie, vierdens is teen die benamings, boesman en hottentotte beswaar gemaak**.** Die Stigting wou graag die inligtingsplaat vervang met die korrekte inligting, hulle sou self met die grondeienaar daaroor onderhandel en dit finansier. Die Provinsiale owerheid is dikwels getelefoneer, meesal is die foon nie beantwoord nie, wanneer iemand geantwoord het was die persoon wat gesoek word 'in 'n vergadering.' Dieselfde brief is daarom drie keer herhaal, en al was dit jare gelede is tot vandag nog nie 'n antwoord daarop gekry nie. Dus, geen samewerking, geen reaksie van die Provinsie nie. Die Wet se goeie oogmerk is genegeer.

Toe het Stigting VOC alleen voortgegaan, met die entoesiastiese samewerking van die grondeienaar, van die Suurbraakse gemeenskap en Swellendam se museum. Die korrekte inligting is (alfabeties) in Afr, Eng, Koina en Xhosa op 'n granietsteen beskryf, met 'n pragtige groot rots om dit op te bevestig, geskenk deur die grondeienaar.

2. Nog een voorbeeld om die Stigting se kommer oor die amptenary se gebruik of misbruik van inligtingsplate te illustreer. Vroeër is laerskool kinders vertel hoe Van Riebeeck planne moes maak om die Kompanjie se verversingdiens te laat funksioneer. (dink: amandelheining; die betrokke plant is *brabeium stellatifolium,* dit het vroeër wild in die Skiereiland gegroei, die inboorlinge het die vrugte geëet.) In 1935 (dus, sewentig jaar gelede) het prof. R.H. Compton, hoof van Kirstenbosch Botaniese Tuin vir NMK gevra om wilde amandelbome wat in Kirstenbosch groei te proklameer, as deel van Van Riebeeck se amandelheining. Dit was 'n bewering, 'n aanname, die plante is nooit histories geidentifiseer nie. Min inligting was beskikbaar. Theal se geskiedenis van S.A. is in 1907 gepubliseer en Godée Molsbergen se biografie van Van Riebeeck in 1912, maar hulle sê nie dat 'n amandelheining bestaan het nie. Uit sy motivering is duidelik dat Compton nie die Kompanjie se manuskripte in die Kaapse Argief (in 17de eeuse Nederlands en Gotiese styl geskryf) ondersoek het nie. Waarom wou hy die bome geproklameer hê, terwyl dit reeds binne sy Tuin deur die wet beskerm is? 'n Statusvoorwerp vir sy Tuin? Iets interessant om besoekers te lok? Leerplan-materiaal om skoolgroepe in te trek? Kort daarna, in 1945, is die nuwe woongebied Bishopscourt langs Kirstenbosch aangelê. Die ontwikkelaars het nog amandelbome vir bewaring aangebied (dink ons hier

aan 'n gewaarborgde, beskermde 'groen sone' om hulle nuwe dorp?) en hulle is ook geproklameer. Die gewese Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede se lêer (11 / K /Kaa /4, dele 1-4) wys nogmaals 'n totale gebrek aan navorsing.

Wat die sogenaamde heining betref: 'n Heining as sulks het nie bestaan nie. Nie een van ons was in 1660 hier nie, ons kon dit nie self sien nie, ons het net die Kompanjie se dokumente om ons te lei. En die manuskripte is glashelder oor die sogenaamde heining. Daar was 'n poging. Die doel met die poging word duidelik in die Kompanjie se manuskripte uiteengesit: beskerm die gesaaide (die daaglikse brood) teen vertrapping en beweiding, en die kosbare trekvee teen diefstal. Die poging is laat vaar. Ons word gesê wanneer en waarom dit laat vaar is. Ek het die inligting al in 1999 gepubliseer.

Nou, sewentig jaar later sit die nasionale bewaringsowerheid 'n nuwe inligtingsbord daar met dié bewoording: "*This wild almond hedge*…[Notice the indicative pronoun 'this,' decisive, direct, unambiguous, unequivocal.) *This wild almond hedge was planted by order of Commander Jan van Riebeeck as a barrier protecting the expanding European settlement against the indigenous Khoisan inhabitants of the Cape. The hedge stretched from Kirstenbosch along Wynberg Hill to a point below the Hen and Chicken rocks.* [That is where the developer found the plants. They found some plants in 1945, and then invented a history for them.] *Beyond this the barrier continued as a pole fence to the mouth of the Salt River.* [What a waste of time, money, labour and timber. Most unlike the Dutch East India Company. Imagine: a fence, at a guess some 10 or 12 km long, every inch of it yellowwood.] Now comes the cherry. *The hedge has become a symbol of exclusion.*

Karl Marx het gesê, 'n eeu gelede, na aanleiding van 'n gedagte van Hegel, nog 'n eeu vroeër: 'Die Geskiedenis herhaal hom, die eerste keer as tragedie, die tweede keer as klug.' Ek laat dit daar, sonder kommentaar, omdat dit nog nie met die betrokke owerheid bespreek is nie. Terwille van opvoeding, met komende geslagte in gedagte, is regstellende aksie hier nodig. Die Stigting sal aan Nasionale Erfenisbestuur skryf en sy hulp aanbied." EINDE.

Met hierdie laaste *Generale Missive* van 'n interessante en besige jaar, bedank die Uitvoerende Komitee graag al die lede vir hulle belangstelling en samewerking.

*Behouwde Vaert!*

D. SLEIGH

**Bewaring gedemokratiseer.** Universiteit Wes-Kaap. 22 September 2009.

"Soos ons moet belê in private skole, hospitale, veiligheidsdienste, selfs kragopwekkers, het dit in my opinie tyd geword om bewaring te demokratiseer, deur die stigting van 'n groot oorkoepelende nie-regerings bewaringsorganisasie op die patroon van die Britse National Trust. National Trust het drie-en-'n-halfmiljoen lede en is 115 jaar oud. My gevoel is, ons is effens agter, maar liewer laat as nooit. Ek dink ek kan my ervaring van die uitdagings waarmee erfenis-bewaring vandag gekonfronteer word toelig uit die perspektief van 'n klein nie-regerings, nie-winssoekende bewaringsgroep, soos die Stigting VOC met sy spesifieke belangstelling in die Kaap se eerste koloniale tydperk, die VOC tydperk van 143 jaar.

Stigting VOC beskou homself op plaaslike vlak as die geheue van daardie tydperk, maar die V.O.C. as talassokraat word wêreldwyd bestudeer. Ongetwyfeld was dit een van die invloedrykste ondernemings wat die wêreld geken het. Sy SA nalatenskap is merkwaardig goed gedokumenteer. Die Stigting help met die ontleding en vrystelling van daardie inligting, die tasbare en ontasbare, soos die bewaring van alle soorte artefakte as bronne van inligting. 'Ontasbare' verwys byvoorbeeld na die VOC se plaaslike administrasie, regstelsel, godsdiens, die verspreiding en ontstamming van die Kaap se inheemse mense (Koina en Sonqua) gedurende daardie 143 jaar. Ek sal kortliks voorbeelde gee van die Stigting se werksaamhede en betrokkenheid by Erfenisbewaring, en eindig met voorbeelde van die probleme wat ervaar word.

Die Stigting is geregistreer by die S.A. Erfenishulpbronne Raad en Erfenis Wes-Kaap, as 'n spesialis bewarings-organisasie. Sy lede kom grootliks uit die akademiese wêreld en die bewaringswêreld, beide-insluitend: die mensgemaakte en die natuurlike omgewing. Almal het 'n belangstelling en meeste het opleiding en ervaring van navorsing oor aspekte van die tydperk.
Sy doelstellings is eerstens opvoeding deur openbare lesings en artikels in tydskrifte, en dan deur praktiese bewaring. Elke optrede het te doen met die VOC se invloed op die Kaapse omgewing. Sy heel eerste praktiese projek was, byvoorbeeld om 'n Australiese wildevyeboom wat sewentig jaar lank die Kasteel se fondamente ondergrawe het, te verwyder. Let op: Daar is geen sprake van idealisering of romantisering of bewondering van die VOC nie. Inteendeel, die Stigting staan hoogs krities van sy selfsugtige en ondemokratiese stelsels, soos die onteiening van die Wes-Kaapse Koina en die manier waarop ekonomiese ontwikkeling en openbare onderwys hier onderdruk is.

Opvoeding verder, deur advies en hulp aan navorsers en ander entoesiaste met hul studies oor 'n groot verskeidenheid onderwerpe, byvoorbeeld: die ontstaan van Afrikaans as taal, die Wes-Kaapse Koina, die bou en hantering van seilskepe, medisyne, die uitgestorwe maar immergroen *Raphus cuculatus*, militêre geskiedenis, genealogie, voorkoms van plante en diere (byvoorbeeld vir dr Rau wat die Kaapse kwagga probeer herteel het), vir die Kaapse Stadsraad oor plek- en straatname, watter soort bome die Kompanjie om die Parade geplant het, of die voorkoms van aardbewings aan die Kaap, vir Stadsraad se afdeling Rampbestuur.

Opvoeding ook deur byvoorbeeld VOC-toerisme. Neem 'n bus vol mense op 'n reis van twee of drie dae. Dit is baie gewild.

Die manuskrip van 'n nuwe geskiedenis: '*Die VOC in Suider-Afrika, 1652-1795*,' is al ver gevorder en sal hopelik volgende jaar verskyn.

Verder moedig die Stigting navorsing en bewaring aan met 'n Silwer Medalje.('n Baie mooi medalje, en van egte silwer.)

Die historiese VOC logo is hier in Suid-Afrika by die Nasionale Registrateur van Handelsmerke in die Stigting se naam geregistreer. Die Stigting verkoop die gebruiksreg aan belangstellende partye, soos hotelle en wynboere onder sekere voorwaardes, om sy opvoedkundige en bewaringsprojekte te finansieer.

Probleme: Die Erfeniswet van 1999 het erfenisbewaring opgedra aan die Staat, die Provinsies en Plaaslike bestuur soos stadsrade. Dieselfde wet moedig openbare deelname aan. Die drie bestuurs-organisasies, wat na tien jaar nog gefragmenteerd, nie ten volle bemagtig nie en onderbeman is, behoort dus die publiek se deelname te verwelkom. Die Stigting voel soms dat bewaring hier te lande ongeveer sewentig jaar agter bly, en dat die pad altyd opdraend loop terwyl die omgewing op die afdraend is. Soms word daardie amptelike bestuur ervaar as burokratiese gesloer, belangeloosheid en oningeligte besluite deur ongekwalifiseerde amptenary. Laat ek twee voorbeelde gee, om te wys waarom en hoe die Stigting VOC as 'bewaring gedemokratiseerd,' toetree, en waarom ek die behoefte aan 'n groot, sterk nie-regerings-organisasie voel, soos die Britse National Trust waarna ek verwys het, om erfenisbewaring vooruit te help.

Omtrent 70 jr gelede het die Nasionale Monumente Kommissie 'n inligtingsplaat aangebring op die plek van die VOC-buitepos Riet Vallei aan de Buffeljagtsrivier, langs die grootpad tussen Swellendam en Suurbraak. Hulle bewoording: 'Hier het die VOC in 1734 'n fort gebou om die boere te beskerm teen die moordende en rowende boesmans en hottentotte.' Die pad is later verlê, die baken staan nou omtrent 20 tree ver daarvan af, verlate, onleesbaar ver en toe van stof. Stigting VOC se eerste funksie is opvoeding, daarom die belangstelling in die oordra van kennis, en in inligtingsborde. Die Wet van 1999 het die NMK se dienste en inligtingsborde oorgedra aan die Provinsie, en die Stigting het daarom Provinsiale erfenisbestuur se samewerking gesoek insake daardie inligtingsplaat. Nou, geeneen van ons was in 1734 daar nie, ons kon dit nie self sien nie. Ons het net die Kompanjie se dokumente om ons te lei. Die Provinsie is per brief, volledig gedokumenteer en gemotiveer, ingelig dat die bord onleesbaar en die inligting foutief is. Eerstens, die datum is verkeerd, tweedens was daar nooit 'n fort nie, derdens was daar geen sprake van moordende en rowende inboorlinge nie, vierdens is teen die benamings, boesman en hottentotte beswaar gemaak. Die Stigting wou graag die inligtingsplaat vervang met die korrekte inligting, hulle sou self met die grondeienaar daaroor onderhandel en dit finansier. Die Provinsiale owerheid is dikwels getelefoneer, meesal is die foon nie beantwoord nie, wanneer iemand geantwoord het was die persoon wat gesoek word 'in 'n vergadering.' Dieselfde brief is daarom drie keer herhaal, en al was dit jare gelede is tot vandag nog nie 'n antwoord daarop gekry nie. Dus, geen samewerking, geen reaksie van die Provinsie nie. Die Wet se goeie oogmerk is genegeer.

Toe het Stigting VOC alleen voortgegaan, met die entoesiastiese samewerking van die grondeienaar, van die Suurbraakse gemeenskap en Swellendam se museum. Die korrekte inligting is (alfabeties) in Afr, Eng, Koina en Xhosa op 'n granietsteen beskryf, met 'n pragtige groot rots om dit op te bevestig, geskenk deur die grondeienaar.

2. Nog een voorbeeld om die Stigting se kommer oor die amptenary se gebruik of misbruik van inligtingsplate te illustreer. Vroeër is laerskool kinders vertel hoe Van Riebeeck planne moes maak om die Kompanjie se verversingdiens te laat funksioneer. (dink: amandelheining; die betrokke plant is *brabeium stellatifolium,* dit het vroeër wild in die Skiereiland gegroei, die inboorlinge het die vrugte geëet.) In 1935 (dus, sewentig jaar gelede) het prof. R.H. Compton, hoof van Kirstenbosch Botaniese Tuin vir NMK gevra om wilde amandelbome wat in Kirstenbosch groei te proklameer, as deel van Van Riebeeck se amandelheining. Dit was 'n bewering, 'n aanname, die plante is nooit histories geidentifiseer nie. Min inligting was beskikbaar. Theal se geskiedenis van S.A. is in 1907 gepubliseer en Godée Molsbergen se biografie van Van Riebeeck in 1912, maar hulle sê nie dat 'n amandelheining bestaan het nie. Uit sy motivering is duidelik dat Compton nie die Kompanjie se manuskripte in die Kaapse Argief (in 17de eeuse Nederlands en Gotiese styl geskryf) ondersoek het nie. Waarom wou hy die bome geproklameer hê, terwyl dit reeds binne sy Tuin deur die wet beskerm is? 'n Statusvoorwerp vir sy Tuin? Iets interessant om besoekers te lok? Leerplan-materiaal om skoolgroepe in te trek? Kort daarna, in 1945, is die nuwe woongebied Bishopscourt langs Kirstenbosch aangelê. Die ontwikkelaars het nog amandelbome vir bewaring aangebied (dink ons hier aan 'n gewaarborgde, beskermde 'groen sone' om hulle nuwe dorp?) en hulle is ook geproklameer. Die gewese Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede se lêer (11 / K /Kaa /4, dele 1-4) wys nogmaals 'n totale gebrek aan navorsing.

Wat die sogenaamde heining betref: ’n Heining as sulks het nie bestaan nie. Nie een van ons was in 1660 hier nie, ons kon dit nie self sien nie, ons het net die Kompanjie se dokumente om ons te lei. En die manuskripte is glashelder oor die sogenaamde heining. Daar was ’n poging. Die doel met die poging word duidelik in die Kompanjie se manuskripte uiteengesit: beskerm die gesaaide (die daaglikse brood) teen vertrapping en beweiding, en die kosbare trekvee teen diefstal. Die poging is laat vaar. Ons word gesê wanneer en waarom dit laat vaar is. Ek het die inligting al in 1999 gepubliseer.

Nou, sewentig jaar later sit die nasionale bewaringsowerheid ’n nuwe inligtingsbord daar met dié bewoording: “*This wild almond hedge…*[Notice the indicative pronoun ‘this,’ decisive, direct, unambiguous, unequivocal.) *This wild almond hedge was planted by order of Commander Jan van Riebeeck as a barrier protecting the expanding European settlement against the indigenous Khoisan inhabitants of the Cape. The hedge stretched from Kirstenbosch along Wynberg Hill to a point below the Hen and Chicken rocks.* [That is where the developer found the plants. They found some plants in 1945, and then invented a history for them.] *Beyond this the barrier continued as a pole fence to the mouth of the Salt River.* [What a waste of time, money, labour and timber. Most unlike the Dutch East India Company. Imagine: a fence, at a guess some 10 or 12 km long, every inch of it yellowwood.] Now comes the cherry. *The hedge has become a symbol of exclusion.*

Karl Marx het gesê, ’n eeu gelede, na aanleiding van ’n gedagte van Hegel, nog ’n eeu vroeër: ‘Die Geskiedenis herhaal hom, die eerste keer as tragedie, die tweede keer as klug.’ Ek laat dit daar, sonder kommentaar, omdat dit nog nie met die betrokke owerheid bespreek is nie. Terwille van opvoeding, met komende geslagte in gedagte, is regstellende aksie hier nodig. Die Stigting sal aan Nasionale Erfenisbestuur skryf en sy hulp aanbied.” EINDE.

# *Generale Missive*: Nuusbrief van die Stigting VOC

Newsletter of the VOC Foundation 1/2010

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met bewaring , opvoeding en kultuurtoerisme as doel. Dit is geregistreer as eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with conservation, education and cultural tourism as its aims. It is the registered owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*

**Skakel/*Contact***: Skakel/*Contact*: Mnr E. B. de Vries (Finansies, Lidmaatskap / *Membership, Finance.*) tel.: 021-851-3850 / boudewyn@mweb.co.za
**Webblad**: http://www-voc-kaap.org ; **e-pos**: vocinfo@voc-kaap.org

*Welaen Vrunden!*

Laat ons begin met 'n hartlike Nuwejaarswens aan al ons lede en 'n verwelkoming aan nuwe lede. Mag julle verbintenis met die Stigting lank, wedersyds voordelig en gelukkig wees. Hierdie *Generale Missive* het drie bylaes wat betrekking het op die Algemene Jaarvergadering op 10 Februarie 2010. Om tyd te spaar by die AJV, stuur ons dit vroegtydig vir u aandag en indien nodig kommentaar. Die jaarlikse ledegeld-vormpie vir 2010 is ook aangeheg. Daar is 'n paar waardevolle projekte op die agenda, waarmee ons u hulp gaan vra. Ons vyftiende bestaansjaar gaan hopelik ons suksesvolste tot nog toe wees.

**Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering, 2010**: Die vyftiende Algemene Jaarvergadering van die Stigting VOC vind plaas om **16: 00** op **Woensdag, 10 Februarie 2010** in die Sekundes-huis, Kasteel De Goede Hoop. Parkering: Voor die Kasteelpoort, of tussen bastionne Leerdam en Oranje (uit Darlingstraat.)

**Agenda vir Algemene Jaarvergadering, 10 Februarie 2010:**

1. Aankondigings.
2. Kennisgewing van Bykomende Sake (moet vóór Vergadering met Voorsitter uitgeklaar word.)
11. Teenwoordig.
12. Kennisgewing van Afwesigheid.
13. Notule van Vorige AJV, 2009. (Sien Bylae A.)
14. Voorsitter se jaarverslag, 2009. (Sien Bylae B.)
15. Finansieële Verslag, 2009. (Sien Bylae C.)
16. Verkiesing van Uitvoerende Komitee.
9. Projekte vir 2010. (Lede is welkom om gemotiveerde voorstelle vir goeie, nuttige kort- of langtermyn bewarings- en opvoedkundige projekte te maak, mits hulle bereid is om die leiding te neem om dit tot uitvoer te bring. As die voorstel aanvaar word, kan hulle op ons ander se hulp staatmaak.) Die volgende projekte is reeds onder hande (a) Plasing Rietvallei-gedenksteen. (b) Gedenkteken VOC-Koina Oorlog,1660. (c) Ms *Die VOC aan die Kaap* (d) Verandering naam Rockview Dam na Chainouqoa Dam / Dorha dam. (e) Bewaring en replikasie van VOC -baken, Geelbeksfontein.(f) Die s.g. Van Riebeeck- heining. (f) Uitstappies / Groepbesoeke: *Tygerbergen*;
10. Bykomende Sake.
14. Gasspreker: mnr Dave Cowley. Onderwerp: 'n Nasionale Bewaringstrust.
15. Afsluiting.
16. Sosiaal en Heildronk.

L.W. Bring soos gewoonlik die nodige vloeistof en skottelgoed (elk vir eie gebruik) saam na die AJV. Nadat die Voorsitter die vergadering sluit, verdaag ons vir 'n sosiale halfuurtjie, en so gou as almal gereed is sal hy die gebruiklike heildronk instel: *Huis van Oranje!*

**George Hofmeyr.** Ons goeie vriend, stigterslid en jarelange lid van die Uitvoerende Bestuur is op 27 November 2009 op die plaas *Lourensford* oorlede. 'n Gedenkdiens is op 1 Desember 2009 op Somerset Wes gehou, bygewoon deur 'n paar honderd vriende en kollegas uit die bewarings, akademiese en kerklike wêreld, waarin George sy lewe deurgebring en sy merk gemaak het. Hy het hierdie Stigting op die been help bring en lojaal met sy entoesiasme en kundigheid gedien en ondersteun. Die Uitvoerende Komitee maak graag ons meegevoel aan familielede bekend.

**Dave Cowley: Erfenis gedemokratiseer.**
Ons gasspreker by die Algemene Jaarvergadering op 10 Februarie 2010 is mnr D. Cowley, trustee en koördineerder van die Houtbaai en Llandudno Erfenistrust. Hy reageer op my artikel *Demokratiseer Erfenis* in Die Burger van 19 September 2009, waarin ek die stiging van 'n onafhanklike nasionale erfenistrust op patroon van die hoogs- suksesvolle Britse National Trust bepleit. Waarom? Omdat Erfenisbestuur in dié land grootliks in onbekwame hande is, wat ons erfenis voor die oë van dié wat daarvoor omgee laat verval. Dave Cowley is betrokke by 'n inisiatief om 'n Kaapse erfenistrust op die been te bring, en ook by 'n soortgelyke beweging in die Johannesburg streek. Ek glo dat ons Stigting en ander bewaringsorganisasies alle moontlike steun daaraan behoort te gee.

Hoe lyk so 'n Erfenistrust? Die Britse National Trust, as voorbeeld, is in 1895 gestig, onder bedreiging van onbeheersde ontwikkeling en industrialisasie, toe die parlement vol nyweraars gesit het. Dit is geregistreer as 'n nie-regerings welsynsorganisasie. Die stigters was me. Octavia Hill, kannunik H. Rawnsley en sir Robert Hunter (Soos dit hoort, die versorgers: 'n vrou, die kerk en die adel.) Vandag het die Trust 3,5 miljoen lede en besit honderde historiese eiendomme en natuurgebiede in Engeland, Wallis en Noord-Ierland, wat bekom is deur erflatings, skenkings of aankope. Dit besit 20% van die gebied se 3100 km kuslyn, wat eilande, mariene vleilande, kape en twaalf vuurtorings insluit. Ander vaste eiendomme is o.a. 40 historiese kastele, 43 plattelandse kroegies, 215 woonhuise, kanale, kerke, winkels en fabrieke, 200 woude, parke en tuine, 76 natuurreservate, ses wêrelderfenisgebiede (insluitend Stonehenge-terrein), asook monumente en rare versamelings artefakte, van manuskripte en silwer tot 19 manjifieke Turners. Van die eindomme word verhuur as hotelle, winkels en kantore om inkomste te genereer, vir die Trust en sy huurders. Dit besit ook 253 000 hektaar onbeboude platteland wat jaarliks deur vyftigmiljoen besoekers benut word vir wandel, perdry, bergklim, piekniek, voëlskyk en swem, en meer as 40 hele dorpies met 300 historiese huisies in afgeleë plekke van besondere natuurskoon, wat as vakansieverblyf teen 'n spesiale tarief aan lede verhuur word. Ander fondse kom uit ledegeld, skenkings en beleggings. Op 140 eiendomme word opvoedkundige programme aangebied in tradisionele kundighede soos die pak van klipmure, vleg van latheinings en dek van dakke met sooie of strooi. 600 000 skoliere besoek dit jaarliks.

Die trust is 'n groot werkverskaffer. Sy eiendomme word bestuur en onderhou deur vaste personeel van alle ouderdomme. Prins Charles is die huidige president, daar is 'n raad van trustees bestaande uit drie komitees (oudit, betalings en aanstellings), 'n bestuursraad bestaande uit 52 lede (26 verkose) van vooraanstaandes aktief in bewaring, elf streekkomitees en *ad hoc* adviesrade van vakkundiges. Vanuit die hemel kyk die engele Hill, Rawnsley en Hunter met 'n tevrede glimlag op alles neer.

Waarom ek van die National Trust-model hou: Die leuse is, Vir Elkeen, Vir Altyd. Dit is onafhanklik van die staat, en sonder ideologiese of streeksagendas. Dit is aktief, betroubaar en dien niemand nie as die omgewing, die publiek en sy kinders. Dit sien net 'ons' erfenis; nie verdeel nie, maar gedeel. Die besluitnemers is bewaringsgesindes, opgevoede, kundige en invloedryke mense buite partypolitiek. Dit is sterk genoeg om enigeen hof toe te neem. Miljoene entoesiaste kry deur hulle bydraes 'n stem in bewaring.

Dis die ding. Dit is wat ons nodig het. Nou vra ek u om asseblief die vergadering by te woon, en aan Dave Cowley die krag en entoesiasme van ons Stigting te wys, dat hy kan sien dat hy 'n waardige vennoot gaan kry. Hy gaan ons nodig hê, net soos die arme saak van bewaring hom as leier in dié saak nodig het. Bring elke vriend saam wat u kan, en versprei die gedagte: *Red Bewaring deur dit te Demokratiseer.*

**6 April** Die VOC, met Ford Motors en Microsoft, word internasionaal beskou as die maatskappye wat hulle wêreld die meeste verander het. 6 April 1652 was, myns insiens, die datum van die VOC se grootste enkele impak op die wêreld. Dit is ’n dag van begin en van einde. Dit is Kaapstad se geboortedag. Ons gaan weer, soos vroeër, die geleentheid in die Kasteel herdenk. Teken dit solank op kalenders en dagboeke aan, en maak reklame waar u kan. Volle besonderhede verskyn in ons volgende nuusbrief.

**Grote VOC Atlas**

Die Atlas is ’n pragstuk, so groot soos ’n koerant en vier vingers dik, met meer as vierhonderd volkleur bladsye, met planne en aansigte van streke, dorpe, baaie en eilande aan die Suider-Afrikaanse kus, en roetekaarte van vroeë landsreise soos die van Van der Stel na die ‘koperberg,’ Beutler na die Oos-Kaap, Gordon na die Oranje, en ander. Selfs die eilande Dina en Marseveen is te sien, op amper 50 grade Suid, 1200 myl van die Kaap af, halfpad Antarktika toe. Ek onthou dat die galjoot *Weezel* in Maart 1699 (Willem van der Stel se tyd) daarheen is om timmerhout te gaan soek. In 1772 het die Franse ontdekker Marion du Fresne hulle ‘ontdek’ en klappertandend genoem Iles des Froides. Vier jaar later het kaptein Cook die noordelike een Prins Edward genoem (dié prins sou eendag pa word van koningin Victoria) en die suidelike een Marion. Om 10:00 op Sondagoggend 19 Desember 1947 is HMSAS *Transvaal* stil uit die Duncan Dok weg om albei vir die Unie te annekseer, oëskynlik vir ’n weerstasie, maar die strategiese doel was die beskerming van die Kaapse Seeroete: die Koue Oorlog het reeds begin en ’n moontlike basis vir Russiese duikbote en geleide projektiele in die Suidelike Oseaan moes voorkom word.

Die Grote Atlas gaan reguit na die hart van ’n bibliofiel en antikwariaat. Later vanjaar sal me. Brommer, die hoofredakteur, ons in die Kasteel trakteer op ’n geïllustreerde praatjie oor die kleurvolle, onbekende Kaapse landskappe en kaarte wat in die Atlas opgeneem is, veral van ons eie omgewing soos dit drie eeue gelede gelyk het. Ons kan Kaapstad soos hy vandag lyk, vergelyk met wat hy aan die einde van die Kompanjie-tyd was: een van die wêreld se sierlikste jong hawedorpe, van aangesig tot aangesig met die see. Die Atlas kos omtrent so veel as ’n jong motorkar, en sommige van ons sal seker nie ’n tweede kans kry om te sien watter rariteite en interessanthede dit bevat nie.

**Ms ‘*Die VOC aan die Kaap*.’** Redakteur Con de Wet laat weet dat dit goed gaan met ons Stigting se beplande boek. Nege van die sewentien outeurs het reeds hulle hoofstukke vir redigering voorgelê. Hopelik verskyn dit nog vanjaar, betyds vir distribusie deur Sint Heer Klaas.

In Oktober 2009 het Protea Boekehuis die tweede deel van Karel Schoeman se vyfdelige geskiedenis van die Kaap onder die VOC gepubliseer. Deel een was *Patrisiërs en Prinse: Die Europese samelewing en die Stigting van ’n Kolonie aan die Kaap, 1619-1715*. Deel twee is *Handelsryk in die Ooste: Die wêreld van die VOC, 1619-1688.* Die volgende drie titels sal wees *Kolonie aan die Kaap: Jan van Riebeeck en die vestiging van die eerste blankes, 1652-1666* (verskyn Oktober 2010), *Burgers en Amptenare: Die vroeë ontwikkeling van die Kolonie, 1652-1679* (verskyn Oktober 2011) en *Here en Boere: Die kolonie onder die Van der Stels, 1679-1712* (verskyn Oktober 2012). Protea en Schoeman is ’n knap, ondernemende en produktiewe span. My gevoel is dat ons moet opskud met ons publikasie, voordat hulle ons in ons eie spel én op ons eie veld klop. ’n Eksemplaar van *Handelsryk in die Ooste* is in ons biblioteek beskikbaar. Dit is ’n lekker boek, vol interessanthede.

**Ledegeld en ledegeldvorm:** Dankie aan al ons lede wat hulle ledegeld getrou en vroeg betaal. Dit vergemaklik ons Tesourier se boekhouding aansienlik. Spesiaal dankie aan die wat vanjaar vrywillige donasies ingesluit het; dit is altyd welkom, die Stigting het dit nodig en dit word baie waardeer. Die komitee het besluit om die bedrag van die ledegeld vir 2010 op R70 per persoon per jaar te hou. Intussen gaan ons voort om name van lede wat agterstallig is van ons adreslys te verwyder. Vul asseblief die besonderhede in op die vormpie wat u aan die einde van dié nuusbrief vind en bring dit met u ledegeld saam na die AJV op 10 Februarie. Die tesourier sal daar wees met sy kwitansieboek. Dit is die ideale geleentheid. Betaal die man eenmaal en klaar. Ons onaktiewe lede, waarvan daar ookal ’n handvol is, kan hulle ledegeld as ’n lofwaardige bydrae tot erfenisbewaring beskou.

*Behouwde Vaert*

D.SLEIGH
Redakteur: *Generale Missive*

***BYLAE A:***

NOTULE VAN DIE VEERTIENDE ALGEMENE JAARVERGADERING VAN DIE STIGTING VOC, om 17: 00 op Donderdag, 19 Februarie 2009 in die Sekundes Huis, Kasteel de Goede Hoop.

1. Aankondigings: Die Voorsitter verwelkom die lede en hulle gaste. Hy bedank die komitee vir die afgelope jaar se werk. As gevolg van mnr Hofmeyr se siekte sal dr D. Sleigh as Sekretaris van die vergadering waarneem. Die gasspreker het gevra om vroeër op die agenda te verskyn aangesien sy nog moet terug gaan Stellenbosch toe.

2. Kennisgewing van Bykomende Sake: (1) Ere-lidmaatskap vir Konsul-Generaal de Waal. (2) Skenking van Caemer de Haeghe.

3. Teenwoordig: 27 lede, drie gaste.

4. Verskoning vir Afwesigheid: Vier lede.

5. Gasspreker: Dr D. Sleigh stel die gasspreker voor. Sy is Me. Anne Thistleton, wat die nuwe décor in die Cape Grace Hotel ontwerp het. Daarvoor het sy VOC en ander Kaapse motiewe uit die VOC-tyd gebruik. Haar firma het ’n aansienlike bedrag vir die gebruik van ons logo betaal, wat op die lopende jaar se finansieële verslag sal verskyn. Me. Thistleton se ouers op besoek uit die VSA word spesiaal verwelkom. Die spreker gebruik ’n besonder aanskoulike rekenaar-projeksie om haar praatjie te illustreer, van die oorspronklike argivale bronne af, deur al die prosesse van vervaardiging, tot by die voltooide produk. Ons sien byvoorbeeld hoe ’n handgeskrewe VOC-brief uit 1651 omskep word in reuse gordyne op katoen gedruk. Dr Sleigh bedank haar namens die lede vir die entoesiastiese en kleurvolle praatjie en bied haar die gewone geskenk aan, ’n bottel van *Oude Kompanjiepos* se uitvoerwyn met ons logo op die seël gedruk.

6. Notule van vorige AJV, 2008: Aanvaar.

7. Voorsitter se jaarverslag vir 2008: Eenparig aanvaar.

8. Finansieële Verslag, 2008: Die Tesourier verduidelik enkele aspekte van die Verslag. Die prokureurskoste van ongeveer R25 000 is veroorsaak deur die verdediging van ons geregistreerde logo teen onwettige gebruik daarvan deur verskillende partye, soos die Overseas Visitors Club, wat buite die hof geskik is. Die vergadering besluit dat dit geregverdig was en aanvaar die verslag.

9. Verkiesing van Uitvoerende Komitee: Die bestaande komitee is gewillig om nog ’n termyn te dien, met toevoeging van me. A. Boshoff, wat deur die Voorsitter verwelkom word. Sy is gewillig om die vakante Sekretaris-pos te vul. Die Uitvoerende Komitee bestaan nou uit: Prof. J. L. Hattingh (Voors.) dr H. Scheffler (Vise-voors.) dr G. Wiechers (Tesourier) me. A. Boshoff (Sekr.) dr C. de Wet (Akademies), die Heer Ridder van Oranje-Nassau P.E. Westra, (Media), dr D. Sleigh

(Nuusbrief), Bykomende lede: mnr L. Gadezweni, me. A. van Wyk, mnr G. Hofmeyr, dr T. Potgieter.

10. Voorgestelde projekte vir 2009: Die volgende voorstelle is ontvang of reeds onder hande:
(a) **Rietvallei gedenksteen.** Twee komiteelede het op die plek van die VOC-buitepos Rietvallei aan de Buffelsjagtrivier gaan kyk na die terrein wat deur die eienaar aan ons toegewys is. Die kontrakteur wat die rots daarheen gaan verskuif het beloof dat dit binnekort gebeur.
(b) **Gedenkteken VOC-Koina Oorlog, 1659.** Die bestuur het met die Kaapse stadsraad geskakel oor 'n waardige gedenkteken vir die eerste VOC-Koina oorlog (1659) om beheer van die Liesbeekvallei. Die betrokke raadslid se reaksie was entoesiasties, en wanneer goedkeuring gekry word sal die skakeling met inheemse groepe wat met die Skiereilandse Koina assosieer (Gorachoqua, Goringhaiqua, Goringhaicona) asook gesprekke oor befondsing, ontwerp, ens. begin.
(c) **Ms *Die VOC in Suidelike -Afrika.*** Dr de Wet berig dat die redakteurs steeds werk om die boek voor die einde van die jaar te publiseer. Vyf voltooide hoofstukke is reeds ontvang, dertien ander skrywers is nog besig. Die heer Westra sal moontlike befondsing ondersoek.
(d) **Voorgestelde naamsverandering** Rockview Dam na Chainouqoa Dam / Dorha Dam. Geen besware teen die voorstel, wat gesamentlik van ons Stigting en die Chainouqua Raad kom, is deur Grabouw Munisipaliteit ontvang nie. Die Grabouw Wykskomitee van die Theewaterskloof Munisipaliteit het dit ook goedgekeur. Die saak verskyn op die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se vergadering op 19 Mei. As dit daar goedgekeur word, dien dit op 26 Mei voor die Munisipaliteit Theewaterskloof se raadsvergadering. Daarna word dit terug verwys na die Wes-Kaapse Geografiese Name Komitee.
(e) **Bewaring en replikasie VOC -baken,** Geelbeksfontein.) Die oorspronklike steen van Robbeneiland-lei is aan verweer. Dit is amper 200 jaar oud en noodsaaklik dat dit soos die gegrafeerde leistene in die Kasteel gereplikeer en onderdak bewaar word. Die bestuur het aan die terreineienaar (S.A.N. Parkeraad) daaroor geskryf. Dit is 'n geproklameerde gedenkteken en SAN Parkeraad sal hopelik saam met ons vir Erfenis Wes-Kaap oor die saak nader.
(f) **Uitstappies / Groepbesoeke**: Die volgende word vir vanjaar beplan.
* VOC-erfenisterreine op Robbeneiland.
* Buitepos Hottentots-Holland (*Vergelegen*).
* Altydgedacht-wynplaas (die VOC-uitgif *Tygerbergen*).
* Gantouw-pas, op Erfenisdag (24 Sepember 2009).
* Vier dae bustoer na buiteposte Mosselbaai, Outeniqualand en Plettenbergsbaai is onder oorweging.

11. Bykomende Sake: (a) Konsul-Generaal D. de Waal, die nuwe Nederlandse Konsul-Generaal het, soos sy voorgangers, ere-lidmaatskap van die Stigting aanvaar. Dit vind algemene byval. (b) Die Voorsitter vertoon die Voorsitterslint en medalje wat deur Camer de Haghe aan ons geskenk is.

12. Afsluiting.

13. Sosiaal en Heildronk.

…………………………
J.L. HATTINGH (Prof.) (VOORSITTER)

…………………………
D. SLEIGH (Dr.) WAARNEMENDE SEKRETARIS

DATUM: 3 Maart 2009.

***BYLAE B: Voorsittersverslag***

***BYLAE C: Finansiele jaarverslag***

---

**LEDEGELD 2010 STIGTING VOC LEDEGELD 2010**

Aan: Die Tesourier, Stigting VOC, Posbus 3823, Durbanville 7550.

Naam:…………………………………………………………………………………
Adres: …………………………………………………………………………………
……………………………………………………………………………….
……………………………………………………………………………….
Telefoon: ………………………………………
Selfoon: ………………………………………
e-pos: ………………………………………

Bedrag ingesluit:
R………………..Ledegeld 2009 [R70] R ……………..
Ledegeld 2010 [R70]
R………………..Vrywillige donasie

**Generale Missive**: Nuusbrief van die Stigting VOC
Newsletter of the VOC Foundation 2/2010

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met bewaring , opvoeding en kultuurtoerisme as doel. Dit is geregistreer as eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with conservation, education and cultural tourism as its aims. It is the registered owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*

**Skakel/*Contact***: Skakel/*Contact*: Mnr E. B. de Vries (Finansies, Lidmaatskap / *Membership, Finance.*) tel.: 021-851-3850 / boudewyn@mweb.co.za
**Webblad**: http://www-voc-kaap.org ; **e-pos**: vocinfo@voc-kaap.org

*Welaen vrunden!*

Dit is vanjaar se tweede *Generale Missive,* en ons bedank graag alle lede wat tot nou deur hulle entoesiasme en bydraes van enige aard gehelp het om ons taak van opvoeding en bewaring suksesvol te maak. Ons program vir die res van die jaar lyk weer vol, woelig en interessant. Kom geniet dit.

**Stigtingsdag: Dinsdag, 6 April 2010.**

Die bestuurskomitee het verlede jaar ’n voorstel aanvaar, dat ons Stigting weer soos vroeër, 6 April jaarliks as *Stigtingsdag* herdenk. Destyds het ons dit by Huis der Nederlanden gedoen, met koffie en ’n Hollandse mark om nog meer vrolikheid te maak. Vanjaar, met die vriendelike (onbetaalde) diens van die Kasteel se uitvoerende bestuurder, kaptein F. Morkel, verskeie leëroffisiere wie se samewerking nodig is, die Kasteelwag en ander weermagslede, doen ons dit op die binneplein van die Kasteel.

6 April is die dag waarop Kaapstad begin het. Dit is die stad se geboortedag en van belang vir die stad en vir elke Kapenaar. Jan van Riebeeck het gevra dat hierdie dag herdenk word. Hy het nie gevra om self onthou te word nie, maar die daad van Stigting; dus nie Van Riebeeckdag of Stigtersdag nie, maar Stigtingsdag. Dit is ’n geleentheid waaraan enigeen wat wil kan deelneem, en ’n ding wat kan groei tot voordeel van die stad en sy mense. Om waardigheid aan die geleentheid te gee, het ons ’n erewag, die hys van die VOC vlag soos 358 jaar gelede, die blaas van die ‘Wilhelmus’ op die trompet en ’n kanonsaluut. Dit wat die waardigheid betref; nou vir die opvoedkundige doel wat dit die moeite werd maak om van die uithoeke van die metropool na die Kasteel toe te kom: Dit is vanjaar 350 jaar gelede dat ’n vrede op die Kaapse inboorlinge afgedwing is nadat hulle die stryd om die Liesbeek-vallei teen die VOC verloor het. Die oorsake, verloop en gevolg van die eerste VOC-Koina oorlog bly belangrik, en ongelukkigheid duur voort. Grondeise kan nog volg, maar kennis is belangriker. Prof L. Hattingh spreek die aanwesiges toe oor juis hierdie onderwerp, aan die hand van tydgenootlike kaarte.

DATUM: Dinsdag, 6 April 2010.
TYD: Wees betyds. Die Poort word om 09: 45 gesluit vir die Sleutelseremonie.
PLEK: By die twee vlagpale in die voorplein. (Lesing in die agterhof, op grondvlak in die lokaal tussen die Uitvalpoort en bastion Nassau.) Kom asseblief in groot getalle, adverteer en bring vriende en kinders dat kaptein Morkel en die Weermag sien dat dit ’n lewensvatbare saak is en dat hulle gratis skenkings van tyd, personeel, lokale ens., nie vergeefs was nie.

**VOC plase van die Tygerberg: Saterdag, 1 Mei 2010.**

Nico Walters het vir ons ’n buitengewone uitstappie gereël na historiese plase in die Tygerberg, waar die eerste groot vryburger-uitbreiding ná die Liesbeeck Vallei was. Dit is ’n saak van besondere historiese betekenis vir die skeepsverversing ten opsigte van graan, vleis en wyn, maar ook vir die bevolking van die platteland, die besetting van grond en die verspreiding van die Kaapse Koina. Daar is veel om te sien, te bespreek en te geniet.

Ons kom om 09:00 bymekaar in die groot parkeerterrein voor Hoërskool D.F. Malan in die ou 12de Laan, Bellville. ’n Program sal daar aan belangstellendes uitgedeel word. Gee u bydrae van R100 by aankoms aan voorsitter L. Hattingh; dit betaal vir ’n wynproe by *Altydgedacht,* ’n ligte middagete by *Diemersdal* en ’n donasie aan die Stigting. Ons besoek eerste die VOC se moederpos *Elsjes Corael,* daarna *Altydgedacht* (*De Tygerbergen* van Elsje van Surwaerden), daarna *Onrust* van die berugte landdros Starrenburg, en *Pampoenkraal*, die uitspanning waarop Durbanville ontwikkel het met die eerste gronduitgif (dorpserf) aan Josephus Jones (spreek dit Jonies uit; sy pa se van was Joni), die jonge Josephus was een van die Kompanjie se beste kartograwe.) Daarna middagete om ongeveer 13:30 op *Diemersdal* met sy fantastiese ou werf. Dan *Hooggelegen* waar een van die Tygerberg se seinkanonne staan en kanonnier Gerry de Vries u sal laat hoor, ruik en voel hoe ’n skoot loskruit deur die seinman ervaar is. Ons is om ongeveer 16: 00 klaar. Alles gaan voort ten spyte van die weer. Vir navrae, bel Nico by 021-976-7148 of 082-448-7789. Hy is ’n oer-boorling van die Tygerberg; sy voorvader M. Walters se naam en plaas verskyn op Cochius se kaart van 1734. Dankie vir jou moeite, Nico, ons sien uit na ’n wonderlike ervaring, egte VOC-styl, met spesiale toegang tot ou VOC-plase.

**Oorhandiging van Grote Atlas en Ontvangs van argivarisse uit Den Haag.**

Dit het skielik gebeur, en ons moes ons mense op kort kennisgewing laat weet dat konsul- generaal De Waal op Vrydag 19 Maart ’n eksemplaar van die manjifieke Grote Atlas van die VOC aan die provinsiale Minister van Kultuursake sal oorhandig, en dat ons Stigting die volgende oggend twee argivarisse van die Nationaal Archief in Den Haag in die Kasteel sal ontvang. Tot ons spyt was daar nie tyd om e-poslose lede per brief te laat weet nie.

Hannatjie du Preez, Hoofdirekteur: Kultuursake van die provinsie, onder wie ons Argief resorteer, het ’n geleentheid in die Argief se lesingsaal gereël. Minister Izak Jenner het die swaar Atlas uit konsul De Waal se hande ontvang. (“*Hierdie Atlas is groter as ek.*”) Daarna is ’n baie interessante mini-simposium oor die Atlas se inhoud en betekenis gehou.

Myns insiens is die Atlas ’n geskenk van onmeetbare intellektuele waarde wat ons eie kaarte-versameling op vele wyses (volume, beskikbaarheid, kleur, ens.) uitbrei, en nuwe navorsingsmateriaal bied wat plaaslike geskiedskrywing nog moet vergroot en verryk. Konsul De Waal het dit nie gesê nie, maar die skenking is ’n kosbare belegging in plaaslike opvoeding deur die Nederlandse regering.

Op Saterdagoggend het die twee argivarisse, Gijs Boink en Louisa Balk van die Nationaal Archief in Den Haag wat by die produksie betrokke was, ons lede met vele illustrasies vertel van die agtergrond, ontstaan, die seleksie van materiaal en fisiese produksie van die Atlas. Hulle kennis van die kaarte en planne, VOC-geskiedenis in die algemeen en Kaapse geskiedenis in die besonder is indrukwekkend. Die interessante bespreking is afgesluit met ’n geskenkie geborg deur lid Piet aan elk van die twee (’n kopie van die *Codex Witsenii*, dit is Heinrich Claudius se tekeninge van Namakwalandse plante, diere, voëls ens., wat in 1685 op Simon van der Stel se reis na die Koperberg geteken is.) en hulle het ’n geskenk, deftig in oranje toegedraai met rooi-wit-blou lint gestrik, aan ons voorsitter gegee.Vir Louisa en Gijs was dit ’n eerste besoek aan die Kaap. Piet het hulle die vorige middag die omgewing bo van Tafelberg af laat sien en hulle oë het nog altyd daarvan geblink. Leon en ek kon hulle op middagete in die Kasteel trakteer, en hulle is weg met ons dank vir die kolossale opvoedkundige projek wat hulle onderneem het, en ons groete aan Bea Brommer, hoofredakteur, wat nie saam Kaap toe kon kom nie.

**Objeksie! Mynwerk in wynlande**

U weet reeds dat die regering prospekteerregte aan ’n begunstigde maatskappy gegee het om op die erfenisgroen plase van die Bottelary en Tygerberg vir minerale te prospekteer. Bedreigde plase sluit in *Saxenburg, Hazendal, Langverwacht, De Grendel, Hoogekraal, Zevenwacht* en *Vlaggeberg* (Jordan wynlandgoed) in die Polkadraai. Die blote gedagte wys ’n growwe onsensitiwiteit, onkunde en matelose gierigheid wat niks goed beloof nie. Dit herinner aan die poging twee jaar gelede om Groot Constantia uit regeringsbesit te onteien vir woonerwe. Daar was eers ’n geskokte stilte, en toe versprei die nuus.

Martiens van Bart (ontvanger van ons Silwermedalje vir bewaringsjoernalistiek) het onder andere 'n sterk artikel daaroor geskryf. Bewaringsgroepe, toerisme en verskeie produsente-verenigings (boere) het beswaar gemaak en die publiek genooi om saam te praat. Ons Stigting se beswaarskrif het oor die volgende hoofpunte gegaan:

Mynwerk bedreig die omgewing deur (1) verlies van plattelandse status en estetiese waardigheid. (2) skade aan natuurlike en mensgemaakte groen landskap. (3) dit bedreig rare plant- en dierelewe. (4) skade aan historiese landskap, uitsigte, roetes, natuurlike voorwerpe en artefakte. (5) onsimpatieke industrieële aktiwiteit en strukture bedreig toerisme. (6) besoedeling deur rook, stof, geraas, verkeer, onooglike kragmaste en mynstrukture. (7) Swaar las op water- en elektrisiteitsvoorraad.

'n Paar dae gelede kom die goeie nuus. *Die Burger* van 20 Maart berig: '*Die staatsbeheerde mynmaatskappy wat prospekteerdery in die Bottelary-gebied en aan die voet van Tygerberg wou bekom, het formeel sy aansoek teruggetrek.'* "Viktorie!" het 'n vryburger in 1707 geskreeu toe hy hoor dat Willem van der Stel ontsetel is. Die Stigting se uitvoerende bestuur bedank graag ons lede vir hulle steun, wat dit vir ons moontlik maak om saam met ander bewaringsgroepe op te staan en beswaar te maak.

**Marie de Quellerie besteel**. Een Dinsdag bring Insp. Daryl Domeyer van die Kabeldiefstaleenheid 'n fototjie agterop sy kamera, wat hy by 'n skrootsmous in Maitland afgeneem het. Wat was dié? vra hy. 'Dié' lê daar, 'n reghoekie brons effens groter as hierdie tikmasjien se muis. Daarop staan gegiet:

| |
|---|
| *ELLERI*<br>*ouwer Dirk Wo...,* |

Die oorlede artefak lyk na 'n stukkie van 'n amptelike inligtingsplaat. Die kleinskrif lyk na Hollands. 'n Klokkie lui: Wie was die beeldhouer van Marie de Quellerie se standbeeld? Slaan dit na: Dirk Wolbers. Vraag opgelos, binne die drink van 'n koppie tee met inspekteur Domeyer by die kombuistafel. Die Donderdag sê die vroegoggend-radionuus: "Skrootsmous van Maitland gearresteer, *omdat hy 'n gedenkplaat van Maria van Riebeeck gesteel het*." Dink die draadloos dan dat sy nog leef?

**Nasionale Trust:** By ons Algemene Jaarvergadering op 10 Februarie het die gasspreker Dave Cowley, leier van die Houtbaai en Llandudno Erfenistrust 'n bemoedigende, positiewe praatjie oor die nodigheid vir 'n nasionale trust vir bewaring op patroon van die magtige Britse *National Trust* gemaak. Omdat plaaslike erfenisbewaring nie na wense bestuur word nie, probeer hy so 'n provinsiale of nasionale reddingpoging stig. Op 3 Maart het lede Joanna Marx, Anna van Wyk en ek 'n opvolg-gesprek met hom gehad om sy saak te versterk. Ek glo dat ons nie meer te ver van 'n begin is nie.

**Heildronk** 'n Aardigheid by die drink van ons gewone heildronk *Huis van Oranje* was lid Johan Metz se fles *rouge sec,* geëtiketeer 'Soestdijk Paleis.' Smaak: eersteklas, droog maar sag en geurig. Soestdijk is die woning van HKH koningin Beatrix. Die paleis staan op die etiket afgebeeld, die wingerd is op die paleisterrein.

**Caemer die Haeghe** Skriba Rob Maier berig uit Den Haag dat hulle beplan om volgende Februarie die sustersvereniging *Dutch Burghers* op Sri Lanka te besoek, waar hulle ook opvoedkundige projekte geldelik ondersteun. Ons verneem graag hoe hulle besoek afgeloop het, maar twyfel nie dat so 'n gesellige groep 'n genotvolle en suksesvolle ervaring sal hê nie.

**Nuwe boeke**

*1. Documentos sobre os Potugueses em Moçambiquee na Africa Central.* Me. B. Wiltshire, wat bewarings-artikels vir die koerant *Die Bolander* skryf, het 'n rare stel van ses bronne-publikasies (in Portugees met Engelse vertalings) oor die Portugese maritieme ryk in Mosambiek en Sentraal-Afrika, 1497 – 1840, aan ons biblioteek geskenk. Die oorspronklike dokumente kom uit argiewe en biblioteke in Portugal, Spanje, Italië en verskeie plekke in die Portugese ooste. Dit is 'n skat van inligting, ook oor die

Kaap se heel vroegste dae uit Europese perspektief, uiters interessant en in goeie toestand. Die reeks bronne-publikasies was in die sestigerjare 'n gesamentlike projek van die Portugese Nasionale Argief en die Universiteit van Rhodesië.

*2. De Smeekbede van Een Oude Slavin.* Van vriend dr Perry Moree van die Koninklijke Biblioteek in Den Haag het ons die mooi bundel *Sailing Letters Journaal II* deur E. van der Doe e.a.(reds.): *De Smeekbede van Een Oude Slavin en ander verhalen uit de West,* ontvang. Dit is geselekteerde voorbeelde van briewe uit die Wes-Indiese Compagnie se Karibbiese kolonies, wat in die sewentiende en agtiende eeu op see deur Engelse skepe onderskep is, en tot vandag toe in die Britse Nasionale Argief in Kew bewaar word. Dit is dus nooit afgelewer nie. Die briewe gaan in al die Nederlandse dialekte, soldatetaal en Amsterdamse Jiddisch, oor rum en tabak, suiker en slawe, oor verlore liefde, oorlog teen Engeland of 'n vaatjie sitroene vir 'n vriend (*'Als ik met Gods wil weer levend en wel naar Holland kom, breng ik limmetjes voor u mee. Hoe heeft u ze liever, zoet of zuur?'*) Daar is ook fisiese voorwerpe by die briewe ingesluit: skryfpluime, medisinale poeiers, sleutels, 'n stapeltjie huweliksaankondigings aan familie en vriende in Nederland.

Die smeekbede waarna die titel verwys is 'n pleidooi om hulp van '*de vrije negerin Willemina,'* 'n gewese slavin wat uiteindelik 110 jaar oud sou word, aan haar voormalige eienaar in Amsterdam, omdat sy op haar oudag sonder huis of heenkome is. Die brief is natuurlik ook nooit afgelewer nie. Die vrystelling van hierdie vrou is interessant. Die boek (p.110.) werp lig op 'n saak waaroor ek al dikwels meer inligting gesoek het. Die State-Generaal het in 1776 bepaal dat slawe wat uit die kolonies na Nederland reis, in geselskap van hul eienaar of nie, en langer as ses maande daar vertoef, in Nederland outomaties *vrije luijden* word. 'n Slaaf se eienaar kon eenmalig om 'n uitstel van nog ses maande vra. Gebeur dit nie, word die slaaf na ses maande 'n vrye persoon. Wanneer hulle dan in die kolonie terugkom, bly hulle vrye persone. Ongelukkig verskaf die redakteur nie 'n bronverwysing by die belangrike gegewe nie. Maar nou weet ek hoe die saak in 1776 gestaan het. Hoe dit daarvóór was, weet ek nog nie seker nie.

Die doel van die reeks *Sailing Letters* is om ongepubliseerde dokumente (briewe) te ontsluit en beskikbaar te maak, en in 'n nuuskierigheid om inligting by die breë publiek te voorsien. Ek sien meer daarin: Dit is 'n tydkapsule. Dit wys hoe Nederlanders destyds tuis en in die oorsese kolonies geleef het, deur hulle eie oë gesien, uit hulle eie mond, met hulle eie gansveer beskryf, met hulle eie hand geadresseer, aan lewende persone tuis.

Perry stuur dit vir die gebruik van ons lede en u sal dit vind in ons Stigting se biblioteek by die Militêre Museum in die Kasteel. Bel Natie (Kurator: Militêre Museum) by 021-787-1153, en reël vir die afhaal en terugbring. 'n DVD is ingesluit, waarop die oorspronklike briewe te sien is.

*3. Grote Atlas van die VOC, deel V (Afrika)* waaroor die wêreld gaande is, is deur die vriendelikheid van Kurator Natie ook beskikbaar by die Militêre Museum vir lede van ons Stigting wat dit wil sien of vir navorsing gebruik. Nie vir wegneem nie.

**De Ruyter-jaar:** Volgende keer vertel ek oor interessante korrespondensie met Jonkheer M. Falck oor die herdenking van die Nederlandse seeheld Michiel de Ruyter se geboortejaar, vier eeue gelede.

**Verlore nuusbrief:** Onthou, as lede sekere dele van die kwartaallikse *Generale Missive* nie ontvang nie, bel asseblief Tesourier Gerrit wat so vriendelik is om die nuusbrief te versprei. Sy adresse verskyn in die opskrif hierbo.

*Behouwde vaert*

D. SLEIGH
REDAKTEUR

*Generale Missive*: Nuusbrief van die Stigting VOC

Newsletter of the VOC Foundation 3/2010

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met bewaring , opvoeding en kultuurtoerisme as doel. Dit is geregistreer as eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with conservation, education and cultural tourism as its aims. It is the registered owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*

**Skakel/*Contact***: Skakel/*Contact*: Mnr E. B. de Vries (Finansies, Lidmaatskap / *Membership, Finance.*) tel.: 021-851-3850 / boudewyn@mweb.co.za

**Webblad**: http://www-voc-kaap.org ; **e-pos**: vocinfo@voc-kaap.org

*Welaen Vrunden!*

Wat het in Juliemaand gebeur, in die dae van '*de Loffelijcke Compagnie?*' Onder andere, op 25 Julie 1674 was die eerste geregtelike verdrinking van homoseksueles aan die Kaap. Op 7 Julie 1698 is die plaas *De Tygerbergen* toegeken aan Elsje van Surwaerden, waarmee die 'ontwikkeling' van daardie voormalige Koina-weiding begin. En, volgens die redakteur van *The Journals of Wikar, Coetzee and Van Reenen* (VRS I, 15, Cape Town, 1935, p.278) op 26 Julie 1760 het Jacobus Coetzee die Gariep (latere Oranjerivier) oorgesteek, die eerste Europeër om dit te doen. Persoonlik betwyfel ek dié aanspraak, daar was 'n onwettige ruilekspedisie deur vryburgers oor die rivier in 1738. Dr N. Penn skryf daaroor in A.B. Smith (ed.): *Einiqualand*. Rondebosch, 1955. (pp. 29-30.)

Effens verder in dié nuusbrief wil ek iets nuut probeer om *Generale Missive* se opvoedkundige status en waarde te verhoog. Almal (nie net lede nie, maar almal) word genooi om bondige bydraes ('n halwe, een, een-en-'n-half, twee A4 bladsye?) van oorspronklike navorsing oor vars, interessante VOC-onderwerpe te lewer (byv. groentesoorte van destyds wat nou uitgesterf is, huisvesting van soldate, die komeet van 1665) enigiets wat bydra tot ons kennis van die VOC-tyd, in enige taal, met volledige voetnotas. Ons publiseer dit onder u eie naam, sodat ons nuusbrief 'n navorsingsbron word. Ons moes dit lankal gedoen het. Die uitvoerende komitee het besluit om die Geskiedenis-departemente van die drie Kaapse universiteite op ons poslys te sit. Die rubriek se opskrif is voorlopig ***Uit die Argief***, maar ek hoor graag van ander, beter voorstelle. Ek het my oudste lêers deursoek vir iets nuut, ongepubliseer, en 'n paar brokkies gekry oor 'n sewentiende eeuse Sonqua hoofman wat sy merk op die Kompanjie se *Resolusies* gemaak het. Kommentaar en aanvullende inligting daarop is welkom.

**Ridderskap vir Gerrit** Dr Gerrit Wiechers, die Stigting se tesourier, en die verspreider van *Generale Missive,* is deur die Nederlandse regering met die orde Ridder van Oranje- Nassau vereer. Van harte geluk, Gerrit, namens die uitvoerende komitee en al die lede. Ongetwyfeld is dit welverdiend.

**6 April** Ons herdenking van Stigtingsdag was, met die steun van die SA Weermag, kaptein Morkel van die Kasteel Beheerraad en 'n groot aantal van ons lede 'n bevredigende sukses. Ook die toeriste het kom kyk. Na die kleurvolle aktiwiteite op die voorplein, insluitend 'n erewag, die blaas van die Wilhelmus, hys van die Kompanjievlag, en 'n paar kanonskote het prof. Leon 'n uiters interessante geïllustreerde lesing oor die Eerste VOC-Koina oorlog (1659-1660) aangebied. Baie dankie aan almal. Volgende jaar doen ons dit natuurlik weer, soos Jan van Riebeeck ons in die Daghregister versoek het.

**Tygerberg-uitstappie:** Lid Nico Walters het vir ons 'n absolute briljante ekskursie na historiese plase en ander interessante plekke in die Tygerberg gereël, wat deur 'n groot groep lede geniet is. Ons het in hoërskool DF Malan se parkeerterrein bymekaar gekom en daarvandaan oor die pad geloop na die Danie Uys Park, waar Nico met die hulp van lugfoto's en 'n goeie stuk navorsing verduidelik waarom hy glo dat dit die ligging van die buitepos *Elsjes Corael* kon wees. Ook die ontstaan en nut van dié buitepos is bespreek. Daarvandaan is ons na die restaurant op *Oude Westhof* vir verversing en 'n gesprek oor die bekende (maar redelik onbekende) landdros Starrenburg, eienaar van diebuurplaas *Onrust*. Daarvandaan is ons na *Altydgedacht,* vroeër *De Tygerbergen* van Elsje van Zuurwaerden, weduwee van sekunde Andries de Man, waar Nico vertel het oor die plaas se geskiedenis, mnr Parker (seun van die eienaar) oor

die plaas se wingerd en die wyn waarvan ons ’n verskeidenheid geproe het, en sy vrou Ruth oor die bedreigde renosterveld van die Tygerberg-streek. Sy het ook ’n ryklik-geïllustreerde boek daaroor geskryf. Die Parkers is reeds die vyfde geslag op die plaas, van 1852 af. Nico se voorvader Samuel Walters het die plaas in 1714 gekoop.

Toe het ons by die NG Kerk, Durbanville gaan parkeer, om verder te voet te ondersoek. Nico het vir ons die gedeelte van die ou wapad uit die Kaap na die noorde, nog met sy bloekomlaan, op die kerkterrrein gaan wys, en daarna die fontein (bron van die Kuilsrivier) en die veekrip van die openbare uitspanning op *Pampoenkraal,* beskerm en gered deur die Durbanville Erfenis Komitee, waarvan hy ’n bestuurslid is. Toe het ons gaan kyk na die eerste erf op Durbanville, vroeg in die negentiende eeu uitgereik aan Josephus Jones (“Joonies”) tekenaar van die netjiese kaarte en planne in die Kompanjie se Grote Atlas, aan die einde van die VOC-tyd.

Net na eenuur het ons aangekom op *Diemersdal* (uitgereik in 1698) ’n entjie noord van die dorp, waar mnr J. Louw die eienaar ons verwelkom en oor die plaas vertel het. Daarna het ons die plaas se eie wyne beproef, saam met ’n ligte ete geskik vir konings. Elkeen het ook ’n mooi geskenkpak gekry met ’n verskeidenheid van die plaas se kase. Die groepfoto’s wat daarna net buite die kelder geneem is, wys hoe gelukkig en tevrede almal was, maar dit was nog nie die einde nie. Ons het nog by *Hooggelegen* aangery, uitgereik in 1702 aan Adriaan van Brakel, een van die leiers in die stryd teen W.A. van der Stel. Die hoë heuwel op die plaas was die setel van ’n kanon in die Kompanjie se seinstelsel om die burgery vir militêre diens op te roep. Die huidige eienaar mnr R. de Witt het ’n versameling voorlaaier kanonne op sy werf, en sy gerestoureerde spogstuk wat hy by geleentheid afvuur. Na daardie geselsie het ons uitmekaar gegaan.

Die komitee bedank graag vir Nico vir die interessante, aangename uitstappie, sy eersteklas reëlings en die album (met verskeidenheid kaarte, duidelike planne en uitgebreide teks oor die plase van die Tygerberg) vir elkeen op die toer.

**Buitepos Rietvalleij aan de Buffelsjagtrivier:** Ons gedenkteken, in die vorm van ’n piramide van klippe met ’n granietplaat waarop in vier tale (sover ek weet die eerste verskyning van ’n Koina-taal op ’n monument) die Kompanjie se gebruik van die buitepos verduidelik word, is amper voltooi en hopelik gereed vir inwyding op Erfenisdag (24 September). Die eienaar en die bestuurder van die plaas tussen Swellendam en Zuurbraak was so vriendelik om hulle heining op te lig en in ’n halfsirkel agter om ons klipstapel te span. Lid Adriaan Mocke hanteer die saak vir die Stigting ter plaatse.

Op Swellendam het Piet en ek die geleentheid gehad om met hulle Historiese Vereniging te praat (toegelig met geselekteerde kaarte) oor die Grote Atlas van die VOC. Dié aand is ook vier inwoners vereer met die Vereniging se keramiek kenteken, omdat hulle hulle huise so goed versorg en daardeur bydra tot die straatbeeld en die dorp se voorkoms. Ons is met groot gasvryheid en entoesiasme daar ontvang. Lekker mense, ons soort.

**Lapelwapen:** Die komitee het besluit om by ’n graveerder ’n bestelling te plaas vir ’n honderd lapelwapentjies, met die Stigting se monogram op. Dit het die voorkoms van ou silwer, is so groot soos ’n 1c-stuk (10 mm deursnit), met ’n speld en knippie agteraan wat maklik is om aan te sit en af te haal. Dit is aan lede beskikbaar teen kosprys, plus ’n klein bedrag om die koste van die stempel te help versprei. Ons vertrou dat lede die beroemde ou kenteken met plesier sal dra, op die lapel, die hoed, die hemp, die serp, aan u motorsleutels, waar en wanneer u wil. Saam met die lapelwapen gaan aan elke lid ook ’n plastiekhouer vir ’n naamkaartjie, om lede voortaan in hierdie opsig selfversorgend te maak. Die lapelwapen sal te koop wees (R70, 00) by ons uitstappies of ander vergaderings.

**De Ruyter-herdenking:** Die beloofde inligting en beeldmateriaal oor die herdenking van die seeheld Michiel de Ruyter se geboorte vier eeue gelede, wat van Jonkheer M Falck uit Natal ontvang is, hou ons vir besigtiging wanneer daar weer ’n groot groep van ons bymekaar is.

***Uit die Argief.***

D. Sleigh: Op soek na Kaptein Cees.

Cees of Kees, uitgespreek Kys, is ’n vervorming van die voornaam Cornelis of Cornelius. Kaptein Couca,’n Sonqua oorlogsleier, deur die VOC ‘Cees’ en ‘Kees’ genoem, is na my mening die eerste inheemse ‘beroepsoldaat’ in die land se gedokumenteerde geskiedenis. Ek gebruik die verskillende spelwyses van sy naam soos dit in aangehaalde bronne verskyn. Ons vind hom in 1660 as onderhorige van koning Oedasoa, hoof van die Cochoqua wat, omdat hy die gebruik van sy arm in ’n leeuaanval verloor het, vir kaptein Couca en sy leër by hom hou.(1) Van Riebeeck noem die Cochoqua soms ‘Saldanhars,’ omdat hul loopgebied tussen die Groene Cloof, Saldanhabaai en ooswaarts in die Swartland was, maar in die hoogsomer het hulle ook in die Skiereiland verskyn, om watter rede (sosiaal of vir die somerweiding alleen) is nie duidelik nie. Hy beskryf die groepshierargie so: Die Cochoquas is in twee heerskappye verdeel. Oedasoa is die hoogste in rang weens afstamming (‘*die boven alles de hoogstgeboorene schijnt,*’ ), ’n ander hoof is Ngonnemoa, leier van ‘*de cleynste helft der Cochoquas’*, maar beide faksies het ook mindere leiers. Na kaptein Couca word gereeld in militêre terme verwys. Op 3 November 1660 kom kaptein Oedasoa van die Cochoqua met sy dogter Namies (‘*een fraaije, welbesneden deerne*,’) en die ‘*tweeden van sijn leger, Koukosöa*,’ benewens ander mense, met vee by die Fort. Van Riebeeck onthaal hulle in die voorsaal, hulle sit op ’n mat en eet brood en kaas met wyn. Dieselfde namiddag bespreek hulle beskerming teen gemeenskaplike vyande en voortgesette veevoorsiening in sy kantoor. Daar onthaal hy hulle met geskenke van krale, messe en tabak en musiek op die klavesingel. (2) Van Riebeeck gee nie inligting oor kaptein Couca se ouderdom of voorkoms nie.

’n Jaar later, op 16,17 en 18 November 1661 tydens die twee Cochoqua groepe se jaarlikse migrasie na die Skiereiland besoek Van Riebeeck hulle in die veld vergesel van 21 ruiters, duidelik ’n militêre magsvertoon. By Oedasoa vind hy ook Coukasoa, sy ‘*eerste Raedt.*’ Ngonnemoa lê apart gelaer. Tesaam lyk hulle vee ontelbaar, die land oral asof bedek daarmee. Die dag daarna neem hy in die Fort afskeid van Oedasoa en ‘*sijn eerste Raedt of Capiteijn van sijn leger, Koukosoa*.’ (3) Op 1 Desember 1661 was Oedasoa ‘*met den capiteijn van sijn negrij ofte leger, genaemt Koukosoa*,’ weer by die Fort en beloof om Ngonnemoa, van wie hulle insurreksie verwag het, nie eerste ‘*op onse bodem,’* aan te val nie. (4)

Olfert Dapper wat in 1668 publiseer, noem die Cochoqua leiers van 1661 koning Oldasoä, die onderkoning Gonnomoä en derde persoon Koukosoä. Die koning is ‘*zeer zedigh*’ en welgeskape van voorkoms, die onderkoning of ‘swarte kaptein’ grof en swaarlywig, en Koukosoä ‘*tamelijk frai van aenzicht en zedigh van manieren*.’ (5)

Wat was kaptein Couca se funksie, en sy rol in betrekkinge tussen die verskillende Koina genootskappe en tussen sy werkgewer / beskermheer hoofman Oedasoa en die Kompanjie? Dit is algemeen bekend dat jagter-versamelaars as verkenners, spoorsnyers, jagters, rowers, vegters, boodskappers en herders deur herdergemeenskappe gebruik is, in ruil vir voedsel en eiendom soos wapens en vee. Onafhanklike jagter-versamelaars was ’n bedreiging vir alle veebesitters; selfs die veelose Koina-leier Autshomao het Van Riebeeck vertel dat Sonqua doodgeslaan word waar jy hulle vind.(6) In die Kompanjie se vroeë dokumente is hulle bekend as Saoqua, Souqua, Soaqua, Sonqua en *struijkrovers*; in 1685 verskyn die naam ‘*bosjesmans*’ die eerste keer in ’n Kaapse dokument vir dié leefwyse, in dié geval die Dagregister van 31 Oktober. ‘*Bosjesmans*’ dui op mense wat nie in huise woon nie.

In Oktober 1676 stuur goewerneur Bax ’n militêre ekspedisie teen Ngonnemoa, uit wraak oor die moorde op vryburger-jagters by die Vierentwintigriviere en vissers in Saldanhabaai. Omdat hulle hom nie kan opspoor nie, neem hulle 165 beeste en 30 skape wat vir hom deur kaptein Cees by Saldanhabaai opgepas word en dood in die proses verskeie inboorlinge. Hoewel daar geen teken is dat hy by enige aksie teen Europeërs betrokke was nie, is Kaptein Cees een van die Koinaleiers wat in Junie 1677 ’n vredesverdrag met die VOC sluit, waarmee die Tweede Koina-VOC oorlog eindig. (7)

Goewerneur Van der Stel huur kaptein Cees wat ‘*in haere taal Couca genaemt en capiteyn van de Souquas of by ons in de wandeling struijkroovers genaemt’* in Oktober 1682 as gids vir Oloff Bergh se eerste ekspedisie na die Namaqua. Bergh verklaar later dat Couca nie goed as tolk gedien het nie, ’n

aanduiding dat Couca wel oor 'n mate van Nederlands beskik het. In 1682 bring Couca 'n gedroste slaaf na die Kasteel. (8)
Tot dusver is hy, soos sy opperhoof en werkgewer Oedasoa, 'n man van vrede. Dan volg 'n insident wat nie behoorlik gedokumenteer en daarom onduidelik is. 'n Koina vrou, '*geboortig uit 't corael van Kouchason,'* gaan na die dood van haar tweede man in kaptein Kees se kraal woon. Wanneer sy later besluit om weg te trek, skiet een van kaptein Kees se mense 'n vreemdeling dood wat haar wou help. Kees en sy onderdane word by goewerneur Van der Stel verkla en gevonnis om 10 beeste en 100 skape aan die slagoffer se familie te betaal, maar as hy hom sou verstout en tot sy vorige buitensporighede verval, sal ses van die sterkste Koinastamme verenig en hom met die Kompanjie se hulp straf. (9) Die betrokke Koina maak elkeen 'n merk op die dokument, en langs elkeen se merk verskyn sy naam, maar nie kaptein Kees s'n nie, behalwe as hy die '*Kouchason capn*' is. Ander vrae ontstaan: *Kouchason* is 'n nuwe naam. Word daarmee 'Couca se Sonqua'bedoel, en is hulle die Koekemans wat in die volgende twee dekades van tyd tot tyd in die Kompanjie se dokumente verskyn? Het kaptein Couca se leefstyl so verander dat Sonquas in huise en in krale woon, en van watter buitensporighede word hy beskuldig?

Oedasoa sterf in Maart 1689 en is opgevolg deur sy seun Hannibal, die hoofklaer teen kaptein Kees in bogenoemde moordsaak. (Ngonnomoa is na sy dood laat in 1685 of vroeg in 1686 opgevolg deur 'n onbekende seun; sy kwynende volk is later bekend as Gonjemans, Goedemans en Goeiemans.) Dit lyk asof kaptein Kees na Oedasoa se dood probeer om meer mag te bekom. Goewerneur Van der Stel verklaar in 1690 dat die tekort aan vleis vir die garnisoen en skeepsverversing deur kaptein Kees veroorsaak is, wat alle veehebbende inboorlinge tot 18 Hollandse myl (ongeveer 120 km) van Saldanhabaai verjaag het. Dit wys militêre krag en vernuf, maar in April 1697 vlug die Koekeman-Sonqua met vrouens en kinders na die buitepos Saldanha Baaij omdat hulle 'n aanval deur Grigriqua uit die noorde verwag.(10)

Van der Stel skep kort voor sy uittrede in 1699 'n nuwe grensgebied deur omtrent dertig nuwe plase in die Wamakersvallei en langs die Limietberg uit te deel, in die wei-en jaggebied van Hannibal se Cochoqua en onderhorige Sonqua. (11) Sy opvolger, W.A van der Stel stig in 1700 'n aangrensende vryburgerkolonie in Roodezand en die Waverenvallei, waarop spoedig aanvalle volg, deur inboorlinge wat Europese herders en hul inboorling bediendes dood en troppe vee steel. 'n Aantal militêre poste word in die Vierentwintigriviere aangelê om die gebied te stabiliseer; die soldate moet ook 'n trop van die Kompanjie se trekvee daar oppas. Ook hulle word aangeval en beroof. Die goewerneur ontbied die hoofde van die Kaapse en die Gonnemanse *(sic)* Koina asook kaptein Kees, hulle oorlogskaptein of militêre leier, om vas te stel wie die aanvallers is en wat die aanvalle veroorsaak. Hulle meen dat die rowers meesal Namaqua en Grigriqua is en onderneem om met hulle krale en vee langs die Bergrivier te kom woon, om die VOC en koloniste teen die gemeenskaplike vyand te help beskerm, maar word in dié proses ook deur die '*rebellige*' inboorlinge aangeval en van veel skape en beeste beroof. Die grensgebied het eers in 1705 tot rus gekom toe die aanvalle net so skielik ophou as wat dit begin het. Die rowers word beskryf as Obiqua (moordenaars), Sonqua (struikrowers), Grigriqua, Namaqua, Koekemans en Bosjesmans. (12) As Koekemans (*Coucason*) wel by die aksies betrokke was, het kaptein Couca / Kees se pad êrens van sy mense s'n geskei, en was hy nie langer Sonkwa nie, hoewel hy nog die status van oorlogskaptein gehad het. Hy verdwyn hierna, na 45 jaar uit die Kompanjie se boeke. Ook die Koekemans verdwyn uit die dokumente.

Kaptein Kees moet natuurlik nie verwar word met 'n ander Koina-leier met dieselfde naam nie. Ons tref kaptein Cees Cornelisz laat in die agtiende eeu in die Suid-Kaap aan. Hy is deur die Kompanjie as hoofman erken, met die gewone ampsrottang met die Kompanjie se monogram op 'n koperband gegraveer, wat ook sy onderhorigheid bewys. Tog was hy bewus van die vernietigende uitwerking wat die Kompanjie se eindelose behoefte aan trekosse op die Koina se veestapel, sosiale stelsel en grondbesit het. In 1763 waarsku landdros Horak van Swellendam vir goewerneur Tulbagh dat die wederstrewige kaptein Kees Cornelisz probeer om die Kompanjie se veehandel met die '*baar*' (onkundige) inboorlinge in die Klein Karoo noord van Swellendam te dwarsboom, en versoek hom om sy rottang weg te neem. Toe daar 1788 'n soort geestelike oplewing onder die Koina plaasvind, is gerugte versprei dat die 'beroemde kaptein' Kees Cornelisz met 200 man uit die 'Bossiesveld' gaan kom om hulle te help om hulle land te

herwin. Kaptein Kees is in 1793 gearresteer omdat hy verdink is van planne om vryburgerplase af te brand, en is swaar geketting Kaap toe gebring en op Robbeneiland aangehou. (13)

---

(1)D.B. Bosman en HB Thom (reds.): *Dagjournael van... Jan van Riebeeck*, deel III, p. 289. (2)*Ibid*., pp.284-286, 288. (3)*Ibid*; pp.414-415. (4) *Ibid*; pp. 422-423. (5) I.Schapera a.o. (eds.): *The Early Cape Hottentots. VRS I, 14.* Cape Town, *1933.* p.24. (6)D.B. Bosman en H.B. Thom (reds.): *Dagjournael van... Jan van Riebeeck*, deel I, 9.1.1653, pp. 115-116. (7) A.J. Böeseken (red.): *Resolusies van die Poltieke Raad*, deel III, pp.156,190. (8) AJ Böeseken (red.): *Memoriën en Instructiën,* p.172, 175; A.J. Böeseken (red.): *Resolusies van die Poltieke Raad*, deel III. p.152. (9)A.J. Böeseken (red.): *Resolusies van die Politieke Raad* deel III, 28.11.1689. pp. 213-214. (10) C 348 Inkomende Brieven, 11.1.1690; *Die Buiteposte*, p.84. (11) C 506 Uitgaande Brieven: WA van der Stel - Here XVII, 18.3.1699, p.91. (12) Die oorsake, verloop en gevolg van die grensoorlog word bespreek in D. Sleigh: *Die Buiteposte*, pp.522-528. (13) *Die Buiteposte*, p 73,75,76.

**Vrywilliger:** Die uitvoerende komitee hoor graag van ’n vrywilliger wat die Stigting by geleentheid met ligte administratiewe werk, soos reëlings i..v.m. uitstappies, die byhou van ledelyste en versending van die nuusbrief wil help. Ons Stigting groei en ons sal eendag ’n betaalde sekretaresse hê, maar die werk neem toe en op die oomblik doen ons handjievol dit vir die goeie saak alleen. Skakel asseblief vir Tesourier Gerrit (adres bo-aan) in die verband.

**Erfenis Trust** Op 18 Mei het die Uitvoerende Komitee op versoek vergader met mnr D Cowley, wat probeer om ’n Wes-Kaapse tak tot stand te bring van wat hopelik eendag die SA Nasionale Trust sal word. As gevolg van die bestaande bewaringskrisis in die land het ons so ’n organisasie dringend nodig. Ons het hom ons steun en hulp met sy poging aangebied.

**Meerlust** Ons werk aan ’n uitstappie na die VOC-plaas *Meerlust* op die Eersterivier. *Meerlust* is iets buitengewoon, wat die geskiedenis en die argitektuur betref. Meer inligting volg. Ons neem omtrent 30 lede. Sal die wat belangstel (lede sowel as nie-lede), solank hulle name aan Tesourier Gerrit stuur?

**Kompanjie - monogram op ’n plaasgewel:** Mev Marianne Olivier stuur vir my foto’s van ’n VOC - monogram op die sygewel van ’n gebou op die plaas l’Arc d’Orleans, aan die Franschhoek – Wemmershoekpad, tussen De Oude Molen en Victor Verster gevangenis. Die gewel is van die holbol tipe; die monogram sit hoog in die middel, met ’n druiwetros daaronder en onder die tros ’n wynkelk met die datum (vermoedelik) 1940. (Ek beskryf dit ingeval ons foto’s nie mooi uitkom nie.) Volgens JG le Roux en WG le Roux: *Ons Drakensteinse Erfgrond,* Paarl, g.d., is die eiendom in 1694 toegeken (oordrag 1695) aan stamvader Pierre Rousseau (1666 – 1719) gebore in Menars-la ville, Frankryk. Mev Olivier wil graag hoor of enigeen van ons lede weet wie die monogram daar aangebring het, wanneer en waarom? Die Kompanjie self het geen geboue in daardie omgewing besit nie, die naaste was die buitepos Klapmuts. Laat asseblief hoor as u met enige inligting kan help. Met dank aan mev Olivier vir die navraag, mnr Steyn die plaasbestuurder en die fotograaf mnr J. Rossouw (van Ysland.)

**Ledegeld:** Lede wat nog nie vanjaar se ledegeld betaal het nie, word in hierdie Nuusbrief individueel en by name op ’n mooi manier deur die Tesourier aangemaan om dit asseblief te doen.

*Behouwde vaert*

D SLEIGH
REDAKTEUR

**Die briewe van Aagje Luijtsen:** Op versoek van ’n paar lede heg ons hierby ’n afskrif aan van die geïllustreerde praatjie wat op 10 Julie by die Nederlandse Biblioteek gelewer is.

# *Generale Missive*: Nuusbrief van die Stigting VOC

Newsletter of the VOC Foundation 4/2010

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met bewaring , opvoeding en kultuurtoerisme as doel. Dit is geregistreer as eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with conservation, education and cultural tourism as its aims. It is the registered owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*


**Skakel/*Contact***: Skakel/*Contact*: Mnr E. B. de Vries (Finansies, Lidmaatskap / *Membership, Finance.*) tel.: 021-851-3850 / boudewyn@mweb.co.za

**Webblad**: http://www-voc-kaap.org ; **e-pos**: vocinfo@voc-kaap.org


*Welaen Vrunden!*

**Monument by *Riet Valleij aan de Buffelsjagt Rivier*** Dit was 'n opregte plesier om op Erfenisdag saam met ons lede Leon, Helena en Adriaan by die gewese buitepos *Riet Valleij aan de Buffelsjagt Rivier* op die pad tussen Swellendam en Suurbraak te wees toe burgemeester Jansen ons VOC-vlag van die monument afhaal, en dit as 'behoorlik onthul' verklaar. Weerskant van die monument het twee Hessequa soos erewagte gestaan. Dit was 'n mooi lentedag, en daar was aansienlike belangstelling van die publiek.




Leon (met sy Voorsitterslint en Medalje om die nek) het sy gewone goeie toespraak gemaak. Hy het gewys op die bestaan van die buitepos in die agtiende eeu, op die foutiewe en neerhalende gegewens op die Historiese Monumente Kommissie se nabygeleë gedenk-plaat uit die 30's, en Erfenis Wes-Kaap se gebrek aan belangstelling of reaksie op ons skrywes. Die Stigting se besluit om op ons eie voort te gaan, is ondersteun deur die plaas se eienaar (dr Hertzog) die bestuurder (mnr de Kock), die bouer (mnr Van der Merwe) en die kurator van die Drostdy Museum (mev. Havenga).

'n Groot rolspeler in die suksesverhaal is ons lid Adriaan Mocke, wat geduldig tientalle foonoproepe aan betrokkenes en terreinbesoeke gedoen het, en weet watter probleme met die drie jaar lange stryd oorkom moes word. Dankie en veels geluk met jou suksesse, Adriaan.



Ons steen word aan die gemeenskap geskenk as 'n gebaar van regstelling en vriendskap.

Die teenwoordigheid van die Hessequa, afstammelinge van die oorspronklike bevolking, en hulle belangstelling in die gedenkteken is verblydend. Hulle dink aan toekomstige Erfenisdae en gebeur-tenisse soos kransleggings daar by. Ons het 'n nuwe kulturele baken op die

landskap staangemaak.
**Nota van Piet W.: Die werklike dryfkrag agter hierdie projek was Dan Sleigh.**
**(Fotos: Peter Meffert)**

**Registrasie van die VOC logo.** Ons Stigting is die geregistreerde eienaar in Suid-Afrika van die unieke VOC logo, die Westerse wêreld se oudste korporatiewe handelsmerk en ook hierdie land se eerste staatssimbool, en ons het alleenreg op al die voorregte en voordele daaraan verbonde. Goed, in ’n land waar die wet regeer en die burokrate deeglik vir hulle werk opgelei word. Sekere instansies is jaloers op ons besitting en wil dit graag bekom. Ons het al tienduisende rande bestee aan die registrasie, herregistrasie en verdediging daarvan deur ons prokureurs teen oorsese en plaaslike instansies, en het, soos die wet vereis, dit pas weer vir ’n verdere tien jaar geregistreer.
Wat *Business Times* van 28 Maart 2010 noem ‘*a comedy of errors at Companies and Intellectual Property Office (Cipro)* en ‘*chronic ineptitude at Cipro*’ kan met ons gebeur. Voorbeeld: ‘Kleindoornkop Boerdery CC’ is in 1987 geregistreer. ’n Ander besigheid met dieselfde naam word elf jaar later registreer. Cipro se verteenwoordiger sê hy kan nie onthou wat werklik gebeur het toe hy die tweede een geregistreer het nie. “Geen redelike verduideliking’ sê ’n verslag oor die saak, deur die koerant aangehaal. Prokureurs kos duisende, advokate tienduisende.

Gepraat van ‘oudste’: Die VOC, gestig in 1602, was ook die wêreld se eerste aandele-maatskappy. Die *Argus* van 11 September 2010 berig oor die ontdekking, deur ’n navorser in die Gemeentelike Argief van Enkhuizen van die wêreld se oudste bestaande aandele-sertifikaat. Gedateer 1606, deur die VOC uitgereik aan die klerk Pieter Harmensz, wat dit na sy dood in 1638 aan sy weduwee nagelaat het, is dit ’n skat wat moderne museum-kurators, diewe en versamelaars se oë laat blink soos die van kwylende hiënas om ’n kampvuur. Die film *Oceans Eleven* het oor die diefstal en verkoop van ’n soortgelyke sertifikaat gegaan. Verstaan ek dit reg, dat die weduwee Harmensz nooit haar aandeel verkoop of uitgewissel het nie?

**Uit die Argief**: Om van ons Nuusbrief ook ’n navorsingsdokument te maak, plaas ons elke keer ’n stukkie nuwe, oorspronklike navorsing onder die navorser se naam. Kultuurgeskiedenis, politiek, leksikografies, militêr, kulinêr, geografie, ekonomie, ’n foto van ’n artefakt met ’n stukkie teks? Ons plaas u bydraes met dank, solank as daar ’n VOC - verband is. Iemand noem die ander dag hoeveel kere hy al die naam *Kom-panjiesdrif* teengekom het, hy wens hy het almal aangeteken.
Hieronder volg ‘n stukkie oor ‘n minder bekende VOC-beampte

**Tobias Christian Rönnenkamp (1730-1793)**

Tobias Rönnenkamp arriveer in 1754 as kompanjie-soldaat aan die Kaap. Weens sy besondere kwaliteite en werkvermoë maak hy gou opgang in sy loopbaan by dei VOC en word hy in 1778 as Sekretaris van die Weeskamer aangestel. In 1786 word hy tot lid van die Politieke Raad, en in 1786 tot opperkoopman bevorder.
As ’n aktiewe Lutheraan het hy ’n groot rol gespeel in die stigting van die nuwe Lutherse Kerk in Strandstraat. Hierdie verbintenis het egter tot probleme gelei, omdat die Here Sewentien aanstellings van Lutherane in hoë poste teengestaan het. In 1788 keer hy as gevolg hiervan na sy ou amp as Sekretaris van die Weeskamer terug, ‘n funksie wat hy tot sy dood in 1793 vervul het. [1]
R. het baie boeke besit: in sy uitgebreide boedelinventaris word ruim 400 titels gelys van publikasies in Nederlands, Latyn, Frans en Engels. Die meeste was godsdienstige werke, maar sy versameling het ook ’n aansienlike aantal boeke bevat oor die regte, geskiedenis, aardrykskunde en letterkunde, asook woorde-boeke en reisbeskrywings. Onder die waardevolle titels kan Valentijn se *Beschrijving van Oost-*

*Indiën*, 1726 (8 dele), Commelin se *Beschrijvinge van Amsterdam,* 1726 (2 dele) en De Groot se *Inleijding tot de Hollandsche rechtsgeleerheijd*, 1667, genoem word. [2]

Dis interessant dat sy vriend Joachim von Dessin (1704-1761), die belangrikste boekeversamelaar aan die Kaap, ook vir 'n lang periode sekretaris van die Weeskamer was.[3] Toegang tot bestorwe boedels het dit waarskynlik maklik gemaak om boeke te versamel.

Helaas weet ons nie wat na R. se dood van sy versameling geword het nie. Heel moontlik is die boeke aan erfgename in Europa gestuur. Sy boedel is egter eers na baie jare afgehandel, aangesien R. die finansiële administrasie van die Weeskamer en sy eie uitgebreide besittings blykbaar verwaarloos het, soos blyk uit die tientalle bladsye met finansiële transaksies en skuldopgawes in die betrokke inventaris.
*Piet Westra*

**Bronne**

[1] Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, deel 2, pp.619-20.
2 WKPA MOOC 8/46.28 van 16/1/1793
3 Suid-Afrikaanse Biografies Woordeboek, deel 1, pp.889-890

**Lede in die nuus:** Ons moedig altyd lede aan om by bewaringsaksies betrokke te wees. Party het nie aanmoediging nodig nie. Hulle werk word soms landswyd, soms wêreldwyd erken.

*Komiteelid Piet Westra is in Oktober vereer met die Suid-Afrikaanse Biblioteek- en Inligting-vereniging se ***Regter Albie Sachs Toekenning vir Vryheid***, die eerste aan wie dit toegeken word. '*In recognition of your commitment to furthering the cause of freedom of access to information,*' sê die sitaat. Dit verwys na sy sewentien jaar as Direkteur van die S.A. Biblioteek, toe dié biblioteek voortgegaan het om verbode literatuur vir heroorweging aan die sensors voor te lê en ook vir navorsing beskikbaar te stel.
Veels geluk, Piet. Dankie dat jy teen sensuur bly staan het. Hiermee word jy weer gepos na die voorste linie in die huidige stryd teen regering-sensuur.

*Komiteelid Thean Potgieter is aangewys as Sekretaris-Generaal van die Verenigde Nasies se Internasionale Maritieme Kommissie. Veels geluk, Thean. 'n Reuse taak wag op jou. Ek sien al hoe beny die oorsese kollegas die VOC-speld in jou lapel, as erfgenaam van die wêreld se grootste talassokrasie.

**VOC-lapelspelde.** Lede van ons Stigting mag die nuwe lapelkenteken dra, wat nou beskikbaar is. Dit is silwerkleurig, so groot soos 'n eensentstuk en met die VOC-logo versier. Omdat dit uniek, skaars en mooi is, is dit reeds Africana. Tesourier Gerrit sal dit te koop hê (R70) by ons uitstappies en vergaderings. Lede wat graag 'n deurskynende plastiek naamkaarthouer wil hê (gratis) vir gebruik op byeenkomste, kan Gerrit daarom vra. Ontwerp u eie naamkaart, met ons logo en u naam. Lede is voortaan selfversorgend in daardie opsig.

**Besoek aan Meerlust:** Ons is genooi om die historiese plaas *Meerlust* op 6 November te besoek. Dit is een van die oudste vryburger-plase in die Stellenbosch distrik, en is vandag wêreldberoemd oor die kwaliteit van sy wyn, maar tussenin lê meer as drie eeue van aktiewe deelname aan en bydrae tot die Kaapse geskiedenis. Ek wil nie al die interessante dinge nou-al bekendmaak nie, maar glo my, daar is baie om te sien en te hoor, meer as wat u in enige boek oor historiese huise sal lees. *Meerlust* het meer

beleef as meeste ander, en daar is besondere argitektoniese elemente soos die duiwehok en speenvarkkamp. Die eienaar (Hannes Myburgh) sal ons begelei, maar ons lede sal ook vertel wat hulle weet. Dan nooi hy ons om piekniek-etes saam te bring (met die nodige skottelgoed), en dit by die tafels en stoele onder sy akkerbome te geniet, met van die plaas se roemryke wyn waarvan hy ’n paar flesse sal skenk. (Hy verskaf glase.) Toegang tot sy plaas, geleide toer, piekniekterrein, wyn, glase, alles gratis. Bel asb. vir Gerrit of stuur hom ‘n e-pos en bespreek u plek. (kontakgegewens bo aan Nuusbrief). Ons kan net sowat dertig neem, en soos u weet is ons uitstappies gewoonlik dadelik volbespreek.

’n Bietjie inligting vir die wat nie seker is waar die plaas is nie: Dit lê oos van die Stellenbosch-pad wat die N2 en Polkadraaipad verbind. Op pad uit Kaapstad na Somerset-Wes, sien jy die groot blou padteken links van die N2. ‘Makassar’ sê dit op die wit strook bo-aan. Op die blou daaronder ‘Stellenbosch,’ en ’n pyl wat links wys. Draai links af. Ses of agt kilometers verder is daar ’n groot dam regs van die pad, die wit poorte van die ingang na die plaas, en die begin van ’n laning palmbome. Daar vind u tesourier Gerrit se kar geparkeer. Hy sal met u praat oor ’n bedraggie van R20 per persoon vir die Stigting. Om 11:00 vergader ons op die werf. Mnr Myburgh verskaf alles gratis aan ons, maar duisende mense van dwarsoor die wêreld kan getuig dat u ’n loflike saak sal steun deur ’n bottel of twee van die beroemde plaas se produk uit sy kelder aan te skaf voor u vertrek. Nie net is dit ’n eersteklas belegging en welverdiende geskenk aan uself nie, maar dink ook aan Kersfees, aan ’n goeie vriend, of ’n oorsese besoeker? Sy merlot is omtrent R100 per bottel. Geen verpligting. So bedank ons ons gasheer. Dit is ons laaste uitstappie vir vanjaar.

**Ons pamflet**. Lid Piet het reeds ver gevorder met die ontwerp van ’n interessante opvoubare tweetalige pamflet, waarmee ons onsself bekendstel en nuwe lede werf. Dit sal binnekort beskikbaar wees. Ons wil dit op openbare plekke plaas, waar die publiek dit kan optel en saamneem. Help ons asseblief om dit te versprei. Gebruik elke geleentheid. Wys dit aan vriende, stuur dit Transvaal, Vrystaat en Suidwes toe. Ek
praat op 30 Oktober by die Hugenote Vereniging se AJV op Franschhoek (“*Die toestand van die Kaap met die aankoms van die Hugenote, 1680-1700.*”), en gaan dit daar hopelik uitdeel.

**Eland Nuus.** Op Swellendam het ons twee lede van die Hessequa Nasie ontmoet wat ons beïndruk het met hulle belangstelling in hulle stam se verlede en entoesiasme vir nasionale erkenning, net soos die van die Chainouqua op Caledon, die Cochoqua wat eenmaal in die Kasteel met ons gepraat het, en ander groepe landswyd. Die groot groep afstammelinge met hernude belangstelling in ou Koina-skakels, gee ook hulle eie koerant uit, genaamd *Eland Nuus*. Eland het ’n sterk kultuur-godsdienstige betekenis in die Koina se sosiale stelsel gehad. Dink aan die meesterlike rotsskilderye van elande, soos in die SA Museum te sien. Skilder was ’n vorm van gebed. Ek dink daar sal heelwat in die twee-weeklikse blad te leer wees. Dit kos net R50 p.j. As u daarop wil inteken, skakel Debbie Hendriks by 021-657-4800.

Die VOC en die Koina is histories verbonde. In ons boek *Die VOC in Suider-Afrika,* wat hopelik volgende jaar verskyn, is ’n volle hoofstuk aan VOC-Koina betrekkinge gewy. Ek hoop dat ons Stigting hulle kan help, waar dit moontlik is.

In die *Sunday Times* van 20 September is ’n beskrywing van ’n groep ‘Khoisan’ (*Sunday Times* se beskrywing, my aanhalingstekens, omdat so ’n groep nooit bestaan het nie.) wat die Kompanjiestuin seremonieel opeis en hernoem ter ere van ‘*the First People’s Paramount Chief Gogosoa who once lived nearby*.’ Hier is mense wat, uit frustrasie glo ek, nou hulle eie geskiedenis probeer maak. Ek hoop regtig dat ons in ’n posisie kan kom waar ons hulle op die regte pad kan help. Miskien sal dit dan te laat wees.

**Volgende keer:** Ons kyk terug op nog ’n interessante en suksesvolle jaar. Daar was komitee vergaderings, uitstappies, lesings, vier nuusbriewe. Die volgende *Generale Missive* in middel-Januarie sal

o.a. die kennisgewing bevat van ons eerste vergadering in 2011, wat die Algemene Jaarvergadering op 10 Februarie sal wees. Ons komiteelid Anna van Wyk het gereël dat die nuwe provinsiale Minister van Kultuursake ons kom toespreek. Inderdaad 'n groot sukses, Anna, en 'n belangrike deurbraak. Sy het hom van ons vertel, en sy belangstelling in ons saak verkry. Hy wil graag ons kundigheid gebruik wanneer hy byvoorbeeld oorsese besoekers aan die kultuur en geskiedenis van die Wes-Kaap bekendstel. Hy stel ook belang in geskiedenisnavorsingsprojekte wat tot bruikbare materiaal vir skole kan lei. Meer daaroor volgende keer.

**Straatname:** Die Kaapse Stadsraad het openbare kommentaar op hulle nuwe beleidstuk oor die benoeming van strate, geboue, plekke ens. gevra, en die Komitee het my afgevaardig om die stukke aan te vra, te ondersoek en skriftelik daarop kommentaar te lewer. Nadat die Stadsraad die finale dokument aanvaar sal die publiek genooi word om nuwe name en veranderings voor te stel, vir oorweging deur 'n *ad hoc* advieskomitee wat aan die Raad verslag sal doen.
As van ons lede voorstelle in die verband het, oor name met 'n VOC-skakel, stel dit asseblief op skrif, motiveer dit deeglik en stuur dit aan ons Voorsitter. Die Stigting sal beslis 'n paar voorstelle indien. Bewaring, opvoeding en kultuurtoerisme is waarom ons bestaan.

**Ledegeld:** Elke lid tel. In hierdie duur, geldbewuste tye, waarin die regering se nalatigheid kultuurgroepe soos ons dwing om self bewaringswerk te onderneem en te finansieër, wys die Komitee u as lede van tyd tot tyd op die uiterste belang van elkeen se jaarlikse bydrae. So het elke betalende lid byvoorbeeld gehelp om die Suurbraak-baken op te rig en help hulle om hierdie Nuusbrief te publiseer. Die Tesourier se lyste wys dat vanjaar nog net 49 lede betaal het, terwyl 22 nog nie vir verlede jaar en 11 nog nie vir 2008 betaal het nie. Ons sal nie kan voortbestaan nie. Skakel asseblief vir Gerrit om te hoor hoe u saak lyk, en stel dit reg. Vir die behoud van die VOC-nalatenskap in hierdie land, onder moeilike omstandighede.

*Behouwde Vaert!*

D. SLEIGH
REDAKTEUR
10 Oktober 2010.

## STIGTING VOC/ VOC FOUNDATION

### AANSOEK OM LIDMAATSKAP/MEMBERSHIP APPLICATION

Naam/Name: _ __ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _

Geteken/Signed: _ __ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _

Datum/Date: _ __ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _

Adres/Address: _ __ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _

_ __ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ ___

_ _ _ _ _ __ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _

_ __ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _

Kode/Kode: _ __ _ _ _ _

Telefoon/Telephone: _ __ _ _ _ _

Selfoon/cell: _ __ _ _ _ _

E-posadres/e-mail: _ __ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _

Het u spesifieke belangstellings / kundigheid / kennis binne die terrein van die Stigting?
Do you have specific interests / expertise / knowledge within the field of the Foundation?

---

---

Is u bereid om leiding te neem of prakties te werk aan die Stigting se projekte t.o.v. bewaring en opvoeding? / Are you willing to take the lead or assist in practice with the Foundation's conservation and educational projects?

---

Handtekening/Signature: Datum/Date:

Ledegeld/Membership: R80 per jaar/year. Studente/students R40.

Stuur asseblief u ledegeld en vom aan:/Please send fees and form to:
W.B. de Vries, Op den Akker, Upper Mountainweg, Somerset-Wes, 7130.

Tjeks en internetbetalings: VOC Foundation/Stigting. ABSA Save, 9258840691

Aanlyn-lidmaatsakp/Online membership [www.voc-kaap.org](http://www.voc-kaap.org)